


JESUS

DIE WEG, DIE WAARHEID, DIE LEWE





iy-AF
200908

Hierdie publikasie word nie verkoop nie. Dit word gebruik om mense regoor die wêreld oor die Bybel te leer. Hierdie werk word deur vrywillige donasies ondersteun.

Gaan asseblief na donate.jw.org as jy 'n donasie wil maak.

Tensy anders aangedui, kom Bybelaanhalinge uit die Nuwe Wêreld-vertaling van die Bybel.

Jesus – Die weg, die waarheid, die lewe
Jesus—The Way, the Truth, the Life
 Druk van Januarie 2020

Afrikaans (jy-AF)

© 2020

WATCH TOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY OF PENNSYLVANIA

Uitgewers

Printed by Watch Tower Bible and Tract Society of South Africa NPC
 1 Robert Broom Drive East, Rangeview, Krugersdorp, 1739, R.S.A.

Made in the Republic of South Africa

DIE GEBIEDE WAAR JESUS GEBLY EN ANDER GELEER HET



● Stede van die Dekapolis
 — Hoofpaaie



Nommers verwys na dele in hierdie boek

1


2

3

4

5

6



GEBIED VAN JERUSALEM

DIE GEBIEDE WAAR JESUS GEBLY EN ANDER GELEER HET



● Stede van die Dekapolis
— Hoofpaaie



Nommers verwys na dele in hierdie boek

1 2 3 4 5 6

1 VHJ 1 HJ 2 29 30 31 32 33 HJ

TYDPERK GEDEK

JESUS

DIE WEG, DIE WAARHEID, DIE LEWE

'n Verslag oor Jesus se lewe en bediening wat wys watter
soort persoon hy was, wat hy ander geleer het en wat hy gedoen het,
asook hoe jy by sy voorbeeld kan baat vind.

Hierdie boek behoort aan

INHOUDSOPGAWE

	BLADSY
1 GEBEURE VOOR JESUS SE BEDIENING	
1 Twee boodskappe van God af	10
2 Jesus word voor sy geboorte vereer	12
3 Iemand word gebore om die weg voor te berei	14
4 Maria – Swanger maar ongetroud	16
5 Jesus se geboorte – Waar en wanneer?	18
6 Die kind wat belowe is	20
7 Sterrevoorspellers besoek Jesus	22
8 Hulle vlug van 'n goddelose koning	24
9 Jesus word groot in Nasaret	26
10 Jesus se gesin gaan na Jerusalem	28
11 Johannes die Doper berei die weg voor	30
2 DIE BEGIN VAN JESUS SE BEDIENING	
12 Jesus word gedoop	34
13 Leer uit hoe Jesus versoekings weerstaan het	36
14 Jesus begin dissipels maak	38
15 Jesus se eerste wonderwerk	40
16 Jesus is ywerig vir ware aanbidding	42
17 Hy leer Nikodemus in die nag	44
18 Jesus word meer, Johannes word minder	46
19 'n Samaritaanse vrou word geleer	48
3 JESUS SE GROOT BEDIENING IN GALILEA	
20 'n Tweede wonderwerk in Kana	54
21 By die sinagoge in Nasaret	56
22 Vier dissipels sal vissers van mense wees	58
23 Jesus doen wonderwerke in Kapernaum	60
24 Jesus brei sy bediening in Galilea uit	62
25 Medelye met 'n melaatse man	64
26 “Jou sondes is vergewe”	66
27 Jesus nooi Matteus om sy volgeling te word	68
28 Hoekom vas Jesus se dissipels nie?	70
29 Mag iemand op die sabbat iets goeds doen vir ander?	72



BLADSY

30	Jesus se verhouding met sy Vader	74
31	Die dissipels pluk graan op die Sabbat	76
32	Wat mag op die Sabbat gedoen word?	78
33	Jesaja se profesie word vervul	80
34	Jesus kies twaalf apostels	82
35	Die beroemde Bergpredikasie	84
36	'n Militêre offisier met groot geloof	92
37	Jesus wek 'n weduwee se seun op	94
38	Johannes wil van Jesus hoor	96
39	Dit sal sleg gaan met 'n hardkoppige geslag	98
40	'n Les oor vergifnis	100
41	Wonderwerke – Deur wie se krag?	102
42	Jesus wys die Fariseërs tereg	104
43	Illustrasies oor die Koninkryk	106
44	Jesus laat 'n storm op die see bedaar	112
45	Mag oor baie demone	114
46	Genees deur aan Jesus se klee te raak	116
47	'n Jong meisie lewe weer!	118
48	Selfs in Nasaret verwerp, ondanks wonderwerke	120
49	Jesus preek in Galilea en lei die apostels op	122
50	Vorbereid om te preek ondanks vervolging	124
51	Moord gedurende 'n verjaarsdagpartytjie	126
52	Duisende word gevoed met 'n paar brode en visse	128
53	'n Heerser wat die elemente kan beheer	130
54	Jesus – “Die brood van die lewe”	132
55	Jesus se woorde skok baie	134
56	Wat maak iemand nou eintlik onrein?	136
57	Jesus genees 'n meisie en 'n dowe man	138
58	Hy vermeerder brode en gee 'n waarskuwing oor suurdeeg	140
59	Wie is die Seun van die mens?	142
60	Die gedaanteverandering – Christus as glorieryke Koning	144
61	Jesus genees 'n seun in wie daar 'n demoon is	146
62	'n Belangrike les oor nederigheid	148
63	Jesus gee raad oor struikeling en sonde	150
64	Dit is belangrik om te vergewe	152
65	Jesus onderrig op pad na Jerusalem	154





4 JESUS SE LATERE BEDIENING IN JUDEA

BLADSY

66	In Jerusalem vir die Loofhuttefees	158
67	“Nog nooit het enige mens so gepraat nie”	160
68	“Die lig van die wêreld” – Die Seun van God	162
69	Hulle vader – Abraham of die Duiwel?	164
70	Jesus genees ’n man wat blind gebore is	166
71	Fariseërs konfronteer die man wat blind was	168
72	Jesus stuur 70 dissipels uit om te preek	170
73	’n Goeie Samaritaan	172
74	Lesse oor gasvryheid en gebed	174
75	Jesus wys wat die bron van geluk is	176
76	Jesus eet saam met ’n Fariseër	178
77	Jesus gee raad oor rykdom	180
78	Bly gereed, getroue bestuurder!	182
79	Hoekom vernietiging voorlê	184
80	Die goeie herder en die skaapkrale	186
81	Een met die Vader, maar hy is nie God nie	188

5 JESUS SE LATERE BEDIENING OOS VAN DIE JORDAANRIVIER

82	Jesus se bediening in Perea	192
83	Uitnodigings na ’n maaltyd – Wie word deur God genooi?	194
84	Wat dit beteken om ’n dissipel te wees	196
85	Verheug oor die sondaar wat berou toon	198
86	Die verlore seun keer terug	200
87	Beplan vooruit – Gebruik praktiese wysheid	204
88	’n Verandering vir die ryk man en vir Lasarus	206
89	Jesus leer mense in Perea op pad na Judea	210
90	“Die opstanding en die lewe”	212
91	Lasarus word opgewek	214
92	Tien melaatses word genees – Een wys dat hy dankbaar is	216
93	Die seun van die mens sal geopenbaar word	218
94	Die belangrikheid van gebed en nederigheid	220
95	Lesse oor egskeiding en liefde vir kinders	222
96	Jesus antwoord ’n ryk jong heerser	224
97	Die illustrasie van die werkers in die wingerd	226
98	Die apostels wil nog steeds ’n belangrike posisie hê	228
99	Jesus genees blinde mans en help Saggeus	230
100	Sy illustrasie van tien minas	232

6 JESUS SE FINALE BEDIENING

BLADSY

101	'n Ete by Simon se huis in Betanië	236	□ 8, 9 NISAN
102	Die Koning kom in Jerusalem aan op 'n jong donkie	238	□ 9 NISAN
103	Die tempel word weer gereinig	240	□ 10 NISAN
104	Die Jode hoor God se stem – Sal hulle wys dat hulle geloof het?	242	
105	Jesus gebruik 'n vyeboom om 'n les oor geloof te leer	244	
106	Twee illustrasies oor wingerde	246	
107	'n Koning roep dié wat na 'n huweliksfees genooi is	248	
108	Jesus laat nie toe dat hulle hom vasvra nie	250	
109	Jesus veroordeel sy godsdiensteenstanders	252	□ 11 NISAN
110	Jesus se laaste dag by die tempel	254	
111	Die apostels vra vir 'n teken	256	
112	'n Les oor waaksaamheid – Die maagde	260	
113	'n Les oor ywer – Die talente	262	
114	Christus as Koning oordeel die skape en die bokke	264	
115	Jesus se laaste Pasga kom nader	266	□ 12, 13 NISAN
116	'n Les in nederigheid by die laaste Pasga	268	
117	Die Here se Aandmaal	270	
118	'n Stryery oor wie die grootste is	272	
119	Jesus – Die weg, die waarheid, die lewe	274	
120	Dissipels moet vrugte dra en Jesus se vriende wees	276	
121	“Moenie bang wees nie! Ek het die wêreld oorwin”	278	□ 14 NISAN (aand)
122	Jesus se laaste gebed in die bo-kamer	280	
123	Jesus bid terwyl hy verskriklik hartseer is	282	
124	Christus word verraai en in hegtenis geneem	284	
125	Jesus word na Annas en dan na Kajafas geneem	286	
126	Petrus sê dat hy Jesus nie ken nie	288	
127	Hulle neem Jesus na Pilatus	290	
128	Onskuldig bevind deur Pilatus en Herodes	292	
129	Pilatus roep uit: “Kyk! Hier is die man!”	294	
130	Jesus word oorgelewer en weggelei om doodgemaak te word	296	□ 14 NISAN (dag)
131	'n Onskuldige Koning word aan die paal gehang	298	
132	“Hierdie man was beslis God se Seun”	300	
133	Jesus word begrawe	302	□ 15 NISAN
134	'n Leë graf – Jesus lewe!	304	
135	Jesus verskyn aan baie mense ná sy opstanding	306	□ 16 NISAN
136	By die See van Galilea	308	
137	Honderde sien hom voor Pinkster	310	
138	Christus aan God se regterhand	312	
139	Jesus maak die aarde 'n paradys en voltooi sy toewysing	314	

DIE WEG, DIE WAARHEID, DIE LEWE

Jy hou waarskynlik daarvan om goeie nuus te kry. En daar is definitief baie goeie nuus vir jou en jou geliefdes.

Hierdie goeie nuus is in die Bybel, 'n boek wat die Skepper van die heelal, Jehovah God, jare gelede laat skryf het. In hierdie publikasie sal ons op vier Bybelboeke fokus wat baie goeie nuus vir ons almal het. Die name van hierdie boeke is die name van die manne wat God gebruik het om hierdie boeke te skryf – Matteus, Markus, Lukas en Johannes.

Baie mense ken hierdie vier boeke as die vier Evangelies. Al vier hierdie boeke praat oor die goeie nuus van Jesus – dat God deur middel van hom die mensdom gaan red en dat hy as Koning van God se hemelse Koninkryk ewige seëninge sal bring vir almal wat geloof in hom het. – Markus 10:17, 30; 13:13.

HOEKOM VIER BOEKE?

Jy wonder dalk hoekom God vier verslae oor Jesus se lewe en leringe laat skryf het.

Daar is voordele om vier verskillende verslae te hê oor wat Jesus gesê en gedoen het. Om dit te illustreer, stel jou voor dat vier manne naby 'n welbekende onderwyser staan. Die man wat voor die onderwyser staan het 'n belastingkantoor. Die een aan die regterkant is 'n dokter. Die man wat aan die linkerkant staan, is 'n visserman en 'n baie goeie vriend van die onderwyser. En die vierde man wat agter staan en luister, is jonger as die ander manne. Al vier is eerlike manne, en elkeen het iets spesifiek waarin hy belangstel. As elkeen 'n verslag skryf oor wat die onderwyser sê en doen, sal elke verslag waarskynlik verskillende details of gebeure daarin hê. As ons al vier verslae lees, sal ons 'n volledige prentjie kry van wat die onderwyser gesê en gedoen het. Hierdie illustrasie wys water voordele dit het om vier verskillende verslae oor die lewe van die Groot Leermeester, Jesus, te hê.

Kom ons gaan aan met die illustrasie, die man met die belastingkantoor skryf sy verslag met Jode in gedagte, so die leringe en gebeure in sy



verslag skryf hy op so 'n manier wat hulle sal help. Die dokter fokus op hoe die onderwyser die siekes gesond maak, so hy los party van die dinge uit wat die man met die belastingkantoor neergeskryf het of hy skryf dit in 'n ander volgorde. Die goeie vriend fokus op die onderwyser se gevoelens en eienskappe. Die jonger man se verslag is korter en meer tot die punt. Maar elkeen se verslag is akkuraat. Hierdie illustrasie wys hoe dit ons help om al vier verslae oor Jesus se lewe te hê, want dit help ons om sy aktiwiteite, leringe en persoonlikheid beter te verstaan.

Mense praat dalk van 'die Evangelie van Matteus' of 'Johannes se Evangelie'. Dit is nie verkeerd nie, want elkeen het "goeie nuus oor Jesus Christus" (Markus 1:1). Maar eintlik is al vier boeke saam net een evangelie, of goeie nuus, oor Jesus.

Baie mense wat God se Woord studeer, het die gebeure en feite wat in Matteus, Markus, Lukas en Johannes gekry word, met mekaar vergelyk en gekyk hoe dit bymekaar pas. In omtrent 170 HJ het die Siriese skrywer Tatianus probeer om dit te doen. Hy het besef dat hierdie vier boeke akkuraat en geïnspireer is, en hy het die *Diatessaron* saamgestel, 'n volledige verslag van Jesus se lewe en bediening.

Jesus – Die weg, die waarheid, die lewe doen iets soortgelyks, maar dit is meer akkuraat en volledig. Dit is moontlik omdat ons nou die vervulling van baie van Jesus se profesieë en illustrasies beter verstaan. Dit help ons om die dinge wat hy gesê en gedoen het, asook die volgorde waarin dit gebeur het, beter te verstaan. Argeologiese ontdekkings het ook gehelp om sekere details beter te verstaan en om dinge uit die skrywer se oogpunt te sien. Maar natuurlik kan niemand dogmaties wees oor

die volgorde van hoe dinge gebeur het nie. Maar *Jesus – Die weg, die waarheid, die lewe* verduidelik dit op 'n redelike en logiese manier.

DIE WEG, DIE WAARHEID, DIE LEWE

Terwyl jy hierdie boek lees en geniet, probeer om die hoofboodskap vir jou en jou geliefdes in gedagte te hou. Onthou dat Jesus Christus self vir die apostel Tomas gesê het: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur my nie." – Johannes 14:6.

Jesus – Die weg, die waarheid, die lewe sal jou help om te sien hoe Jesus definitief "die weg" is. Net deur hom is dit moontlik om met Jehovah in gebed te praat. En net deur middel van hom kan ons 'n goeie verhouding met God hê. – Johannes 16:23; Romeine 5:8.

Jesus is "die waarheid". Alles wat Jesus gedoen en gesê het, het ooreengestem met die waarheid. Hy het baie profesieë vervul, wat deur middel van hom "ja" geword het (2 Korintiërs 1:20; Johannes 1:14). Sulke profesieë help ons om sy hoofrol in die uitwerking van God se wil te sien. – Openbaring 19:10.

En Jesus Christus is "die lewe". Toe hy sy volmaakte lewe en bloed gegee het as 'n losprys, het hy dit vir ons moontlik gemaak om "die werklike lewe", die "ewige lewe", te kry (1 Timoteus 6:12, 19; Efesiërs 1:7; 1 Johannes 1:7). Hy sal ook wys dat hy "die lewe" is vir miljoene mense wat gesterf het, maar wat opgewek sal word met die hoop om vir ewig in die Paradys te lewe. – Johannes 5:28, 29.

Ons almal moet Jesus se rol in God se wil verstaan en waardeer. Ons hoop dat jy dit sal geniet om meer te leer oor Jesus – "die weg en die waarheid en die lewe".





DEEL

1

GEBEURE VOOR JESUS SE BEDIENING

“HY SAL
GROOT WEES.”

- LUKAS 1:32

TWEE BOODSKAPPE VAN GOD AF

LUKAS 1:5-33

Ons kan die hele Bybel beskou as 'n boodskap van God af. Ons hemelse Vader het dit vir ons gegee sodat ons daaruit kan leer. Maar dink aan twee spesiale boodskappe wat meer as 2 000 jaar gelede gegee is. Hierdie boodskappe is oorgedra deur 'n engel met die naam Gabriël, “wat in die teenwoordigheid van God staan” (Lukas 1:19). Onder watter omstandighede het die engel hierdie belangrike boodskappe oorgedra?

Dit is om en by die jaar 3 V.H.J. Waar is Gabriël wanneer hy die eerste boodskap oordra? In die heuwels van Judea, heel moontlik nie ver van Jerusalem af nie. 'n Priester van Jehovah met die naam Sagaria woon daar. Hy en sy vrou, Elisabet, is nie meer jonk nie, en hulle het nie kinders nie. Dit is Sagaria se beurt om as 'n priester by God se tempel in Jerusalem te dien. Terwyl Sagaria by die tempel is, verskyn Gabriël skielik naby die reukaltaar.

'n Mens kan verstaan dat dit Sagaria laat skrik. Maar die engel stel Sagaria gerus deur te sê: “Moenie bang wees nie, Sagaria, want God het na jou smeekgebed geluister, en jou vrou Elisabet sal vir jou aan 'n seun geboorte gee, en jy moet hom Johannes noem.” Gabriël sê ook dat Johannes “groot [sal] wees in Jehovah se oë” en “vir Jehovah 'n voorbereide volk gereed [sal] maak”. – Lukas 1:13-17.

Salaria dink dat dit onmoontlik is. Hoekom? Want hy en Elisabet is al baie oud. Daarom sê Gabriël vir hom: “Jy sal stil wees en nie kan praat

tot op die dag dat hierdie dinge gebeur nie, omdat jy nie my woorde geglo het nie.” – Lukas 1:20.

Intussen wonder die mense wat buite die tempel is, hoekom Sagaria so lank weg bly. Uiteindelik kom hy uit, maar hy kan nie praat nie. Sagaria kan net gebare met sy hande maak. Dit is duidelik dat hy iets bonatuurliks in die tempel gesien het.

Nadat Sagaria klaar by die tempel gewerk het, gaan hy terug huis toe. Kort daarna word Elisabet swanger! Terwyl Elisabet vir die geboorte van haar kind wag, bly sy vyf maande lank by die huis, weg van mense af.

Dan verskyn Gabriël 'n tweede keer. Aan wie? Aan 'n jong ongetroude vrou met die naam Maria. Sy woon in die stad Nasaret, wat noord van Jerusalem in die streek Galilea is. Wat sê die engel vir haar? Hy sê: “Jy het God se goedkeuring.” Gabriël sê verder vir Maria: “Kyk! Jy sal swanger word en geboorte gee aan 'n seun, en jy moet hom Jesus noem.” En Gabriël sê: “Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word, . . . en hy sal vir ewig as Koning oor die huis van Jakob regeer, en daar sal geen einde aan sy Koninkryk wees nie.” – Lukas 1:30-33.

Jy kan jou net indink watter groot voorreg dit vir Gabriël moes gewees het om hierdie twee boodskappe oor te dra. Wanneer ons meer oor Johannes en Jesus lees, sal dit duidelik wees hoekom hierdie boodskappe uit die hemel so belangrik is.

-
- ◇ Wie dra twee belangrike boodskappe uit die hemel oor?
 - ◇ Aan wie word die twee boodskappe oorgedra?
 - ◇ Hoekom dink jy is die boodskappe uit die hemel so moeilik om te glo?



JESUS WORD VOOR SY GEBOORTE VEREER

LUKAS 1:34-56

Die engel Gabriël sê vir die jong vrou Maria dat sy geboorte sal gee aan 'n seun wat Jesus genoem sal word en wat vir ewig as Koning sal regeer. Dan vra Maria hom: “Hoe sal dit kan gebeur? Want ek het nie seksuele omgang met 'n man nie.” – Lukas 1:34.

Gabriël antwoord: “Heilige gees en krag van die Allerhoogste sal oor jou kom. Daarom sal die een wat gebore word, heilig wees en God se Seun genoem word.” – Lukas 1:35.

Gabriël wil Maria moontlik help om sy boodskap te aanvaar, en hy sê verder: “Elisabet jou familielid het ook swanger geword met 'n seun, op haar oudag. Daar is gedink dat sy onvrugbaar is, maar sy is nou al ses maande swanger, want niks sal vir God onmoontlik wees nie.” – Lukas 1:36, 37.

Dit is duidelik dat Maria Gabriël se woorde glo, want sy sê: “Kyk! Jehovah se slavin! Mag alles wat u gesê het, met my gebeur.” – Lukas 1:38.

Ná Gabriël se besoek maak Maria reg om by Elisabet te gaan kuier. Elisabet woon saam met haar man, Sagaria, in die heuwels van Judea naby Jerusalem. Vanaf Maria se huis in Nasaret kan hierdie reis dalk drie of vier dae lank wees.

Uiteindelik kom Maria by Sagaria se huis aan. Sy gaan in die huis in en groet Elisabet. Op daardie oomblik kom heilige gees oor Elisabet, en sy sê vir Maria: “Geseënd is jy onder die vroue, en geseënd is die kind aan wie jy geboorte sal gee! Hoekom ontvang ek dan hierdie voorreg, dat die ma van my Here na my toe kom? Want toe ek hoor hoe jy my groet, het die baba in my baarmoeder gesprong van vreugde.” – Lukas 1:42-44.

Maria is baie dankbaar en sê uit haar hart: “My siel loof Jehovah, en my gees kan nie anders nie as om oor te loop van vreugde teenoor God, my Redder, omdat hy die nederige posisie van sy slavin gesien het. Van nou af sal alle geslagte my gelukkig noem, want die Magtige het groot dade vir my gedoen.” Dit is duidelik dat Maria alle eer aan God gee, al het sy hierdie groot voorreg ontvang. Sy sê: “Heilig is sy naam. Hy het van geslag tot geslag genade betoon aan dié wat hom vrees.” – Lukas 1:46-50.

Maria loof God verder met die volgende geïnspireerde profetiese woorde: “Met sy arm het hy magtige dade gedoen. Hy het die hoogmoediges uitmekaargedryf. Hy het magtige manne van troone afgestoot en dié met 'n nederige posisie belangrik gemaak. Hy het dié wat honger is, met goeie dinge versadig, en hy het dié wat rykdom gehad het, met leë hande weggestuur. Hy het sy kneg Israel kom help en so bewys dat hy onthou het om genade te betoon aan Abraham en sy nageslag, tot in ewigheid, net soos hy aan ons voorvaders belowe het.” – Lukas 1:51-55.

Maria bly omtrent drie maande lank by Elisabet en help Elisabet heel moontlik gedurende die laaste weke van haar swangerskap. Dit is wonderlik dat hierdie twee getroue vroue, wat albei met God se hulp 'n kind gaan hê, bymekaar kan wees gedurende hierdie tyd in hulle lewe!

En let op dat Jesus selfs voor sy geboorte vereer is. Elisabet het hom “my Here” genoem, en die oomblik toe Elisabet Maria sien, het die kind in haar baarmoeder “gesprong van vreugde”. Soos ons sal sien, is dit heeltemal anders as die manier waarop ander mense Maria en haar ongebore kind later behandel.



- ◇ Wat sê Gabriël om Maria te help verstaan hoe sy swanger sal word?
- ◇ Hoe word Jesus voor sy geboorte vereer?
- ◇ Hoe lank bly Maria by Elisabet, en hoekom doen sy dit?

IEMAND WORD GEBORE OM DIE WEG VOOR TE BEREI

LUKAS 1:57-79

Dit is amper tyd vir Elisabet om haar baba te kry. Haar familielid Maria het drie maande lank by haar gebly. Nou is dit tyd vir Maria om te groet en die lang pad noord na haar huis in Nasaret aan te pak. Oor omtrent ses maande sal sy ook aan 'n seun geboorte gee.

Kort nadat Maria daar weg is, word Elisabet se baba gebore. Almal is baie bly dat die geboorte goed afgeloop het en dat Elisabet en die baba albei gesond is! Wanneer Elisabet haar babaseuntjie vir haar bure en familie wys, is hulle saam met haar opgewonde.

God se Wet aan Israel het gesê dat 'n babaseuntjie op die agtste dag ná sy geboorte besny moet word en 'n naam gegee moet word (Levitikus 12:2, 3). Party voel dat Sagaria se seun dieselfde naam as hy moet hê. Maar Elisabet sê: "Nee! Hy sal Johannes genoem word" (Lukas 1:60). Onthou dat die engel Gabriël gesê

het dat hierdie baba se naam Johannes moet wees.

Die bure en hulle familie stem nie saam nie en sê: "Nie een van jou familielede het hierdie naam nie" (Lukas 1:61). Deur middel van gebare vra hulle vir Sagaria wat hy wil hê sy seun se naam moet wees. Sagaria vra vir 'n skryfbordjie en skryf: "Johannes is sy naam." – Lukas 1:63.

Dan gebeur 'n wonderwerk, en Sagaria kan weer praat. Jy onthou dalk dat hy sy vermoë om te praat, verloor het omdat hy nie die engel Gabriël geglo het toe hy gesê het dat Elisabet 'n seun sou hê nie. Maar noudat Sagaria weer kan praat, is sy bure baie verbaas en wonder hulle: "Wat sal hierdie jong kindjie word wanneer hy groot is?" (Lukas 1:66). Hulle sien God se hand in die manier waarop Johannes sy naam gekry het.

Dan kom heilige gees oor Sagaria, en hy sê: "Mag Jehovah, die God van Israel, geloof word,



want hy het aandag geskenk aan sy volk en vir hulle verlossing gebring. Hy het aan ons 'n horing van redding gegee uit die huis van sy kneg Dawid" (Lukas 1:68, 69). Die woorde "horing van redding" verwys na die Here Jesus, wat nog gebore moet word. Sagaria sê dat God deur middel van hierdie persoon "ons van vyande [sal] red en ons dan die voorreg [sal] gee om sonder vrees heilige diens aan hom te verrig, sodat ons ons hele lewe lank lojaal en regverdig voor hom kan wees". – Lukas 1:74, 75.

Salaria voorspel in verband met sy seun: "Maar jy, jong kindjie, jy sal 'n profeet van die Allerhoogste genoem word, want jy sal voor Jeho-

vah uit gaan om sy weg voor te berei. Jy sal sy volk vertel dat hulle gered kan word deur vergifnis van hulle sondes, as gevolg van die genade wat ons God so liefdevol betoon. Hierdie genade van bo sal wees soos die lig wat teen dagbreek skyn, om lig te gee aan dié wat in duisternis en in die skaduwee van die dood sit, en om ons voete te lei op die weg van vrede" (Lukas 1:76-79). Wat 'n aanmoedigende profesie!

Teen hierdie tyd het Maria, wat blykbaar nog nie getroud is nie, by haar huis in Nasaret aangekom. Wat sal met haar gebeur wanneer 'n mens kan sien dat sy swanger is?

-
- ◇ Wat is die ouderdomsverskil tussen Johannes en Jesus?
 - ◇ Wat gebeur wanneer Johannes agt dae oud is?
 - ◇ Watter toewysing sal Johannes van God af ontvang?



MARIA – SWANGER MAAR ONGETROUD

MATTEUS 1:18-25 LUKAS 1:56

Maria is in die vierde maand van haar swangerskap. Onthou dat sy aan die begin van haar swangerskap haar familielid Elisabet besoek het, wat in die heuwels van Judea in die suide van die land woon. Maar nou is Maria weer terug by haar huis in Nasaret. Binnekort sal almal uitvind dat sy swanger is. Stel jou net voor hoe stresvol hierdie situasie vir haar is!

Wat die situasie erger maak, is die feit dat Maria verloof is aan Josef, 'n plaaslike timmerman. En sy weet dat 'n vrou wat aan 'n man verloof is maar gewillige seksuele omgang met 'n ander man het, volgens God se Wet aan Israel met klippe doodgegooi moet word (Deuteronomium 22: 23, 24). Maar al was Maria nie seksueel onsedelik nie, wonder sy seker hoe sy haar swangerskap aan Josef kan verduidelik en wat gaan gebeur.

Maria was drie maande lank weg, en daarom kan ons seker wees dat Josef haar baie graag wil sien. Wanneer Maria by hom kom, vertel sy hom heel moontlik dat sy swanger is. Sy probeer haar bes om te verduidelik dat sy deur middel van God se heilige gees swanger geword het. Maar jy kan jou net voorstel hoe moeilik dit vir Josef is om haar te glo en dit te verstaan.

Josef weet dat Maria 'n goeie vrou is en dat sy 'n uitstekende reputasie het. En hy is baie lief vir haar. Maar al verduidelik sy wat gebeur het, lyk dit vir Josef asof sy 'n ander man se kind verwag. Josef wil nie hê dat sy met klippe doodgegooi of in die openbaar verneder moet word nie, en daarom besluit hy om in die geheim van haar te skei. In daardie dae is mense wat verloof was,



as getroud beskou, en 'n egskeiding was nodig om 'n verlowing te verbreek.

Later, terwyl Josef nog oor hierdie dinge dink, raak hy aan die slaap. Jehovah se engel verskyn in 'n droom aan hom en sê: “Moenie bang wees om jou vrou, Maria, huis toe te neem nie, want sy het swanger geword deur heilige gees. Sy sal geboorte gee aan 'n seun, en jy moet hom Jesus noem, want hy sal sy volk van hulle sondes red.” – Matteus 1:20, 21.

Wanneer Josef wakker word, is hy so bly dat hy dinge nou beter verstaan! Hy doen dadelik

wat die engel vir hom gesê het. Hy neem Maria na sy huis toe. Hierdie openbare optrede is in werklikheid 'n huwelikeremonie, wat almal laat weet dat Josef en Maria nou getroud is. Maar Josef het nie seksuele omgang met Maria terwyl sy swanger met Jesus is nie.

Maande later moet Josef en Maria, wat hoog swanger is, regmaak vir 'n reis wat hulle sal wegneem van hulle huis in Nasaret. Waarheen moet hulle gaan nou dat dit amper tyd is vir Maria om geboorte te gee?

-
- ◇ Wat dink Josef wanneer hy uitvind dat Maria swanger is, en hoekom?
 - ◇ Hoe kan Josef van Maria skei, al is hulle nog nie getroud nie?
 - ◇ Watter openbare optrede laat almal weet dat Josef en Maria nou getroud is?



JESUS SE GEBOORTE – WAAR EN WANNEER?

LUKAS 2:1-20

Die Romeinse keiser Augustus het beveel dat almal geregistreer moet word. Daarom moet Josef en Maria na die plek toe gaan waar hy gebore is, die stad Betlehem, suid van Jerusalem.

Baie mense het na Betlehem gekom om geregistreer te word. Die enigste blyplek wat Josef en Maria kan kry, is 'n stal, waar donkies en ander



diere gehou word. Jesus word hier gebore. Maria draai hom in lappe toe en lê hom neer in 'n krip, 'n bak waarin kos vir diere gesit word.

God het sekerlik gesorg dat keiser Augustus hierdie registrasiewet maak. Hoekom? Want as gevolg daarvan kon Jesus in Betlehem gebore word, die tuisdorp van sy voorvader koning Dawid. Die Skrif het lank voor die tyd voorspel dat hierdie stad die geboorteplek van die beloofde Koning sou wees. – Miga 5:2.

Dit is 'n baie belangrike nag! Buite in die veld skyn 'n helder lig rondom 'n groep herders. Dit is Jehovah se heerlijkheid! Een van God se engele sê vir die herders: “Moenie bang wees nie, want

ek maak goeie nuus aan julle bekend van groot vreugde wat die hele volk sal hê, want vandag is daar vir julle in die stad van Dawid 'n redder gebore, wat Christus die Here is. Só sal julle hom herken: Julle sal 'n baba vind wat in doeke toegedraai is en in 'n krip lê.” Skielik verskyn daar nog baie ander engele wat sê: “Heerlikheid aan God in die hoogtes daar bo, en vrede op aarde onder mense wat sy goedkeuring geniet.” – Lukas 2:10-14.

Nadat die engele weg is, sê die herders vir mekaar: “Kom ons gaan dadelik na Betlehem om te sien wat gebeur het en wat Jehovah aan ons bekend gemaak het” (Lukas 2:15). Hulle gaan haastig daarheen en vind die pasgebore Jesus presies waar die engel gesê het hy sou wees. Wanneer die herders vertel wat die engel vir hulle gesê het, verbaas dit almal wat dit hoor. Maria bewaar al hierdie woorde en maak gevolgtrekkings in haar hart.

Vandag glo baie mense dat Jesus op 25 Desember gebore is. Maar in Desember is dit reënerig en koud in Betlehem. Partykeer sneeu dit selfs. Herders sou beslis nie daardie tyd van die jaar in die nag met hulle skape buite in die veld gewees het nie. En die Romeinse keiser sou ook nie vereis het dat 'n volk wat al klaar teen hom in opstand wou kom, dae lank in die middel van die winter moes reis om geregistreer te word nie. Jesus is blykbaar die een of ander tyd in Oktober gebore.

-
- ◇ Hoekom moet Josef en Maria Betlehem toe gaan?
 - ◇ Wat gebeur die nag toe Jesus gebore word?
 - ◇ Hoekom is dit nie redelik om te dink dat Jesus op 25 Desember gebore is nie?



DIE KIND WAT BELOWE IS

LUKAS 2:21-39

Josef en Maria gaan nie terug Nasaret toe nie, maar bly eerder in Betlehem. Wanneer Jesus agt dae oud is, laat hulle hom besny volgens God se Wet aan Israel (Levitikus 12:2, 3). Dit is ook die gebruik om 'n seuntjie op hierdie dag sy naam te gee. Hulle noem hulle seun Jesus, soos die engel Gabriël vir hulle gesê het.

Meer as 'n maand gaan verby, en Jesus is 40 dae oud. Waarheen neem sy ouers hom nou? Na die tempel in Jerusalem, wat net 'n paar kilometer is van waar hulle bly. Volgens die Wet moet 'n ma 40 dae nadat sy aan 'n seun geboorte gegee het, 'n reinigingsoffer by die tempel bring. – Levitikus 12:4-8.



‘DIE TYD HET GEKOM VIR HULLE OM GEREINIG TE WORD’ Wanneer Israelitiese vrouens geboorte gegee het, is hulle 'n tyd lank as seremonieel onrein beskou. Aan die einde van hierdie tydperk moes 'n brandoffer gebring word om hulle te reinig. Dit het almal dus herinner dat onvolmaaktheid en sonde oorgedra is. Die baba Jesus was volmaak en heilig (Lukas 1:35). Maria en Josef het hom nogtans na die tempel “gebring” sodat hulle “gereinig [kan] word,” soos die Wet vereis het. – Lukas 2:22.

Dit is wat Maria doen. Sy bring twee klein voël-tjies as haar offer. Dit vertel ons iets oor Josef en Maria se finansiële situasie. Volgens die Wet moet 'n jong ram en 'n voël geoffer word. Maar as die ma nie 'n ram kan bekostig nie, moet sy twee tortelduiwe of twee duiwe offer. Dit is die situasie waarin Maria is, en dit is wat sy offer.

By die tempel kom 'n bejaarde man na Josef en Maria toe. Sy naam is Simeon. God het aan hom bekend gemaak dat hy nie sal sterf voordat hy Jehovah se beloofde Christus, of Messias, gesien het nie. Op hierdie dag stuur die heilige gees Simeon na die tempel, waar hy Josef en Maria saam met hulle seuntjie kry. Simeon neem die baba in sy arms.

Terwyl Simeon Jesus vashou, dank hy God en sê hy: “Soewereine Heer, u laat u slaaf nou in vrede gaan soos u gesê het, want ek het u redding gesien wat u voor die oë van al die volke voorberei het, 'n lig wat die sluier van die nasies sal verwyder en wat u volk Israel sal eer.” – Lukas 2: 29-32.

Josef en Maria is verbaas wanneer hulle dit hoor. Daarna seën Simeon hulle en sê hy vir Maria dat haar seun “aangestel [is] om baie in Israel te laat val en weer te laat opstaan” en dat sy so hartseer sal wees dat dit sal voel asof sy met 'n skerp swaard gesteek word. – Lukas 2:34.

Nog iemand is op hierdie dag by die tempel. Dit is Anna, 'n 84-jarige profetes. Om die waarheid te sê, sy bly nooit van die tempel af weg nie. In dieselfde uur kom sy na Josef, Maria en die baba Jesus. Anna begin God dank en praat met almal wat wil luister oor Jesus.

Jy kan jou net voorstel hoe bly Josef en Maria is oor alles wat by die tempel gebeur! Al hierdie dinge verseker hulle dat hulle seun die Een is wat deur God belowe is.



- ◇ Wanneer kry 'n Israelitiese babaseuntjie gewoonlik sy naam?
- ◇ Wat moes 'n ma doen wanneer haar seun 40 dae oud is, en wat vertel Maria se offer ons omtrent haar finansiële situasie?
- ◇ Wie by die tempel beseef wie Jesus eintlik is, en hoe wys hulle dit?

STERREVOORSPELLERS BESOEK JESUS

MATTEUS 2:1-12

'n Paar mans kom uit die Ooste. Hulle is sterrevoorspellers – mense wat die posisie van die sterre bestudeer en wat beweer dat hulle daardeur weet wat die gebeure in mense se lewens beteken (Jesaja 47:13). Terwyl hulle in die Ooste was, het hulle 'n “ster” gesien en dit honderde kilometers gevolg, nie na Betlehem toe nie, maar na Jerusalem.

Wanneer die sterrevoorspellers daar aankom, vra hulle: “Waar is die kind wat as koning van die Jode gebore is? Want ons het sy ster gesien toe ons in die Ooste was, en ons het gekom om aan hom eer te bewys.” – Matteus 2:1, 2.


Koning Herodes van Jerusalem hoor hiervan en is baie kwaad. Daarom laat hy die hoofpriesters en ander Joodse godsdiensteleiers roep, en hy vra hulle waar die Christus gebore sou word. Hulle baseer hulle antwoord op die Skrif en sê: “In Betlehem” (Matteus 2:5; Miga 5:2). Dan laat Herodes die sterrevoorspellers in die geheim na hom toe kom, en hy sê vir hulle: “Gaan soek oral na die jong

kind, en wanneer julle hom gevind het, moet julle vir my kom sê sodat ek ook kan gaan om aan hom eer te bewys” (Matteus 2:8). Maar Herodes soek eintlik die jong kind omdat hy hom wil doodmaak!

Nadat die sterrevoorspellers daar weg is, gebeur iets verbasends. Die “ster” wat hulle gesien het toe hulle in die Ooste was, beweeg voor hulle uit. Dit is beslis nie 'n gewone ster nie, maar dit is spesiaal gestuur om vir hulle die pad te wys. Die sterrevoorspellers volg die ster totdat dit gaan staan bo die huis waar Josef en Maria nou saam met hulle jong seun woon.

Wanneer die sterrevoorspellers in die huis ingaan, is Maria daar saam met haar jong kind, Jesus. Die sterrevoorspellers buig voor hom neer en gee vir hom geskenke van goud, wierook en mirre. Wanneer hulle later wil teruggaan na Herodes toe, waarsku God hulle in 'n droom om dit nie te doen nie. Daarom gaan hulle met 'n ander pad terug na hulle eie land toe.

Wie dink jy het die “ster” gestuur wat die pad vir die sterrevoorspellers gewys het? Onthou, dit het hulle nie reguit na Jesus in Betlehem gelei nie. Dit het hulle eerder na Jerusalem gelei waar hulle met koning Herodes gepraat het, wat Jesus wou doodmaak. En hy sou dit gedoen het, maar God het die sterrevoorspellers gewaarsku om nie vir Herodes te gaan vertel waar Jesus is nie. Dit is duidelik dat dit God se vyand, Satan die Duiwel, was wat wou hê dat Jesus doodgemaak moes word. Hy het daardie ster gebruik om dit te probeer doen.



- ◇ Hoe weet ons dat die “ster” wat die sterrevoorspellers gesien het, nie 'n gewone ster was nie?
- ◇ Waar woon die jong kind Jesus wanneer die sterrevoorspellers hom vind?
- ◇ Hoe weet ons dat Satan die sterrevoorspellers gelei het?



HULLE VLUG VAN 'N GODDELOSE KONING

MATTEUS 2:13-23

Josef maak Maria wakker om haar iets dringend te vertel. Jehovah se engel het nou net aan hom in 'n droom verskyn en vir hom gesê: “Staan op, neem die jong kind en sy ma en vlug na Egipte, en bly daar totdat ek vir jou sê om terug te kom, want Herodes is van plan om die jong kind te soek om hom dood te maak.” – Matteus 2:13.

Daardie selfde nag vlug Josef, Maria en hulle seun. Hulle doen dit net betyds, want Herodes het agtergekom dat die sterrevoorspellers hom bedrieg het. Hy het vir hulle gesê dat hulle weer na hom toe moet terugkom, maar hulle het nie en het die land verlaat. Herodes is woedend. Hy wil Jesus nog steeds doodmaak, en daarom beveel hy dat al die seuntjies van twee jaar en jonger in Betlehem en in die omliggende gebiede doodgemaak moet word. Hy besluit op hierdie ouderdom as gevolg van wat die sterrevoorspellers uit die Ooste vir hom gesê het.


Die dood van al hierdie seuntjies is iets verskrikliks! Ons weet nie presies hoeveel seuntjies doodgemaak is nie, maar die bittere gehuil en getreur van die hartseer ma's vervul 'n Bybelpro-



fesie wat deur Jeremia, God se profeet, gegee is. – Jeremia 31:15.

Intussen het Josef en sy gesin na Egipte gevlug, en hulle bly nou daar. Een nag verskyn Jehovah se engel weer aan Josef in 'n droom. Die engel sê: “Staan op, neem die jong kind en sy ma en gaan na die land van Israel, want die mense wat die jong kind wou doodmaak, is dood” (Matteus 2:20). Josef besef nou dat sy gesin na hulle eie land kan terugkeer. Op hierdie manier word nog 'n Bybelprofesie vervul – God se Seun word uit Egipte geroep. – Hosea 11:1.

Josef wou blykbaar hê dat sy gesin in Judea moet gaan woon, dalk naby die dorpjie Betlehem



waar hulle gewoon het voordat hulle na Egipte gevlug het. Maar hy hoor dat Herodes se goddelose seun Archelaus nou die koning van Judea is. God waarsku Josef weer in 'n droom van die gevaar. Daarom trek Josef en sy gesin verder noord en gaan woon hulle in die stad Nasaret, wat in

die gebied van Galilea is, ver weg van die middelpunt van die Joodse godsdienstelewe. Jesus word in hierdie gemeenskap groot, en so word nog 'n profesie vervul: "Hy sal 'n Nasarener genoem word." – Matteus 2:23.

-
- ◇ Wat doen koning Herodes toe die sterrevoorspellers nie terugkom nie, en hoe word Jesus beskerm?
 - ◇ Hoekom gaan woon Josef en sy gesin nie weer in Betlehem toe hulle van Egipte af terugkeer nie?
 - ◇ Watter Bybelprofesieë word gedurende hierdie tydperk vervul?

JESUS WORD GROOT IN NASARET

MATTEUS 13:55, 56 MARKUS 6:3

Jesus word groot in Nasaret, 'n klein en onbelangrike stad. Dit is noord van Judea, in die heuwelagtige gebied wat Galilea genoem word, wes van die See van Galilea.

Wanneer Jesus omtrent twee jaar oud is, bring Josef en Maria hom van Egipte af hierheen. Dit lyk asof hy op hierdie tydstip hulle enigste kind is, maar later word sy halfbroers, Jakobus, Josef, Simon en Judas, gebore. Josef en Maria het ook dogters – Jesus se halfsusters. Ja, Jesus het ten minste ses jonger broers en susters.

Jesus het natuurlik ook ander familieledede. Ons weet reeds van Elisabet en haar seun, Johannes. Hy woon ver daarvandaan in die suide, in Judea.

Salome, wat blykbaar Maria se suster en Jesus se tannie is, woon naby hulle in Galilea. Salome se man is Sebedeus, en hulle twee seuns, Jakobus en Johannes, is blykbaar Jesus se neefs. Ons weet nie of Jesus baie tyd saam met hierdie seuns deurbring terwyl hulle grootword nie, maar later word hulle baie goeie vriende. Hulle word ook twee van Jesus se apostels.

Josef moet baie hard werk om vir sy groot gesin te sorg. Hy is 'n timmerman. Josef maak Jesus as sy eie seun groot, en daarom word Jesus “die timmerman se seun” genoem (Matteus 13: 55). Josef leer Jesus om ook 'n timmerman te wees, en hy leer vinnig. Dit is waarom mense la-



ter oor Jesus sê: “Is hy dan nie die timmerman nie?” – Markus 6:3.

Die aanbidding van Jehovah is die belangrikste ding in Josef en sy gesin se lewe. Uit gehoorsaamheid aan God se Wet onderrig Josef en Maria hulle kinders geestelik ‘wanneer hulle in hulle huis sit en wanneer hulle op die pad loop en wanneer hulle gaan lê en wanneer hulle opstaan’

(Deuteronomium 6:6-9). Daar is ’n sinagoge in Nasaret. Ons kan seker wees dat Josef sy gesin gereeld soontoe neem om daar te aanbid. Daar word later gesê dat Jesus “volgens sy gewoonte op die Sabbatdag” na die sinagoge gegaan het (Lukas 4:16). Die gesin geniet dit ook baie om gereeld na Jehovah se tempel in Jerusalem te gaan.

-
- ◇ Ten minste hoeveel jonger broers en susters het Jesus?
 - ◇ Watter werk leer Jesus om te doen, en hoekom?
 - ◇ Watter belangrike onderrigting gee Josef aan sy gesin?



JESUS SE GESIN GAAN NA JERUSALEM

LUKAS 2:40-52

Dit is lente. Daarom is dit tyd vir Josef se gesin om saam met hulle vriende en familie na Jerusalem te reis, iets wat hulle elke jaar doen. Hulle gaan daarheen om die Pasga te vier, net soos die Wet beveel (Deuteronomium 16:16). Nasaret is omtrent 120 kilometer van Jerusalem af. Dit is 'n besige en opwindende tyd vir almal. Jesus, wat nou 12 jaar oud is, sien veral uit na die fees en om weer naby die tempel te wees.

Vir Jesus en sy gesin gaan die Pasga nie net oor een spesiale dag nie. Die dag ná die Pasga is die begin van die Fees van die Ongesuurde Brode, wat sewe dae lank is (Markus 14:1). Dit is deel van die Pasga-seisoen. Om van hulle huis in Nasaret na Jerusalem te reis, die tyd wat hulle daar spandeer en die reis terug huis toe, het omtrent twee weke geneem. Maar as gevolg van iets wat met Jesus te doen het, vat dit hierdie jaar 'n bietjie langer. Op pad terug van Jerusalem af kom hulle agter dat daar 'n probleem is.

Terwyl hulle op pad terug is, dink Josef en Maria dat Jesus tussen die groep familie en vriende is wat saam noordwaarts reis. Maar wanneer hulle stop om te oornag, kan hulle hom nie vind nie. Hulle gaan soek hom oral tussen die mense, maar hy is nie daar nie. Hulle kan hulle seun nê-

rens vind nie! Daarom gaan Josef en Maria terug Jerusalem toe om hom te gaan soek.

Hulle soek 'n hele dag lank na hom, maar hulle vind hom nie. Hulle vind hom ook nie op die tweede dag nie. Uiteindelik, op die derde dag, vind hulle hulle seun in een van die baie sale in die tempel. Hulle sien Jesus waar hy tussen 'n paar Joodse leermeesters sit. Hy luister na hulle, hy vra hulle vrae, en hulle is verbaas oor hoe goed hy alles verstaan.

“Kind, hoekom het jy so met ons gemaak?” vra Maria. “Ek en jou pa was bekommerd en het oral na jou gesoek.” – Lukas 2:48.

Jesus is verbaas dat hulle nie geweet het waar hy sou wees nie. Hy vra hulle: “Hoekom het julle na my gesoek? Het julle nie geweet dat ek in die huis van my Vader moet wees nie?” – Lukas 2:49.

Noudat hulle weer bymekaar is, gaan Jesus saam met Josef en Maria terug Nasaret toe. Terwyl hy groter en sterker word, bly hy gehoorsaam aan hulle en neem hy toe in wysheid. Al is hy nog jonk, het hy die goedkeuring van God sowel as mense. Ja, van kleintyd af stel Jesus 'n goeie voorbeeld, nie net omdat hy in geestelike dinge belangstel nie, maar ook omdat hy sy ouers respekteer.



GELUKKIGE TYE Almal het die reise na Jerusalem vir die drie jaarlikse feeste baie geniet (Deuteronomium 16:15). Gedurende hierdie tye het Jesus verskillende dele van die land gesien, meer oor die land geleer en mede-aanbidders uit ander gebiede ontmoet. Dit was beslis gelukkige tye!



- ◇ Op watter reis gaan Jesus gewoonlik saam met sy familie in die lente, en hoekom?
- ◇ Wanneer Jesus 12 jaar oud is, wat besef Josef en Maria terwyl hulle op pad terug is van Jerusalem af, en waar vind hulle hom?
- ◇ Watter goeie voorbeeld stel Jesus vir jongmense van vandag?

JOHANNES DIE DOPER BEREI DIE WEG VOOR

MATTEUS 3:1-12 MARKUS 1:1-8 LUKAS 3:1-18 JOHANNES 1:6-8, 15-28

Omtrent 17 jaar is verby vandat die 12-jarige Jesus die leermeesters in die tempel uitgevra het. Dit is nou die lente van 29 HJ. Baie mense praat oor Jesus se familielid Johannes, wat oral aan die westelike kant van die Jordaanrivier preek.

Hoe Johannes lyk en hoe hy praat, is nogal indrukwekkend. Sy klere is van kameelhaar, en hy dra 'n leerlyfband om sy middel. Hy eet sprinkane en wilde heuning. Wat is sy boodskap? “Toon berou, want die Koninkryk van die hemel het naby gekom.” – Matteus 3:2.

Johannes se boodskap trek mense se aandag. Baie besef dat hulle berou moet toon, dit wil sê dat hulle hulle gesindheid en dade moet verander en dat hulle die manier waarop hulle gelewe het, moet verwerp. Die mense wat na hom toe kom, is van “Jerusalem en die hele Judea en die hele omgewing om die Jordaanrivier” (Matteus 3:5). Baie wat na Johannes toe kom, toon berou. Hy doop hulle deur hulle in die Jordaanrivier onder die water te dompel. Hoekom?

Hy doop mense as 'n simbool, of erkenning, van hulle opregte berou omdat hulle teen God se Wetsverbond gesondig het (Handelinge 19:4). Maar nie almal kwalifiseer nie. Wanneer party godsdiensteleiers, Fariseërs en Sadduseërs, na Johannes toe kom, noem hy hulle “giftige slange”. Hy sê: “Bring . . . vrugte voort wat by berou pas. Moenie dink dat julle vir julleself kan sê: ‘Ons het Abraham as ons vader’ nie. Want ek sê vir julle dat God vir Abraham kinders uit hierdie klippe kan voortbring. Die byl lê reeds by die wortel van die boom. Elke boom wat nie goeie vrugte voortbring nie, gaan afgekap en in die vuur gegooi word.” – Matteus 3:7-10.

Omdat Johannes baie aandag kry, 'n kragtige boodskap verkondig en baie mense doop, word

die priesters en die Leviete gestuur om hom te vra: “Wie is jy?”

“Ek is nie die Christus nie,” erken Johannes.

“Nou wat dan? Is jy Elia?” vra hulle.

Hy antwoord: “Ek is nie.”

“Is jy die Profeet?” vra hulle. Hulle bedoel die groot Profeet wat Moses gesê het sou kom. – Deuteronomium 18:15, 18.

“Nee!” sê Johannes.

Hulle hou aan vra: “Wie is jy? Sê vir ons sodat ons 'n antwoord kan gee aan die mense wat ons gestuur het. Wat het jy oor jouself te sê?” Johannes sê: “Ek is die een wat in die wildernis uitroep: ‘Maak die weg van Jehovah reguit,’ net soos die profeet Jesaja gesê het.” – Johannes 1:19-23.

“Hoekom doop jy dan mense as jy self nie die Christus of Elia of die Profeet is nie?” wil hulle weet. Hy gee 'n betekenisvolle antwoord: “Ek doop in water. Onder julle staan iemand wat julle nie ken nie, die een wat ná my kom.” – Johannes 1:25-27.

Ja, Johannes erken dat hy die weg voorberei deur mense te help om die regte hartstoestand te kry sodat hulle die voorspelde Messias, wat Koning sal word, kan aanvaar. Johannes sê van hom: “Die een wat ná my kom, is sterker as ek, en ek is nie waardig om sy sandale uit te trek nie” (Matteus 3:11). Johannes sê selfs: “Die een wat ná my kom, het voor my uit gegaan, want hy het voor my bestaan.” – Johannes 1:15.

Daarom is Johannes se boodskap beslis gepas wanneer hy sê: “Toon berou, want die Koninkryk van die hemel het naby gekom” (Matteus 3:2). Die doel van hierdie boodskap is sodat mense kan weet dat die bediening van Jehovah se komende Koning, Jesus Christus, binnekort sal begin.



- ◇ Watter soort mens is Johannes, en wat doen hy?
- ◇ Hoekom doop Johannes mense?
- ◇ Wat is Johannes se boodskap, en hoekom is dit gepas?





DEEL

2

DIE BEGIN VAN JESUS SE BEDIENING

‘KYK, DIE LAM
VAN GOD WAT
SONDE WEGNEEM.’

– JOHANNES 1:29

JESUS WORD GEDOOP

MATTEUS 3:13-17 MARKUS 1:9-11 LUKAS 3:21, 22 JOHANNES 1:32-34

Ongeveer ses maande nadat Johannes begin preek het, kom Jesus, wat nou omtrent 30 jaar oud is, na hom toe by die Jordaanrivier. Hoekom? Dit is nie net omdat hy Johannes wil besoek of wil sien hoe sy werk vorder nie. Nee, Jesus kom om Johannes te vra om hom te doop.

'n Mens kan verstaan dat Johannes dit nie wil doen nie. Hy sê: “Ek is die een wat deur u gedoop moet word, en u kom na my toe?” (Matteus 3:14). Johannes weet dat Jesus God se spesiale Seun is. Johannes se ma, Elisabet, het hom sekerlik vertel dat hy van vreugde in haar baarmoeder gesprong het toe Maria, wat met Jesus swanger was, by haar kom kuier het. En hy sou ook gehoor het van die engel se aankondiging oor Jesus se geboorte en van die engele wat aan die herders verskyn het die nag toe Jesus gebore is.

Johannes weet dat hy mense doop wat berou het oor hulle sondes. Maar Jesus het nie sonde nie. Al wil Johannes hom nie doop nie, dring Jesus aan: “Laat dit hierdie keer so wees, want dit

is goed dat ons op hierdie manier alles doen wat regverdig is.” – Matteus 3:15.

Waarom is dit gepas dat Jesus gedoop word? Jesus word nie gedoop as 'n simbool van berou oor sondes nie. Sy doop wys eerder dat hy hom aanbied om sy Vader se wil te doen (Hebreeërs 10:5-7). Jesus was tot nou toe 'n timmerman, maar nou is dit tyd vir hom om met die bediening te begin waarvoor sy hemelse Vader hom aarde toe gestuur het. Dink jy Johannes verwag dat iets buitengewoons sal gebeur wanneer hy Jesus doop?

Wel, Johannes sê later: “Hy wat my gestuur het om in water te doop, het vir my gesê: ‘Die een op wie jy die gees sien neerdaal en op wie dit bly, dit is hy wat in heilige gees doop’” (Johannes 1:33). Daarom verwag Johannes dat God se gees sal kom op iemand wat hy doop. Wanneer Jesus uit die water opkom, is Johannes dalk nie verbaas om te sien hoe “God se gees soos 'n duif neerdaal en op [Jesus] kom” nie. – Matteus 3:16.




Maar meer as dit gebeur wanneer Jesus gedoop word. 'Die hemel het oopgegaan' vir hom. Wat beteken dit? Dit beteken blykbaar dat Jesus alles oor sy voormenslike lewe in die hemel onthou wanneer hy gedoop word. Jesus onthou ook sy lewe as 'n geesseun van Jehovah, insluitende die waarhede wat hy by God in die hemel geleer het voordat hy aarde toe gekom het.

By Jesus se doop sê 'n stem uit die hemel ook: "Dit is my geliefde Seun, wat ek goedgekeur het" (Matteus 3:17). Wie se stem is dit? Dit kan nie Jesus se stem wees nie, want hy is daar by Johannes. Dit is God se stem. Dit is duidelik dat Jesus God se Seun is. Hy is nie God nie.

Dit is belangrik om te weet dat Jesus 'n menslike seun van God is, net soos die eerste mens, Adam, was. Nadat die dissipel Lukas Jesus se doop beskryf het, skryf hy: "Jesus was omtrent 30 jaar oud toe hy met sy werk begin het. Die mense het hom geken as die seun van Josef, die seun van Heli, . . . die seun van Dawid, . . . die seun van Abraham, . . . die seun van Noag, . . . die seun van Adam, die seun van God." – Lukas 3:23-38.

Jesus is 'n menslike "seun van God", net soos Adam was. Met Jesus se doop begin hy 'n nuwe verhouding met God en word hy God se geestelike Seun. Daarom kan Jesus nou goddelike waarheid aan ander leer en hulle die weg na die lewe wys. Jesus begin 'n lewensweg wat uiteindelik daartoe sal lei dat hy sy menslike lewe opoffer vir die sondige mensdom.

-
- ◇ Hoe ken Johannes vir Jesus?
 - ◇ Waarom doop Johannes Jesus, al het Jesus nie sonde nie?
 - ◇ Waarom is Johannes dalk nie verbaas toe God se gees op Jesus kom nie?
-



LEER UIT HOE JESUS VERSOEKINGS WEERSTAAN HET

MATTEUS 4:1-11 MARKUS 1:12, 13 LUKAS 4:1-13

Onmiddellik nadat Jesus deur Johannes gedoop is, lei God se gees Jesus in die wildernis van Judea in. Hy het baie om oor te dink. By sy doop 'het die hemel oopgegaan' (Matteus 3:16). Nou kan hy alles onthou wat hy in die hemel geleer en gedoen het. Hy het beslis baie om oor te dink!

Jesus spandeer 40 dae en 40 nagte in die wildernis. Gedurende hierdie tyd eet hy niks nie. Wanneer Jesus baie honger is, kom Satan die Duiwel na hom toe om hom te versoek. Hy sê: "As jy 'n seun van God is, sê vir hierdie klippe om brode te word" (Matteus 4:3). Maar Jesus weet dat dit verkeerd is om sy wonderdadige kragte te gebruik om sy eie begeertes te bevredig. Daarom weerstaan hy hierdie versoeking.

Die Duiwel hou nie daar op nie. Hy probeer iets anders. Hy daag Jesus uit om van die tempel se dak af te spring. Maar Jesus kom nie in die versoeking om iets so indrukwekkend te doen nie. Jesus haal uit die Skrif aan en wys dat dit verkeerd is om God op so 'n manier te toets.

In 'n derde versoeking wys die Duiwel vir Jesus op die een of ander manier "al die koninkryke van die wêreld en hulle mag". Hy sê: "Ek sal al hierdie dinge vir jou gee as jy neerval en my een keer aanbid." Jesus weier weer en sê: "Gaan weg,

Satan!" (Matteus 4:8-10). Hy het die versoeking weerstaan om iets verkeerd te doen, want hy weet dat Jehovah alleen aanbid moet word. Hy kies om aan God getrou te bly.

Ons kan leer uit hierdie versoekings en hoe Jesus daarop gereageer het. Die versoekings het regtig gebeur, en dit wys dat die Duiwel nie net iets slegs binne-in 'n mens is soos party sê nie. Hy is 'n werklike, onsigbare persoon. Dit wys ook dat die wêreld se regerings eintlik aan die Duiwel behoort en dat hy hulle beheer. Sou dit regtig 'n versoeking vir Christus gewees het as die regerings nie aan die Duiwel behoort het nie?

Die Duiwel het gesê dat hy bereid was om Jesus te beloon as hy hom net een keer aanbid, en hy wou selfs *al die regerings van die wêreld* vir Jesus gee. Hy sal ons dalk op dieselfde manier probeer versoek, miskien deur vir ons aanloklike geleenthede te bied om ryk of beroemd te word of baie mag te verkry. As ons Jesus se voorbeeld volg deur getrou aan God te bly, maak nie saak wat die versoeking is nie, sal ons toon dat ons verstandig is! Maar hou in gedagte dat die Duiwel van Jesus af weggegaan het "tot 'n ander geskikte tyd" (Lukas 4:13). Hy sal dit miskien met ons ook doen, en daarom moet ons versigtig wees.

-
- ◇ Oor watter dinge dink Jesus dalk gedurende sy 40 dae in die wildernis?
 - ◇ Op watter maniere probeer die Duiwel Jesus versoek?
 - ◇ Wat kan ons leer uit die versoekings en hoe Jesus daarop gereageer het?



JESUS BEGIN DISSIPELS MAAK

JOHANNES 1:29-51

Ná 40 dae in die wildernis en voordat Jesus terugkeer na Galilea, gaan hy weer na Johannes, wat hom gedoop het. Terwyl Jesus nader kom, wys Johannes na hom en sê hy vir die mense by hom: “Kyk, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem! Hy is die een van wie ek gesê het: Ná my kom ’n man wat voor my uit gegaan het, want hy het voor my bestaan” (Johannes 1:29, 30). Al is Johannes ’n bietjie ouer as Jesus, weet hy dat Jesus voor hom as ’n geespersoon in die hemel gelewe het.

’n Paar weke vroeër, toe Jesus gekom het om gedoop te word, was Johannes nie seker of Jesus die Messias sou wees nie. Johannes erken: “Selfs ek het hom nie geken nie, maar ek doop in water sodat hy aan Israel bekend gemaak kan word.” – Johannes 1:31.

Johannes verduidelik verder wat gebeur het toe hy Jesus gedoop het: “Ek het die gees soos ’n duif uit die hemel sien neerdaal, en dit het op hom gebly. Selfs ek het hom nie geken nie, maar Hy wat my gestuur het om in water te doop, het vir my gesê: ‘Die een op wie jy die gees sien neerdaal en op wie dit bly, dit is hy wat in heilige gees doop.’ Ek het dit gesien, en ek het getuig dat hy die Seun van God is.” – Johannes 1:32-34.

Die volgende dag staan Johannes by twee van sy dissipels wanneer hy Jesus weer sien verbyloop. Johannes sê: “Kyk, die Lam van God!” (Johannes 1:36). Hierna begin hierdie twee dissipels van Johannes die Doper Jesus volg. Een van hulle is Andreas. Die ander dissipel is blykbaar die persoon wat hierdie dinge neergeskryf het, en sy naam is ook Johannes. Dit lyk asof hierdie Johannes ’n neef van Jesus is omdat hy Salome se seun is. Salome is heel moontlik Maria se suster, en haar man is Sebedeus.



Wanneer Jesus omkyk en sien dat Andreas en Johannes hom volg, vra hy: “Wat seek julle?”

Hulle vra hom: “Rabbi, waar bly u?”

“Kom, en julle sal sien,” antwoord Jesus. – Johannes 1:37-39.

Dit is omtrent vieruur die middag, en Andreas en Johannes bly die res van die dag by Jesus. Andreas is so opgewonde dat hy sy broer Simon, wat ook Petrus genoem word, gaan seek en vir hom sê: “Ons het die Messias gevind” (Johannes 1:41). Andreas neem Petrus na Jesus toe. Uit wat later gebeur, lyk dit asof Johannes ook sy broer Jakobus gaan seek en hom na Jesus toe bring. Maar Johannes sluit nie hierdie persoonlike inligting by sy verslag in nie.

Die volgende dag kry Jesus vir Filippus, wat van Betsaida is. Dit is naby die noordelike oewer van die See van Galilea, waar Andreas en Petrus



oorspronklik vandaan kom. Jesus nooi Filippus: “Word my volgeling.” – Johannes 1:43.

Filippus kry dan vir Natanael, wat ook Bartolomeus genoem word, en sê: “Ons het die een gevind van wie daar in die Wet van Moses en die boeke van die Profete geskryf is. Hy is Jesus, die seun van Josef, van Nasaret.” Natanael twyfel hieroor en vra vir Filippus: “Kan enigiets goeds uit Nasaret kom?”

“Kom kyk,” sê Filippus. Jesus sien Natanael aankom en sê: “Kyk, hier is beslis ’n Israeliet wat eerlik en opreg is.”

“Hoe is dit dat u my ken?” vra Natanael.

Jesus antwoord: “Ek het jou gesien nog voordat Filippus jou geroep het, terwyl jy onder die vyeboom was.”

Natanael sê verbaas: “Rabbi, u is die Seun van God, u is Koning van Israel.”

Jesus vra hom: “Glo jy omdat ek vir jou gesê het dat ek jou onder die vyeboom gesien het?” Hy sê verder: “Jy sal groter dinge as dit sien.” Dan belowe Jesus: “Ek verseker julle: Julle sal die hemel oop sien en die engele van God sien opstyg en neerdaal na die Seun van die mens.” – Johannes 1:45-51.

Nie lank hierna nie verlaat Jesus en sy nuwe dissipels die Jordaanvallei en gaan hulle na Galilea.

-
- ◇ Wie is Jesus se eerste dissipels?
 - ◇ Hoe word Petrus, en moontlik Jakobus, aan Jesus voorgestel?
 - ◇ Wat oortuig Natanael dat Jesus die Seun van God is?

JESUS SE EERSTE WONDERWERK

JOHANNES 2:1-12



Dit is nou die derde dag vandat Natanael een van Jesus se eerste dissipels geword het. Jesus en ten minste 'n paar van hierdie dissipels gaan noord na Galilea, hulle tuisgebied. Hulle is op pad na Kana, Natanael se tuisdorp. Kana is in die heuwels noord van Nasaret, waar Jesus grootgeword het. Hulle is na 'n troue in Kana gegaan.

Jesus se ma is ook daar vir die troue. Maria is 'n vriendin van die familie van die paartjie wat trou, en dit lyk asof sy help om na die baie gaste om te sien. Daarom kom sy gou agter dat daar 'n probleem is, en sy sê vir Jesus: "Hulle het nie wyn nie." – Johannes 2:3.

Wat Maria eintlik probeer sê, is dat Jesus iets hieroor moet doen. Jesus antwoord haar deur 'n uitdrukking te gebruik wat wys dat hy nie saamstem nie: "Ma, wat het dit met ons te doen?" (Johannes 2:4). As God se aangestelde Koning, moet Jesus doen wat sy hemelse Vader sê, nie wat sy vriende en familie wil hê hy moet doen nie. Maria laat die probleem aan haar seun oor en sê vir dié wat die gaste bedien: "Doen wat hy ook al vir julle sê." – Johannes 2:5.

Daar is ses waterhouers van klip, wat elk meer as 40 liter kan hou. Jesus beveel dié wat die gaste bedien: "Maak die houers vol water." Dan sê Jesus: "Skep nou daarvan uit en neem dit na die feesleier toe." – Johannes 2:7, 8.

Die feesleier is beïndruk met die goeie gehalte van die wyn, maar hy weet nie dat dit deur

middel van 'n wonderwerk gemaak is nie. Hy roep die bruidegom en sê: "Mense bedien eers die goeie wyn, en wanneer die gaste dronk is, bedien hulle die wyn van swakker gehalte. Jy het die goeie wyn tot nou toe teruggehou." – Johannes 2:10.

Dit is Jesus se eerste wonderwerk. Wanneer sy nuwe dissipels hierdie wonderwerk sien, versterk dit hulle geloof in hom. Daarna gaan Jesus, sy ma en sy halfbroers na die stad Kaper-naum op die noordwestelike oewer van die See van Galilea.



-
- ◇ Wanneer gedurende Jesus se bediening is daar 'n troue in Kana?
 - ◇ Hoe reageer Jesus op sy ma se voorstel oor die wyn?
 - ◇ Watter wonderwerk doen Jesus, en watter uitwerking het dit op ander?

JESUS IS YWERIG VIR WARE AANBIDDING

JOHANNES 2:12-22



Ná die troue in Kana gaan Jesus na Kapernaum. Jesus se ma en sy halfbroers – Jakobus, Josef, Simon en Judas – gaan saam met hom.

Maar hoekom gaan Jesus na Kapernaum? Hierdie stad is beter geleë as Nasaret of Kana en is blykbaar groter. En baie van Jesus se nuwe dissipels woon ook in of naby Kapernaum. Jesus kan hulle dus oplei in hulle tuisgebied.

Terwyl Jesus in Kapernaum is, doen hy ook wonderwerke. Baie mense in die stad en in die omliggende gebiede hoor dus van die dinge wat hy daar doen. Maar Jesus en sy vriende, wat toegewyde Joodse manne is, moet binnekort Jerusalem toe gaan vir die Pasga van 30 HJ.

Terwyl Jesus se dissipels by die tempel is, sien hulle 'n kant van Jesus wat hulle nog nooit voorheen gesien het nie, en dit beïndruk hulle baie.

God se Wet vereis dat Israeliete diere by die tempel gaan offer, en besoekers het kos nodig terwyl hulle in die stad bly. Daarom laat die Wet toe dat die mense wat van ver af na Jerusalem kom, geld saambring om “beeste, skape, bokke” en ander dinge wat hulle nodig het, te koop terwyl hulle daar is (Deuteronomium 14:24-26).

Gevolglik verkoop handelaars in Jerusalem die-re of voëls net daar binne-in 'n groot voorhof van die tempel. En party van hulle buit die mense uit deur hulle te veel geld te vra.

Jesus word baie kwaad en gooi die muntstukke van die geldwisselaars uit, keer hulle tafels om en jaag die mans weg. Dan sê Jesus: “Vat hierdie goed hier weg! Hou op om die huis van my Vader 'n besigheidsplek te maak!” – Johannes 2:16.

Wanneer Jesus se dissipels dit sien, dink hulle aan die profesie oor God se Seun: “Die ywer vir u huis sal my verteer.” Maar die Jode vra: “Watter teken kan jy vir ons gee om te bewys dat jy die reg het om hierdie dinge te doen?” Jesus antwoord: “Breek hierdie tempel af, en ek sal dit in drie dae weer opbou.” – Johannes 2:17-19; Psalm 69:9.

Die Jode neem aan dat Jesus van die letterlike tempel daar in Jerusalem praat, en daarom sê hulle: “Hierdie tempel is in 46 jaar gebou, en sal jy dit in drie dae weer opbou?” (Johannes 2:20). Maar Jesus verwys na sy liggaam as 'n tempel. Drie jaar later onthou sy dissipels hierdie woorde wanneer hy uit die dood opgewek word.

-
- ◇ Waarheen gaan Jesus ná die troue in Kana?
 - ◇ Hoekom is Jesus kwaad oor wat hy by die tempel sien, en wat doen hy?
 - ◇ Waarna verwys Jesus met die woorde “hierdie tempel”, en wat bedoel hy?

HY LEER NIKODEMUS IN DIE NAG

JOHANNES 2:23–3:21

Terwyl Jesus in Jerusalem is vir die Pasga van 30 HJ, doen hy buitengewone tekens, of wonderwerke. Daarom stel baie mense geloof in hom. Nikodemus, 'n Fariseër en 'n lid van die Joodse Hoë Raad wat die Sanhedrin genoem word, is beïndruk. Hy wil meer weet en besoek Jesus in die nag, dalk omdat hy bang is dat die ander Joodse leiers op hom sal neersien as hulle uitvind dat hy met Jesus praat.

Nikodemus sê: “Rabbi, ons weet dat u as 'n leermeester van God af gekom het, want niemand kan hierdie wonderwerke doen wat u doen tensy God met hom is nie.” Jesus sê vir Nikodemus dat 'n mens nie in die Koninkryk van God kan ingaan as hy nie “weer gebore” word nie. – Johannes 3:2, 3.

Maar hoe kan 'n mens weer gebore word? “Hy kan tog nie 'n tweede keer in sy ma se baarmoeder ingaan en gebore word nie, of hoe?” vra Nikodemus. – Johannes 3:4.

Nee, dit is nie wat dit beteken om weer gebore te word nie. Jesus verduidelik: “As iemand nie uit water en gees gebore word nie, kan hy nie in die Koninkryk van God ingaan nie” (Johannes 3:5). Toe Jesus gedoop is en heilige gees op hom gekom het, is hy dus “uit water en gees” gebore. Op daardie oomblik was daar ook 'n stem wat uit die hemel gesê het: “Dit is my geliefde Seun, wat ek goedgekeur het” (Matteus 3:16, 17). Op hierdie manier het God aangekondig dat Jesus nou 'n geesseun geword het met die vooruitsig om in die hemelse Koninkryk in te gaan. Later, by Pinkster 33 HJ, sal heilige gees op ander gedoopte persone uitgestort word, en hulle sal dus weer gebore word as geesverwekte seuns van God. – Handeling 2:1-4.

Dit is moeilik vir Nikodemus om te verstaan wat Jesus vir hom oor die Koninkryk leer. Daarom gee Jesus hom nog inligting oor sy spesiale rol as God se menslike Seun. Jesus sê: “Net

soos Moses die slang in die wildernis opgelig het, so moet die Seun van die mens opgelig word, sodat elkeen wat in hom glo, die ewige lewe kan hê.” – Johannes 3:14, 15.

Lank gelede moes daardie Israëliete wat deur giftige slange gepik is, na die koperslang kyk om gered te word (Numeri 21:9). Net so moet alle mense geloof in God se Seun beoefen om gered te word van hulle sterwende toestand en om die ewige lewe te kry. Jesus beklemtoon Jehovah se liefdevolle rol hierin en sê vir Nikodemus: “God het die wêreld so liefgehad dat hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat geloof in hom beoefen, nie vernietig sal word nie maar die ewige lewe kan hê” (Johannes 3:16). Hier in Jerusalem, sowat ses maande nadat Jesus met sy bediening begin het, maak hy dit dus duidelik dat hy die weg na redding vir die mens is.

Jesus sê vir Nikodemus: “God het nie sy Seun in die wêreld uitgestuur om die wêreld te oordeel nie.” Dit beteken dat hy nie gestuur is om die wêreld te veroordeel en alle mense tot die dood te vonnis nie. Jesus sê eerder dat hy gestuur is “sodat die wêreld deur middel van hom gered kan word”. – Johannes 3:17.

Omdat Nikodemus bang is, het hy in die nag na Jesus toe gekom. Dit is dus interessant dat Jesus hulle gesprek afsluit deur vir hom te sê: “Die lig [naamlik Jesus deur sy lewenswyse en leringe] het in die wêreld ingekom, maar die mense was liever vir die duisternis as vir die lig, want hulle doen wat sleg is. Dit is hoekom hulle geoordeel sal word. Want enigiemand wat walglike dinge doen, haat die lig en kom nie na die lig





nie, sodat sy werke nie bekend sal word nie. Maar enigiemand wat doen wat goed is, kom na die lig, sodat sy werke bekend gemaak kan word as werke wat in ooreenstemming met God gedoen is.” – Johannes 3:19-21.

Hierdie Fariseër en onderrigter van Israel, Nikodemus, het nou baie gehoor oor wat God vir die mensdom in gedagte het en die rol wat Jesus daarin speel. Dit is nou sy verantwoordelikheid om goed hieroor na te dink.

-
- ◇ Hoekom besoek Nikodemus Jesus, en hoekom kom hy in die nag?
 - ◇ Wat beteken dit om “weer gebore” te word?
 - ◇ In watter sin het Jesus nie gekom “om die wêreld te oordeel nie”?

JESUS WORD MEER, JOHANNES WORD MINDER

MATTEUS 4:12 MARKUS 6:17-20 LUKAS 3:19, 20 JOHANNES 3:22-4:3

Nadat Jesus en sy dissipels die Pasga in die lente van 30 HJ gevier het, verlaat hulle Jerusalem. Maar hulle gaan nie dadelik terug na hulle huise in Galilea nie. Hulle gaan na die landelike gebied van Judea, waar hulle baie mense doop. Johannes die Doper is al amper 'n jaar lank besig om dieselfde soort werk te doen, dalk in die valleie van die Jordaanrivier. Party van sy dissipels is nog by hom.

Jesus doop nie self mense nie – sy dissipels doen dit onder sy toesig. Op hierdie stadium van Jesus se bediening onderrig Jesus en Johannes Jode wat berou het oor die sondes wat hulle teen God se Wetsverbond gepleeg het. – Handeling 19:4.

Maar Johannes se dissipels is jaloers en kla by hom oor Jesus: “Die man [Jesus] wat . . . saam met u was . . . doop mense, en almal gaan na hom toe” (Johannes 3:26). Maar Johannes is nie jaloers nie. Hy is bly oor Jesus se sukses en wil hê dat sy dissipels ook moet bly wees. Johannes herinner hulle: “Julle is getuies dat ek gesê het: ‘Ek is nie die Christus nie, maar ek is voor hom uit gestuur.’” Hy illustreer hierdie punt op 'n manier wat almal kan verstaan: “Die bruid behoort aan die bruidegom. Maar die vriend van die bruidegom is baie bly wanneer hy by die bruidegom staan en sy stem hoor. Daarom loop ek oor van vreugde.” – Johannes 3:28, 29.

Net soos die vriend van die bruidegom, was Johannes bly toe hy sy dissipels maande tevore

aan Jesus voorgestel het. Party van hulle het Jesus begin volg en sal met verloop van tyd met heilige gees gesalf word. Johannes wil ook hê dat sy huidige dissipels Jesus moet volg. Om die waarheid te sê, Johannes se doel is om die weg vir Christus se bediening voor te berei. Johannes verduidelik: “Hy moet al hoe meer word, maar ek moet al hoe minder word.” – Johannes 3:30.

'n Ander Johannes, wat vroeër 'n volgeling van Jesus geword het, skryf later oor Jesus se oorsprong en sy noodsaaklike rol in die redding van die mensdom: “Die een wat van bo kom, is oor alle mense. . . . Die Vader het die Seun lief en het alles in sy hand gegee. Die een wat geloof in die Seun beoefen, het die ewige lewe. Die een wat aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die woede van God bly op hom” (Johannes 3:31, 35, 36). Dit is so 'n belangrike waarheid wat alle mense moet weet!

Kort nadat Johannes die Doper bespreek het dat sy rol en werk minder moet word, word hy deur koning Herodes in hegtenis geneem. Herodes het met Herodias, die vrou van sy halfbroer Filippus, getrou. Wanneer Johannes vir Herodes sê dat hy egbreuk pleeg, laat Herodes hom in die tronk gooi. Wanneer Jesus hoor dat Johannes in hegtenis geneem is, verlaat Jesus Judea saam met sy dissipels en gaan hulle na Galilea. – Matteus 4:12; Markus 1:14.



- ◇ Wat beteken die doop deur Johannes? Wat beteken die doop deur Jesus se dissipels gedurende Jesus se bediening?
- ◇ Hoe wys Johannes dat sy dissipels nie jaloers moet wees op Jesus se bedrywighede nie?
- ◇ Hoekom word Johannes in die tronk gegooi?

'N SAMARITAANSE VROU WORD GELEER

JOHANNES 4:3-43

Op pad van Judea na Galilea reis Jesus en sy dissipels noord deur die streek Samaria. Hulle is moeg van die reis. Omtrent in die middel van die dag stop hulle naby die stad Siger om te rus by 'n put wat Jakob eeue tevore waarskynlik self gegrawe het of laat grawe het. So 'n put kan vandag nog naby die hedendaagse stad Nabloes gevind word.

Terwyl Jesus naby die put rus, gaan sy dissipels na die nabygeleë stad om kos te koop. Terwyl hulle weg is, kom 'n Samaritaanse vrou om water te skep. Jesus sê vir haar: "Gee my 'n bietjie water om te drink." – Johannes 4:7.

Oor die algemeen het Jode en Samaritane niks met mekaar te doen nie as gevolg van diepge-wortelde vooroordele. Die vrou is dus verbaas en vra: "Hoe kan u, wat 'n Jood is, vir my, wat 'n Samaritaanse vrou is, 'n bietjie water vra om te drink?" Jesus antwoord: "As jy geweet het van die vrye gawe van God en wie dit is wat vir jou sê: 'Gee my 'n bietjie water om te drink,' sou jy hom gevra het, en hy sou vir jou lewende water gegee het." "Meneer," antwoord sy, "u het nie eers 'n emmer om water te skep nie, en die put is diep. Waar kry u dan hierdie lewende water vandaan? U is tog nie groter as ons voorvader Jakob, wat vir ons die put gegee het en wat self saam met sy seuns en sy vee daaruit gedrink het nie, of hoe?" – Johannes 4:9-12.

"Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors word," sê Jesus. "Wie ook al van die water drink wat ek hom sal gee, sal nooit dors word nie, maar die water wat ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein van water word wat opborrel om die ewige lewe te gee" (Johannes 4:13, 14). Ja, al is Jesus moeg, is hy bereid om lewegewende woorde van waarheid met die Samaritaanse vrou te deel.



Die vrou sê dan: "Meneer, gee my hierdie water, sodat ek nie dors sal word of gedurig hierheen hoef te kom om water te skep nie." Dit lyk nou asof Jesus die onderwerp verander wanneer hy vir haar sê: "Gaan roep jou man en kom hierheen." Sy antwoord: "Ek het nie 'n man nie." Maar dink net hoe geskok sy moet wees wanneer Jesus vir haar sê: "Jy is reg wanneer jy sê: 'Ek het nie 'n man nie.' Want jy het vyf mans gehad, en die een wat jy nou het, is nie jou man nie." – Johannes 4:15-18.

Jesus se woorde laat haar besef dat hy nie net 'n gewone mens is nie, en sy sê verbaas: "Meneer, ek sien dat u 'n profeet is." Sy wys dan dat sy in geestelike dinge belangstel. Hoe so? Sy sê verder: "Ons voorvaders [die Samaritane] het op hierdie berg aanbid [die nabygeleë berg Gerisim], maar julle [die Jode] sê dat Jerusalem die plek is waar mense moet aanbid." – Johannes 4:19, 20.

Jesus verduidelik egter dat die plek van aanbidding nie belangrik is nie. Hy sê: "Die uur kom wanneer julle die Vader nie op hierdie berg of in Jerusalem sal aanbid nie." Dan sê hy vir haar: "Die uur kom, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader met gees en waarheid sal



- ◇ Hoekom is die Samaritaanse vrou verbaas dat Jesus met haar praat?
- ◇ Wat leer Jesus die vrou oor lewende water en oor waar om God te aanbid?
- ◇ Hoe openbaar Jesus aan die Samaritaanse vrou wie hy is, en wat sê hy oor die manier waarop God aanbid moet word?

WIE WAS DIE SAMARITANE? Die gebied wat Samaria genoem word, is tussen Judea in die suide en Galilea in die noorde. Ná die dood van koning Salomo het die tien noordelike stamme van Israel weggebreek van die stamme van Juda en Benjamin.

Die tien stamme het kalfaanbidding begin beoefen. Daarom het Jehovah in 740 VHJ toegelaat dat die Assiriërs Samaria verower. Die Assiriërs het baie van die inwoners weggevoer en hulle vervang met mense uit ander dele van die Assiriese Ryk. Hierdie aanbidders van vreemde gode het getrou met Israëliete wat in die land agtergebly het. Met verloop van tyd het daar in hierdie gebied 'n vorm van aanbidding ontstaan wat party van die leringe en gebruike uit God se Wet bevat het, soos dat mans besny moet word. Tog kon hulle godsdienstegebruike nie ware aanbidding genoem word nie. – 2 Konings 17:9-33; Jesaja 9:9.

In Jesus se dag het die Samaritane die boeke van Moses aanvaar, maar hulle het nie by die tempel in Jerusalem aanbid nie. Hulle het jare lank 'n tempel gebruik wat gebou was op die berg Gerisim, nie ver van Sigar af nie. Selfs nadat hierdie tempel vernietig is, het hulle God op hierdie berg bly aanbid. Gedurende Jesus se bediening kon die feit dat die Samaritane en die Jode vyande was, duidelik gesien word. – Johannes 8:48.

aanbid, want die Vader soek juis sulke mense om hom te aanbid.” – Johannes 4:21, 23, 24.

Vir die Vader is dit nie belangrik waar sy aanbidders hom aanbid nie, maar hoe hulle hom aanbid. Die vrou is beïndruk. “Ek weet dat die Messias kom, wat Christus genoem word,” sê sy. “Wanneer hy kom, sal hy alles openlik aan ons bekend maak.” – Johannes 4:25.

Jesus openbaar dan 'n belangrike waarheid: “Dit is ek, die een wat nou met jou praat” (Johannes 4:26). Dink net! Hier is 'n vrou wat in die middel van die dag kom water skep, maar dan gee Jesus haar 'n wonderlike voorreg. Hy sê reguit vir haar dat hy die Messias is – iets wat hy blykbaar nog nie aan ander bekend gemaak het nie.

BAIE SAMARITANE GLO

Jesus se dissipels kom terug met die kos wat hulle in Sigar gekoop het. Hulle kry hom by Jakob se put waar hulle hom gelos het, maar nou praat hy met 'n Samaritaanse vrou. Wanneer die dissipels daar aankom, los sy haar waterhouer daar en gaan sy stad toe.

Wanneer die vrou in Sigar is, vertel sy die mense wat Jesus vir haar gesê het. Sy sê met oortuiging: “Kom kyk, hier is 'n man wat vir my alles vertel het wat ek gedoen het.” Dan, miskien om hulle nuuskierig te maak, vra sy: “Is hy nie dalk die Christus nie?” (Johannes 4:29). Dit is 'n vraag oor 'n baie belangrike onderwerp – 'n onderwerp waarin mense al van Moses se dag af belangstel (Deuteronomium 18:18). Dit beweeg die mense van die stad om Jesus met hulle eie oë te kom sien.

Intussen bly die dissipels vir Jesus sê dat hy van die kos moet eet wat hulle gebring het. Maar hy antwoord: “Ek het voedsel om te eet waarvan julle nie weet nie.” Die dissipels wonder wat hy bedoel, en hulle sê vir mekaar: “Niemand het vir hom iets gebring om te eet nie, of hoe?” Jesus gee 'n vriendelike verduideliking met woorde wat belangrik is vir al sy volgelinge: “My voedsel is om die wil te doen van hom wat my ge-





stuur het en om sy werk te voltooi.” – Johannes 4:32-34.

Die werk waarvan Jesus praat, is nie die graanoes nie, want dit sal eers oor sowat vier maande plaasvind. Jesus praat eerder van ’n geestelike oes, en hy sê verder: “Kyk na die landerye en sien dat hulle wit is vir die oes. Die een wat oes, ontvang al klaar sy loon en versamel vrugte vir die ewige lewe, sodat die een wat saai en die een wat oes, saam bly kan wees.” – Johannes 4:35, 36.

Jesus kan miskien al klaar die uitwerking van sy gesprek met die Samaritaanse vrou sien. Baie mense van Sigar stel geloof in hom as gevolg van haar getuigenis, want sy sê vir almal: “Hy het vir my alles vertel wat ek gedoen het” (Johannes 4:39). Wanneer hulle dus uit Sigar na die put toe kom, vra hulle Jesus om by hulle te bly en om hulle nog meer te vertel. Jesus aanvaar die uitnodiging en bly twee dae in Samaria.

Terwyl die Samaritane na Jesus luister, begin baie meer in hom glo. Hulle sê vir die vrou: “Nou glo ons nie meer net as gevolg van wat jy gesê het nie, want ons het self gehoor en ons weet dat hierdie man regtig die redder van die wêreld is” (Johannes 4:42). Die Samaritaanse vrou is beslis ’n goeie voorbeeld van hoe ons oor Christus kan getuig en mense se nuuskierigheid kan wek sodat hulle meer wil weet.

Dit is nog vier maande voordat die oes begin – blykbaar die garsoes, wat in hierdie gebied in die lente plaasvind. Dit is dus nou waarskynlik November of Desember. Dit beteken dat Jesus en sy dissipels ná die Pasga van 30 HJ sowat agt maande lank in Judea was, waar hulle mense geleer en gedoop het. Nou is hulle op pad na hulle tuisgebied, Galilea, in die noorde. Wat wag daar op hulle?

-
- ◇ Watter gevolgtrekking maak die Samaritaanse vrou oor Jesus, en wat doen sy daarna?
 - ◇ Wat doen Jesus en sy dissipels in die tyd ná die Pasga van 30 HJ?





DEEL

3

JESUS SE GROOT BEDIENING IN GALILEA

‘JESUS BEGIN PREEK:
“DIE KONINKRYK HET
NABY GEKOM.”’

– MATTEUS 4:17

'N TWEEDE WONDERWERK IN KANA

MARKUS 1:14, 15 LUKAS 4:14, 15 JOHANNES 4:43-54

Ná Jesus se groot predikingskampanje in Judea was hy sowat twee dae in Samaria. Nou gaan hy terug na sy tuisgebied, Galilea. Maar dit is nie om te rus nie. Hy begin eerder 'n selfs groter bediening in die gebied waar hy grootgeword het. Jesus verwag dalk nie dat die mense hom goed sal ontvang nie, want hy het self gesê dat “'n profeet nie in sy eie land geëer word nie” (Johannes 4:44). Sy dissipels bly nie by hom nie, maar hulle gaan eerder terug na hulle families en begin weer hulle vorige werk doen.

Watter boodskap begin Jesus verkondig? Hy sê: “Die Koninkryk van God het naby gekom. Toon berou en stel geloof in die goeie nuus” (Markus 1:15). En hoe reageer mense? Om die waarheid te sê, baie Galileërs ontvang hom goed en toon respek vir hom. Dit is nie net as gevolg van sy boodskap nie. Party Galileërs was maande tevore by die Pasga in Jerusalem en het Jesus se merkwaardige wonderwerke gesien. – Johannes 2:23.

Waar in Galilea begin Jesus met sy groot bediening? Blykbaar in Kana, waar hy eenkeer by 'n troue water in wyn verander het. Terwyl Jesus nou vir die tweede keer daar is, hoor hy van 'n jong seun wat baie siek is en op sterwe lê. Hy is die seun van 'n regeringsamptenaar van Herodes Antipas, die koning wat later Johannes die Doper se kop laat afkap. Hierdie amptenaar hoor dat Jesus van Judea af na Kana gekom het. Daarom reis die man van sy tuisdorp,

Kapernaum, na Kana om Jesus te vind. Die amptenaar is baie hartseer en smeek Jesus: “Here, kom voordat my jong kind sterf.” – Johannes 4:49.

Jesus sê iets wat die man sekerlik verstom: “Gaan. Jou seun lewe” (Johannes 4:50). Herodes se amptenaar glo Jesus, en hy vertrek huis toe. Op pad terug ontmoet hy sy slawe, wat haastig na hom toe kom met goeie nuus. Ja, sy seun lewe en is gesond! Hy probeer verstaan wat gebeur het en vra: ‘Wanneer het hy beter geword?’

“Die koors het gister teen die sewende uur verdwyn,” sê hulle. – Johannes 4:52.

Die amptenaar besef dat dit presies op dieselfde tyd was toe Jesus gesê het: “Jou seun lewe.” Daarna word hierdie man, wat ryk genoeg is om slawe te hê, en almal in sy huis dissipels van Christus.

Kana is dus 'n plek waar Jesus twee wonderwerke doen. Eers het hy water in wyn verander, en later het hy die jong seun genees op 'n afstand van sowat 26 kilometer. Dit is natuurlik nie sy enigste wonderwerke nie. Maar hierdie genesing is betekenisvol omdat dit 'n teken is van 'n nuwe hoofstuk in sy bediening. Dit is duidelik dat hy 'n goedgekeurde profeet van God is. Maar tot watter mate sal hierdie ‘profeet in sy eie land geëer word’?

Dit sal duidelik word wanneer Jesus terugkeer na sy tuisdorp, Nasaret. Wat wag daar op hom?

-
- ◇ Watter boodskap begin Jesus verkondig wanneer hy terugkeer na Galilea, en hoe reageer die mense daar?
 - ◇ Watter wonderwerk doen Jesus wanneer hy weer in Kana is, en watter uitwerking het dit op die mense wat daarby betrokke is?
 - ◇ Wat is betekenisvol omtrent die manier waarop Jesus 'n jong seun in Kapernaum genees?



BY DIE SINAGOGES IN NASARET

LUKAS 4:16-31

Daar is beslis baie opwinding in Nasaret. Voordat Jesus net so bietjie meer as 'n jaar gelede daar weg is om deur Johannes gedoop te word, was hy 'n timmerman in hierdie dorp. Maar nou is hy bekend as 'n man wat kragtige wonderwerke doen. Die plaaslike mense wil graag hê dat hy hier ook sulke wonderwerke doen.

Hulle afwagting neem toe wanneer Jesus, soos gewoonlik, na die plaaslike sinagoge gaan. Tydens so 'n diens word daar gebid en uit die boeke van Moses voorgelees, soos daar “elke sabbat in die sinagoges” gedoen word (Handelinge 15: 21). Daar word ook uit die profetiese boeke voorgelees. Wanneer Jesus opstaan om te lees, sien hy waarskynlik baie gesigte wat hy herken omdat hy jare lank na hierdie sinagoge toe gekom het. Iemand gee vir hom die boekrol van die profeet Jesaja aan. Hy vind die gedeelte waar dit praat van die Een wat met Jehovah se gees gesalf is. Vandag vind ons hierdie gedeelte in Jesaja 61:1, 2.

Jesus lees dat hierdie voorspelde Een aan die gevangenes sou bekend maak dat hulle vrygelaat sal word en aan die blindes dat hulle weer sal sien. Hy sou ook die koms van Jehovah se jaar van aanvaarding aankondig. Jesus gee die boekrol terug aan die dienaar en gaan sit. Almal se oë is op hom. Dan begin hy praat, en hy hou waarskynlik 'n lang bespreking wat die volgende belangrike woorde insluit: “Vandag is hierdie Skrifgedeelte wat julle so pas gehoor het, vervul.” – Lukas 4:21.

Die mense is verstom oor “die aangename woorde wat uit sy mond gekom het,” en hulle sê

vir mekaar: “Is hy dan nie 'n seun van Josef nie?” Maar Jesus besef dat hulle wil sien hoe hy wonderwerke doen, net soos dié waarvan hulle gehoor het. Daarom sê hy verder: “Julle sal beslis hierdie spreekwoord op my toepas: ‘Dokter, genees jouself. Doen ook hier in jou tuisgebied die dinge wat ons gehoor het in Kapernaum gedoen is’” (Lukas 4:22, 23). Hulle dink waarskynlik dat Jesus eers moet begin deur van sy eie mense, in sy eie omgewing, te genees. Daarom voel hulle miskien dat Jesus hulle nie regverdig behandel het nie.

Omdat Jesus weet wat hulle dink, noem hy party dinge wat in Israel se geskiedenis gebeur het. Hy sê dat daar in Elia se dag baie weduwees in Israel was, maar dat Elia nie na een van hulle toe gestuur is nie. Hy het eerder gegaan na 'n nie-Israelitiese weduwee in Sarfat, 'n dorp naby Sidon, waar Elia 'n lewensreddende wonderwerk gedoen het (1 Konings 17:8-16). En in Elisa se dag was daar baie melaatses in Israel, maar die profeet het net Naäman, die Siriër, genees. – 2 Konings 5:1, 8-14.

Hoe reageer hierdie mense uit Jesus se tuisdorp op hierdie voorbeelde uit die verlede, wat hulle dalk as negatiewe vergelykings beskou wat hulle selfsugtigheid en gebrek aan geloof openbaar? Die mense in die sinagoge staan woedend op en neem Jesus haastig tot buite die stad. Hulle neem hom na die rand van die berg waarop Nasaret gebou is en probeer hom daar afgooi. Maar Jesus kry dit reg om veilig weg te kom. Hy gaan nou na Kapernaum, aan die noordwestelike oewer van die See van Galilea.

-
- ◇ Hoekom is daar opwinding in Jesus se tuisdorp, Nasaret?
 - ◇ Hoe reageer mense op Jesus se toespraak, maar wat maak hulle kwaad?
 - ◇ Wat probeer die mense van Nasaret met Jesus doen?



VIER DISSIPELS SAL VISSERS VAN MENSE WEES

MATTEUS 4:13-22 MARKUS 1:16-20 LUKAS 5:1-11



Nadat die mense van Nasaret Jesus probeer doodmaak het, gaan hy na die stad Kapernaum, naby die See van Galilea, wat ook “die Meer van Gennesaret” genoem word (Lukas 5:1). Dit vervul die profesie in die boek Jesaja wat sê dat die mense van Galilea wat by die see woon, ’n groot lig sou sien. – Jesaja 9:1, 2.

Ja, hier in Galilea hou Jesus aan om te verkondig dat “die Koninkryk van die hemel . . . naby gekom [het]” (Matteus 4:17). Jesus vind vier van sy dissipels. Hulle het vroeër saam met Jesus gereis, maar toe hulle van Judea af gekom het, het hulle teruggegaan na hulle vissersbesigheid (Johannes 1:35-42). Maar nou is dit tyd dat hulle voltyds saam met Jesus reis sodat hy hulle kan oplei om aan te gaan met die bediening wanneer hy nie meer daar is nie.

Terwyl Jesus langs die strand loop, sien hy Simon Petrus, sy broer Andreas en ander wat saam met hulle werk. Hulle is besig met hulle nette. Jesus gaan na hulle toe, klim in Petrus se boot en vra hom om ’n entjie van die land af weg te vaar. Wanneer hulle ’n entjie weg is, gaan sit Jesus en begin hy die skare wat op die strand bymekaar gekom het, waarhede oor die Koninkryk leer.

Daarna sê Jesus vir Petrus: “Gaan na waar dit diep is en laat sak julle nette vir ’n vangs.” Petrus antwoord: “Onderrigter, ons het die hele nag hard gewerk en niks gevang nie, maar as u so sê, sal ek die nette laat sak.” – Lukas 5:4, 5.

Hulle laat sak die nette en vang so baie vis dat die nette begin skeur! Hulle beduie dringend

vir die mans in ’n boot daar naby om te kom help. Kort daarna is albei bote so vol vis dat hulle begin sink. Wanneer Petrus dit sien, val hy voor Jesus neer en sê hy: “Gaan weg van my af, Here, want ek is ’n sondige man.” Jesus antwoord: “Hou op om bang te wees. Van nou af sal jy mense lewend vang.” – Lukas 5:8, 10.



Jesus sê vir Petrus en Andreas: “Kom volg my, en ek sal julle vissers van mense maak” (Matteus 4:19). Hy sê dit ook vir twee ander vissermanne, Jakobus en Johannes, die seuns van Sebedeus. Hulle reageer ook onmiddellik. Hierdie vier manne verlaat dus hulle vissersbesigheid en word die eerste voltydse dissipels van Jesus.

-
- ◇ Watter soort manne word deur Jesus genooi om voltydse dissipels te wees, en wie is hulle?
 - ◇ Watter wonderwerk maak Petrus bang?
 - ◇ Watter soort vissermanne gaan die vier dissipels nou wees?

JESUS DOEN WONDERWERKE IN KAPERNAUM

MATTEUS 8:14-17 MARKUS 1:21-34 LUKAS 4:31-41

Jesus het vier dissipels – Petrus, Andreas, Jakobus en Johannes – genooi om vissers van mense te wees. Nou, op die Sabbat, gaan hulle almal na ’n plaaslike sinagoge in Kapernaum. Jesus leer mense in die sinagoge, en die mense is weer eens verstom oor sy manier van leer. Hy doen dit soos iemand wat gesag het, en nie soos die skrifgeleerdes nie.

Op hierdie Sabbat is daar ’n man in wie daar ’n demoon is. Net daar in die sinagoge skree die man met ’n harde stem: “Wat het ons met jou te doen, Jesus die Nasarener? Het jy gekom om ons te vernietig? Ek weet presies wie jy is: die Heilige van God!” Jesus praat streng met die demoon wat die man beheer en sê: “Bly stil, en kom uit hom uit!” – Markus 1:24, 25.

Dan gooi die slegte gees die man op die grond en laat hom stuiptrekkings kry en kliphard skree. Maar die demoon kom uit die man uit “sonder om hom seer te maak” (Lukas 4:35). Die men-

DEMOONBESETENHEID Wanneer ’n demoon of demone in ’n persoon invaar, kan hulle daardie persoon baie laat ly (Matteus 17:14-18). Maar wanneer die persoon van die demoon bevry word, herstel hy verstandelik en liggaamlik. Jesus het keer op keer gewys dat hy die mag het om demone uit te dryf deur middel van God se heilige gees. – Lukas 8:39; 11:20.

se om hom in die sinagoge is verstom! “Wat is dit?” vra hulle. “Hy beveel selfs die onrein geeste met gesag, en hulle gehoorsaam hom” (Markus 1:27). Dit is te verstane dat die nuus oor hierdie indrukwekkende gebeurtenis deur die hele Galilea versprei.

Wanneer Jesus en sy dissipels die sinagoge verlaat, gaan hulle na Simon, of Petrus, se huis toe. Daar is Petrus se skoonma baie siek met ’n hoë koors. Hulle smee Jesus om haar te help. Jesus gaan dus na haar toe, vat haar hand en help haar op. Sy is onmiddellik genees en begin Jesus en die dissipels wat daar saam met hom is, bedien, dalk deur vir hulle ’n maaltyd voor te berei.

Wanneer die son sak, kom mense van oral na Petrus se huis met hulle siekes. Binne ’n kort tydjie lyk dit asof die hele stad by die deur bymekaargekom het. Hoekom? Hulle wil genees word. Om die waarheid te sê, ‘die mense bring al die siekes wat in hulle huise was, na hom toe. En hy lê sy hande op elkeen van hulle en genees hulle’ (Lukas 4:40). Ja, dit maak nie saak aan watter siektes hulle ly nie, Jesus help hulle, net soos daar voorspel is (Jesaja 53:4). Hy bevry selfs die mense in wie daar demone is. Terwyl die slegte geeste uitkom, skree hulle: “Jy is die Seun van God” (Lukas 4:41). Maar Jesus praat streng met hulle en laat hulle nie toe om enigiets verder te sê nie. Hulle weet dat Jesus die Christus is, en hy wil nie hê hulle moet voorgee dat hulle die ware God dien nie.

-
- ◇ Wat gebeur op die Sabbat in ’n sinagoge in Kapernaum?
 - ◇ Waarheen gaan Jesus wanneer hy die sinagoge verlaat, en wat doen hy daar?
 - ◇ Hoe reageer die mense van die stad op wat Jesus daar gedoen het?



JESUS BREI SY BEDIENING IN GALILEA UIT

MATTEUS 4:23-25 MARKUS 1:35-39 LUKAS 4:42, 43

Jesus het 'n besige dag met sy vier dissipels gehad. In die aand bring die mense van Kapernaum hulle siekes na hom toe sodat hy hulle kan genees. Jesus het min tyd vir homself gehad.

Dit is nog donker wanneer Jesus die volgende oggend vroeg opstaan en alleen buitentoe gaan. Hy vind 'n plek waar hy alleen kan wees en tot sy Vader kan bid. Maar Jesus is nie lank alleen nie. Wanneer 'Simon en dié by hom' besef dat Jesus nie daar is nie, gaan soek hulle na hom. Petrus neem dalk die inisiatief om dit te doen omdat Jesus 'n gas in sy huis is. – Markus 1:36; Lukas 4:38.

Wanneer hulle Jesus vind, sê Petrus: “Almal soek u” (Markus 1:37). Die mense van Kapernaum wil natuurlik hê dat Jesus daar moet bly. Hulle waardeer werklik wat hy gedoen het, en daarom “probeer [hulle] keer dat hy van hulle af weggaan” (Lukas 4:42). Maar het Jesus hoofsaaklik aarde toe gekom om mense wonderdadig te genees? En gaan hy sy werk net in Kapernaum doen? Wat sê hy hieroor?

Jesus antwoord sy dissipels: “Laat ons êrens anders gaan, na die dorpe hier naby, sodat ek ook daar kan preek, want dit is hoekom ek gekom het.” Om die waarheid te sê, Jesus sê selfs vir die mense wat wil hê dat hy moet bly: “Ek moet die goeie nuus van die Koninkryk van God ook aan ander stede bekend maak, want dit is

waarvoor ek gestuur is.” – Markus 1:38; Lukas 4:43.

Ja, 'n belangrike rede waarom Jesus aarde toe gekom het, is om oor God se Koninkryk te preek. Daardie Koninkryk sal sy Vader se naam heilig en al die mensdom se probleme permanent oplos. Wanneer Jesus mense wonderdadig genees, bewys hy dat God hom gestuur het. Net so het Moses eeue tevore buitengewone werke gedoen om te bewys dat hy deur God gestuur is. – Eksodus 4:1-9, 30, 31.

Jesus verlaat dus Kapernaum om in ander stede te gaan preek, en sy vier dissipels gaan saam met hom. Hierdie vier is Petrus en sy broer Andreas, sowel as Johannes en sy broer Jakobus. Hulle is die vorige week genooi om Jesus se eerste reisende metgeselle te wees.

Jesus se predikingsreis deur Galilea met hierdie vier dissipels is 'n reusesukses! Om die waarheid te sê, nuus oor Jesus versprei oral. “Die nuus oor hom het deur die hele Sirië versprei,” na die gebied van die tien stede wat die Dekapolis genoem word, en na die gebied anderkant die Jordaanrivier (Matteus 4:24, 25). Groot skares van hierdie gebiede sowel as van Judea volg Jesus en sy dissipels. Baie van hulle bring mense na hom toe wat genees wil word. Jesus stel hulle nie teleur nie – hy genees die siekes en dryf demone uit mense uit.

-
- ◇ Wat gebeur vroeg in die oggend ná Jesus se besige dag in Kapernaum?
 - ◇ Hoekom is Jesus aarde toe gestuur, en wat is die doel van sy wonderwerke?
 - ◇ Wie gaan saam met Jesus op sy predikingsreis deur Galilea, en wat is die reaksie op sy bedrywighede?



MEDELYE MET 'N MELAAATSE MAN

MATTEUS 8:1-4 MARKUS 1:40-45 LUKAS 5:12-16



Terwyl Jesus en sy vier dissipels “deur die hele Galilea in hulle sinagoges” preek, hoor mense oral van die wonderlike dinge wat Jesus doen (Markus 1:39). Die nuus van Jesus se bedrywighede bereik ’n stad waar daar ’n melaatse man is. Die dokter Lukas beskryf hom as ’n man “vol melaatsheid” (Lukas 5:12). Wanneer hierdie vreeslike siekte sy gevorderde stadium bereik, vermink dit stadig verskillende dele van die liggaam.

Hierdie melaatse man is dus in ’n verskriklike toestand, en volgens die Wet moet hy ver van ander af wegbly. En wanneer mense naby is, moet hy “Onrein, onrein!” uitroep. Op hierdie manier keer hy dat hulle te na aan hom kom en aangesteek word (Levitikus 13:45, 46). Maar wat doen hierdie melaatse man nou? Hy nader Jesus en val met sy gesig na die grond toe en smee hom: “Here, as u net wil, kan u my gesond maak.” – Matteus 8:2.

Watter groot geloof het hierdie man tog in Jesus! En hoe jammerlik moet sy siekte hom tog laat lyk! Hoe gaan Jesus reageer? Wat sou jy gedoen het as jy daar was? Jesus het medelye met die man, en daarom steek hy sy hand uit en raak hy aan hom. Jesus sê vir hom: “Ek wil! Word gesond” (Matteus 8:3). Al is dit vir party moeilik om te glo, verdwyn die siek man se melaatsheid onmiddellik.

Sou jy graag ’n koning wou hê wat so medelydend en bekwaam is soos Jesus? Die ma-

nier waarop hy hierdie melaatse man behandel, verseker ons dat die volgende Bybelprofesie vervul sal wees wanneer Jesus Koning oor die hele aarde is: “Hy sal jammer voel vir die hulpelose en die arme, en hy sal die lewens van die armes red” (Psalm 72:13). Ja, Jesus sal dan sy hartsbegeerte vervul om *almal* te help wat swaarkry.

Onthou dat Jesus se bediening groot opwinding onder die mense veroorsaak het, selfs voordat hy hierdie melaatse man genees het. Nou gaan mense hoor van hierdie wonderwerk wat hy gedoen het. Maar Jesus wil nie hê dat mense geloof in hom moet stel net as gevolg van wat hulle gehoor het nie. Hy ken die profesie wat sê dat hy “nie sy stem in die straat [sal] laat hoor nie”, dit wil sê op die een of ander sensasionele manier nie (Jesaja 42:1, 2). Daarom beveel Jesus die melaatse man wat genees is: “Moet vir niemand vertel nie, maar gaan wys jou vir die priester en offer die gawe wat Moses voorgeskryf het.” – Matteus 8:4.

Maar soos jy jou kan voorstel, is die man so bly om genees te wees dat hy nie die wonderwerk geheim kan hou nie. Hy gaan vertel die nuus oral. Dit interesseer die mense nog meer en maak hulle nuuskieriger. Dit raak so erg dat Jesus nie openlik in ’n stad kan ingaan nie, en daarom bly hy ’n ruk lank op afgeleë plekke waar niemand bly nie. Tog kom mense van oral om deur hom geleer en genees te word.

-
- ◇ Watter uitwerking kan melaatsheid op ’n persoon hê, en wat het die Wet van ’n melaatse vereis?
 - ◇ Hoe vra ’n melaatse man Jesus se hulp, en wat kan ons aflei uit Jesus se reaksie?
 - ◇ Hoe reageer die geneesde man op wat Jesus gedoen het, en watter uitwerking het dit op ander?

“JOU SONDES IS VERGEWE”

MATTEUS 9:1-8 MARKUS 2:1-12 LUKAS 5:17-26



Mense van oral het nou van Jesus gehoor. Baie reis selfs na afgesonderde plekke om te hoor hoe hy mense leer en om sy wonderwerke te sien. Maar ná 'n paar dae keer hy terug na Kapernaum, waar die meeste van sy bedrywighede plaasvind. Die nuus dat hy terug is, versprei vinnig deur hierdie stad, wat langs die See van Galilea is. As gevolg hiervan kom baie mense na die huis waar hy is. Party is Fariseërs en onderrigters van die Wet wat van oral in Galilea en Judea gekom het, insluitende Jerusalem.

'So baie mense kom bymekaar dat daar nie meer plek is nie, nie eers by die deur nie, en hy begin die woord van God aan hulle bekend maak' (Markus 2:2). Maar dan gebeur iets merkwaardigs – iets wat duidelik toon dat Jesus die mag het om die oorsaak van menselyding weg te neem en om wie hy ook al wil, gesond te maak.

Terwyl Jesus die mense in die stampvol kamer leer, bring vier mans 'n verlamde man op 'n draagbed na hom toe. Hulle wil hê dat Jesus hulle vriend moet genees. Maar as gevolg van die skare kan hulle hom nie “tot by Jesus bring nie” (Markus 2:4). Dink net hoe teleurstellend dit moet wees. Hulle klim op die plat dak van die huis en maak 'n opening deur die teëls. Dan laat sak hulle die draagbed met die verlamde man deur die opening.

Maak hierdie onderbreking Jesus kwaad? Nee, glad nie! Hy is baie beïndruk deur hulle geloof en sê vir die verlamde man: “Jou sondes is vergewe”

(Matteus 9:2). Maar kan Jesus regtig sondes vergewe? Die skrifgeleerdes en Fariseërs neem aanstoot en redeneer: “Hoekom praat hierdie man so? Hy laster. Niemand behalwe God kan sondes vergewe nie.” – Markus 2:7.

Jesus weet wat hulle dink en sê vir hulle: “Hoekom dink julle hierdie dinge? Wat is makliker? Om vir die verlamde man te sê: ‘Jou sondes is vergewe,’ of om te sê: ‘Staan op en tel jou bed op en loop?’” (Markus 2:8, 9). Ja, op grond van die offerande wat Jesus later gaan bring, kan hy die man se sondes vergewe.

Dan wys Jesus vir die skare, insluitende dié wat hom kritiseer, dat hy die gesag het om sondes op die aarde te vergewe. Hy draai na die verlamde man en beveel hom: “Ek sê vir jou: Staan op, tel jou bed op en gaan na jou huis toe.” Die man tel onmiddellik sy draagbed op en loop uit voor almal wat daar is. Die mense is verstom! Hulle loof God en roep uit: “Ons het nog nooit so iets gesien nie!” – Markus 2:11, 12.

Dit is interessant dat Jesus sondes met siektes verbind en dat die vergifnis van sondes met fisiese gesondheid verbind kan word. Die Bybel leer dat ons eerste ouer, Adam, gesondig het en dat ons almal die gevolge van sonde oorgeërf het, naamlik siekte en die dood. Maar onder die heerskappy van God se Koninkryk sal Jesus die sondes vergewe van almal wat vir God lief is en wat hom dien. Dan sal siekte vir ewig verwyder word. – Romeine 5:12, 18, 19.

-
- ◇ Wat lei daartoe dat Jesus 'n verlamde man in Kapernaum genees?
 - ◇ Hoe kom die man tot by Jesus?
 - ◇ Wat kan ons leer uit hierdie gebeurtenis oor die verband tussen sondes en siektes, en watter hoop gee dit ons?

JESUS NOOI MATTEUS OM SY VOLGELING TE WORD

MATTEUS 9:9-13 MARKUS 2:13-17 LUKAS 5:27-32

Nadat Jesus die verlamde man genees het, bly hy 'n kort rukkie in die gebied van Kapernaum, by die See van Galilea. Skares kom weer na hom toe, en hy begin hulle leer. Terwyl hy stap, sien hy Matteus, wat ook Levi genoem word, by die belastingkantoor sit. Matteus kry 'n wonderlike uitnodiging van Jesus: "Word my volgeling." – Matteus 9:9.

Matteus weet waarskynlik alreeds iets omtrent Jesus se leringe en die wonderwerke wat hy in die gebied gedoen het, net soos Petrus, Andreas, Jakobus en Johannes. Soos hulle, reageer Matteus onmiddellik. Matteus beskryf dit in sy Evangelieverslag en sê: "Toe het hy [Matteus self] opgestaan" en Jesus gevolg (Matteus 9:9). Matteus los dus sy werk as 'n belastinggaarder en word 'n dissipel van Jesus.

Op 'n latere stadium, dalk om waardering uit te spreek vir hierdie spesiale uitnodiging van Jesus, hou Matteus 'n groot fees by sy huis. Wie buiten Jesus en sy dissipels word genooi? Wel, 'n paar belastinggaarders wat voorheen saam met Matteus gewerk het, is ook daar. Hulle vorder belasting in vir die gehate Romeinse owerheid, insluitende belasting op skepe wat in die hawe kom, belasting vir karavane op die hoofpaaie en belasting op ingevoerde goedere. Hoe beskou die meeste Jode hierdie belastinggaarders? Die mense haat hulle omdat hulle oneerlik optree deur dikwels meer as die gewone belastingtarief te eis. Daar is ook 'sondaars' by die fees, persone wat 'n reputasie het vir die slegte dinge wat hulle beoefen. – Lukas 7:37-39.

Die Fariseërs, wat hulleself as baie regverdig beskou, sien Jesus by die fees saam met hierdie mense en vra sy dissipels: "Hoekom eet julle leermeester saam met belastinggaarders en sondaars?" (Matteus 9:11). Jesus hoor wat hulle

vra en sê: "Gesonde mense het nie 'n dokter nodig nie, maar mense wat siek is, het wel. Gaan dan en leer wat die volgende beteken: 'Ek wil hê dat julle genade moet betoon, nie dat julle offerandes bring nie.' Want ek het nie gekom om regverdige mense te roep nie, maar sondaars" (Matteus 9:12, 13; Hosea 6:6). Die Fariseërs is nie opreg wanneer hulle Jesus "leermeester" noem nie, maar hulle kan wel iets by hom leer oor wat reg is.

Matteus het belastinggaarders en sondaars na sy huis genooi, waarskynlik sodat hulle na Jesus kan luister en geestelike genesing kan ontvang, "want daar was baie van hulle wat hom gevolg het" (Markus 2:15). Jesus wil hulle help om 'n goeie verhouding met God te verkry. Anders as die arrogante Fariseërs, sien Jesus nie op hulle neer nie. Hy het medelye met hulle en betoon genade aan hulle; hy kan 'n geestelike dokter wees vir almal wat geestelik siek is.

Jesus betoon genade teenoor belastinggaarders en sondaars, nie om hulle sondes goed te praat nie, maar om tere gevoelens te betoon, net soos hy tere gevoelens betoon het aan mense wat fisies siek was. Dink byvoorbeeld aan die keer toe hy liefdevol aan die melaatse man geraak het en gesê het: "Ek wil! Word gesond" (Matteus 8:3). Moet ons nie ook so genadig wees en behoeftiges help, veral op 'n geestelike manier nie?

-
- ◇ Waar is Matteus wanneer Jesus hom sien?
 - ◇ Hoekom sien ander Jode neer op belastinggaarders?
 - ◇ Hoekom assosieer Jesus met sondaars?



HOEKOM VAS JESUS SE DISSIPELS NIE?

MATTEUS 9:14-17 MARKUS 2:18-22 LUKAS 5:33-39

'n Ruk nadat Jesus die Pasga van 30 HJ byge-
woon het, is Johannes die Doper in die tronk
gegooi. Johannes wou hê dat sy dissipels volge-
linge van Jesus moet word, maar nie almal van
hulle het dit gedoen in die maande nadat Johan-
nes opgesluit is nie.

Nou kom die Pasga van 31 HJ nader, en party
van Johannes se dissipels kom vra Jesus: "Hoe-
kom vas ons en die Fariseërs gereeld, maar u
dissipels vas nie?" (Matteus 9:14). Die Fariseërs
vas omdat dit een van hulle godsdiensrituele is.
Later gebruik Jesus selfs 'n illustrasie waarin 'n
arrogante Fariseër bid: "O God, ek dank u dat ek
nie soos al die ander mense is nie . . . Ek vas twee
keer per week" (Lukas 18:11, 12). Johannes se
dissipels volg dalk ook die gebruik om te vas. Of
hulle het dalk gevas om te treur oor die feit dat
Johannes opgesluit is. Party mense wonder dus
hoekom Jesus se dissipels nie vas om te wys dat

ILLUSTRASIES OOR DIE GEBRUIK OM TE VAS

Jesus het 'n illustrasie uit die daaglikse lewe
gebruik – naaldwerk. Wat sal gebeur as iemand
'n stuk nuwe, ongekrumpte materiaal op ge-
bruikte of ou materiaal vaswerk? Wanneer die
kledingstuk gewas word, sal die nuwe materiaal
krimp en sal dit die ou materiaal laat skeur.

In 'n ander illustrasie het Jesus van wyn ge-
praat. Wyn is soms gehou in sakke wat van die
vel van diere gemaak is. Met verloop van tyd
sou die leer hard word en sy buigsamheid ver-
loor. Dit was 'n risiko om nuwe wyn in so 'n ou
sak te sit. Nuwe wyn het soms aanhou gis, wat
druk laat opbou het. Dit kon
die ou, harde leer laat
bars.



hulle ook treur oor wat met Johannes gebeur het
nie.

Jesus antwoord deur 'n voorbeeld te gebruik:
"Die vriende van die bruidegom het geen rede
om te treur solank die bruidegom by hulle is nie,
of hoe? Maar die dae sal kom wanneer die brui-
degom van hulle af weggeneem sal word, en dan
sal hulle vas." – Matteus 9:15.

Johannes self het van Jesus as 'n bruidegom
gepraat (Johannes 3:28, 29). Daarom vas Jesus
se dissipels nie terwyl Jesus by hulle is nie. La-
ter, wanneer Jesus sterf, sal sy dissipels treur en
nie lus voel om te eet nie. Maar wanneer hy op-
gewek word, sal dit natuurlik verander! Dan sal
hulle nie meer 'n rede hê om te vas omdat hulle
treur nie.

Jesus vertel nou hierdie twee illustrasies: "Nie-
mand werk 'n stuk ongekrumpte materiaal op 'n
ou bo-kleed vas nie, want die nuwe stuk sal van
die kleed lostrek, en die skeur sal erger word.
Mense gooi ook nie nuwe wyn in ou wysakke nie.
As hulle dit doen, sal die wysakke bars en die
wyn uitloop, en dan is die wysakke stukkend.
Maar mense gooi nuwe wyn in nuwe wysakke"
(Matteus 9:16, 17). Wat is Jesus se punt?

Jesus help die dissipels van Johannes die
Doper om te verstaan dat niemand moet
verwag dat Jesus se volgelinge ou gebruike van
Judaïsme, soos die ritueel om te vas, moet volg
nie. Hy het nie gekom om 'n ou manier van aan-
bidding, 'n hele godsdiensstelsel wat op die punt
was om afgeskaf te word, te probeer regstel
en voortsit nie. Die aanbidding wat Jesus be-
vorder, word nie beïnvloed deur die bestaande
Judaïsme met sy tradisies van mense nie. Nee,
hy probeer nie 'n stuk nuwe materiaal op 'n ou
kledingstuk vaswerk of nuwe wyn in 'n harde, ou
wysak gooi nie.



- ◇ Wie vas in Jesus se dag, en hoekom?
- ◇ Hoekom vas Jesus se dissipels nie terwyl hy by hulle is nie, maar watter rede sou hulle later hê om te vas?
- ◇ Wat beteken Jesus se illustrasies oor nuwe materiaal en nuwe wyn?

MAG IEMAND OP DIE SABBAT IETS GOEDS DOEN VIR ANDER?

JOHANNES 5:1-16

Jesus het baie uitgerig gedurende sy groot bediening in Galilea. Maar hy is nie van plan om net in Galilea te preek nie, want hy sê: “Ek moet die goeie nuus van die Koninkryk van God ook aan ander stede bekend maak.” Daarom gaan preek hy ook “in die sinagoges van Judea” (Lukas 4: 43, 44). Dit is ’n goeie tyd om dit te doen, want dit is nou lente, en daar gaan ’n fees in Jerusalem wees.

In vergelyking met wat ons lees oor Jesus se bediening in Galilea, is daar min inligting in die Evangelieverslae oor sy werk in Judea. Al reageer die mense in Judea oor die algemeen negatief, keer dit Jesus nie om ywerig te preek en goeie werke te doen waar hy ook al is nie.

Kort voor lank is Jesus op pad na Judea se hoofstad, Jerusalem, vir die Pasga van 31 HJ. In die besige gebied naby die Skaappoort is daar ’n groot bad met pilaargange wat Betsata genoem word. Baie mense wat siek, blind of verlam is, kom na hierdie bad toe. Hoekom? Want baie mense glo dat iemand gesond kan word as hy in die bad klim wanneer die water begin beweeg.

Dit is nou die Sabbat, en Jesus sien ’n man by hierdie bad wat al 38 jaar lank siek is. Jesus vra: “Wil jy gesond word?” Die man antwoord: “Meneer, ek het niemand om my in die bad te sit wanneer die water begin beweeg nie, en wanneer ek probeer inklim, klim iemand anders voor my in.” – Johannes 5:6, 7.

Jesus sê iets wat sekerlik verbasend is vir die man en enigiemand anders wat dit hoor: “Staan op! Tel jou slaapmat op en loop” (Johannes 5:8). Die man word onmiddellik gesond en doen presies wat Jesus sê! Hy tel sy slaapmat op en begin loop.

In plaas daarvan dat die Jode bly is vir die man, sê hulle vir hom: “Dit is die Sabbat, en jy mag nie die slaapmat dra nie.” Die man antwoord hulle: “Dieselfde man wat my gesond gemaak het, het vir my gesê: ‘Tel jou slaapmat op en loop’” (Johannes 5:10, 11). Hierdie Jode is krities teenoor iemand wat ander op die Sabbat genees.

“Wie is die man wat vir jou gesê het: ‘Tel dit op en loop?’” wil hulle weet. Hoekom vra hulle die man hierdie vraag? Want “Jesus het in die skare verdwyn”, en die man wat gesond gemaak is, weet nie wat Jesus se naam is nie (Johannes 5:12, 13). Maar hierdie man sal Jesus weer teëkom. Later ontmoet die man Jesus in die tempel en vind hy uit wie hom by die bad genees het.

Die man wat genees is, gaan na die Jode wat wou weet wie hom gesond gemaak het. Hy sê vir hulle dat dit Jesus was. Wanneer die Jode dit hoor, gaan hulle na Jesus toe. Wil hulle weet hoe Jesus in staat is om sulke wonderlike dinge te doen? Nee. Hulle wil eerder foutvind met Jesus omdat hy goeie dinge op die Sabbat doen. En hulle begin hom selfs vervolg!

-
- ◇ Hoekom gaan Jesus na Judea, en wat doen hy nog steeds?
 - ◇ Hoekom gaan baie na die bad wat Betsata genoem word?
 - ◇ Watter wonderwerk doen Jesus by die bad, en hoe reageer party van die Jode hierop?



JESUS SE VERHOUDING MET SY VADER

JOHANNES 5:17-47

Wanneer party Jode Jesus daarvan beskuldig dat hy die Sabbat verbreek deur 'n man te genees, antwoord hy: “My Vader het tot nou toe aanhou werk, en ek hou aan werk.” – Johannes 5:17.

Wat Jesus doen, word nie verbied deur God se wet in verband met die Sabbat nie. Deur te preek en te genees, doen hy goeie dinge vir ander, en so volg hy God se voorbeeld na. Jesus hou dus aan om elke dag goeie werke te doen. Maar sy antwoord maak sy beskuldigers nog kwater as voorheen, en hulle wil Jesus doodmaak. Hoekom reageer hulle so?

Hulle het nie net die verkeerde beskouing dat Jesus die Sabbat verbreek deurdat hy mense genees nie, maar hulle neem ook erg aanstoot omdat hy sê dat hy God se Seun is. Hulle beskou dit as godslastering, asof Jesus hom hierdeur aan God gelyk maak. Maar Jesus is nie bang vir hulle nie, en hy gee hulle nog inligting oor sy spesiale verhouding met God. “Die Vader is lief vir die Seun,” sê hy, “en wys hom alles wat hy self doen.” – Johannes 5:20.

Die Vader is die Lewegewer, en hy het dit in die verlede bewys deur manne in staat te stel om persone uit die dood op te wek. Jesus sê verder: “Net soos die Vader die dooies opwek en lewend maak, so maak die Seun ook lewend wie hy wil” (Johannes 5:21). Hierdie betekenisvolle stelling voorsien hoop vir die toekoms! Selfs nou wek die Seun die dooies in 'n geestelike sin op. Daarom sê Jesus: “Enigiemand wat my woorde hoor en die Een glo wat my gestuur het, het die ewige lewe, en hy sal nie geoordeel word nie. Hy is soos iemand wat dood was maar wat nou lewe.” – Johannes 5:24.

Daar is geen rekord dat Jesus op hierdie stadium al iemand wat fisies dood was, weer lewend gemaak het nie, maar hy sê vir sy beskuldigers dat sulke letterlike opstandings wel sal plaasvind.

“Die uur kom,” sê hy, “waarin almal wat in die denkgrafte is, sy stem sal hoor en sal uitkom.” – Johannes 5:28, 29.

Jesus se rol is nou wel uitsonderlik, maar hy maak dit duidelik dat hy aan God onderworpe is. Hy sê: “Ek kan niks uit my eie doen nie . . . omdat ek nie my eie wil soek nie, maar die wil van hom wat my gestuur het” (Johannes 5:30). Jesus beskryf hier die lewensbelangrike rol wat hy in God se voorneme speel, iets wat hy tot nou toe nie so openlik gedoen het nie. Maar Jesus se beskuldigers het meer as net sy getuienis hieroor. “Julle het manne na Johannes [die Doper] gestuur,” herinner Jesus hulle, “en hy het van die waarheid getuig.” – Johannes 5:33.

Jesus se beskuldigers het heel moontlik gehoor dat Johannes omtrent twee jaar tevore vir Joodse godsdiensteilers vertel het van die Een wat ná hom sou kom – die Een wat “die Profeet” en “die Christus” genoem sou word (Johannes 1:20-25). Jesus herinner sy beskuldigers aan hoeveel respek hulle voorheen gehad het vir Johannes, wat nou in die tronk is. Jesus sê: “Julle was 'n kort tydjie bereid om sy lig te geniet” (Johannes 5:35). Maar Jesus voorsien selfs 'n groter getuienis as Johannes die Doper.

“Hierdie werk wat ek doen [insluitende die wonderwerk wat hy so pas gedoen het] getuig dat die Vader my gestuur het.” Jesus sê verder: “Die Vader wat my gestuur het, het self oor my getuig” (Johannes 5:36, 37). God het byvoorbeeld by Jesus se doop oor hom getuig. – Matteus 3:17.

Ja, Jesus se beskuldigers het geen verskoning om hom te verwerp nie. Die einste Skrif wat hulle beweer om te ondersoek, getuig oor hom. “As julle Moses geglo het, sou julle my glo,” sê Jesus ten slotte, “want hy het oor my geskryf. Maar as julle nie glo wat hy geskryf het nie, hoe sal julle glo wat ek sê?” – Johannes 5:46, 47.



- ◇ Hoekom verbreek Jesus nie die Sabbat wanneer hy goeie werke op daardie dag doen nie?
- ◇ Hoe beskryf Jesus die lewensbelangrike rol wat hy in God se voorneme speel?
- ◇ Watter bewyse is daar dat Jesus God se Seun is?

DIE DISSIPELS PLUK GRAAN OP DIE SABBAT

MATTEUS 12:1-8 MARKUS 2:23-28 LUKAS 6:1-5

Jesus en sy dissipels reis nou noord na Galilea. Dit is lente, en daar groei graan op die landerye. Die dissipels is honger en pluk van die graan om die korrels te eet. Maar dit is die Sabbat, en die Fariseërs sien wat hulle doen.

Onthou dat sekere Jode in Jerusalem Jesus onlangs daarvan beskuldig het dat hy die Sabbat verbreek en hom as gevolg daarvan wou doodmaak. Nou kom die Fariseërs met 'n beskuldiging na aanleiding van wat die dissipels doen. "Kyk! Jou dissipels doen iets wat 'n mens nie op die Sabbat mag doen nie." – Matteus 12:2.

Die Fariseërs beweer dat die dissipels graan oes en dors wanneer hulle dit pluk en met hulle hande vryf sodat hulle dit kan eet (Eksodus 34:21). Hulle streng definisie van wat werk is, maak

die Sabbat 'n las, hoewel dit oorspronklik bedoel is om 'n vreugdevolle, geestelik opbouende dag te wees. Jesus bewys dat hulle beskouing verkeerd is deur voorbeelde te gebruik om te toon dat Jehovah God nooit bedoel het dat Sy Sabbatswet só toegepas moet word nie.

Een voorbeeld wat Jesus gee, is dié van Dawid en sy manne. Toe hulle honger was, het hulle na die tabernakel gegaan en die offerbrode geëet. Daardie brode was reeds voor Jehovah verwyder en met vars brode vervang en kon gewoonlik net deur die priesters geëet word. Maar onder die omstandighede is Dawid en sy manne nie veroordeel toe hulle daarvan geëet het nie. – Levitikus 24:5-9; 1 Samuel 21:1-6.

Jesus noem 'n tweede voorbeeld en sê: "Het



julle nie in die Wet gelees dat die priesters wat op die Sabbatte in die tempel dien, die Sabbat ontheilig en tog onskuldig bly nie?" Hy bedoel dat die priesters selfs op die Sabbat offerdiere slag en ander werk by die tempel doen. Jesus sê: "Maar ek sê vir julle dat iets groter as die tempel hier is." – Matteus 12:5, 6; Numeri 28:9.

Jesus gebruik weer die Skrif om sy punt te maak: "As julle egter verstaan het wat die volgende beteken: 'Ek wil hê dat julle genade moet betoon, nie dat julle offerandes bring nie,' sou

julle nie die onskuldiges veroordeel het nie. Want die Seun van die mens is Here van die Sabbat." Jesus verwys na sy vreedsame, duisendjarige Koninkryksheerskappy. – Matteus 12:7, 8; Hosea 6:6.

Die mensdom ly al lank onder Satan se onderdrukkende slawerny, wat tot baie geweld en oorlog gelei het. Hoe anders sal dit tog wees onder die heerskappy van Christus – die "Here van die Sabbat" – wat die tyd van rus sal voorsien waar na ons baie uitsien en wat ons so nodig het!

-
- ♦ Waarvan beskuldig die Fariseërs Jesus se dissipels, en hoekom?
 - ♦ Hoe stel Jesus die Fariseërs se beskouing reg?
 - ♦ Hoe is Jesus "Here van die Sabbat"?



WAT MAG OP DIE SABBAT GEDOEN WORD?

MATTEUS 12:9-14 MARKUS 3:1-6 LUKAS 6:6-11

Op 'n ander Sabbat besoek Jesus 'n sinagoge, waarskynlik in Galilea. Daar vind hy 'n man wie se regterhand misvormd is (Lukas 6:6). Die skrifgeleerdes en die Fariseërs hou Jesus fyn dop. Hoekom? Hulle wys wat hulle ware bedoelings is wanneer hulle vra: “Mag 'n mens iemand op die Sabbat genees?” – Matteus 12:10.

Die Joodse godsdiensteleiers glo dat iemand op die Sabbat mediese hulp kan ontvang *slegs* as sy lewe in gevaar is. Volgens hulle mag 'n mens dus nie op die Sabbat 'n gebreekte been spalk of 'n verstuite gewrig behandel nie, aangesien hierdie beserings nie lewensgevaarlik is nie. Dit is duidelik dat die skrifgeleerdes en die Fariseërs Jesus nie uitvra omdat hulle opreg besorg is oor die feit dat hierdie arme man so ly nie. Hulle soek 'n verskoning sodat hulle Jesus kan beskuldig.

Maar Jesus weet dat hulle redenasie heeltemal verkeerd is. Hy besef dat hulle 'n ongebalanseerde en onskriftuurlike beskouing het van wat dit beteken om op die Sabbat te werk (Eksodus 20:8-10). Hy het reeds sulke ongepaste kritiek ontvang as gevolg van die goeie werke wat hy doen. Nou sê Jesus iets vir die man met die misvormde hand wat tot 'n dramatiese konfrontasie sal lei: “Staan op en kom na die middel toe.” – Markus 3:3.

Jesus draai na die skrifgeleerdes en Fariseërs en sê: “As iemand onder julle een skaap het en daardie skaap op die Sabbat in 'n put val, sal hy dit dan nie gaan uithaal nie?” (Matteus 12:11). 'n Skaap is 'n finansiële belegging, en daarom sal hulle dit nie tot die volgende dag in die put los nie; dit sal dalk doodgaan en vir hulle 'n verlies wees. Wat meer is, die Skrif sê: “Die regverdigde sorg vir sy diere.” – Spreuke 12:10.

Jesus tref 'n redelike vergelyking deur te sê: “Hoeveel meer is 'n mens tog werd as 'n skaap!

'n Mens mag dus iets goeds op die Sabbat doen” (Matteus 12:12). Jesus sou dus nie die Sabbat verbreek deur die man te genees nie. Jesus redeneer logies en met medelye, en die godsdiensteleiers kan hom nie verkeerd bewys nie. Hulle het niks om te sê nie.

Jesus is kwaad sowel as hartseer oor hulle verkeerde denke. Hy kyk rond en sê vir die man: “Steek jou hand uit” (Matteus 12:13). Wanneer die man dit doen, word sy hand gesond. Dit maak die man natuurlik baie bly, maar watter uitwerking het dit op dié wat 'n strik vir Jesus probeer stel?

Die Fariseërs is nie bly dat die man se hand gesond is nie. Hulle verlaat eerder die sinagoge en begin onmiddellik “saam met Herodes se ondersteuners planne beraam om hom [Jesus] dood te maak” (Markus 3:6). Hierdie ondersteuners van Herodes is lede van 'n politieke party wat blykbaar ook van die Sadduseërs, 'n godsdienstgroep, insluit. Die Sadduseërs en die Fariseërs is gewoonlik teen mekaar gekant, maar nou is hulle heeltemal verenig in hulle teenstand teen Jesus.





- ◇ Wat lei tot 'n konfrontasie tussen Jesus en Joodse godsdiensteleiers?
- ◇ Watter verkeerde beskouing het die Joodse godsdiensteleiers van die wet oor die Sabbat?
- ◇ Wat sê Jesus om verkeerde beskouings van die Sabbat reg te stel?

JESAJA SE PROFESIE WORD VERVUL

MATTEUS 12:15-21 MARKUS 3:7-12

Wanneer Jesus en sy dissipels hoor dat die Fariseërs en Herodes se ondersteuners hom wil doodmaak, vertrek hulle na die See van Galilea. Groot skares kom van oral na hom toe – van Galilea, die kusstede Tirus en Sidon, die gebied oos van die Jordaanrivier, Jerusalem en Idumea verder in die suide. Jesus genees baie mense. As gevolg daarvan beur mense met ernstige siektes vorentoe om by hom uit te kom. Hulle wag nie dat hy aan hulle raak nie, maar hulle probeer hard om aan hom te raak. – Markus 3:9, 10.

Die skare is so groot dat Jesus vir sy dissipels sê om 'n bootjie vir hom gereed te kry sodat hy van die strand af kan wegvaar. Dit sal keer dat die skare teen hom druk, en dan kan hy hulle ook van die bootjie af leer of na 'n ander gebied langs die strand gaan om meer mense te help.

Die dissipel Matteus merk op dat Jesus se bedrywighede vervul “wat deur middel van die profet Jesaja gesê is” (Matteus 12:17). Watter profesie vervul Jesus hier?

“Kyk! My kneg wat ek uitgekies het, my geliefde, wat ek goedgekeur het! Ek sal my gees op hom plaas, en hy sal aan die nasies duidelik maak wat geregtigheid is. Hy sal nie met mense stry of hard uitroep nie, en niemand sal sy stem in die hoofstrate hoor nie. Hy sal nie 'n beskadigde riet afbreek of 'n lampfit wat dof brand, uitdoof nie, totdat hy geregtigheid bring. Ja, nasies sal op sy naam hoop.” – Matteus 12:18-21; Jesaja 42:1-4.

Jesus is natuurlik die geliefde kneg wat deur God goedgekeur is. Jesus maak dit duidelik wat ware geregtigheid is, iets wat onduidelik gemaak is as gevolg van valse godsdienstradisies. Die Fariseërs, wat God se Wet volgens hulle eie onregverdige standaarde toepas, wil nie eers 'n siek persoon op die Sabbat help nie! Jesus maak



God se standaard van geregtigheid duidelik en toon dat God se gees op hom is deur mense te bevry van die swaar las van onregverdige tradisies. Maar as gevolg hiervan wil die godsdiensteleiers hom doodmaak. Hoe verskriklik tog!

Wat beteken die profesie wanneer dit sê: “Hy sal nie met mense stry of hard uitroep nie, en niemand sal sy stem in die hoofstrate hoor nie”? Wanneer Jesus mense genees, laat hy nie toe dat hulle – of die demone – bekend maak wie hy is nie (Markus 3:12). Hy wil nie hê dat mense van hom moet hoor deur sensasionele stories wat in



die strate vertel word of deur verdraaide berigte wat mense opgewonde oorvertel nie.

Jesus neem ook sy vertroostende boodskap na dié wat in figuurlike sin soos 'n beskadigde riet is, geknak en verniel. Hulle is soos 'n lamp-pit wat dof brand, wie se vlammetjie amper dood

is. Jesus vertrap nie die beskadigde riet nie en doof nie die flikkerende, rokende lamppit uit nie. Hy weet eerder presies hoe om die sagmoediges met teerheid en liefde te help. Jesus is waarlik die een op wie die nasies kan hoop!

-
- ◇ Hoe maak Jesus duidelik wat geregtigheid is sonder om in die hoofstrate te stry of hard uit te roep?
 - ◇ Wie is soos beskadigde riete en dowwe lamppitte, en hoe behandel Jesus hulle?

JESUS KIES TWAALF APOSTELS

MARKUS 3:13-19 LUKAS 6:12-16

Johannes die Doper het Jesus sowat 'n jaar en 'n half gelede as die Lam van God voorgestel. Toe Jesus met sy openbare bediening begin het, het 'n aantal opregte mans sy dissipels geword, soos Andreas, Simon Petrus, Johannes, dalk Jakobus (Johannes se broer), Filippus en Bartolomeus (wat ook Natanael genoem word). Met verloop van tyd word baie ander mense volgelinge van Christus. – Johannes 1:45-47.

Nou is Jesus gereed om sy apostels te kies. Hulle sal sy naaste medewerkers wees en sal spesiale opleiding ontvang. Maar voordat Jesus



hulle kies, gaan hy na 'n berg, dalk een naby die See van Galilea, nie ver van Kapernaum nie. Hy bid die hele nag lank, waarskynlik om wysheid en God se seën te vra. Die volgende dag roep hy sy dissipels en kies hy 12 van hulle as apostels.

Jesus kies die ses wat aan die begin genoem is, sowel as Matteus, wat by die belastingkantoor was toe Jesus hom geroep het. Die ander vyf wat gekies word, is Judas (wat ook Taddeus en “die seun van Jakobus” genoem word), Simon,

die Kananeër, Tomas, Jakobus, die seun van Alfeus, en Judas Iskariot. – Matteus 10:2-4; Lukas 6:16.

Teen dié tyd het hierdie 12 saam met Jesus gereis, en hy ken hulle goed. 'n Paar van hulle is familie van hom. Die broers Jakobus en Johannes is blykbaar Jesus se neefs. En as Alfeus, soos party dink, die broer was van Josef, Jesus se pleegvader, dan was die seun van Alfeus, die apostel Jakobus, ook 'n neef van Jesus.

Jesus sukkel natuurlik nie om sy apostels se name te onthou nie. Maar kan jy dit onthou? Iets wat kan help, is om te onthou dat daar twee is met die naam Simon, twee met die naam Jakobus en twee met die naam Judas. Simon (Petrus) het 'n broer met die naam Andreas, en Jakobus (die seun van Sebedeus) het 'n broer met die naam Johannes. Dit is hoe 'n mens die name van agt apostels kan onthou. Die ander vier is die belastinggaarder (Matteus), die een wat later twyfel (Tomas), die een wat van onder 'n boom geroep is (Natanael) en Natanael se vriend (Filippus).

Elf van die apostels is van Galilea, Jesus se tuisgebied. Natanael is van Kana. Filippus, Petrus en Andreas is oorspronklik van Betsaida. Petrus en Andreas trek later na Kapernaum, waar Matteus blykbaar gewoon het. Jakobus en Johannes woon ook in of naby Kapernaum, en hulle het 'n vissersbesigheid daar naby. Dit lyk asof Judas Iskariot, wat Jesus later verrai, die enigste apostel is wat van Judea af kom.

-
- ◇ Watter belangrike besluit neem Jesus nadat hy die hele nag lank gebid het?
 - ◇ Wie is Jesus se apostels, en hoe kan jy hulle name onthou?



DIE BEROEMDE BERGPREDIKASIE

MATTEUS 5:1-7:29 LUKAS 6:17-49



Jesus is seker moeg nadat hy die hele nag gebid het en toe 12 dissipels as apostels gekies het. Dit is nou dag, maar hy het nog steeds die krag en die begeerte om mense te help. Hy doen dit op 'n berghelling in Galilea, dalk naby Kapernaum, die plek waar die meeste van sy bedrywighede plaasvind.

Skares het van ver af na hom toe gekom. Party is van die suide terwyl ander van Jerusalem en plekke in Judea is. Ander is van die kusstede Tirus en Sidon, in die noordweste. Hoekom het hulle na Jesus kom soek? “Om na hom te luister en om van hulle siektes genees te word.” En dit is presies wat gebeur – Jesus ‘maak hulle almal gesond’. Dink net! Al die siekes word genees. Jesus help ook “dié wat deur onrein geeste geteister is,” mense wat deur bose engele van Satan lastig geval word. – Lukas 6:17-19.

Dan vind Jesus 'n gelyke plek op die berghelling, en die skare kom rondom hom bymekaar. Sy dissipels, veral die 12 apostels, is waarskynlik die naaste aan hom. Almal is gretig om te luister na hierdie onderrigter wat sulke wonderwerke kan verrig. Jesus hou 'n toespraak wat groot voordele vir sy luisteraars inhou. Van daardie tyd af het baie ander ook hierby baat gevind. En ons kan ook, as gevolg van die diep geestelike inhoud wat op 'n eenvoudige en duidelike manier oorgedra is. Jesus gebruik alledaagse ondervindinge en dinge waarmee mense bekend is. Dit maak sy lesse verstaanbaar vir almal wat 'n beter lewe onder God se heerskappy wil hê. Watter belangrike aspekte bespreek Jesus wat hierdie toespraak so waardevol maak?

WIE IS WERKLIK GELUKKIG?

Almal wil gelukkig wees. Jesus weet dit, en daarom begin hy deur dié te beskryf wat werklik gelukkig is. Dink net hoe dit almal aandagtig laat luister. Maar daar is ook party dinge wat hulle seker laat wonder.

Hy sê: “Gelukkig is dié wat besef dat hulle God nodig het, want die Koninkryk van die hemel behoort aan hulle. Gelukkig is dié wat treur, want hulle sal vertroos word. . . . Gelukkig is dié wat honger en dors na regverdigheid, want hulle sal versadig word. . . . Gelukkig is dié wat ter wille van regverdigheid vervolgd is, want die Koninkryk van die hemel behoort aan hulle. Gelukkig is julle wanneer mense julle beledig en julle vervolgd . . . omdat julle my volgelingen is. Wees bly en vreugdevol.” – Matteus 5:3-12.

Wat bedoel Jesus met die woord “gelukkig”? Hy verwys nie na iemand wat vrolik is of 'n aangename tyd geniet nie. Ware geluk gaan dieper as dit. Dit behels ware tevredenheid, 'n gevoel van bevrediging en vervulling in die lewe.


Jesus sê dat mense werklik gelukkig is as hulle besef dat hulle God nodig het, bedroef is as gevolg van hulle sondige toestand en God leer ken en hom dien. Selfs al word hulle gehaat en vervolgd omdat hulle God se wil doen, is hulle gelukkig omdat hulle weet dat hulle hom bly maak en dat hy hulle met die ewige lewe sal beloon.

Maar baie mense dink dat rykdom en plesier iemand gelukkig maak. Dit is nie wat Jesus sê nie. Hy noem 'n paar teenstellings wat baie van sy luisteraars aan die dink sit. Hy sê: “Dit sal sleg gaan met julle wat ryk is, want julle ontvang

-
- ◇ Waar hou Jesus sy beroemde toespraak, en wie is teenwoordig?
 - ◇ Wat maak Jesus se toespraak so waardevol?
 - ◇ Wie is werklik gelukkig, en hoekom?

reeds julle volle vertroosting. Dit sal sleg gaan met julle wat nou vol is, want julle sal honger ly. Dit sal sleg gaan met julle wat nou lag, want julle sal treur en huil. Dit sal sleg gaan met julle wanneer al die mense goed van julle praat, want dit is hoe hulle voorvaders die valse profete behandel het.” – Lukas 6:24-26.

Hoekom sal dit sleg gaan met mense wat ryk is, wat lag van genot en wat deur ander geprys word? Want wanneer iemand hierdie dinge het en dit vir hom baie belangrik is, kan hy sy diens aan



Jesus sê ook vir die dissipels: “Julle is die lig van die wêreld.” ’n Lamp word nie onder ’n mandjie gesit nie, maar op ’n lampstander, waar dit lig kan uitstraal. Jesus spoor hulle dus aan: “Julle [moet] julle lig voor mense laat skyn, sodat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, kan verheerlik.” – Matteus 5:14-16.



’N HOË STANDAARD VIR SY VOLGELINGE

Die Joodse godsdiensteleiers beskou Jesus as ’n oortreder van God se Wet en het onlangs planne beraam om hom dood te maak. Jesus sê dus openlik: “Moenie dink dat ek gekom het om ’n einde te maak aan die Wet of die woorde van die profete nie. Ek het nie gekom om ’n einde te maak nie, maar om te vervul.” – Matteus 5:17.

God verwaarloos en die kans misloop om werklik gelukkig te wees. Jesus sê natuurlik nie dat iemand gelukkig sal wees net omdat hy arm of honger is nie. Maar dit is dikwels die persoon wat minder bevoorreg is wat op Jesus se leringe reageer en wat die seëninge van ware geluk verkry.

Jesus praat van sy dissipels wanneer hy sê: “Julle is die sout van die aarde” (Matteus 5:13). Hulle is natuurlik nie letterlike sout nie. Sout is eerder ’n preserveermiddel. ’n Groot hoeveelheid sout word naby die altaar by God se tempel gehou sodat offerandes daarmee gesout kan word. Dit is ook ’n simbool van iets wat nie bederf is nie (Levitikus 2:13; Esegïel 43:23, 24). Jesus se dissipels is “die sout van die aarde” in die sin dat hulle ’n preserveerende invloed op mense het omdat hulle hulle help om nie geestelik of sedelik agteruit te gaan nie. Ja, hulle boodskap kan die lewens bewaar van almal wat daarop reageer.



Ja, Jesus het die grootste respek vir God se Wet en spoor ander aan om dieselfde beskouing te hê. Trouens, hy sê: “Elkeen wat dan een van hierdie kleinste gebooue breek en ander leer om dit ook te doen, sal die kleinste genoem word in verband met die Koninkryk van die hemel.” Hy bedoel dat so iemand glad nie in die Koninkryk sal ingaan nie. “Maar,” sê hy verder, “elkeen wat dit gehoorsaam en dit aan ander leer, sal groot genoem word in verband met die Koninkryk van die hemel.” – Matteus 5:19.

Jesus veroordeel selfs gesindhede wat daartoe bydra dat iemand God se Wet verbreek. Nadat Jesus genoem het dat die Wet sê: “Jy mag nie moord pleeg nie,” voeg hy by: “Elkeen wat kwaad bly vir sy broer, [sal] deur die hof aanspreeklik gehou . . . word” (Matteus 5:21, 22). Dit is ’n ernstige saak om kwaad te bly vir iemand anders, iets wat selfs tot moord kan lei. Daarom verduidelik Jesus hoe ver iemand moet gaan om vrede te maak: “As jy dan jou offer na die altaar bring en jy daar onthou dat jou broer iets teen jou het, los jou offer daar voor die altaar en gaan weg. Maak eers vrede met jou broer en kom dan terug en bring jou offer.” – Matteus 5:23, 24.

Die Wet verbied ook egbreuk. Jesus sê: “Julle het gehoor dat daar gesê is: ‘Jy mag nie egbreuk pleeg nie.’ Maar ek sê vir julle dat elkeen wat aanhou om na ’n vrou te kyk en ’n begeerte na haar ontwikkel, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het” (Matteus 5:27, 28). Jesus praat nie van ’n vlugtige onsedelike gedagte nie; hy lê eerder klem op hoe ernstig dit is as iemand ‘aanhou kyk’. As iemand aanhou kyk, laat dit dikwels ’n sterk seksuele begeerte ontstaan, wat tot egbreuk kan lei wanneer die geleentheid daar is. Hoe kan iemand keer dat dit gebeur? Drastiese stappe is dalk nodig. Jesus sê: “As jou reg-

teroog dan vir jou ’n struikelblok is, ruk dit uit en gooi dit van jou af weg. . . . As jou regterhand vir jou ’n struikelblok is, kap dit af en gooi dit van jou af weg.” – Matteus 5:29, 30.

Party mense het al ’n ledemaat wat erg deur siekte aangetas is, gewillig opgeoffer om hulle lewe te red. Jesus beklemtoon hoe belangrik dit is dat ’n persoon bereid moet wees om *enigiets* ‘weg te gooi’, selfs iets so kosbaar soos ’n oog of ’n hand, om onsedelike denke en die dade waartoe dit lei, te vermy. “Dit is beter vir jou om een van jou liggaamsdele te verloor,” verduidelik Jesus, “as dat jou hele liggaam in Gehenna gegooi word.” Gehenna was ’n brandende vulshoop buite Jerusalem, wat permanente vernietiging voorstel.

Jesus gee ook raad oor hoe om op te tree teenoor mense wat ander seermaak en aanstoet gee. “Moenie die een wat goddeloos is, teëstaan nie,” sê hy, “maar as iemand jou op jou regterwang klap, draai die ander een ook na hom toe” (Matteus 5:39). Dit beteken nie dat iemand nie



- ◇ In teenstelling met dié wat werklik gelukkig is, met wie sal dit sleg gaan, en hoekom?
- ◇ Hoe is Jesus se dissipels “die sout van die aarde” en “die lig van die wêreld”?
- ◇ Hoe wys Jesus dat hy groot respek vir God se Wet het? Verduidelik.
- ◇ Wat sê Jesus oor hoe ’n mens die oorsake van moord en egbreuk heeltemal kan verwyder?



homself of sy gesin kan verdedig as hulle aangeval word nie. Jesus praat nie van 'n klap wat gegee word om iemand te beseer of dood te maak nie; hy praat eerder van 'n klap wat as 'n belediging gegee word. Hy sê dat 'n mens nie moet terugbakei as iemand probeer om 'n geveg of 'n argument te begin deur 'n klap met die oop hand te gee of deur beledigende woorde te gebruik nie.

Hierdie raad stem ooreen met God se wet dat jy jou naaste moet liefhê. Jesus spoor dus sy luisteraars aan: “Hou aan om julle vyande lief te hê en om te bid vir die mense wat julle vervolg.” Hy gee 'n kragtige rede hiervoor: “Sodat julle kan toon dat julle kinders is van julle Vader wat in die hemel is, want hy laat sy son opkom oor die goddeloses en die goeies.” – Matteus 5:44, 45.

Jesus som hierdie deel van sy toespraak op deur te sê: “Julle moet dus volmaak wees, soos julle hemelse Vader volmaak is” (Matteus 5:48). Hy bedoel natuurlik nie dat mense heeltemal volmaak kan wees nie. Maar deur God na te volg, kan ons leer om selfs ons vyande lief te hê. Anders gestel: “Hou aan om genadig te wees, net soos julle Vader genadig is.” – Lukas 6:36.

GEBED EN VERTROUWEN IN GOD

Jesus gaan verder met sy toespraak en sê vir sy luisteraars: “Pasop dat julle nie goeie dade

voor mense doen om deur hulle gesien te word nie.” Jesus veroordeel skynheilige mense wat voorgesê het dat hulle God vrees, en hy sê: “Wanneer jy geskenke aan die armes gee, moet jy nie 'n trompet voor jou blaas soos die skynheiliges . . . doen nie” (Matteus 6:1, 2). Dit is beter om geskenke vir die armes te gee sonder dat ander daarvan weet.

Dan sê Jesus: “Wanneer julle bid, moet julle nie soos die skynheiliges wees nie. Hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die hoeke van die hoofstrate te staan en bid om deur mense gesien te word.” Hy sê eerder: “Wanneer jy bid, moet jy in jou binnekamer ingaan, en nadat jy die deur toegemaak het, moet jy bid tot jou Vader wat in die geheim toekyk” (Matteus 6:5, 6). Jesus is nie gekant teen alle openbare gebede nie, want hy het self sulke gebede gedoen. Hy veroordeel gebede wat gedoen word met die doel om luisteraars te beïndruk en komplimente te kry.



Hy gee vir die skare die volgende raad: “Wanneer julle bid, moet julle nie dieselfde dinge oor en oor sê soos die mense van die nasies nie” (Matteus 6:7). Jesus sê nie dat dit verkeerd is om herhaaldelik oor dieselfde onderwerp te bid nie. Wat hy afkeur, is gememoriseerde frases wat “oor en oor” in gebede opgesê word. Hy voorsien dus 'n modelgebed wat sewe versoeke insluit. Die eerste drie erken God se reg om te regeer en sy voornemens – dat sy naam geheilig moet word, dat sy Koninkryk moet kom en dat sy wil moet plaasvind. Slegs ná hierdie dinge kan ons

- ◇ Wat bedoel Jesus wanneer hy sê dat 'n mens die ander wang moet draai?
- ◇ Hoe kan ons, soos God, volmaak wees?
- ◇ Watter instruksies gee Jesus oor gebed?



persoonlike versoeke doen vir ons daaglikse kos en die vergifnis van sondes, sowel as versoeke om nie getoets te word bo wat 'n mens kan verduur nie en om van die Duiwel verlos te word.

Hoe belangrik moet ons besittings vir ons wees? Jesus sê vir die skare: “Hou op om vir julle skatte op die aarde bymekaar te maak, waar mot en roes verteer en waar diewe inbreek en steel.” Hoe redelik tog! Materiële besittings hou nie vir ewig nie, en ons besittings beïndruk God glad nie. Daarom sê Jesus: “Maak eerder vir julle skatte in die hemel bymekaar.” Ons kan dit doen deur God se diens eerste in ons lewe te stel. Niemand kan ons goeie reputasie by God en die beloning van ewige lewe wegneem nie. Jesus se woorde is baie waar: “Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.” – Matteus 6:19-21.




Jesus vertel 'n illustrasie om hierdie punt te beklemtoon: “Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan gefokus is, sal jou hele liggaam helder wees. Maar as jou oog vol jaloesie is, sal jou hele liggaam donker wees” (Matteus 6:

22, 23). Wanneer ons oog reg funksioneer, is dit soos 'n helder lamp vir ons liggaam. Maar dan moet ons oog gefokus wees op een ding; anders kan ons die verkeerde beskouing hê van wat werklik belangrik is in die lewe. As ons fokus op materiële besittings eerder as op God se diens, sal dit beteken dat ons “hele liggaam donker” is en sal ons dalk dinge begin doen wat oneerlik is. Dan gee Jesus 'n kragtige voorbeeld: “Niemand kan twee meesters as slaaf dien nie, want hy sal die een haat en die ander een liefhê, of hy sal lojaal wees aan die een en die ander een nie kan verdra nie. Julle kan nie slawe van God en van Rykdom wees nie.” – Matteus 6:24.

DIE KRAG VAN HERHALING Jesus het soms die belangrikste lesse herhaal. In die Bergpredikasie het hy byvoorbeeld sy luisteraars geleer bid en hulle gehelp om die regte beskouing van materiële dinge te hê. – Matteus 6:9-13, 25-34.

Omtrent 'n jaar en 'n half later het Jesus hierdie lesse herhaal (Lukas 11:1-4; 12:22-31). Hierdie herhaling het nie net die mense gehelp wat die eerste keer daar was nie, maar dit het ook sy dissipels gehelp om die hoofpunte te onthou.



Dan gee Jesus 'n kragtige voorbeeld: “Niemand kan twee meesters as slaaf dien nie, want hy sal die een haat en die ander een liefhê, of hy sal lojaal wees aan die een en die ander een nie kan verdra nie. Julle kan nie slawe van God en van Rykdom wees nie.” – Matteus 6:24.

Party wat na Jesus luister, is dalk bekommerd oor wat hulle beskouing van materiële behoeftes moet wees. Daarom verseker hy hulle dat hulle nie bekommerd hoef te wees as hulle God se

diens eerste stel nie. “Hou die voëls van die hemel goed dop. Hulle saai nie saad nie en hulle oes nie en hulle maak nie in voorraadskure bymekaar nie, maar tog sorg julle hemelse Vader dat hulle kos het.” – Matteus 6:26.

En wat van die lelies van die veld daar op die berg? Jesus sê dat “nie eers Salomo met al sy prag en rykdom soos een van hulle geklee was nie”. Wat beteken dit? “As God dan die plantegroei van die veld so klee, wat vandag hier is en môre in die oond gegooi word, sal hy julle nie veel eerder klee nie?” (Matteus 6:29, 30). Jesus sê wyslik: “Moet dan nooit bekommerd wees en sê: ‘Wat gaan ons eet?’ of: ‘Wat gaan ons drink?’ of: ‘Wat gaan ons aantrek?’ nie. . . . Julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. Hou dan aan om eers die Koninkryk en sy regverdigheid te soek, en al hierdie ander dinge sal vir julle bygevoeg word.” – Matteus 6:31-33.

HOE OM DIE LEWE TE VERKRY

Die apostels en ander opregtes wil op ’n manier lewe wat God goedkeur, maar dit is nie maklik met die omstandighede waarin hulle is nie. Baie Fariseërs is byvoorbeeld krities en oordeel ander op ’n ongevoelige manier. Daarom gee Jesus sy luisteraars die volgende waarskuwing: “Hou op om te oordeel, sodat julle nie geoordeel word nie, want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word.” – Matteus 7:1, 2.

Dit is gevaarlik om die voorbeeld van die oorkritiese Fariseërs te volg, soos Jesus illustreer: “’n Blinde kan tog nie ’n blinde lei nie, of hoe? Al twee sal in ’n gat val, nie waar nie?” Hoe moet Jesus se luisteraars dan ander beskou? Nie met ’n kritiese oog nie, want dit sou ’n ernstige oortreding wees. Hy vra: “Hoe kan jy vir jou broer sê: ‘My broer, laat my toe om die splinter in jou oog uit te haal,’ terwyl jy self nie die balk sien wat in jou eie oog is nie? Jou skynheilige! Haal eers die balk uit jou eie oog uit, en dan sal jy duidelik kan sien hoe om die splinter wat in jou broer se oog is, uit te haal.” – Lukas 6:39-42.

Dit beteken nie dat die dissipels glad nie opinies oor mense mag vorm nie. “Moenie wat heilig is, vir die honde gee nie, en moet ook nie julle pêrels voor die varke gooi nie,” sê Jesus (Matteus 7:6). Waarhede uit God se Woord is kosbaar, soos figuurlike pêrels. As party mense hulle soos diere gedra deurdat hulle geen waardering vir hierdie kosbare waarhede toon nie, moet die dissipels weggaan en na mense gaan soek wat graag wil luister.



Jesus begin weer oor gebed praat en beklemtoon hoe belangrik dit is om daarin te volhard. “Hou aan vra, en daar sal vir julle gegee word.” Jesus beklemtoon dat God gebede graag wil beantwoord deur te vra: “Wie van julle sal vir sy seun ’n klip gee as hy vir brood vra? . . . As julle wat goddeloos is, dan weet hoe om goeie dinge vir julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, goeie dinge gee vir dié wat hom vra!” – Matteus 7:7-11.

Dan gee Jesus die beroemde gedragsreël: “Alles wat julle dan wil hê dat mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen.” Moet ons almal nie hierdie positiewe raad aanvaar en dit



toepas in ons handeling met ander nie? Maar dit kan 'n uitdaging wees, soos ons kan sien uit Jesus se instruksie: “Gaan in deur die nou poort, want wyd is die poort en breed is die pad wat na vernietiging lei, en daar is baie mense wat daar-



deur ingaan, maar nou is die poort en smal is die pad wat na die lewe lei, en daar is min mense wat dit vind.” – Matteus 7:12-14.

Sommige mense sal probeer om die dissipels te laat wegdraai van die weg wat na die lewe lei, en daarom waarsku Jesus:

“Pasop vir die valse profete wat in skaapsklere na julle toe kom maar wat in werklikheid wolwe

is wat julle wil verskeur” (Matteus 7:15). Goeie bome en slegte bome kan aan hulle vrugte herken word, sê Jesus. Dit is ook so met mense. Ons kan dus valse profete herken aan hulle leringe en hulle gedrag. Jesus verduidelik dat dit nie net iemand se woorde is wat hom 'n dissipel maak nie, maar ook sy *dade*. En sê nou party mense beweer dat Jesus hulle Here is, maar hulle doen nie God se wil nie? Jesus sê: “Dan sal ek vir hulle sê: ‘Ek het julle nooit geken nie! Gaan weg van my af, julle wettelose mense!’” – Matteus 7:23.

Jesus sluit sy toespraak af deur te sê: “Daarom sal elkeen wat my woorde hoor en dit doen, soos 'n verstandige man wees wat sy huis op die rots gebou het. En die reën het neergestort en die vloedwaters het gekom en die winde het gewaai en aan daardie huis geruk, maar dit het nie ineengestort nie, want dit was op die rots gebou” (Matteus 7:24, 25). Hoekom het die huis bly staan? Want die man het “gegrawe en diep afgegaan . . . en 'n fondament op die rots gelê” (Lukas 6:48). Dit is dus nie genoeg om Jesus se woorde net te hoor nie. Ons moet ons ook inspan om ‘dit te doen’.

Maar wat van die een wat “hierdie woorde . . . hoor en dit nie doen nie”? Hy is “soos 'n onverstandige man . . . wat sy huis op die sand gebou het” (Matteus 7:26). Reën, vloedwaters en winde sou so 'n huis laat ineenstort.

Die skare is verstom oor die manier waarop Jesus in hierdie toespraak onderrig het. Hy het met gesag gepraat en nie soos die godsdiensteleiers nie. Baie van die mense wat na hom geluister het, word waarskynlik sy dissipels.

-
- ◇ Hoe is geestelike skatte beter, en hoe kan dit verkry word?
 - ◇ Hoekom hoef Jesus se volgelinge nie bekommerd te wees nie?
 - ◇ Hoekom moet ons volgens Jesus ander nie oordeel nie, maar hoekom moet ons soms opinies oor mense vorm?
 - ◇ Wat sê Jesus nog oor gebed, en watter gedragsreël gee hy?
 - ◇ Hoe wys Jesus dat dit nie maklik is om sy dissipel te wees nie en dat ons mislei kan word?

'N MILITÊRE OFFISIER MET GROOT GELOOF

MATTEUS 8:5-13 LUKAS 7:1-10



Nadat Jesus sy Bergpredikasie gehou het, gaan hy na die stad Kapernaum. Hier kom party van die ouerманne van die Jode na hom toe. Hulle is gestuur deur 'n man met 'n ander agtergrond – 'n Romeinse militêre offisier.

Die militêre offisier se geliefde kneg is baie siek en lê op sterwe. Al is die offisier nie 'n Jood nie, vra hy Jesus se hulp. Die Jode sê vir Jesus dat die man se kneg “verlam by die huis [lê], en hy ly verskriklik,” dalk omdat hy baie pyn het (Matteus 8:6). Die Joodse ouerманne verseker Jesus dat hierdie offisier sy hulp verdien. Hulle verduidelik: “Hy is lief vir ons nasie en hy het ons sinagoge gebou.” – Lukas 7:4, 5.

Kort daarna vertrek Jesus saam met die ouerманne na die offisier se huis. Wanneer hulle naby die huis is, stuur die offisier vriende om te sê: “Meneer, moenie moeite doen nie, want ek verdien nie dat u onder my dak inkom nie. Daarom dink ek nie dat ek waardig is om na u toe te kom nie” (Lukas 7:6, 7). Wat 'n nederige houding vir iemand wat daaraan gewoond is om bevele uit te deel! En dit wys hoe hierdie man verskil van Romeine wat slawe wreed behandel. – Matteus 8:9.

Die offisier is sekerlik bewus van die feit dat Jode nie met nie-Jode assosieer nie (Handelinge 10:28). Miskien is dit hoekom die offisier sy vriende aanmoedig om Jesus te vra: “Sê die woord en laat my kneg gesond word.” – Lukas 7:7.

Jesus is verbaas wanneer hy dit hoor en sê: “Ek sê vir julle: Ek het nie eers in Israel sulke

groot geloof gevind nie” (Lukas 7:9). Wanneer die offisier se vriende by sy huis kom, sien hulle dat die slaaf wat so siek was, nou gesond is.

Jesus gebruik nou die geleentheid om te bevestig dat gelowige nie-Jode geseën sal word en sê: “Baie [sal] uit die ooste en die weste . . . kom en 'n plek aan tafel saam met Abraham en Isak en Jakob in die Koninkryk van die hemel . . . inneem.” Wat van die Jode wat nie geloof het nie? Jesus sê dat hulle “in die duisternis daar buite gegooi sal word. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners.” – Matteus 8:11, 12.



Natuurlike Jode wat nie die geleentheid aanvaar wat eerste aan hulle gegee is om deel te wees van die koninkryk saam met Christus nie, sal verwerp word. Maar nie-Jode sal genooi word om saam met hom aan tafel te sit “in die Koninkryk van die hemel”.

-
- ◇ Hoekom smee Jode Jesus om 'n nie-Joodse militêre offisier te help?
 - ◇ Wat is dalk die rede hoekom die militêre offisier Jesus nie gevra het om in sy huis in te kom nie?
 - ◇ Wat sê Jesus oor die vooruitsig wat nie-Jode het?

JESUS WEK 'N WEDUWEE SE SEUN OP

LUKAS 7:11-17

Kort nadat Jesus die militêre offisier se kneg genees het, verlaat hy Kapernaum en gaan hy na Nain, 'n stad meer as 30 kilometer na die suidweste. Hy is nie alleen nie. Sy dissipels en 'n groot skare reis saam met hom. Dit is heel moontlik amper aand wanneer hulle Nain bereik. Net buitekant die stad sien hulle 'n groot groep Jode wat die liggaam van 'n jong man dra. Die groep is op pad uit die stad om die lyk te gaan begrawe.

Die jong man se ma is die hartseerste van hulle almal. Sy is 'n weduwee, en nou het haar enigste kind gesterf. Toe haar man oorlede is, het sy ten minste nog haar geliefde seun by haar gehad. Dink net hoe geheg sy aan hom moes gewees het, want hy was die een wat in die toekoms vir haar sou sorg. Nou het hy ook gesterf. Wie sou haar nou geselskap hou en ondersteun?

Wanneer Jesus hierdie vrou sien, word sy hart


geraak deur haar intense droefheid en hartseer situasie. Op 'n liefdevolle maar oortuigende manier sê hy vir haar: “Hou op huil.” Maar dit is nie al nie. Hy kom nader en raak aan die draagbaar waarop die lyk is (Lukas 7:13, 14). Wat hy doen en die manier waarop hy dit doen, laat die treurende dorpsmense stilstaan. Baie wonder seker: ‘Wat bedoel hy, en wat gaan hy doen?’

En wat van dié wat saam met Jesus reis en wat al gesien het hoe hy wonderwerke doen, insluitende om baie siektes te genees? Hulle het blykbaar nog nooit gesien hoe Jesus iemand uit die dood opwek nie. Opstandings het wel in die verre verlede plaasgevind, maar kan Jesus so iets doen? (1 Konings 17:17-23; 2 Konings 4:32-37). Jesus gee die bevel: “Jong man, ek sê vir jou: Staan op!” (Lukas 7:14). En dit is wat gebeur! Die man sit regop en begin praat. Jesus gee hom terug aan sy ma, wat geskok is en tog oorloop van vreugde. Sy is nie meer alleen nie.



Wanneer die mense sien dat die jong man regtig lewe, loof hulle die Lewegewer, Jehovah, deur te sê: “'n Groot profeet het onder ons verskyn.” Ander begryp wat Jesus se wonderwerk beteken en sê: “God het aandag aan sy volk geskenk” (Lukas 7:16). Die nuus van hierdie wonderlike gebeurtenis versprei vinnig na die omliggende gebied en waarskynlik na Jesus se tuisdorp, Nasa-ret, sowat tien kilometer daarvandaan. Die berig versprei selfs suid na Judea.

Johannes die Doper is nog steeds in die tronk, en hy stel baie belang in die wonderwerke wat Jesus doen. Hoe reageer Johannes wanneer sy dissipels hom hiervan vertel?



-
- ◇ Wat sien Jesus wanneer hy naby Nain kom?
 - ◇ Hoe word Jesus geraak deur wat hy sien, en hoe reageer hy?
 - ◇ Hoe reageer die mense op wat Jesus doen?



JOHANNES WIL VAN JESUS HOOR

MATTEUS 11:2-15 LUKAS 7:18-30

Johannes die Doper is al omtrent 'n jaar lank in die tronk. Maar hy hoor nog steeds van die wonderlike dinge wat Jesus doen. Dink net hoe Johannes voel wanneer sy dissipels hom vertel dat Jesus 'n weduwe se seun in Nain opgewek het. Maar Johannes wil by Jesus self hoor wat dit alles beteken. Johannes roep dus twee van sy dissipels. Om wat te doen? Hulle moet Jesus vra: "Is u die Een wat sou kom, of moet ons iemand anders verwag?" – Lukas 7:19.

Klink dit na 'n vreemde vraag? Johannes is 'n godvresende man. Toe hy Jesus byna twee jaar tevore gedoop het, het hy God se gees op Jesus sien neerdaal en gehoor hoe God sy goedkeuring uitspreek. Ons het geen rede om te dink dat Johannes se geloof verswak het nie. Anders sou Jesus Johannes nie so geprys het soos hy by hierdie geleentheid doen nie. Maar as Johannes nie twyfelgedagtes het nie, hoekom vra hy Jesus hierdie vraag?

Johannes wil moontlik hê dat Jesus self moet bevestig dat Jesus die Messias is. Dit sal Johannes versterk terwyl hy in die tronk wegkwyn. Daar is waarskynlik nog meer agter Johannes se vraag. Hy ken die Bybelprofesieë wat wys dat die Gesalfde van God 'n koning en 'n verlosser sal wees. Tog is Jesus al maande gelede gedoop, en Johannes is nog steeds in die tronk. Johannes vra dus of iemand anders gaan kom, 'n opvolger van Jesus, wat alles sal vervul wat oor die Messias voorspel is.


Jesus sê nie net eenvoudig vir Johannes se dissipels: 'Natuurlik is ek die Een wat sal kom' nie. Nee, Jesus gee eerder bewyse dat hy God se ondersteuning het deur mense te genees wat allerhande siektes en kwale het. Dan sê hy vir die dissipels: "Gaan sê vir Johannes wat julle hoor en sien: Die blindes kan nou sien, die kreupeles loop, die melaatses word genees, die

dowes hoor, die dooies word opgewek en die armes word van die goeie nuus vertel." – Matteus 11:4, 5.

Johannes se vraag kan beteken dat hy verwag dat Jesus meer sal doen as wat hy nou doen en Johannes dalk uit die tronk sal bevry. Maar Jesus sê vir Johannes om nie meer te verwag as die wonderwerke wat hy reeds doen nie.

Nadat Johannes se dissipels daar weg is, verseker Jesus die skare dat Johannes meer as net 'n profeet is. Hy is "die boodskapper" van Jehovah wat in Maleagi 3:1 voorspel is. Hy is ook die profeet Elia, soos daar in Maleagi 4:5, 6 voorspel is. Jesus verduidelik: "Ek verseker julle: Van almal wat al gebore is, is daar niemand groter as Johannes die Doper nie. Tog is die persoon wat die kleinste in die Koninkryk van die hemel is, groter as hy." – Matteus 11:11.

Wanneer Jesus sê dat 'n persoon wat klein in die Koninkryk van die hemel is, groter as Johannes is, dui hy aan dat Johannes nie in die hemelse Koninkryk sal wees nie. Johannes het die weg vir Jesus voorberei, maar hy sterf voordat Christus die weg na die hemel open (Hebreërs 10:19, 20). Johannes is wel 'n getroue profeet van God en hy sal 'n aardse onderdaan van God se Koninkryk wees.





- ◇ Hoekom vra Johannes of Jesus die Een is wat sal kom en of iemand anders verwag moet word?
- ◇ Watter profesieë vervul Johannes die Doper, volgens Jesus?
- ◇ Hoekom sal Johannes die Doper nie saam met Jesus in die hemel wees nie?

DIT SAL SLEG GAAN MET 'N HARDKOPPIGE GESLAG

MATTEUS 11:16-30 LUKAS 7:31-35

Jesus het baie respek vir Johannes die Doper, maar hoe beskou die meeste mense Johannes? “Hierdie geslag,” sê Jesus, “is soos jong kinders wat op die markpleine sit en na hulle speelmaats roep en sê: ‘Ons het vir julle op die fluit gespeel, maar julle het nie gedans nie. Ons het ’n treurlied gesing, maar julle het nie gehuil nie.’” – Matteus 11:16, 17.

Wat bedoel Jesus? Hy verduidelik: “Johannes [het] gekom en nie geëet of gedrink nie, maar mense sê: ‘Hy het ’n demoon.’ Die Seun van die mens het gekom en het wel geëet en gedrink, maar mense sê: ‘Kyk! ’n Vraat en iemand wat aan wyn verslaaf is, ’n vriend van belastinggaarders en sondaars.’” (Matteus 11:18, 19). Aan die een kant het Johannes ’n eenvoudige lewe as ’n Nasireër gelei, en hy het nie eers wyn gedrink nie, en tog sê hierdie geslag dat daar ’n demoon in hom is (Numeri 6:2, 3; Lukas 1:15). Aan die ander kant lewe Jesus soos ander mense. Hy eet en drink nie te veel nie, maar die mense sê dat hy ’n vraat en ’n dronkaard is. Dit is onmoontlik om die mense tevrede te stel.

Jesus vergelyk hierdie geslag met jong kinders op die markpleine wat weier om te dans wanneer ander kinders op die fluit speel of wat weier om te huil wanneer ander ’n treurlied sing. “Maar,” sê Jesus, “wysheid word reg bewys deur sy resultate” (Matteus 11:16, 19). Ja, die “resultate” – die bewyse wat Johannes en Jesus gee – wys dat die beskuldigings teen hulle vals is.

Nadat Jesus gesê het dat hierdie geslag hardkoppig is, veroordeel hy spesifieke stede – Gorasin, Betsaida en Kapernaum, waar hy wonderwerke gedoen het. Jesus sê dat die Fe-

nisiese stede Tirus en Sidon berou sou getoon het as hy sulke werke daar gedoen het. Hy noem ook Kapernaum, waar hy ’n tyd lank gebly het. Selfs daar het die meeste mense nie geluister nie. Jesus sê die volgende oor hierdie stad: “Ek sê vir julle dat dit op die Oordeelsdag beter sal gaan met die land van Sodom as met julle.” – Matteus 11:24.

Dan loof Jesus sy Vader, wat kosbare geestelike waarhede wegsteek “vir die wyse en geleerde mense”, maar dit openbaar aan nederige mense, wat soos jong kinders is (Matteus 11:25). Hy rig ’n wonderlike uitnodiging aan sulke mense: “Kom na my toe, almal wat uitgeput is en ’n swaar las dra, en ek sal julle nuwe krag gee. Neem my juk op julle en leer by my, want ek is saggeaard en nederig van hart, en julle sal nuwe krag kry. Want my juk is maklik om te dra, en my vrag is lig.” – Matteus 11:28-30.

Hoe gee Jesus nuwe krag? Die godsdiensteleiers het ’n swaar las van tradisies op die mense se skouers geplaas, soos Sabbatsreëls wat onnodig streng is. Maar Jesus gee hulle nuwe krag deur hulle die waarheid oor God te leer, waarhede wat nie deur sulke tradisies besmet is nie. Hy wys ook hoe mense wat onderdruk word deur politieke owerhede en dié wat swaar dra onder die las van sonde, verligting kan kry. Ja, Jesus wys hoe hulle sondes vergewe kan word en hoe hulle vrede met God kan hê.

Jesus se juk is maklik om te dra, en almal wat dit aanvaar, kan hulleself aan God toewy en ons genadige, medelydende hemelse Vader dien. En om God te dien, is nie ’n swaar las nie, want hy vra nooit te veel van ons nie. – 1 Johannes 5:3.



- ◇ Hoe is die mense van Jesus se geslag soos kinders?
- ◇ Wat beweeg Jesus om sy hemelse Vader te loof?
- ◇ Op watter maniere dra mense 'n swaar las, maar watter verligting gee Jesus?

'N LES OOR VERGIFNIS

LUKAS 7:36-50

Mense reageer nie almal dieselfde op wat Jesus doen en sê nie. Dit hang af van hulle hartstoestand. Dit word duidelik gesien in 'n huis in Galilea. 'n Fariseër met die naam Simon nooi Jesus vir 'n ete, dalk om meer uit te vind oor die een wat hierdie wonderwerke doen. Jesus aanvaar die uitnodiging, want hy sien dit waarskynlik as 'n geleentheid om vir dié wat daar is, te getuig. Hy het al voorheen uitnodigings aanvaar om saam met belastinggaarders en sondaars te eet.

Maar Jesus kry nie die vriendelike ontvangs wat gaste gewoonlik kry nie. Op die stowwerige paaie in Palestina word mense se voete gewoonlik warm en vuil in hulle sandale, en daarom word dit as gasvry beskou om iemand se voete met koel water te was. Maar Jesus se voete word nie gewas nie. En hy word ook nie met 'n soen gegroet, soos gewoonlik gedoen word nie. Olie is ook gewoonlik op 'n gas se hare gegooi as 'n teken van vriendelikheid en gasvryheid. Dit word ook nie vir Jesus gedoen nie. Hoe welkom is Jesus dan nou eintlik?

Die gaste gaan aan tafel, en die maaltyd begin. Terwyl hulle eet, kom 'n vrou ongenooid stilletjies by die vertrek in. Sy staan "in die stad as 'n sondaar bekend" (Lukas 7:37). Alle onvolmaakte mense is sondaars, maar hierdie vrou lei blykbaar 'n onsedelike lewe, dalk as 'n prostituut. Sy het moontlik van Jesus se leringe gehoor, insluitende sy uitnodiging aan "almal wat . . . 'n swaar las dra" om na hom toe te kom vir nuwe krag (Matteus 11:28, 29). Jesus se woorde en daade het haar waarskynlik geraak, en daarom het sy na hom kom soek.

Sy gaan na Jesus by die tafel en kniel agter hom by sy voete. Sy huil en haar trane val op sy voete, en sy droog dit af met haar hare. Sy soen sy voete saggies en gooi lekkerruik-olie daarop.

Simon hou niks hiervan nie en sê vir homself: "As hierdie man regtig 'n profeet was, sou hy geweet het wie en watter soort vrou dit is wat aan hom raak, dat sy 'n sondaar is." – Lukas 7:39.

Jesus weet wat Simon dink en sê: "Simon, ek het iets om vir jou te sê." Hy antwoord: "Leermeester, sê dit!" Jesus sê verder: "Twee mans was in die skuld by 'n sekere man wat geld aan ander geleen het. Die een het 500 denarii geskuld, maar die ander een 50. Toe hulle hom nie kon terugbetaal nie, het hy hulle al twee vryelik vergewe. Wie van hulle sal hom dan die meeste liefhê?" Simon antwoord, dalk sonder belangstelling: "Dit is seker die een wat hom die meeste geskuld het." – Lukas 7:40-43.

Jesus stem saam. Dan kyk hy na die vrou en sê vir Simon: "Sien jy hierdie vrou? Toe ek in jou huis ingekom het, het jy nie vir my water vir my voete gegee nie. Maar hierdie vrou het my voete met haar trane natgemaak en dit met haar hare afgedroog. Jy het my nie gesoen nie, maar van die uur dat ek ingekom het, het hierdie vrou nie opgehou om my voete te soen nie. Jy het nie olie op my kop gegooi nie, maar hierdie vrou het lekkerruik-olie op my voete gegooi." Jesus kon sien dat hierdie vrou opregte berou het oor haar onsedelike lewe. Daarom sê hy laastens: "Ek sê vir jou: As gevolg hiervan is haar sondes vergewe, al is dit baie, want sy het baie liefde betoon. Maar die een wat min vergewe word, betoon min liefde." – Lukas 7:44-47.

Jesus praat nie onsedelikheid goed nie. Hy wys eerder dat hy meegevoel het vir mense wat ernstige sondes pleeg, maar wat wys dat hulle jammer is en na Christus toe kom vir verligting. En hoe verlig is hierdie vrou tog wanneer Jesus sê: "Jou sondes is vergewe. . . . Jou geloof het jou gered. Gaan in vrede." – Lukas 7:48, 50.



- ◇ Hoe word Jesus ontvang deur sy gasheer, Simon?
- ◇ Hoekom kom soek 'n plaaslike vrou na Jesus?
- ◇ Watter illustrasie vertel Jesus, en hoe pas hy dit toe?

WONDERWERKE – DEUR WIE SE KRAG?

MATTEUS 12:22-32 MARKUS 3:19-30 LUKAS 8:1-3

Kort nadat Jesus by die Fariseër Simon se huis oor vergifnis gepraat het, begin hy nog 'n predikingsreis deur Galilea. Dit is die tweede jaar van sy bediening, en hy reis nie alleen nie. Die 12 apostels is saam met hom, sowel as sekere vrouens wat hy “van bose geeste en siektes genees” het (Lukas 8:2). Onder hulle is Maria Magdalena, Susanna en Johanna, wie se man 'n amptenaar van koning Herodes Antipas is.

Al hoe meer mense hoor van Jesus, en as gevolg daarvan is daar al hoe meer verskillende opinies oor sy bedrywighede. Dit kan duidelik gesien word wanneer 'n man wat 'n demoon in hom het, na Jesus toe gebring word. Die man is ook blind en stom, maar Jesus genees hom. Nou is die man van die demoon bevry, en hy kan weer sien en praat. Die mense is baie verbaas en

vra: “Is hy nie miskien die Seun van Dawid nie?” – Matteus 12:23.

Die skares wat bymekaargekom het by die huis waar Jesus bly, is so groot dat hy en sy dissipels nie eers kans kry om iets te eet nie. Maar nie almal dink dat Jesus die beloofde “Seun van Dawid” is nie. Party skrifgeleerdes en Fariseërs het al die pad van Jerusalem af gekom – maar nie om by Jesus te leer of om hom te ondersteun nie. Hulle sê vir die mense: “Hy het Beëlsebub in hom” en hy werk dus saam met “die heerser van die demone” (Markus 3:22). Wanneer Jesus se familielede hoor wat aangaan, kom hulle daarheen omdat hulle hom wil kom haal. Hoekom?

Op hierdie stadium glo Jesus se eie broers nie dat hy God se Seun is nie (Johannes 7:5). Die Jesus wat blykbaar al hierdie oproer veroorsaak,



is nie die Jesus saam met wie hulle in Nasaret grootgeword het nie. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat daar iets fout moet wees met hom en sê: “Hy het van sy kop af geraak.” – Markus 3:21.

Maar wat toon die bewyse? Jesus het so pas ’n man genees wat ’n demoon in hom gehad het, en die man kan nou sien en praat. Niemand kan dit ontken nie. Die skrifgeleerdes en die Fariseërs probeer dus om mense te laat twyfel deur Jesus valslik te beskuldig. Hulle sê: “Hierdie man dryf die demone uit slegs deur Beëlsebul, die heerser van die demone.” – Matteus 12:24.

Jesus weet wat die skrifgeleerdes en Fariseërs dink, en daarom sê hy: “Elke koninkryk wat verdeeld is, word verwoes, en elke stad of huis wat verdeeld is, sal nie bly staan nie. Net so, as Satan Satan uitdryf, het hy teen homself gedraai. Hoe sal sy koninkryk dan bly staan?” – Matteus 12:25, 26.

Wat ’n uitstekende redenasie! Die Fariseërs weet dat sommige Jode demone uitdryf (Handelinge 19:13). Daarom vra Jesus: “As ek die demone deur Beëlsebul uitdryf, deur wie dryf julle volgelinge hulle uit?” Met ander woorde, hulle kan net sowel van dieselfde ding beskuldig word. Dan redeneer Jesus verder: “Maar as dit deur God se gees is dat ek die demone uitdryf, het die Koninkryk van God julle werklik ingehaal.” – Matteus 12:27, 28.

Die feit dat Jesus demone uitdryf, bewys dat hy magtiger as Satan is, en Jesus illustreer dit deur te sê: “Hoe kan iemand in die huis van ’n

sterk man inkom en sy besittings vat as hy nie die sterk man eers vooraf vasbind nie? Slegs dan kan hy alles in sy huis vat. Enigiemand wat nie aan my kant is nie, is teen my, en enigiemand wat nie mense saam met my bymekaarmaak nie, dryf hulle uitmekaar” (Matteus 12:29, 30). Die skrifgeleerdes en die Fariseërs is beslis teen Jesus, wat bewys dat hulle hulle deur Satan laat gebruik. Hulle dryf mense weg van die Seun van God, wat Jehovah se ondersteuning het.

Jesus waarsku hierdie sataniese teenstanders: “Mense sal alles vergewe word, ongeag watter sondes hulle pleeg en watter lasterlike dinge hulle sê. Maar enigiemand wat teen die heilige gees laster, het tot in ewigheid geen vergifnis nie, maar is skuldig aan ewige sonde” (Markus 3:28, 29). Dink aan wat dit beteken vir dié wat sê dat dit Satan is wat iets doen, terwyl dit duidelik deur God se gees gedoen word!



- ◇ Wie is saam met Jesus op sy tweede reis deur Galilea?
- ◇ Hoekom wil Jesus se familielede hom kom haal?
- ◇ Wat doen die skrifgeleerdes en Fariseërs om mense te laat twyfel oor Jesus se wonderwerke, en hoe bewys Jesus hulle verkeerd?

JESUS WYS DIE FARISEËRS TEREK

MATTEUS 12:33-50 MARKUS 3:31-35 LUKAS 8:19-21

Deur te ontken dat Jesus demone deur God se krag uitdryf, loop die skrifgeleerdes en die Fariseërs die gevaar om teen die heilige gees te laster. Wie se kant sal hulle dus kies – God s'n of Satan s'n? Jesus sê: “Julle boom sal goed wees en goeie vrugte dra, of julle boom sal sleg wees en slegte vrugte dra, want die boom word aan sy vrugte geken.” – Matteus 12:33.



Dit is dwaas om te beweier dat Jesus goeie vrugte dra, soos om demone uit te dryf, omdat hy Satan dien. Jesus het dit duidelik gemaak in sy Bergpredikasie dat as die vrugte goed is, is die boom goed. Maar wat bewys die Fariseërs se vrugte, naamlik hulle belaglike beskuldigings teen Jesus? Dat die Fariseërs sleg is. Jesus sê vir hulle: “Julle spul giftige slange, hoe kan julle goeie dinge sê terwyl julle goddeloos is? Want uit die oorfloed van die hart praat die mond.” – Matteus 7:16, 17; 12:34.

Ons woorde wys wat in ons hart is en ons sal daarvolgens geoordeel word. Daarom sê Jesus: “Ek sê vir julle dat mense op die Oordeelsdag verantwoordelik gehou sal word vir elke nuttelose woord wat hulle sê, want deur jou woorde sal jy regverdig verklaar word, en deur jou woorde sal jy veroordeel word.” – Matteus 12:36, 37.

Jesus het al baie wonderwerke gedoen, maar die skrifgeleerdes en die Fariseërs dring aan op nog meer en sê: “Leermeester, laat ons 'n teken sien.” Of hulle self gesien het hoe hy wonderwerke doen of nie, daar is oorgenoeg ooggetuies wat kan bevestig wat hy doen. Jesus kan dus vir daardie Joodse leiers sê: “'n Goddelose en ontroue geslag hou aan om 'n teken te soek, maar

geen teken sal aan hulle gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona.” – Matteus 12:38, 39.

Jesus laat hulle nie wonder oor wat hy bedoel nie: “Net soos Jona drie dae en drie nagte in die groot vis se maag was, so sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees.” Jona is deur die een of ander soort groot vis ingesluk, maar het toe uitgeklim asof hy opgewek is. Jesus voorspel dus dat hyself sal sterf en op die derde dag opgewek sal word. Wanneer dit later gebeur, verwerp die Joodse leiers ‘die teken van Jona’. Hulle weier om berou te toon en te verander (Matteus 27:63-66; 28:12-15). In teenstelling hiermee het die Nynviende berou getoon nadat Jona vir hulle gepreek het. Daarom sal hulle hierdie geslag veroordeel. En Jesus sê dat die koningin van Saba hulle ook deur haar voorbeeld sal veroordeel. Sy wou



graag die wysheid van Salomo hoor, en dit het haar baie beïndruk. Nou sê Jesus: "Iemand groter as Salomo is hier." – Matteus 12:40-42.

Jesus vergelyk die situasie van hierdie goddelose geslag met 'n man uit wie 'n onrein gees kom (Matteus 12:45). Omdat die man nie die leemte met goeie dinge vul nie, keer die bese gees terug met sewe geeste wat nog slegter is, en hulle vaar in die man in. Net so is die nasie Israel gereinig en hervorm – baie soos die man uit wie die bese gees gekom het. Maar die nasie het God se profete verwerp, en dit het 'n hoogtepunt bereik toe hulle die een verwerp het wat duidelik God se gees het – Jesus. Dit wys dat die nasie se toestand erger is as wat dit aan die begin was.

Terwyl Jesus praat, kom sy ma en sy broers daar aan en gaan staan hulle heel agter in die skare. Party wat naby hom sit, sê: "U ma en u broers staan buite en wil u sien." Dan wys Jesus hoe sterk sy verhouding met sy dissipels is, wat soos ware broers, susters en ma's vir hom is. Hy steek sy hand uit na sy dissipels en sê: "My ma en my broers is dié wat die woord van God hoor en dit doen" (Lukas 8:20, 21). So wys hy dat sy verhouding met sy dissipels selfs kosbaarder is as sy band met sy familie. Dit is so verfrissend om sulke sterk bande met ons geestelike broers te hê, veral wanneer ander ons beweegredes bevraagteken of ons en ons goeie werke kritiseer!



- ◇ Hoe is die Fariseërs soos 'n slegte boom?
- ◇ Wat is die 'teken van Jona', en hoe word dit later verwerp?
- ◇ Hoe is die eerste-eeuse nasie Israel soos die man uit wie 'n onrein gees gekom het?
- ◇ Hoe wys Jesus dat hy 'n sterk verhouding met sy dissipels het?

ILLUSTRASIES OOR DIE KONINKRYK

MATTEUS 13:1-53 MARKUS 4:1-34 LUKAS 8:4-18

Jesus is waarskynlik in Kapernaum wanneer hy die Fariseërs tereg wys. Later daardie dag verlaat hy die huis en loop hy na die See van Galilea, wat daar naby is. Skares kom daar bymekaar. Jesus klim in 'n boot, vaar 'n entjie weg van die strand af en begin die mense oor die Koninkryk van die hemel leer. Hy doen dit deur middel van 'n aantal illustrasies, of gelykenisse. Jesus se luisteraars is bekend met baie van die voorbeelde of situasies wat hy noem, wat dit vir hulle makliker maak om verskillende aspekte van die Koninkryk te verstaan.

Eerstens vertel Jesus 'n illustrasie oor 'n saaiër wat saad saai. Party saad val langs die pad en word deur voëls opgeëet. Ander saad val op 'n rotsagtige plek, waar daar nie baie grond is nie. Die wortels kan nie diep groei nie, en die son skroei die nuwe plantjies, en dit droog uit. En ander saad val tussen dorings wat keer dat die jong plantjies verder groei. Laastens val van die saad op goeie grond. Hierdie saad dra vrug, "hierdie een 100 keer soveel, daardie een 60 keer soveel en die ander een 30 keer soveel". – Matteus 13:8.

In 'n ander illustrasie vergelyk Jesus die Koninkryk met saad wat deur 'n man gesaai word. In hierdie geval, of die man nou slaap of wakker is, groei die saad. Maar "hy weet nie presies hoe dit gebeur nie" (Markus 4:27). Dit groei vanself en bring graan voort, wat hy kan oes.

Dan vertel Jesus 'n derde illustrasie oor saad wat gesaai word. 'n Man saai goeie saad, maar "terwyl die mense geslaap het," kom 'n vyand en saai onkruid tussen die koring. Die man se slawe vra of hulle die onkruid moet uittrek. Hy sê: "Nee, want netnou trek julle die koring ook uit terwyl julle die onkruid bymekaarmaak. Laat al twee



- ◇ Waar en wanneer vertel Jesus illustrasies aan die skares?



saam groei tot die oes toe, en in die oestyd sal ek vir dié wat die oes insamel, sê: ‘Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, en maak dan die koring in my voorraadskuur bymekaar.’” – Matteus 13:24-30.

Baie wat na Jesus luister, is bekend met hierdie voorbeelde van landbou. Hy noem nog iets wat almal ken – die klein mosterdsaadjie. Wanneer dit groei, word dit ’n boom wat so groot is dat voëls in sy takke kan bly. Hy sê die volgende oor die saadjie: “Die Koninkryk van die hemel is soos ’n mosterdsaadjie wat ’n man in sy landery geplant het” (Matteus 13:31). Maar Jesus is nie besig om ’n les oor plantkunde te gee nie. Hy gee ’n voorbeeld van merkwaardige groei – hoe iets wat baie klein is, kan groei of uitbrei en iets kan word wat baie groot is.

Dan praat Jesus van ’n proses waarmee baie van sy luisteraars bekend is. Hy vergelyk die Koninkryk van die hemel met “suurdeeg wat ’n vrou geneem en met drie groot mate meel gemeng het” (Matteus 13:33). Al kan ’n mens nie die suurdeeg sien nie, versprei dit deur al die deeg en laat dit die deeg rys. Dit veroorsaak merkwaardige groei en veranderinge wat nie maklik gesien kan word nie.

Nadat Jesus hierdie illustrasies vertel het, stuur hy die skares weg en gaan hy terug na die huis waar hy bly. Kort daarna kom sy dissipels na hom toe om uit te vind wat hierdie illustrasies beteken.

LESSE UIT JESUS SE ILLUSTRASIES

Die dissipels het al voorheen gehoor hoe Jesus illustrasies vertel, maar nog nooit soveel op een slag nie. Hulle vra hom: “Hoekom praat u met hulle deur middel van illustrasies?” – Matteus 13:10.

Een rede hoekom hy dit doen is om Bybelpro-

fesieë te vervul. Matteus se verslag sê: “Sonder ’n illustrasie het hy nie met hulle gepraat nie, sodat vervul sou word wat deur middel van die profeet gesê is: ‘Ek sal my mond oopmaak met illustrasies. Ek sal dinge verkondig wat van die begin af geheim gehou is.’” – Matteus 13:34, 35; Psalm 78:2.

Maar dit is nie die enigste rede hoekom Jesus illustrasies vertel nie. Dit openbaar ook wat mense se hartstoestand is. Baie van hulle stel net in Jesus belang omdat hy sulke goeie verhale vertel en wonderwerke doen. Hulle sien hom nie as hulle Here, iemand wat hulle moet gehoorsaam en onselfsugtig moet volg nie (Lukas 6:46, 47). Hulle wil nie hulle beskouing of manier van dinge doen, verander nie. Hulle wil nie hê dat die boodskap so ’n groot uitwerking op hulle lewe moet hê nie.

Jesus antwoord sy dissipels se vraag en sê: “Daarom praat ek deur middel van illustrasies met hulle, want hulle kyk, maar hulle kyk verniet, en hulle hoor, maar hulle hoor verniet, en hulle verstaan ook nie die betekenis daarvan nie. Jesaja se profesie word in hulle geval vervul. Dit sê: ‘. . . Die hart van hierdie volk het ongevoelig geword.’” – Matteus 13:13-15; Jesaja 6:9, 10.

Maar dit geld nie vir almal wat na Jesus luister nie. Hy verduidelik: “Gelukkig is julle oë omdat hulle sien, en julle ore omdat hulle hoor. Want ek verseker julle: Baie profete en regverdiges wou graag die dinge sien wat julle sien, maar hulle het dit nie gesien nie, en hulle wou die dinge hoor wat julle hoor, maar hulle het dit nie gehoor nie.” – Matteus 13:16, 17.

Ja, die 12 apostels en ander lojale dissipels het die regte hartstoestand. Daarom sê Jesus: “Julle het die voorreg ontvang om die heilige geheime van die Koninkryk van die hemel te verstaan,

-
- ◇ Watter vyf illustrasies vertel Jesus eerste?
 - ◇ Hoekom gebruik Jesus illustrasies?
 - ◇ Hoe toon Jesus se dissipels dat hulle anders is as die skares?
 - ◇ Hoe verduidelik Jesus die illustrasie van die saaiër?

maar hulle het nie daardie voorreg ontvang nie” (Matteus 13:11). Omdat die dissipels graag wil verstaan, verduidelik Jesus vir hulle wat die illustrasie van die saaiër beteken.

“Die saad is die woord van God,” sê Jesus (Lukas 8:11). En die grond is die hart. Dit is ’n sleutel wat ons help om sy illustrasie te verstaan.

Oor die saad wat op die vasgetrapte grond langs die pad geval het, sê hy: “Die Duiwel [kom] en neem die woord uit hulle harte weg sodat hulle nie sal glo en gered word nie” (Lukas 8:12). Wanneer Jesus praat van die saad wat op rotsagtige grond gesaai is, verwys hy na die harte van mense wat die woord met vreugde aanvaar, maar die woord skiet nie wortel diep in hulle harte nie. “Wanneer daar weens die woord verdrukking of vervolging ontstaan,” struikel hulle. Ja, wanneer “hulle getoets word,” miskien as gevolg van teenstand van familieleden of ander, val hulle weg. – Matteus 13:21; Lukas 8:13.

Wat van die saad wat tussen die dorings val? Jesus sê vir sy dissipels dat dit mense is wat die woord gehoor het. Maar hulle word oorwel dig deur “die bekommernisse van hierdie wêreld en die bedrieglike krag van rykdom” (Matteus 13: 22). Die woord was in hulle hart, maar nou kan dit nie verder groei nie en word dit onvrugbaar.

Die laaste soort grond waarvan Jesus praat, is die goeie grond. Dit verwys na dié wat die woord hoor, dit in hulle hart aanvaar en verstaan wat dit werklik beteken. Met watter gevolg? Hulle ‘dra vrug’. Weens hulle omstandighede, soos ouderdom en gesondheid, kan nie almal dieselfde doen nie; een doen 100 keer soveel, ’n ander een 60 keer soveel en nog ’n ander een 30 keer soveel. Ja, “die mense wat die woord met ’n opregte en goeie hart hoor en dan daaraan vashou en met volharding vrug dra”, sal seëninge in God se diens geniet. – Lukas 8:15.

Hierdie woorde maak sekerlik ’n groot indruk



op die dissipels wat spesiaal na Jesus toe gekom het vir 'n verduideliking van sy leringe! Hulle het nou meer as net 'n oppervlakkige begrip van die illustrasies. Jesus wil hê dat hulle sy illustrasies moet verstaan sodat hulle die waarheid weer met ander kan deel. “'n Lamp word tog nie gebring om onder 'n emmer of onder 'n bed gesit te word nie, of hoe?” vra hy. “Word dit nie gebring om op 'n lampstaander gesit te word nie?” Daarom sê Jesus: “Laat elkeen wat ore het om te luister, luister.” – Markus 4:21-23.

GESEËN MET VERDERE ONDERRIGTING

Nadat Jesus vir sy dissipels verduidelik het wat die illustrasie van die saaiër beteken, wil hulle meer weet. Hulle vra: “Verduidelik aan ons die illustrasie van die onkruid in die landery.” – Matteus 13:36.



Deur dit te vra, wys hulle dat hulle gesindheid heeltemal anders is as die res van die skare op die strand. Blykbaar hoor daardie mense die illustrasies, maar hulle stel nie daarin belang om uit te vind wat dit beteken en hoe hulle dit kan toepas nie. Hulle is tevrede om net 'n basiese oorsig van die illustrasies te hê. Jesus wys dat sy dissipels wat na hom toe gekom het om meer te leer, baie anders is as die skare langs die strand. Hy sê:


“Skenk aandag aan wat julle hoor. Met die maathouer waarmee julle uitmeet, sal daar vir

julle uitgemeet word, ja, meer sal vir julle bygevoeg word” (Markus 4:24). Die dissipels skenk aandag aan die dinge wat hulle by hom hoor. Hulle meet opregte belangstelling en aandag aan Jesus uit, en hulle word geseën met meer onderrigting en begrip. Jesus beantwoord sy dissipels se vraag oor die illustrasie van die koring en die onkruid deur te sê:

“Die saaiër van die goeie saad is die Seun van die mens, en die landery is die wêreld. Die goeie saad is die kinders van die Koninkryk, maar die onkruid is die kinders van die Duiwel, en die vyand wat dit gesaai het, is die Duiwel. Die oes verwys na die tyd van die einde, en dié wat die oes insamel, is engele.” – Matteus 13:37-39.

Nadat Jesus verduidelik het wat elke deel van sy illustrasie beteken, beskryf hy wat die uiteinde sal wees. Hy sê dat dié wat die oes insamel, of die engele, in die tyd van die einde die onkruidagtige valse Christene van die ware “kinders van die Koninkryk” sal skei. “Die regverdiges” sal bymekaargemaak word en uiteindelik helder skyn “in die Koninkryk van hulle Vader”. En wat van “die kinders van die Duiwel”? Hulle sal vernietig word, en daarom is dit nie verbasend dat “hulle huil en op hulle tande kners” nie. – Matteus 13:41-43.

Daarna seën Jesus sy dissipels met nog drie illustrasies. Eerstens sê hy: “Die Koninkryk van die





hemel is soos 'n skat wat in die veld weggesteek is, wat 'n man gevind en weggesteek het. Hy was so bly dat hy al sy besittings gaan verkoop het en daardie veld gekoop het.” – Matteus 13:44.

Hy gaan verder: “Die Koninkryk van die hemel is ook soos 'n reisende handelaar wat mooi pêrels soek. Toe hy een pêrel van groot waarde vind, het hy weggegaan en dadelik alles verkoop wat hy gehad het en dit gekoop.” – Matteus 13:45, 46.

Met albei illustrasies beklemtoon Jesus 'n persoon se bereidwilligheid om opofferings te maak vir wat werklik waardevol is. Die handelaar verkoop dadelik ‘alles wat hy gehad het’ om die een pêrel van groot waarde te koop. Jesus se dissipels kan hierdie illustrasie oor 'n kosbare pêrel verstaan. En die man wat die skat vind wat in 'n veld weggesteek is, ‘verkoop al sy besittings’ om dit te koop. In albei gevalle is iets waardevols beskikbaar, iets wat verkry en bewaar kan word.

Dit kan vergelyk word met die opofferings wat iemand maak om 'n verhouding met God op te bou omdat hy besef dat hy God nodig het (Matteus 5:3). Party van dié wat gehoor het toe Jesus hierdie illustrasies vertel, het reeds gewys dat hulle bereid is om baie moeite te doen om hulle geestelike behoefte te bevredig en sy ware volgelinge te word. – Matteus 4:19, 20; 19:27.

Laastens vergelyk Jesus die Koninkryk van die hemel met 'n sleepnet wat allerhande soorte vis versamel (Matteus 13:47). Wanneer die vis gesorteer word, word die goeie vis in mandjies gehou en die vis wat nie gebruik kan word nie, weggegooi. Jesus sê dat dit ook so sal wees in die tyd van die einde – die engele sal die goddeloses van die regverdiges skei.

Jesus was self besig met 'n soort geestelike visvangwerk toe hy sy eerste dissipels genooi het om “vissers van mense” te word (Markus 1:17). Maar hy sê dat sy illustrasie oor die sleepnet met die toekoms verband hou, met “die tyd van die einde” (Matteus 13:49). Die apostels en ander dissipels wat na Jesus luister, kan dus aanvoel dat baie interessante dinge nog voorlê.

Dié wat geluister het na die illustrasies wat vanaf die boot gegee is, word nog verder beoordeel. Jesus toon dat hy bereid is om “alles aan sy dissipels [te] verduidelik” wanneer hulle alleen is (Markus 4:34). Hy is “soos 'n man, die meester van die huis, wat nuwe en ou dinge uit sy skatkamer bring” (Matteus 13:52). Jesus vertel nie hierdie illustrasies om ander met sy onderrigvermoë te beïndruk nie. Hy dra eerder waarhede aan sy dissipels oor wat soos 'n kosbare skat is. Niemand anders is 'n “openbare onderrigter” soos hy nie.

-
- ◇ In die illustrasie van die koring en die onkruid, wie of wat word afgebeeld deur die saaiër, die landery, die goeie saad, die onkruid, die vyand, die oes en dié wat die oes insamel?
 - ◇ Watter drie bykomende illustrasies vertel Jesus, en wat kan ons daaruit leer?

JESUS LAAT 'N STORM OP DIE SEE BEDAAR

MATTEUS 8:18, 23-27 MARKUS 4:35-41 LUKAS 8:22-25



Jesus het 'n lang, uitputtende dag agter die rug. Wanneer dit aand word, sê hy vir die dissipels: “Kom ons gaan oor na die oorkantste oewer”, wat in die gebied oorkant Kapernaum is. – Markus 4:35.

Aan die oostelike oewer van die See van Galilea lê die gebied van die Geraseners, wat deel is van die Dekapolis. Die stede van die Dekapolis is 'n middelpunt van die Griekse kultuur, maar baie Jode woon ook daar.

Mense sien dat Jesus uit Kapernaum vertrek. Daar is ook ander bote wat begin vertrek (Markus 4:36). Die oorkantste oewer is eintlik nie so ver nie. Die See van Galilea is 'n groot en diep varswatermeer, sowat 21 kilometer lank en sowat 12 kilometer op sy breedste.

Al is Jesus volmaak, is dit verstaanbaar dat hy moeg is ná sy bedrywige dag in die bediening. Nadat hulle vertrek, gaan lê hy dus in die agterste deel van die boot, sit hy sy kop op 'n kussing en word hy aan die slaap.

Baie van die apostels is vaardige seemanne, maar dit gaan nie 'n maklike bootrit wees nie. Daar is berge om die See van Galilea, en die oppervlak van die water word soms redelik warm. Soms vloei kouer lug vinnig uit die berge af na die warm water, wat skielike, hewige windstorms veroorsaak. Dit is wat nou gebeur. Kort voor lank slaan die golwe teen die boot. ‘Hulle boot begin vol water word en is in gevaar’ (Lukas 8:23). Maar Jesus word nie wakker nie!

Die manne werk kliphard om die boot te stuur, soos hulle al voorheen in ander storms gedoen het. Maar hierdie keer is dit anders, en hulle is bang dat hulle gaan verdrink. Hulle maak Jesus wakker en roep uit: “Here, red ons, ons staan op die punt om dood te gaan!” – Matteus 8:25.

Wanneer Jesus wakker word, sê hy vir die apostels: “Hoekom is julle so bang? Hoekom het julle so min geloof?” (Matteus 8:26). Dan beveel Jesus die wind en die see: “Bedaar! Wees stil!” (Markus 4:39). Die stormwind gaan lê, en die see bedaar. (In Markus en Lukas se verslae van hierdie indrukwekkende gebeurtenis beklemtoon hulle eers die feit dat Jesus die storm wonderdadig laat bedaar, en daarna noem hulle die dissipels se gebrek aan geloof.)

Dink net watter uitwerking dit op die dissipels het! Hulle het so pas gesien hoe 'n hewige storm op die see heeltemal kalm word. Hulle is baie bang en sê vir mekaar: “Wie is hy regtig? Selfs die wind en die see gehoorsaam hom.” Hulle bereik die oorkantste oewer veilig (Markus 4:41–5:1). Dalk het die mense in die ander bote dit reggekry om na die westelike oewer terug te keer.

Dit is baie gerusstellend om te weet dat God se Seun beheer oor die natuurkragte het. Wanneer hy gedurende sy Koninkryksheerskappy sy volle aandag op die aarde rig, sal alle mense in veiligheid woon, want daar sal geen verskriklike natuurrampe wees nie!

-
- ◇ Watter natuurlike faktore dra dalk by tot die hewige storm op die See van Galilea?
 - ◇ Wat doen die dissipels uit desperaatheid?
 - ◇ Waarvan verseker hierdie gebeurtenis ons?

MAG OOR BAIE DEMONE

MATTEUS 8:28-34 MARKUS 5:1-20 LUKAS 8:26-39

Wanneer die dissipels teruggaan land toe ná hulle verskriklike ondervinding op die see, gebeur iets skokkends. Twee mans wat baie aggressief is omdat hulle demone in hulle het, kom uit 'n begraafplaas daar naby en hardloop na Jesus toe. Die Bybelverslag fokus op slegs een van die mans, dalk omdat hy gewelddadiger is en al langer onder die beheer van die demone is.

Hierdie arme man loop al 'n tyd lank kaal rond. Hy het “heelyd, dag en nag, in die grafte en in die berge geskree en homself met klippe stukkend gesny” (Markus 5:5). Hy is so wild dat mense bang is om op daardie pad te loop. Party mense het hom al probeer vasbind, maar hy ruk die kettings uitmekaar en breek die voetboeie stukkend. Niemand is sterk genoeg om hom te beheer nie.

Wanneer die man na Jesus toe kom en voor sy voete neerval, laat die demone hom skree: “Wat het ek met jou te doen, Jesus, Seun van die alderhoogste God? Sweer by God dat jy my nie sal

pynig nie.” Jesus wys dat hy gesag oor die demone het deur sy bevel: “Kom uit die man uit, jou onrein gees.” – Markus 5:7, 8.

In werklikheid is daar baie demone in die man. Wanneer Jesus hom vra: “Wat is jou naam?” antwoord hy: “My naam is Legioen, want ons is baie” (Markus 5:9). 'n Romeinse legioen bestaan uit duisende soldate; hierdie man word dus deur baie demone getreiter en gepla, en hulle geniet dit om te sien hoe hy ly. Hulle smeek Jesus “om hulle nie te beveel om in die afgrond in te gaan nie”. Hulle besef waarskynlik wat voorlê vir hulle sowel as vir hulle leier, Satan. – Lukas 8:31.

Daar naby wei 'n trop van sowat 2 000 varke, diere wat volgens die Wet onrein is en wat Jode nie eers sou besit nie. Die demone sê: “Stuur ons in die varke in sodat ons in hulle kan ingaan” (Markus 5:12). Jesus sê vir hulle om te gaan, en hulle gaan in die varke in. Dan storm al 2 000 van hulle oor die krans en verdrink in die see.





Wanneer die oppassers van die varke dit sien, gaan hulle vinnig om die nuus in die stad en in die platteland te vertel. Die mense kom om te sien wat gebeur het. Wanneer hulle daar aankom, sien hulle dat die man uit wie die demone gekom het, nou gesond is en normaal optree. Hy het klere aan en sit by Jesus se voete!

Mense wat hiervan hoor of die man sien in wie daar voorheen demone was, word baie bang, want hulle is nie seker wat dit vir hulle beteken nie. Hulle vra Jesus dringend om hulle gebied te verlaat. Terwyl Jesus op die boot klim, smee die man Jesus om hom te laat saamkom. Maar Jesus sê vir hom: “Gaan huis toe na jou familiele-

de, en vertel vir hulle alles wat Jehovah vir jou gedoen het en dat hy genade aan jou betoon het.” – Markus 5:19.

Jesus sê gewoonlik vir dié wat hy genees, om nie vir enigiemand daarvan te vertel nie, want hy wil nie hê dat mense gevolgtrekkings oor hom moet maak wat gebaseer is op allerhande stories nie. In hierdie geval is die man in wie daar voorheen demone was, lewende bewys van Jesus se krag, en hy kan vir mense getuig wat Jesus nie self sal kan bereik nie. Sy getuienis sal dalk ook enige slegte stories oor hoekom die varke dood is, regstel. Die man gaan dus en begin oral in die Dekapolis bekend maak wat Jesus vir hom gedoen het.



-
- ◇ Hoekom word die aandag gevestig op een van die twee mans in wie daar demone was?
 - ◇ Wat weet die demone omtrent hulle eie toekoms?
 - ◇ Hoekom sê Jesus vir die man in wie daar voorheen demone was, om vir ander te vertel wat Jesus gedoen het?

GENEES DEUR AAN JESUS SE KLEED TE RAAK

MATTEUS 9:18-22 MARKUS 5:21-34 LUKAS 8:40-48

Die nuus dat Jesus van die Dekapolis af terugkeer het, versprei onder Jode wat op die noord-westelike oewer van die See van Galilea woon. Baie het waarskynlik gehoor dat Jesus die wind en die water laat bedaar het gedurende 'n onlangse storm, en party weet dalk dat hy die mans genees het in wie daar demone was. Daarom kom “'n groot skare” bymekaar by die see, waarskynlik in Kapernaum, om Jesus terug te verwelkom (Markus 5:21). Wanneer hy uit die boot klim, is hulle opgewonde en vol verwagting.

Een van dié wat gretig is om Jesus te sien, is Jaïrus, die hoofbeampte van 'n sinagoge, dalk die een in Kapernaum. Hy val voor Jesus se voete neer en smeek oor en oor: “My dogtertjie is baie siek. Kom lê asseblief u hande op haar sodat sy gesond kan word en kan lewe” (Markus 5:23). Dit is sy enigste dogter, wat net 12 jaar oud is en vir wie hy baie lief is. Hoe sal Jesus reageer op Jaïrus se dringende versoek? – Lukas 8:42.

Op pad na Jaïrus se huis kom Jesus voor nog 'n emosionele situasie te staan. Baie van die mense wat saam met Jesus is, is opgewonde, en hulle wonder of hy nog 'n wonderwerk gaan doen. Maar een vrou in die skare se aandag is op iets heeltemal anders – haar eie ernstige gesondheidsprobleem.

Hierdie Joodse vrou ly al 12 jaar lank aan bloedvloeiing. Sy was al by die een dokter ná die ander en het al haar geld uitgegee op behandelings wat hulle aanbeveel het. Maar niks het gehelp nie. Om die waarheid te sê, haar probleem het “erger geword”. – Markus 5:26.

'n Mens kan verstaan dat haar siekte haar nie net verswak nie, maar dat dit ook vernederend is en haar in die verleentheid stel. Dit is oor die al-

gemeen nie iets waaroor 'n mens openlik praat nie. En onder die Wet van Moses is 'n vrou wat aan bloedvloeiing ly, seremonieel onrein. Enigiemand wat aan haar of haar bloedbevleekte kleres raak, moet hom of haar was en is tot die aand toe onrein. – Levitikus 15:25-27.

Hierdie vrou het “die nuus oor Jesus [gehoor],” en nou kom sy na hom soek. Omdat sy onrein is, probeer sy deur die skare loop sonder dat enigiemand haar sien terwyl sy vir haarself sê: “As ek net aan sy bo-klere raak, sal ek gesond word.” Wanneer sy aan die fraaiings van sy bo-kleed raak, voel sy onmiddellik dat haar bloedvloeiing opgehou het! Sy is “van die ernstige siekte genees”. – Markus 5:27-29.

Jesus sê dan: “Wie het aan my geraak?” Hoe dink jy voel die vrou wanneer sy hierdie woorde hoor? Petrus voel dat Jesus 'n onlogiese vraag vra, en hy sê: “Die skare omring u en druk van alle kante af teen u.” Hoekom het Jesus dan gevra: “Wie het aan my geraak?” Jesus verduidelik: “Iemand het aan my geraak, want ek weet dat krag uit my uitgegaan het” (Lukas 8:45, 46). Ja, toe hierdie genesing plaasgevind het, het lewenskrag uit Jesus uitgegaan.

Die vrou besef dat sy nie meer kan wegkruip nie en val bang en bewend voor Jesus neer. Sy vertel voor almal die waarheid oor haar siekte en dat sy nou net genees is. Jesus vertrou haar liefdevol: “Dogter, jou geloof het jou gesond gemaak. Gaan in vrede. Jy is van jou ernstige siekte genees.” – Markus 5:34.

Dit is duidelik dat die Een wat deur God gekies is om oor die aarde te regeer, 'n liefdevolle, medelydende persoon is wat nie net omgee vir mense nie, maar wat ook die krag het om hulle te help!



- ◇ Hoekom kom mense bymekaar om Jesus te verwelkom wanneer hy na Kapernaum terugkeer?
- ◇ Watter probleem het 'n sekere vrou, en hoekom kom soek sy Jesus se hulp?
- ◇ Hoe word die vrou genees, en hoe vertroos Jesus haar?

'N JONG MEISIE LEWE WEER!

MATTEUS 9:18, 23-26 MARKUS 5:22-24, 35-43 LUKAS 8:40-42, 49-56

Jairus sien dat die vrou met die bloedvloeiing deur Jesus genees is. Jesus kan sekerlik sy dogter ook help, al meen hy 'dat sy dogter seker nou al dood is' (Matteus 9:18). Kan sy nog gehelp word?

Terwyl Jesus nog praat met die vrou wat hy genees het, kom mans van Jairus se huis af daar aan en sê hulle vir hom: "U dogter het gesterf!" Hulle voeg by: "Hoekom sou u die Leermeester nog langer lastig val?" – Markus 5:35.

Watter verskriklike nuus! Hierdie man, wat so hoogs gerespekteerd is in die gemeenskap, is nou heeltemal hulpeloos. Sy enigste dogter het gesterf. Jesus hoor egter wat gebeur het, en hy draai na Jairus en sê die volgende gerusstellende woorde: "Moenie bekommerd wees nie. Beoefen net geloof." – Markus 5:36.

Dan gaan Jesus saam met Jairus terug na sy huis. Wanneer hulle daar aankom, sien hulle dat

al die mense wat daar bymekaargekom het, verskriklik huil en treur. Jesus gaan in die huis in en sê iets verbasends: "Die kind het nie gesterf nie. Sy slaap" (Markus 5:39). Wanneer die mense dit hoor, lag hulle Jesus uit. Hulle weet dat die meisie eintlik dood is. Jesus sal nou egter sy godgewe krag gebruik om te toon dat dit moontlik is vir mense wat gesterf het, om weer te lewe, net soos hulle uit 'n diep slaap wakker gemaak kan word.

Dan stuur Jesus almal behalwe Petrus, Jakobus, Johannes en die dooie meisie se ouers uit die huis uit. Jesus neem hulle vyf saam met hom na waar die meisie lê. Hy neem haar hand en sê: "'*Tali'ta koemi.*' Dit beteken: 'Meisie, ek sê vir jou, staan op!'" (Markus 5:41). Sy staan onmiddellik op en begin loop. Stel jou voor hoe Jairus en sy vrou voel wanneer hulle dit sien – hulle is buite hulleself van vreugde! Jesus gee verdere bewyse dat die meisie regtig lewe deur te sê dat hulle vir haar iets moet gee om te eet.

Toe Jesus by vorige geleentheid mense genees het, het hy vir hulle gesê om nie bekend te maak wat hy vir hulle gedoen het nie, en nou sê hy dit ook vir hierdie ouers. Maar die vreugdevolle ouers en ander verkondig die nuus "deur daardie hele gebied" (Matteus 9:26). Sou jy nie opgewonde daarvoor praat as jy gesien het hoe een van jou geliefdes uit die dood opgewek word nie? Dit is die tweede opgetekende opstanding wat Jesus verrig.



- ◇ Watter nuus ontvang Jairus, en hoe stel Jesus hom gerus?
- ◇ Wat is die situasie by Jairus se huis wanneer hy en Jesus daar aankom?
- ◇ Hoekom sê Jesus dat die dooie kind net slaap?



SELS IN NASARET VERWERP, ONDANKS WONDERWERKE

MATTEUS 9:27-34; 13:54-58 MARKUS 6:1-6



Dit was 'n lang dag vir Jesus. Nadat hy van die Dekapolis teruggekeer het, het hy die vrou met die bloedvloeiing genees en Jaïrus se dogter opgewek. Maar die dag is nog nie verby nie. Wanneer Jesus Jaïrus se huis verlaat, volg twee blinde mans hom, wat uitroep: “Betoon genade aan ons, Seun van Dawid.” – Matteus 9:27.

Deur Jesus “Seun van Dawid” te noem, wys hierdie mans dat hulle glo dat Jesus die erfgenaam van die troon van Dawid en dus die Messias is. Dit lyk asof Jesus hulle uitroepe ignoreer, dalk omdat hy wil sien hoe vasbeslote hulle is. En hulle is wel, want wanneer Jesus in 'n huis ingaan, volg die twee mans hom. Jesus vra hulle: “Glo julle dat ek dit kan doen?” Hulle antwoord vol vertroue: “Ja, Here.” Dan raak Jesus aan hulle oë en sê: “Laat dit gebeur volgens julle geloof.” – Matteus 9:28, 29.

Skielik kan hulle sien! Net soos voorheen, sê Jesus dat hulle ook nie bekend moet maak wat hy gedoen het nie. Maar hulle is so bly dat hulle later wyd en syd oor hom praat.

Terwyl die twee mans weggaan, bring mense 'n man in wat nie kan praat nie omdat hy 'n demoon in hom het. Jesus dryf die demoon uit, en die man begin onmiddellik praat. Die skare is verbaas hieroor en sê: “So iets is nog nooit in Israel gesien nie.” Daar is ook Fariseërs teenwoordig. Hulle kan nie sê dat die wonderwerke nie plaasgevind het nie, en daarom maak hulle weer dieselfde beskuldiging teen Jesus: “Dit is deur die heerser van die demone dat hy die demone uitdryf.” – Matteus 9:33, 34.

Kort daarna gaan Jesus terug na sy tuisdorp, Nasaret, en hierdie keer is sy dissipels saam met hom. Omtrent 'n jaar tevore het hy in die sinagoge daar onderrig. Aan die begin was die mense verstom oor wat hy gesê het, maar later het hulle aanstoot geneem oor wat hy geleer het en het hulle hom probeer doodmaak. Nou probeer Jesus weer om sy voormalige bure te help.

Op die Sabbat gaan hy terug na die sinagoge om daar te onderrig. Baie is verstom en vra selfs: “Waar het hierdie man hierdie wysheid gekry, en hoe doen hy hierdie kragtige werke?” Hulle sê: “Is hy nie die timmerman se seun nie? Is sy ma se naam nie Maria en sy broers se name Jakobus en Josef en Simon en Judas nie? En is sy susters nie almal by ons nie? Waar het hy sy wysheid gekry, en hoe doen hy al hierdie dinge?” – Matteus 13:54-56.

Die mense voel dat Jesus net 'n plaaslike inwoner is. ‘Hy het voor ons grootgeword,’ dink hulle, ‘hoe kan hy dan die Messias wees?’ Daarom, ondanks al die bewyse – insluitende Jesus se groot wysheid en wonderwerke – verwerp hulle hom. Omdat hulle Jesus ken, word selfs sy familieleden as gevolg van hom gestruikel, en dit laat hom sê: “'n Profeet word oral geëer, behalwe in sy tuisgebied en in sy eie huis.” – Matteus 13:57.

Ja, Jesus is verbaas oor hulle gebrek aan geloof. Hy doen dus geen wonderwerke daar nie “behalwe om sy hande op 'n paar siek mense te lê en hulle te genees”. – Markus 6:5, 6.

-
- ◇ Wanneer die blinde mans Jesus “Seun van Dawid” noem, wat wys dit omtrent wat hulle glo?
 - ◇ Watter verduideliking gee die Fariseërs weer eens vir Jesus se wonderwerke?
 - ◇ Hoe word Jesus in Nasaret ontvang, en hoekom?

JESUS PREEK IN GALILEA EN LEI DIE APOSTELS OP

MATTEUS 9:35–10:15 MARKUS 6:6-11 LUKAS 9:1-5

Jesus is al sowat twee jaar lank druk besig om te preek. Is dit nou die tyd om te ontspan en minder te doen? Nee. Jesus brei eerder sy predikingswerk uit deur 'op 'n reis te gaan deur al die stede en dorpies [van Galilea] en mense in hulle sinagoges te leer en die goeie nuus van die Koninkryk te verkondig en elke soort siekte en elke soort kwaal te genees' (Matteus 9:35). Wat hy sien, oortuig hom dat dit nodig is om die predikingswerk uit te brei. Maar hoe sal hy dit doen?

Terwyl Jesus reis, sien hy mense wat geestelike genesing en vertroosting nodig het. Hulle is soos skape sonder 'n herder, verwaarloos en sleg behandel. Hy voel jammer vir hulle en sê vir die dissipels: "Ja, die oes is groot, maar die werkers is min. Smee dus die Meester van die oes

om werkers in sy oes uit te stuur." – Matteus 9: 37, 38.

Jesus weet wat sal help. Hy roep die 12 apostels en maak ses groepe van twee. Dan gee hy hulle duidelike instruksies: "Moenie afdraai en 'n pad volg wat na die nasies lei nie, en moenie in enige Samaritaanse stad ingaan nie, maar hou eerder aan om na die verlore skape van die huis van Israel te gaan. Gaan preek en sê: 'Die Koninkryk van die hemel het naby gekom.'" – Matteus 10:5-7.

Die Koninkryk wat hulle moet verkondig, is dieselfde Koninkryk waarvan Jesus in die modelgebed gepraat het. 'Die Koninkryk het naby gekom' in die sin dat Jesus Christus, die Koning wat deur God aangewys is, teenwoordig is. Maar



wat sal bewys dat sy dissipels waarlik hierdie Koninkryksregering verteenwoordig? Jesus gee hulle die mag om die siekes te genees en selfs die dooies op te wek – en dit alles sonder om betaling te vra. Maar hoe sal die apostels dan vir hulleself sorg? Byvoorbeeld, waar sal hulle elke dag kos kry?

Jesus sê vir sy dissipels dat hulle nie allerhande materiële dinge vir hierdie predikingsreis hoef saam te neem nie. Hulle moenie goud, silwer of koper in hulle geldsakke saamvat nie. Hulle het nie eers 'n voedselsak of ekstra klere of sandale nodig nie. Hoekom nie? Jesus verseker hulle: “Die werker verdien om sy kos te ontvang” (Matteus 10:10). Mense wat hulle boodskap waardeur, sal help om in die dissipels se basiese behoeftes te voorsien. Jesus sê: “Waar julle ook al in 'n huis ingaan, bly daar totdat julle daarvandaan vertrek.” – Markus 6:10.

Jesus gee ook instruksies oor hoe om huisbewoners met die Koninkryksboodskap te nader. Hy sê: “Wanneer julle in die huis ingaan, groet die huismense. As die huis julle boodskap waardig is, laat die vrede wat julle dit toewens, daaroor kom, maar as dit nie julle boodskap waardig is nie, laat julle vrede na julle toe terugkeer. En waar iemand julle nie ontvang of nie na julle woorde luister nie, moet julle die stof van julle voete afskud wanneer julle uit daardie huis of daardie stad uitgaan.” – Matteus 10:12-14.

Dit kan selfs gebeur dat 'n hele stad of dorp hulle boodskap verwerp. Wat beteken dit vir so



'n plek? Jesus wys dat dit tot 'n swaar oordeel sal lei. Hy verduidelik: “Ek verseker julle: Dit sal op die Oordeelsdag beter gaan met die land van Sodom en Gomorra as met daardie stad.” – Matteus 10:15.

- ◇ Wanneer begin Jesus met nog 'n predikingsreis van Galilea, en wat let hy op omtrent die mense?
- ◇ Hoe stuur Jesus die 12 apostels uit, en met watter instruksies?
- ◇ In watter sin het 'die Koninkryk naby gekom'?

VOORBEREID OM TE PREEK ONDANKS VERVOLGING

MATTEUS 10:16–11:1 MARKUS 6:12, 13 LUKAS 9:6

Jesus gee sy apostels uitstekende instruksies oor hoe om die predikingswerk te doen wanneer hulle twee-twee uitgaan. Maar dit is nie al wat hy doen nie. Hy waarsku hulle vriendelik dat daar teenstanders sal wees: “Kyk! Ek stuur julle uit soos skape onder wolwe. . . . Julle moet oppas, want mense sal julle aan plaaslike howe oorlewer, en hulle sal julle in hulle sinagoges met gésels slaan. Julle sal voor goewerneurs en konings gebring word ter wille van my.” – Matteus 10:16-18.

Ja, Jesus se volgelinge sal dalk erg vervolgd word, maar hy maak hierdie vertroostende belofte aan hulle: “Wanneer hulle julle oorlewer, moet julle nie bekommerd wees oor wat julle moet sê of hoe julle dit moet sê nie, want wat julle moet sê, sal op daardie tyd aan julle gegee word, want dit is nie net julle wat praat nie, maar dit is die gees van julle Vader wat deur julle praat.” Jesus sê verder: “Die een broer [sal] die ander broer aan die dood oorlewer, en ’n pa sy kind, en kinders sal teen ouers opstaan en hulle laat doodmaak. En julle sal deur alle mense gehaat word as gevolg van my naam, maar die een wat tot die einde toe volhard, sal gered word.” – Matteus 10:19-22.

Omdat die predikingswerk so uiters belangrik

is, het Jesus beklemtoon dat sy volgelinge versigtig moet wees sodat hulle die vryheid kan hê om met die werk voort te gaan. Hy sê: “Wanneer hulle julle in een stad vervolgd, vlug na ’n ander, want ek verseker julle dat julle beslis nie die kring van die stede van Israel sal voltooi voordat die Seun van die mens kom nie.” – Matteus 10:23.

Watter uitstekende instruksies, waarskuwings en aanmoediging het Jesus sy 12 apostels gegee! ’n Mens kan egter verstaan dat hierdie woorde ook bedoel is vir dié wat ná Jesus se dood en opstanding aan die predikingswerk sal deelneem. Dit word gewys deur die feit dat hy gesê het dat sy dissipels “deur *alle* mense gehaat [sal] word”, nie net deur dié na wie die apostels gestuur is nie. Ons lees ook nie dat die apostels gedurende hierdie kort predikingskampaanje in Galilea voor goewerneurs en konings gebring is of dat hulle deur familieleden aan die dood oorgelewer is nie.

Dit is duidelik dat Jesus van die toekoms praat wanneer hy hierdie dinge vir die apostels sê. Dink hieraan: Hy sê dat sy dissipels nie hulle predikingswerk sal voltooi “voordat die Seun van die mens kom nie”. Jesus wys dat sy dissipels nie die werk om God se Koninkryk te verkondig,



sal voltooi voordat die verheerlikte Koning Jesus Christus as God se regter kom nie.

Terwyl die apostels die predikingswerk doen, moet hulle nie verbaas wees as mense hulle teëstaan nie, want Jesus sê: “’n Leerling is nie bo sy leermeester nie, en ’n slaaf is ook nie bo sy meester nie.” Jesus se punt is duidelik. Hy is sleg behandel en vervolgd omdat hy God se Koninkryk verkondig het, en dit sal ook met ons gebeur. Tog gee Jesus die aansporing: “Moenie dié vrees wat die liggaam doodmaak maar nie die siel kan doodmaak nie. Vrees eerder die Een wat die siel sowel as die liggaam in Gehenna kan vernietig.” – Matteus 10:24, 28.

Jesus het die voorbeeld hierin gestel. Hy het die dood moedig verduur eerder as om dislojaal te wees aan die een met alle mag, Jehovah. Dit is God die Almagtige wat ’n persoon se “siel” (sy vooruitsig op toekomstige lewe) kan vernietig of wat hom kan opwek om die ewige lewe te geniet. Hoe vertroostend moet dit tog vir die apostels wees!

Jesus illustreer God se liefdevolle sorg vir sy volgelinge met hierdie woorde: “Twee mossies word vir ’n muntstuk van min waarde verkoop, nie waar nie? Tog sal nie een van hulle op die grond val sonder dat julle Vader daarvan weet nie. . . . Moet dus nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies.” – Matteus 10:29, 31.

Die boodskap wat Jesus se dissipels verkondig, sal huishoudings verdeel omdat party familielede dit sal aanvaar en ander nie. “Moenie



dink dat ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie,” verduidelik Jesus. Ja, dit verg geloof vir ’n familielid om Bybelwaarheid te aanvaar. “Enigiemand wat meer geheg is aan sy pa of sy ma as aan my, verdien nie om my dissipel te wees nie, en enigiemand wat meer geheg is aan sy seun of sy dogter as aan my, verdien nie om my dissipel te wees nie.” – Matteus 10:34, 37.

Tog sal party mense sy dissipels goed ontvang. Hy sê dat “enigiemand wat een van hierdie kleintjies net ’n beker koue water gee om te drink omdat hy ’n dissipel is, sy beloning beslis nie sal verloor nie”. – Matteus 10:42.

Danksy Jesus se instruksies, waarskuwings en aanmoediging, is die apostels nou goed voorbereid. Hulle het toe “deur die gebied van dorpie tot dorpie gegaan en oral die goeie nuus bekend gemaak en mense genees”. – Lukas 9:6.

-
- ◇ Watter waarskuwings gee Jesus vir sy dissipels?
 - ◇ Watter aanmoediging en vertroosting gee hy hulle?
 - ◇ Hoekom is Jesus se instruksies ook vandag op ons van toepassing?

MOORD GEDURENDE 'N VERJAARSDAGPARTYTJIE

MATTEUS 14:1-12 MARKUS 6:14-29 LUKAS 9:7-9

Jesus se apostels is besig met die predikingswerk in Galilea. Johannes die Doper, wat bekend gemaak het dat Jesus sou kom, het egter nie hierdie vryheid nie. Hy is nou al amper twee jaar lank in die tronk.

Johannes het openlik gesê dat dit verkeerd was van koning Herodes Antipas om sy halfbroer Filippus se vrou, Herodias, as sy vrou te neem. Herodes het van sy eerste vrou geskei om met Herodias te trou. Volgens die Wet van Moses, wat Herodes sê hy volg, het hy egbreuk gepleeg en is hierdie huwelik onwettig. Johannes het Herodes hieroor tereggewys, en daarom het Herodes hom in die tronk laat gooi, dalk omdat Herodias hom aangespoor het om dit te doen.

Herodes weet nie wat om met Johannes te doen nie omdat die mense 'glo dat hy 'n profeet is' (Matteus 14:5). Maar Herodias weet presies wat sy wil doen. Sy 'koester 'n wrok teen hom' en is heelyd op soek na 'n geleentheid om hom te laat doodmaak (Markus 6:19). Uiteindelik breek die regte geleentheid aan.

Kort voor die Pasga van 32 HJ reël Herodes 'n groot fees om sy verjaarsdag te vier. Al Herodes se hooggeplaaste amptenare en militêre offisiere, sowel as die belangrikste inwoners van Galilea, is genooi. Gedurende die fees word Salome, die jong dogter van Herodias wat sy by haar vorige man Filippus gehad het, ingestuur om vir die gaste te dans. Die mans is betower deur haar vertoning.

Herodes is baie beïndruk met sy stiefdogter en

sê vir haar: "Vra my enigiets wat jy wil hê, en ek sal dit vir jou gee." Hy sweer selfs: "Wat jy my ook al vra, sal ek vir jou gee, tot die helfte van my koninkryk." Voordat Salome antwoord, gaan sy na haar ma en vra sy: "Waarvoor moet ek vra?" – Markus 6:22-24.

Dit is die geleentheid waarna Herodias op soek was! "Die kop van Johannes die Doper," antwoord sy sonder om te huiwer. Salome gaan onmiddellik terug na Herodes en sê: "Ek wil hê dat u dadelik vir my die kop van Johannes die Doper op 'n skinkbord moet gee." – Markus 6:24, 25.

Dit ontstel Herodes baie, maar sy gaste het gehoor wat hy aan Salome gesweer het. Hy voel dat hy by sy belofte moet bly, selfs al beteken dit die dood van 'n onskuldige man. Daarom stuur Herodes 'n lyfwag na die tronk met 'n verskriklike opdrag. 'n Rukkie later kom hy terug met die Johannes se kop op 'n skinkbord. Hy gee dit vir Salome, wat dit na haar ma toe neem. Wanneer Johannes se dissipels hoor wat gebeur het, kom haal hulle sy liggaam en begrawe hulle dit. Dan vertel hulle Jesus wat gebeur het.

Later, wanneer Herodes hoor dat Jesus mense genees en demone uitdryf, word hy bang. Hy wonder of die man wat hierdie dinge doen – Jesus – eintlik Johannes die Doper is wat "uit die dood opgewek is" (Lukas 9:7). Daarom wil Herodes Antipas Jesus baie graag sien. Dit is beslis nie om Jesus te hoor preek nie. Herodes wil Jesus eerder sien om uit te vind of sy bekommernisse geldig is of nie.

-
- ◇ Hoekom is Johannes die Doper in die tronk?
 - ◇ Hoe kry Herodias dit uiteindelik reg om Johannes te laat doodmaak?
 - ◇ Hoekom wil Herodes Antipas Jesus sien ná Johannes se dood?



DUISENDE WORD GEVOED MET 'N PAAR BRODE EN VISSIE

MATTEUS 14:13-21 MARKUS 6:30-44 LUKAS 9:10-17 JOHANNES 6:1-13

Ná 'n predikingskampanje regdeur Galilea vertel die 12 apostels vir Jesus 'alles wat hulle gedoen het en vir die mense geleer het'. Dit is te verstaan dat hulle moeg is. Maar hulle kan nie eers eet nie, want so baie mense kom en gaan. Daarom sê Jesus: "Kom saam na 'n afgeleë plek waar julle alleen kan wees en 'n bietjie kan rus." – Markus 6:30, 31.

Hulle klim op 'n boot, waarskynlik naby Kaper-naum, en gaan na 'n afgeleë plek oos van die Jordaanrivier anderkant Betsaida. Maar baie mense sien dat hulle vertrek, en ander hoor daarvan. Hulle hardloop langs die strand, en wanneer die boot daar aankom, staan hulle al daar en wag.

Wanneer Jesus uit die boot klim en die skare sien, voel hy jammer vir hulle, want hulle is soos skape sonder 'n herder. Daarom 'begin hy hulle

baie dinge leer' oor die Koninkryk (Markus 6:34). Hy maak ook "die siek mense" gesond (Lukas 9: 11). Met verloop van tyd sê die dissipels vir hom: "Ons is op 'n afgeleë plek, en dit is al laat. Stuur die skare weg, sodat hulle in die dorpie kan ingaan en vir hulle kos kan koop om te eet." – Matteus 14:15.

Jesus sê: "Hulle hoef nie weg te gaan nie. Gee julle vir hulle iets om te eet" (Matteus 14:16). Al weet Jesus klaar wat hy gaan doen, toets hy Filippus met die vraag: "Waar gaan ons brood koop sodat hierdie mense kan eet?" Filippus is die regte een om te vra, want hy is van Betsaida, wat daar naby is. Maar om brood te koop is nie die oplossing nie. Daar is omtrent 5 000 mans. En as die vrouens en kinders bygetel word, kan daar dalk twee keer soveel wees! Filippus antwoord: "Brood vir 200 denarii [’n denarii is ’n dag se loon] is nie genoeg sodat elkeen van hulle selfs net ’n stukkie kan kry nie." – Johannes 6: 5-7.

Dalk om te wys hoe onmoontlik dit is om hulle almal kos te gee, sê Andreas: "Hier is ’n seuntjie wat vyf brode en twee vissies het. Maar wat is dit nou onder so baie mense?" – Johannes 6:9.

Dit is lente, net voor die Pasga van 32 HJ, en groen gras bedek die heuwel. Jesus sê vir sy dissipels om vir die mense te sê om in groepe van 50 en 100 op die gras te gaan sit. Hy neem die vyf brode en twee visse en dank God. Dan breek hy die brode en verdeel hy die vis. Jesus gee dit aan die dissipels om vir die mense uit te deel. Verbasend genoeg eet al die mense totdat hulle versadig is!

Jesus sê later vir sy dissipels: "Maak die oorskietstukke bymekaar sodat niks gemors word nie" (Johannes 6:12). Hulle maak 12 mandjies vol met al die oorskietstukke wat hulle bymekaarmaak!





- ◇ Hoekom soek Jesus 'n stil plek vir sy apostels?
- ◇ Waar gaan Jesus en die dissipels, en wat sien hulle daar?
- ◇ Wat spoor die dissipels Jesus aan om te doen, maar hoe sorg hy vir die mense?

'N HEERSER WAT DIE ELEMENTE KAN BEHEER

MATTEUS 14:22-36 MARKUS 6:45-56 JOHANNES 6:14-25



Jesus se wonderdadige vermoë om duisende te voed, het 'n groot uitwerking op die mense. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat 'dit beslis die Profeet is wat in die wêreld sou inkom,' die Messias, en dat hy beslis 'n goeie heerser sal wees (Johannes 6:14; Deuteronomium 18:18). Daarom beplan die mense om Jesus te gryp en hom koning te maak.

Maar Jesus besef wat die mense beplan. Hy stuur die skare weg en sê vir sy dissipels om weer in hulle bote te klim. Wat is hulle roete en bestemming? Hulle moet na Betsaida gaan en dan na Kapernaum. Maar Jesus gaan in die aand na die berg om alleen te bid.

In die maanlig, nog voordat die son opkom, hou Jesus die boot van 'n afstand af dop. Daar is 'n sterk wind wat die golwe onstuimig maak, en die apostels "sukkel om te roei, want die wind [is] teen hulle" (Markus 6:48). Jesus kom van die berg af en begin oor die golwe na hulle toe loop. Teen hierdie tyd het "hulle omtrent vyf of ses kilometer geroei" (Johannes 6:19). Die dissipels sien Jesus en dit lyk asof hy verby hulle gaan loop. Hulle roep bang uit: "Dit is 'n verskyning!" – Markus 6:49.

Jesus stel hulle gerus en sê: "Bedaar! Dit is ek. Moenie bang wees nie." Maar Petrus sê: "Here, as dit u is, beveel my om oor die water na u toe te kom." Jesus antwoord: "Kom!" Dan klim Petrus uit die boot en loop hy oor die water na Jesus toe. Maar wanneer hy na die windstorm

kyk, word hy bang en begin hy sink. Hy roep uit: "Here, red my!" Jesus steek sy hand uit, gryp hom en vra hom: "Waar is jou geloof? Hoekom het jy begin twyfel?" – Matteus 14:27-31.

Petrus en Jesus klim in die boot, en die wind gaan lê. Die dissipels is verbaas, maar behoort hulle te wees? As hulle die betekenis verstaan het van "die brode" – die wonderwerk wat Jesus 'n paar uur vroeër gedoen het toe hy duisende gevoed het – sou hulle nie verbaas gewees het dat hy op water kan loop en die wind laat bedaar nie. Nou bewys hulle eer aan hom deur te sê: "U is werklik God se Seun." – Markus 6:52; Matteus 14:33.

Kort daarna kom hulle by die pragtige, vrugbare vlakte van Gennesaret, suid van Kapernaum. Hulle anker die boot en gaan aan land. Die mense herken Jesus, en net soos ander van die omliggende omgewing, bring hulle die siekes na hom toe. Wanneer hulle net aan die fraaiings van Jesus se bo-kleed raak, word hulle heeltemal gesond.

Intussen het die skare wat gesien het hoe Jesus die duisende wonderdadig voed, besef dat Jesus vertrek het. Wanneer klein bootjies van Tiberias dus daar aankom, klim die mense daarop en gaan hulle na Kapernaum om Jesus te vind. Wanneer hulle Jesus vind, vra hulle: "Rabbi, wanneer het u hier aangekom?" (Johannes 6:25). Jesus bestraf hulle en met goeie rede, soos ons sal sien.

-
- ◇ Wat wil die mense met Jesus doen nadat hy duisende voed?
 - ◇ Hoekom behoort dit die dissipels nie te verbaas dat Jesus op water kan loop en die wind kan laat bedaar nie?
 - ◇ Wat gebeur nadat Jesus by die strand naby Kapernaum kom?

JESUS – “DIE BROOD VAN DIE LEWE”

JOHANNES 6:25-48

Aan die oostelike kant van die See van Galilea het Jesus duisende mense wonderdadig gevoed, en toe hulle hom koning wou maak, het hy van hulle af weggegaan. Daardie nag het hy op die stormagtige see geloop en Petrus gered, wat ook op water geloop het, maar begin sink het toe hy getwyfel het. Jesus het ook die wind laat bedaar en sy dissipels van moontlike skipbreuk gered.

Nou is Jesus weer aan die westelike kant van die see, in die gebied van Kapernaum. Dié wat hy wonderdadig gevoed het, vind hom en vra: “Wanneer het u hier aangekom?” Jesus bestraf hulle deur te sê dat hulle na hom soek sodat hulle weer gevoed kan word. Hy spoor hulle aan om ‘nie te werk vir die voedsel wat sleg word nie, maar vir die voedsel wat ewige lewe gee’. Daarom vra hulle: “Wat moet ons doen om die werke van God te verrig?” – Johannes 6:25-28.

Hulle dink dalk aan die werke wat in die Wet uiteengesit is, maar Jesus verwys na die heel belangrikste werk: “God wil hê dat julle geloof beoefen in die een wat hy gestuur het.” Maar die mense beoefen nie sulke geloof in Jesus nie, ten spyte van alles wat hy gedoen het. Hulle dring daarop aan dat hy vir hulle ‘n teken moet gee sodat hulle in hom kan glo. “Watter werk doen u?” vra hulle. “Ons voorvaders het die manna in die wildernis geëet, net soos daar geskryf is: ‘Hy het vir hulle brood uit die hemel gegee om te eet.’” – Johannes 6:29-31; Psalm 78:24.

Die mense vra om ‘n teken te sien, maar Jesus sê vir hulle wat die ware Bron van wonderdadige voorsienings is: “Ek verseker julle: Moses het nie vir julle die brood uit die hemel gegee nie, maar my Vader gee vir julle die ware brood uit die hemel. Want die brood van God is die een wat uit die hemel neerdaal en lewe gee aan die wêreld.” Hulle verstaan nie wat hy sê nie en smeek: “Here,

gee altyd vir ons van hierdie brood” (Johannes 6:32-34). Maar van watter “brood” praat Jesus?

Hy verduidelik: “Ek is die brood van die lewe. Enigiemand wat na my toe kom, sal nooit honger word nie, en enigiemand wat geloof in my beoefen, sal nooit dors word nie. Maar soos ek vir julle gesê het, julle het my gesien, maar tog glo julle nie. . . . Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my eie wil te doen nie, maar die wil van hom wat my gestuur het. Die wil van hom wat my gestuur het, is dat ek niemand moet verloor uit almal wat hy aan my gegee het nie, maar dat ek hulle op die laaste dag moet opwek. Want die wil van my Vader is dat elkeen wat die Seun erken en geloof in hom beoefen, die ewige lewe moet hê.” – Johannes 6:35-40.

Die Jode begin kla as gevolg hiervan. Hoe kan hy beweer dat hy “die brood [is] wat uit die hemel neergedaal het”? (Johannes 6:41). Vir hulle is hy net ‘n seun van menseouers uit die Galiliese stad Nasaret. Die mense vra: “Is dit nie Jesus die seun van Josef, wie se pa en ma ons ken nie?” – Johannes 6:42.

“Hou op om onder mekaar te kla,” antwoord Jesus. “Geen mens kan na my toe kom tensy die Vader, wat my gestuur het, hom trek nie, en ek sal hom op die laaste dag opwek. Daar is in die boeke van die profete geskryf: ‘Hulle sal almal deur Jehovah geleer word.’ Elkeen wat na die Vader geluister het en wat geleer het, kom na my toe. Nie dat enigiemand die Vader gesien het nie, behalwe die een wat van God kom. Hy het die Vader gesien. Ek verseker julle: Enigiemand wat glo, het die ewige lewe.” – Johannes 6:43-47; Jesaja 54:13.

Toe Jesus vroeër met Nikodemus gepraat het, het hy die ewige lewe met geloof in die Seun van die mens verbind. Hy het gesê: ‘Elkeen wat ge-



loof in hom [God se eniggebore Seun] beoefen, sal nie vernietig word nie, maar kan die ewige lewe hê' (Johannes 3:15, 16). Maar nou praat hy met 'n baie groter gehoor, en hy sê vir hulle dat hulle die ewige lewe kan verkry – nie deur die manna of die brood wat in Galilea beskikbaar is

nie, maar deur sy belangrike rol te erken. Jesus sê weer: “Ek is die brood van die lewe.” – Johannes 6:48.

Hierdie bespreking oor die brood uit die hemel gaan voort en bereik 'n klimaks terwyl Jesus in 'n sinagoge in Kapernaum onderrig.

-
- ◇ Met die oog op wat onlangs gebeur het, hoekom is dit ongepas om Jesus vir 'n teken te vra?
 - ◇ Hoe reageer die Jode wanneer Jesus sê dat hy die ware “brood uit die hemel” is?
 - ◇ Hoekom is die brood waarvan Jesus praat baie beter as manna of letterlike brood?

JESUS SE WOORDE SKOK BAIE

JOHANNES 6:48-71

In 'n sinagoge in Kapernaum leer Jesus mense dat hy die ware brood uit die hemel is. Jesus bou blykbaar voort op wat hy gesê het vir die mense wat teruggekeer het van die oostelike kant van die See van Galilea, dié wat daar van die brood en die vis geëet het.

Jesus gaan verder met sy bespreking en sê: “Julle voorvaders het die manna in die wildernis geëet en tog het hulle gesterf.” In teenstelling hiermee verduidelik hy: “Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As enigiemand van hierdie brood eet, sal hy vir ewig lewe. Die brood wat ek sal gee, is in werklikheid my vlees sodat die wêreld kan lewe.” – Johannes 6:48-51.

In die lente van 30 HJ het Jesus vir Nikodemus gesê dat God die wêreld so liefgehad het dat hy sy Seun as 'n Redder voorsien het. Nou beklemtoon Jesus dat mense sy vlees moet eet deur geloof te beoefen in die offerande wat hy sal bring. Dit is hoe die ewige lewe verkry kan word.

Maar die mense neem aanstoot as gevolg van wat Jesus sê. “Hoe kan hierdie man sy vlees vir ons gee om te eet?” vra hulle (Johannes 6:52). Jesus wil hê hulle moet verstaan dat hy dit figuurlik bedoel, nie letterlik nie. Dit word duidelik uit wat hy daarna sê.

“As julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie. Enigiemand wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, . . . want my vlees is ware voedsel, en my bloed is ware drank. Enigiemand wat my vlees eet en my bloed drink, bly in eenheid met my.” – Johannes 6:53-56.

Dink net hoe dit Joodse luisteraars moet aanstoot gee! Hulle dink dalk dat Jesus van kannibalisme praat of sê dat hulle God se wet moet

oortree deur bloed te eet (Genesis 9:4; Levitikus 17:10, 11). Maar Jesus sê nie dat hulle letterlik vlees moet eet of bloed moet drink nie. Hy wys dat almal wat die ewige lewe wil hê, geloof moet beoefen in die offerande wat hy gaan maak wanneer hy sy volmaakte menseliggam opoffer en sy lewensbloed uitstort. Maar selfs baie van sy dissipels verstaan nie wat hy bedoel nie. Party sê: “Hierdie woorde is skokkend! Wie kan daarna luister?” – Johannes 6:60.

Omdat Jesus besef dat party van sy dissipels hieroor kla, sê hy: “Laat dit julle struikel? Wat sal julle dan sê as julle die Seun van die mens sien opvaar na waar hy voorheen was? . . . Die woorde wat ek vir julle gesê het, is gees en lewe. Maar daar is party van julle wat nie glo nie.” Wanneer hy dit sê, verlaat baie dissipels hom en hou hulle op om hom te volg. – Johannes 6:61-64.

Dan vra Jesus sy 12 apostels die volgende vraag: “Wil julle nie dalk ook weggaan nie?” Petrus antwoord: “Here, na wie toe sal ons weggaan? U het woorde van die ewige lewe. Ons het geglo en weet dat u die Heilige van God is” (Johannes 6:67-69). Petrus en die ander apostels bewys hulle lojaliteit, al verstaan hulle op hierdie stadium nie heeltemal wat Jesus hulle oor hierdie saak wil leer nie!

Jesus is bly oor Petrus se antwoord, maar hy sê: “Ek het die twaalf van julle uitgekies, nie waar nie? Tog is een van julle 'n lasteraar” (Johannes 6:70). Jesus praat van Judas Iskariot. Dit is moontlik dat Jesus op hierdie stadium agterkom dat Judas 'n verkeerde weg begin inslaan.

Nogtans maak dit Jesus beslis bly om te weet dat Petrus en die ander apostels nie ontmoedig is om hom te volg en om deel te neem aan die lewensreddende werk wat hy doen nie.



- ◇ Hoe gee Jesus sy vlees aan mense, en hoe kan iemand 'Jesus se vlees eet'?
- ◇ Hoekom is mense geskok deur wat Jesus oor sy vlees en bloed sê, maar wat beklemtoon hy?
- ◇ Hoe reageer Petrus wanneer baie ophou om Jesus te volg?

WAT MAAK IEMAND NOU EINTLIK ONREIN?

MATTEUS 15:1-20 MARKUS 7:1-23 JOHANNES 7:1

Terwyl die Pasga van 32 HJ nader kom, is Jesus besig om mense in Galilea te leer. Dan gaan hy waarskynlik na Jerusalem vir die Pasga, soos God se Wet vereis. Maar Jesus is versigtig, want die Jode wil hom doodmaak (Johannes 7:1). Daarna gaan hy terug na Galilea.

Jesus is heel moontlik in Kapernaum wanneer Fariseërs en skrifgeleerdes van Jerusalem na hom toe kom. Hoekom reis hulle hierheen? Hulle soek na bewyse om Jesus daarvan te beskuldig dat hy God se Wet oortree. Hulle vra: “Hoekom oortree jou dissipels die tradisies van ons voorvaders? Want hulle was nie hulle hande voordat hulle eet nie” (Matteus 15:2). God het nooit vir sy volk gesê om die ritueel te volg om ‘hulle hande tot by die elmboë te was nie’ (Markus 7:3). Maar vir die Fariseërs is dit ’n ernstige oortreding as iemand dit nie doen nie.

Jesus reageer nie direk op hulle beskuldiging nie, maar hy wys eerder hoe hulle doelbewus God se Wet verbreek. “Hoekom oortree julle die gebod van God weens julle tradisies?” vra hy hulle. “God het byvoorbeeld gesê: ‘Eer jou pa en jou ma’, en: ‘Laat die persoon wat sy pa of ma beledig, doodgemaak word.’ Maar julle sê: ‘As enigiemand vir sy pa of ma sê: ‘Alles wat ek het waarmee ek julle sou kon ondersteun, het ek as ’n gawe aan God belowe,’ dan hoef hy sy pa glad nie te eer nie.’” – Matteus 15:3-6; Eksodus 20:12; 21:17.

Die Fariseërs beweer dat geld, eiendom of enigiets wat as ’n gawe aan God belowe is, aan die tempel behoort en dus nie vir enigiets anders gebruik kan word nie. Maar in werklikheid is die persoon nog steeds in besit van die gawe wat aan God belowe is. Byvoorbeeld, ’n seun sê dalk dat sy geld of eiendom “korban” is, ’n gawe wat aan God of die tempel belowe is, asof die tem-

pel nou eerste daarop aanspraak kan maak. Die seun kan die geld of die eiendom nog steeds gebruik, maar hy beweer dat dit nie gebruik kan word om sy bejaarde en behoeftige ouers te help nie. Op hierdie manier ontduik hy sy verantwoordelikheid teenoor hulle. – Markus 7:11.

Jesus het goeie rede om kwaad te wees omdat hulle God se Wet verdraai, en hy sê: “Julle [het] die woord van God weens julle tradisies krageloos gemaak. Julle skynheiliges, Jesaja was reg toe hy oor julle geprofeteer het: ‘Hierdie volk eer my met hulle lippe, maar hulle harte is ver van my af. Dit is verniet dat hulle my bly aanbid, want hulle leer gebooi van mense as leerstellings.’” Die Fariseërs het geen antwoord op Jesus se sterk kritiek nie. Dan roep hy die skare nader. “Luister en verstaan die betekenis hiervan,” sê hy. “Dit is nie wat in ’n mens se mond ingaan wat hom onrein maak nie, maar dit is wat uit sy mond uitkom wat hom onrein maak.” – Matteus 15:6-11; Jesaja 29:13.

Wanneer hulle later in ’n huis is, vra die dissipels Jesus: “Weet u dat die Fariseërs gestruikel het toe hulle hoor wat u sê?” Hy antwoord: “Elke plant wat my hemelse Vader nie geplant het nie, sal met wortel en al uitgeruk word. Los hulle. Hulle is blinde gidse. As een blinde man ’n ander blinde man lei, sal hulle albei in ’n gat val.” – Matteus 15:12-14.

Dit lyk asof Jesus verbaas is wanneer Petrus namens die dissipels vir ’n verduideliking vra oor wat ’n mens onrein maak. Jesus antwoord: “Besef julle nie dat alles wat in die mond ingaan, deur die maag gaan en in die riool beland nie? Maar die dinge wat uit die mond uitkom, kom uit die hart, en hierdie dinge maak ’n mens onrein. Uit die hart kom daar byvoorbeeld goddelose reddenasies: moord, egbreuk, seksuele onsedelik-



heid, diefstal, valse getuïenis en lastering. Hierdie dinge maak 'n mens onrein, maar om met ongewaste hande te eet, maak 'n mens nie onrein nie." – Matteus 15:17-20.

Jesus ontmoedig nie normale higiëne nie, en hy bedoel ook nie dat 'n persoon nie sy hande

moet was voordat hy kos voorberei of eet nie. Hy veroordeel eerder die skynheiligheid van godsdiensteleiers wat God se regverdigde wette probeer vermy deur mensetradisië te volg. Die feit is: Goddelose dade wat in die hart ontstaan, maak 'n mens onrein.

-
- ◇ Watter beskuldiging maak die Fariseërs en skrifgeleerdes?
 - ◇ Hoe oortree die Fariseërs doelbewus God se Wet, soos Jesus uitwys?
 - ◇ Watter dinge maak 'n mens nou eintlik onrein?

JESUS GENEES 'N MEISIE EN 'N DOWE MAN

MATTEUS 15:21-31 MARKUS 7:24-37

Nadat Jesus die Fariseërs veroordeel het vir hulle selfsugtige tradisies, vertrek Jesus met sy dissipels. Hy gaan na die streke Tirus en Sidon in Fenisië, baie kilometers na die noordweste.

Jesus vind 'n huis waar hy kan bly, maar hy wil nie hê mense moet weet dat hy daar is nie. Tog kan hy nie hier bly sonder dat mense hom raaksien nie. 'n Vrou van Griekse herkoms wat in hierdie gebied gebore is, vind Jesus en begin hom smeek: "Betoon genade aan my, Here, Seun van Dawid. My dogter het 'n demoon in haar, en sy ly verskriklik as gevolg daarvan." – Matteus 15:22; Markus 7:26.

'n Rukkie later sê Jesus se dissipels vir hom: "Stuur haar weg, want sy roep die hele tyd agter ons aan." Jesus verduidelik hoekom hy haar ignoreer: "Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel." Maar die vrou gee nie op nie. Sy kom val voor Jesus neer en smeek hom: "Here, help my!" – Matteus 15:23-25.

Jesus toets blykbaar haar geloof deur te verwys na die Jode se negatiewe beskouing van mense van ander nasionaliteite: "Dit is nie reg om die kinders se brood te vat en dit vir die hondjies te gooi nie" (Matteus 15:26). Deur nie "honde" te sê nie, maar "*hondjies*", wys Jesus dat hy 'n sagte plekkie vir nie-Jode het. Sy vriendelike gesigsuitdrukking en stemtoon dra sekerlik ook hierdie gevoelens oor.

Die vrou is nie beledig deur Jesus se verwysing na Joodse vooroordeel nie, maar sê eerder nederig: "Ja, Here, maar die hondjies eet tog van die krummels wat van hulle eienaars se tafel afval." Jesus sien haar goeie hartstoestand en sê: "Vrou, jou geloof is groot. Laat dit ge-

beur soos jy wil hê" (Matteus 15:27, 28). En dit is wat gebeur, al is haar dogter nie eens daar nie! Wanneer die vrou by die huis kom, sien sy haar dogter op die bed lê, heeltemal genees – "die demoon was weg"! – Markus 7:30.

Wanneer Jesus en sy dissipels die gebied van Fenisië verlaat, gaan hulle na die boonste deel van die Jordaanrivier. Hulle steek blykbaar die Jordaanrivier oor iewers noord van die See van Galilea en gaan die gebied van die Dekapolis binne. Daar gaan hulle by 'n berg op, maar die skare vind hulle. Die mense bring hulle kreupeles, verminktes, blindes en stommes na Jesus toe. Hulle lê hierdie siekes by Jesus se voete neer, en hy genees hulle. Die mense is verstom en verheerlik die God van Israel.

Jesus gee spesiale aandag aan 'n dowe man met 'n spraakgebrek. Jy kan jou voorstel hoe hy in 'n groot skare moet voel. Dalk sien Jesus hoe senuweeagtig hy is, en daarom neem hy hom weg van die skare af. Wanneer hulle alleen is, beduie Jesus vir hom wat hy gaan doen. Hy steek sy vingers in die man se ore, en nadat hy gespoeg het, raak hy aan die man se tong. Dan kyk Jesus op na die hemel en gebruik 'n Semitiese uitdrukking wat beteken: "Word geopen." Skielik kan die man weer hoor en normaal praat. Jesus wil nie hê dat dit bekend gemaak moet word nie; hy wil hê dat mense in hom moet glo op grond van wat hulle self sien en hoor. – Markus 7:32-36.

Jesus se mag om sulke genesings te doen, het 'n groot uitwerking op dié wat dit sien. Hulle is "baie verbaas" en sê: "Hy het alles goed gedoen. Hy laat selfs die dowes hoor en die stommes praat." – Markus 7:37.



- ◇ Hoekom genees Jesus nie dadelik 'n Fenisiese vrou se dogter nie?
- ◇ Waarheen gaan Jesus en sy dissipels nadat hulle die gebied van Fenisië verlaat?
- ◇ Hoe wys Jesus dat hy meegevoel het in die manier waarop hy die dove en stom man behandel?

HY VERMEERDER BRODE EN GEE 'N WAARSKUING OOR SUURDEEG

MATTEUS 15:32-16:12 MARKUS 8:1-21

Groot skares het na Jesus toe gestroom in die gebied van die Dekapolis, aan die oostekant van die See van Galilea. Hulle het gekom om na hom te luister en om genees te word en het groot mandjies vol kos saamgebring.

Maar later sê Jesus vir sy dissipels: “Ek voel baie jammer vir die skare, want hulle is nou al drie dae by my, en hulle het niks om te eet nie. As ek hulle huis toe stuur sonder dat hulle iets geëet het, sal hulle op die pad flou word, en party van hulle kom van ver af.” Die dissipels vra: “Waar sal enigiemand op hierdie afgeleë plek genoeg brood kry om hierdie mense te voed?” – Markus 8:2-4.

Jesus vra: “Hoeveel brode het julle?” Die dissipels sê: “Sewe, en 'n paar vissies” (Matteus 15: 34). Dan laat Jesus die mense op die grond sit. Hy vat die brode en die vis, bid tot God en gee dit vir sy dissipels om uit te deel. Verbasend genoeg eet almal totdat hulle versadig is. Die oorskietstukke wat opgetel is, maak sewe groot mandjies vol, al het sowat 4 000 mans, sowel as vrouens en kinders, geëet!



Nadat Jesus die skares wegstuur, gaan hy en sy dissipels met 'n boot oor na Magadan, aan die westelike oewer van die See van Galilea. Hier probeer Fariseërs en party mense van die sekte van die Sadduseërs Jesus toets deur hom vir 'n teken uit die hemel te vra.

Jesus besef hoekom hulle eintlik die vraag vra, en hy sê: “Wanneer dit aand word, sê julle: ‘Dit gaan mooiweer wees, want die lug is vuurrooi,’ en in die oggend: ‘Dit gaan vandag koud en reënerig wees, want die lug is vuurrooi, maar bewolk.’ Julle kan die weer voorspel deur na die lug te kyk, maar julle kan nie die tekens van die tye verstaan nie” (Matteus 16:2, 3). Dan sê Jesus vir die Fariseërs en Sadduseërs dat geen teken aan hulle gegee sal word nie, behalwe die teken van Jona.

Jesus en sy dissipels klim in 'n boot en gaan na Betsaida aan die noordoostelike oewer van die see. Op pad daarheen besef die dissipels dat hulle vergeet het om genoeg brood saam te bring. Hulle het net een brood. Jesus dink aan wat onlangs gebeur het met die Fariseërs en die Sadduseërs wat ondersteuners van Herodes is, en hy waarsku: “Hou julle oë oop. Pasop vir die suurdeeg van die Fariseërs en die suurdeeg van Herodes.” Die dissipels dink verkeerdelik dat Jesus se woorde oor suurdeeg verwys na die feit dat hulle vergeet het om brood saam te bring. Jesus merk dit op en vra: “Hoekom stry julle omdat julle nie brood het nie?” – Markus 8:15-17.

Jesus het onlangs brood voorsien aan duisende mense. Die dissipels behoort dus te weet dat hy nie bekommerd is oor 'n gebrek aan letterlike brode nie. Hy vra: “Onthou julle hoeveel mandjies julle vol oorskietstukke gemaak het toe ek die vyf brode vir die 5 000 mans gebreek het?” Hulle antwoord: “Twaalf.” Jesus gaan voort en sê: “Hoeveel groot mandjies het julle vol oor-

skietstukke gemaak toe ek die sewe brode vir die 4 000 mans gebreek het?” Hulle antwoord: “Sewe.” – Markus 8:18-20.

Jesus vra: “Hoe is dit dat julle nie verstaan dat ek nie met julle oor brood gepraat het nie?” Hy voeg by: “Pasop vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs.” – Matteus 16:11.

Uiteindelik snap die dissipels die punt. Suurdeeg laat brood rys deur 'n gistingsproses. Hier gebruik Jesus suurdeeg as 'n simbool van verdorwenheid. Hy waarsku die dissipels om op te pas vir “die *leringe* van die Fariseërs en Sadduseërs”, wat 'n verderflike invloed het. – Matteus 16:12.



- ◇ Hoekom stroom mense na Jesus toe?
- ◇ Wat dink die dissipels verkeerdelik wanneer Jesus van suurdeeg praat?
- ◇ Wat bedoel Jesus wanneer hy praat van “die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs”?

WIE IS DIE SEUN VAN DIE MENS?

MATTEUS 16:13-27 MARKUS 8:22-38 LUKAS 9:18-26

Jesus en sy dissipels kom in Betsaida aan. Dan bring die mense 'n blinde man na Jesus toe en smee hom om aan die man te raak om hom te genees.

Jesus neem die man by die hand en lei hom tot buite die dorp. Nadat Jesus op die man se oë gespoeg het, vra hy hom: "Sien jy iets?" Die man antwoord: "Ek sien mense, maar hulle lyk soos bome wat rondloop" (Markus 8:23, 24). Jesus sit sy hande op die man se oë en laat hom weer sien. Dan stuur hy die man wat nou kan sien huis toe en sê vir hom om nie in die dorp in te gaan nie.

Daarna reis Jesus en sy dissipels noord na die gebied van Sesarea-Filippi. Dit is 'n lang opdraand van sowat 40 kilometer. Die dorp is 350 meter bo seevlak, met die sneeubedekte berg Hermon na die noordooste. Dit neem hulle moontlik 'n paar dae om by die dorp uit te kom.

Op een stadium langs die pad gaan Jesus eenkant om alleen te bid. Daar is nog net sowat nege of tien maande oor voor sy dood, en Jesus is bekommerd oor sy dissipels. Baie het onlangs opgehou om hom te volg, en ander is waarskynlik verward of teleurgesteld. Hulle wonder dalk hoekom hy nie wou hê dat die mense hom koning maak nie of hoekom hy nie 'n teken wou voorsien om sonder twyfel te bewys wie hy werklik is nie.

Wanneer die dissipels na die plek toe kom waar Jesus bid, vra hy: "Wie sê die mense is die Seun van die mens?" Hulle antwoord: "Party sê Johannes die Doper, ander sê Elia, en nog ander sê Jeremia of een van die profete." Ja, mense dink dat Jesus dalk een van daardie manne is wat uit die dood opgewek is. Om uit te vind wat sy dissipels dink, vra hy: "Maar julle, wie sê julle is ek?" Petrus antwoord dadelik: "U is die Christus, die Seun van die lewende God." – Matteus 16:13-16.

Jesus sê dat Petrus gelukkig kan voel omdat God dit aan hom geopenbaar het, en hy voeg by: "Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal ek my gemeente bou, en die poorte van die Graf sal dit nie oorweldig nie." Jesus bedoel dat hyself 'n gemeente sal bou en dat selfs die Graf nie die lede daarvan sal gevange hou as hulle op aarde tot die einde toe getrou bly nie. Hy belowe Petrus: "Ek sal vir jou die sleutels van die Koninkryk van die hemel gee." – Matteus 16:18, 19.

Jesus gee Petrus nie die eerste plek onder die apostels nie, en Jesus maak hom ook nie die fondament van die gemeente nie. Jesus is self die Rots waarop sy gemeente gebou sal word (1 Korintiërs 3:11; Efesiërs 2:20). Petrus sal egter drie sleutels ontvang. Hy sal die voorreg hê om die geleentheid te open vir verskillende groepe mense om die Koninkryk van die hemel binne te gaan.




Petrus sal later die eerste sleutel tydens Pinkster 33 HJ gebruik wanneer hy vir berouvolle Jode en proseliete wys wat hulle moet doen om gered te word. Hy sal die tweede sleutel gebruik om die geleentheid te open vir gelowige Samaritane om God se Koninkryk binne te gaan. Dan, in 36 HJ, sal Petrus die derde sleutel gebruik om dieselfde geleentheid te bied aan nie-Jode wat nie besny is nie, soos Kornelius en ander. – Handeling 2:37, 38; 8:14-17; 10:44-48.

Gedurende hierdie bespreking word Jesus se apostels ontsteld wanneer hy voorspel dat hy binnekort in Jerusalem sal ly en sterf. Maar Petrus verstaan nie dat Jesus tot lewe in die hemel opgewek sal word nie, en daarom neem hy hom eenkant en sê hy vir Jesus: “Wees goed vir uself, Here. Dit sal glad nie met u gebeur nie.” Maar Jesus draai sy rug op Petrus en antwoord: “Gaan agter my, Satan! Jy is vir my ’n struikelblok, want jou gedagtes is nie God se gedagtes nie, maar dié van mense.” – Matteus 16:22, 23.

Jesus roep nou ander buiten die apostels en verduidelik dat dit nie maklik sal wees om sy volgelinge te wees nie. Hy sê: “As iemand my volgelinge wil word, moet hy ophou om vir homself te lewe en sy folterpaal optel en aanhou om my te volg. Want enigiemand wat sy lewe wil red, sal dit verloor, maar enigiemand wat sy lewe ter wille van my en die goeie nuus verloor, sal dit red.” – Markus 8:34, 35.

Ja, Jesus se volgelinge moet moedig en selfopofferend wees om te bewys dat hulle waardig is om sy goedkeuring te geniet. Jesus sê: “As



iemand hom in hierdie ontroue en sondige geslag vir my en my woorde skaam, sal die Seun van die mens hom ook vir hierdie persoon skaam wanneer hy en die heilige engele met die mag van sy Vader kom” (Markus 8:38). Ja, wanneer Jesus op hierdie manier kom, “sal hy elkeen volgens sy gedrag terugbetaal”. – Matteus 16:27.

-
- ◇ Watter soort beskouings het party mense in verband met Jesus se identiteit? Hoe beskou die apostels hom?
 - ◇ Watter sleutels ontvang Petrus, en hoe sal dit gebruik word?
 - ◇ Watter teregwysing ontvang Petrus, en hoekom?

DIE GEDAANTEVERANDERING – CHRISTUS AS GLORIERYKE KONING

MATTEUS 16:28–17:13 MARKUS 9:1-13 LUKAS 9:27-36

Jesus is besig om die mense in die gebied van Sesarea-Filippi te leer, sowat 25 kilometer van die berg Hermon. Dan sê hy iets wat sy apostels verbaas: “Ek verseker julle dat party van dié wat hier staan, beslis nie sal sterf voordat hulle die Seun van die mens in sy Koninkryk sien kom nie.” – Matteus 16:28.

Die dissipels wonder seker wat Jesus bedoel. Omtrent ’n week later neem hy drie van die apostels – Petrus, Jakobus en Johannes – saam met hom op teen ’n hoë berg. Dit is heel moontlik in die nag, want die drie mans is vaak. Terwyl Jesus bid, verander sy voorkoms reg voor hulle. Die apostels sien dat sy gesig soos die son skyn en dat sy klere so helder en skitterend wit soos die lig word.

Dan verskyn twee persone wat as “Moses en Elia” geïdentifiseer word. Hulle begin met Jesus praat oor ‘die feit dat hy moet weggaan, wat binnekort in Jerusalem vervul sal word’ (Lukas 9: 30, 31). Dit verwys blykbaar na Jesus se dood en opstanding, waarvan hy onlangs gepraat het (Matteus 16:21). Hierdie gesprek bewys dat Jesus se vernederende dood nie iets is wat vermy moet word, soos Petrus Jesus aangespoor het om te doen nie.

Die drie apostels, wat nou wawyd wakker is, kyk en luister in verwondering. Dit is ’n visioen, maar dit lyk so werklik dat Petrus by die toneel begin betrokke raak. Hy sê: “Rabbi, dit is goed dat ons hier is. Laat ons drie skuilings oprig: een vir u, een vir Moses en een vir Elia” (Markus 9:5). Wil Petrus die skuilings oprig sodat die visioen nog langer sal duur?

Terwyl Petrus nog praat, bedek ’n helder wolk hulle en sê ’n stem uit die wolk: “Dit is my Seun,

die geliefde, wat ek goedgekeur het. Luister na hom.” Wanneer die apostels God se stem hoor, word hulle bang en val hulle neer met hulle gesigte na die grond toe, maar Jesus sê vir hulle: “Staan op. Moenie bang wees nie” (Matteus 17: 5-7). Wanneer hulle opstaan, sien die drie apostels niemand behalwe Jesus nie. Die visioen is verby. Wanneer dit dag is en hulle van die berg afkom, beveel Jesus hulle: “Moet vir niemand van die visioen vertel voordat die Seun van die mens uit die dood opgewek is nie.” – Matteus 17:9.

Elia het in die visioen verskyn, en dit laat ’n vraag ontstaan. Die apostels vra: “Hoekom sê die skrifgeleerdes dan dat Elia eers moet kom?” Jesus antwoord: “Ek sê vir julle dat Elia reeds gekom het, en hulle het hom nie herken nie” (Matteus 17:10-12). Jesus praat van Johannes die Doper, wat dieselfde rol as Elia gespeel het. Elia het die weg voorberei vir Elisa, en Johannes het dieselfde vir Christus gedoen.

Hoe geloofversterkend is hierdie visioen vir Jesus en die apostels! Dit is ’n voorskou van die tyd wanneer Christus as ’n glorieryke Koning sal regeer. Die dissipels het “die Seun van die mens in sy Koninkryk sien kom”, soos Jesus belowe het (Matteus 16:28). Terwyl hulle op die berg was, was hulle “ooggetuies van sy grootheid”. Al wou die Fariseërs ’n teken hê om te bewys dat Jesus deur God uitgekies is om Koning te wees, het hy nie vir hulle een gegee nie. Maar Jesus se hegte dissipels is toegelaat om Jesus se gedaanteverandering te sien, wat Koninkryksprofesieë bevestig. Daarom kon Petrus later skryf: “Die profetiese woord is . . . vir ons nog sekerder gemaak.” – 2 Petrus 1:16-19.



- ◇ Hoe sien party hoe Jesus in sy Koninkryk kom voordat hulle sterf?
- ◇ Waaroor praat Moses en Elia met Jesus in die visioen?
- ◇ Hoekom is die visioen oor die gedaanteverandering geloofversterkend vir Christus se volgelinge?

JESUS GENEES 'N SEUN IN WIE DAAR 'N DEMOON IS

MATTEUS 17:14-20 MARKUS 9:14-29 LUKAS 9:37-43


Nadat Jesus, Petrus, Jakobus en Johannes van die berg afgekóm het, ontmoet hulle 'n groot skare. Iets is fout. Skrifgeleerdes het om die dissipels bymekaargekóm en stry met hulle. Die mense is nogal verbaas om Jesus te sien, en hulle hardloop na hom toe om hom te groet. "Waaroor stry julle met die mense?" vra hy. – Markus 9:16.

'n Man uit die skare kniel voor Jesus en verduidelik: "Leermeester, ek het my seun na u toe gebring, want daar is 'n gees in hom wat veroorsaak dat hy nie kan praat nie. Elke keer as die gees hom gryp, gooi hy hom op die grond neer, en dan kom skuim by sy mond uit en kners hy op sy tande en verloor hy sy krag. Ek het u dissipels gevra om die gees uit te dryf, maar hulle kon nie." – Markus 9:17, 18.

Die skrifgeleerdes kritiseer waarskynlik die dissipels omdat hulle nie die seun kon genees

nie. Dalk spot hulle hulle daaroor. Jesus praat dus met die skare in plaas van die ontstelde pa en sê vir hulle: "Julle is so 'n ongelowige en verdraaide geslag! Hoe lank moet ek by julle bly? Hoe lank moet ek julle verdra?" Hierdie sterk woorde is beslis van toepassing op die skrifgeleerdes wat dinge moeilik gemaak het vir Jesus se dissipels terwyl hy nie by was nie. Jesus praat dan met die seun se pa en sê: "Bring hom hier na my toe." – Matteus 17:17.

Terwyl die seun na Jesus toe gebring word, gooi die demoon hom op die grond neer en laat hy hom verskriklike stuiptrekkings kry. Die seun rol aanhoudend op die grond rond terwyl daar skuim by sy mond uitkom. "Hoe lank gebeur dit al met hom?" vra Jesus die pa. Hy antwoord: "Van kleins af, en die gees het hom dikwels in die vuur en ook in die water gegooi om hom dood te maak." Die man smeek: "As u enigiets kan doen,



betoon genade aan ons en help ons.” – Markus 9:21, 22.

Die pa is desperaat, want selfs Jesus se dissipels kon die seun nie help nie. In antwoord op die man se desperate versoek gee Jesus hierdie aanmoedigende versekering: “Hoekom sê jy: ‘As u kan?’ Alles is moontlik vir die een wat geloof het.” Onmiddellik roep die pa uit: “Ek het geloof! Help my waar ek geloof nodig het!” – Markus 9:23, 24.

Jesus sien dat die skare na hom toe aangehardloop kom. Terwyl hulle almal toekyk, praat Jesus streng met die demoon en sê: “Jou stom en dowe gees, ek beveel jou: Gaan uit hom uit en moenie weer in hom ingaan nie!” Wanneer die demoon uit die seun uitkom, laat hy die seun skree en nog baie meer stuiptrekkings kry. Dan lê die seun doodstil. Wanneer die skare dit sien, sê baie: “Hy is dood!” (Markus 9:25, 26). Maar wanneer Jesus die seun se hand neem, staan hy op en is hy “van daardie uur af genees” (Matteus 17:18). Dit is te verstane dat die skare verstom is oor wat Jesus doen.

Vroeër, toe Jesus die dissipels uitgestuur het om te gaan preek, kon hulle demone uitdryf. Wanneer hulle dus alleen in ’n huis is, vra hulle hom: “Hoekom kon ons hom nie uitdryf nie?” Jesus verduidelik dat dit as gevolg van hulle gebrek aan geloof is en sê vir hulle: “Hierdie soort kan net deur middel van gebed uitgedryf word” (Markus 9:28, 29). Hulle moes sterk geloof hê en vir God se krag bid om hierdie kragtige demoon uit te dryf.



Jesus sê ten slotte: “Ek verseker julle: As julle geloof het wat so groot soos ’n mosterdsaadjie is, sal julle vir hierdie berg sê: ‘Gaan van hier af soontoe,’ en dit sal gaan, en niks sal vir julle onmoontlik wees nie” (Matteus 17:20). Hoe kragtig kan geloof tog wees!

Struikelblokke en probleme wat keer dat iemand vooruitgang in Jehovah se diens maak, lyk dalk so onoorkombaar en onbeweeglik soos ’n letterlike berg. Maar as ons geloof aankweek, kan ons sulke bergagtige struikelblokke en probleme oorkom.

-
- ◇ Watter situasie kom Jesus teë wanneer hy van die berg afkom?
 - ◇ Hoekom kon die dissipels nie die demoon uit die seun uitdryf nie?
 - ◇ Hoe kragtig kan ons geloof word?

'N BELANGRIKE LES OOR NEDERIGHEID

MATTEUS 17:22-18:5 MARKUS 9:30-37 LUKAS 9:43-48

Ná die gedaanteverandering en nadat Jesus 'n seun in wie daar 'n demoon was, in die gebied van Sesarea-Filippi genees het, reis hy na Kapernaum. Dit is net sy dissipels wat saam met hom reis, want hy wil nie hê dat al die mense "daarvan moet uitvind nie" (Markus 9:30). Dit gee hom 'n verdere geleentheid om sy dissipels voor te berei vir sy dood en vir die werk wat hulle dan sal doen. "Die Seun van die mens gaan verraai word en aan mense oorgelewer word," verduidelik hy, "en hulle sal hom doodmaak, en op die derde dag sal hy opgewek word." – Matteus 17:22, 23.

Hierdie idee behoort nie iets nuuts vir sy dissipels te wees nie. Jesus het vroeër gesê dat hy doodgemaak gaan word, maar Petrus het geweier om dit te glo (Matteus 16:21, 22). En drie apostels het die gedaanteverandering gesien en gehoor dat daar gesê is dat Jesus 'moet weggaan' (Lukas 9:31). Jesus se volgelinge word nou "baie hartseer" as gevolg van wat hy sê, al verstaan hulle nie heeltemal wat sy woorde beteken nie (Matteus 17:23). Maar hulle is bang om hom verder daaroor uit te vra.

Ná verloop van tyd kom hulle in Kapernaum aan, die dorp waar baie van sy bedrywighede plaasgevind het en die tuisdorp van 'n hele paar van sy dissipels. Daar word Petrus genader deur mans wat tempelbelasting invorder. Hulle probeer Jesus moontlik daarvan beskuldig dat hy nie belasting betaal nie deur te vra: "Betaal julle leermeester die twee dragmas [tempel-] belasting?" – Matteus 17:24.

"Ja," antwoord Petrus. By die huis is Jesus reeds bewus van wat gebeur het. Maar eerder om te wag dat Petrus oor die saak praat, vra hy: "Wat dink jy, Simon? Van wie ontvang die konings van die aarde heffings of hoofbelasting? Van hulle seuns of van die vreemdelinge?" Pe-

trus antwoord: "Van die vreemdelinge." Jesus sê dus: "Dan hoef die seuns mos nie belasting te betaal nie." – Matteus 17:25, 26.

Jesus se Vader is die Koning van die heelal en die Een wat by die tempel aanbid word. God se Seun word dus nie wetlik vereis om die tempelbelasting te betaal nie. "Maar sodat ons hulle nie laat struikel nie," sê Jesus, "gaan na die see toe, gooi 'n vishoek in en vat die eerste vis wat jy uittrek, en wanneer jy sy bek oopmaak, sal jy 'n silwermuntstuk [1'n stater, of tetradragma] vind. Vat dit en betaal die belasting vir my en vir jou." – Matteus 17:27.

Kort voor lank is die dissipels bymekaar, en hulle het 'n vraag vir Jesus oor wie die grootste in die Koninkryk sal wees. Hierdie selfde manne was onlangs bang om Jesus oor sy komende dood uit te vra, maar nou is hulle nie bang om hom oor hulle toekoms te nader nie. Jesus weet wat hulle dink. Dit is iets waaroor hulle reeds gestry het terwyl hulle agter hom geloop het op pad terug na Kapernaum. Daarom vra hy: "Waaroor het julle op die pad gestry?" (Markus 9:33). Die dissipels voel skaam en bly stil, want hulle het gestry oor wie die grootste is. Uiteindelik vra die apostels Jesus die vraag wat hulle bespreek het: "Wie is werklik die grootste in die Koninkryk van die hemel?" – Matteus 18:1.

Dit is moeilik om te glo dat die dissipels oor so iets sou stry nadat hulle byna drie jaar lank gesien het wat Jesus doen en gehoor het wat hy sê. Maar hulle is onvolmaak. En hulle het grootgeward in 'n godsdienstige omgewing waar groot klem gelê word op posisie en status. Wat meer



is, Jesus het onlangs sekere “sleutels” van die Koninkryk aan Petrus belowe. Voel Petrus dalk dat hy belangriker is as die res? Jakobus en Johannes voel dalk ook so omdat hulle ooggetuies van Jesus se gedaanteverandering was.

Wat die geval ook al is, Jesus doen iets om hulle gesindheid reg te stel. Hy roep 'n kind, laat hom tussen hulle staan en sê vir die dissipels: “As julle nie verander en soos jong kinders word nie, sal julle beslis nie in die Koninkryk van die hemel ingaan nie. Elkeen wat so nederig soos hierdie jong kind is, is dus die grootste in die Koninkryk van die hemel, en elkeen wat 'n jong kind soos hierdie op grond van my naam ontvang, ontvang my ook.” – Matteus 18:3-5.

Wat 'n wonderlike manier van onderrigting! Jesus word nie kwaad vir sy dissipels of sê dat hulle gierig of ambisieus is nie. Hy gebruik eerder 'n praktiese les. Jong kinders het nie 'n hoë posisie of enige status nie. Jesus wys dus dat sy dissipels hierdie beskouing van hulleself moet hê. Dan sluit Jesus die les af deur vir sy volgelinge te sê: “Wie hom as 'n mindere onder julle almal gedra, is die een wat groot is.” – Lukas 9:48.



- ◇ Watter belangrike feit herhaal Jesus wanneer hy terugkeer van Kapernaum, en hoe reageer sy dissipels hierop?
- ◇ Hoekom is Jesus nie verplig om die tempelbelasting te betaal nie, maar hoekom doen hy dit tog?
- ◇ Wat dra dalk by tot die dissipels se besorgdheid oor posisie, en hoe help Jesus hulle reg?

JESUS GEE RAAD OOR STRUIKELING EN SONDE

MATTEUS 18:6-20 MARKUS 9:38-50 LUKAS 9:49, 50

Jesus het so pas gesê watter gesindheid sy volgelinge moet hê. Hulle moet hulleself beskou soos kinders, nederig en sonder status. Hy sê: “Elkeen wat ’n jong kind soos hierdie op grond van my naam ontvang, ontvang my ook.” – Matteus 18:5.

Die apostels het onlangs gestry oor wie die belangrikste is, en daarom beskou hulle Jesus se woorde dalk as ’n teregwysing. Die apostel Johannes noem nog iets wat so pas gebeur het: “Ons het iemand gesien wat demone uitdryf deur u naam te gebruik, en ons het hom probeer keer omdat hy nie een van ons is nie.” – Lukas 9:49.

Beskou Johannes die apostels as die enigstes wat die gesag het om ander te genees of demone uit te dryf? Indien wel, hoe is dit moontlik dat hierdie Joodse man bese geeste kan uitdryf? Johannes voel blykbaar dat die man nie wonderwerke behoort te doen nie omdat hy nie saam met Jesus en die apostels reis nie.

Tot Johannes se verbasing sê Jesus: “Moet hom nie probeer keer nie, want daar is niemand wat ’n kragtige werk in my naam sal doen wat gou iets slegs oor my sal kan sê nie. Want wie nie teen ons is nie, is vir ons. Ek verseker julle dat elkeen wat vir julle ’n beker water gee om te drink omdat julle aan Christus behoort, beslis nie sy beloning sal verloor nie.” – Markus 9:39-41.

Ja, op hierdie stadium hoef die man nie saam met Christus te reis om te bewys dat hy aan Jesus se kant is nie. Die Christengemeente moet nog gevorm word, en daarom beteken die feit dat die man nog nie saam met Jesus reis nie, nie dat hy ’n teenstander is of ’n valse godsdiens bevorder nie. Dit is duidelik dat die man geloof in Jesus se naam het, en wat Jesus sê, dui aan dat die man nie sy beloning sal verloor nie.

Aan die ander kant sou dit ernstig wees as die

apostels se woorde en daade die man laat struikel het. Jesus sê: “As enigiemand een van hierdie kleintjies wat geloof het, laat struikel, sal dit vir hom beter wees as ’n meulsteen om sy nek gehang word en hy in die see gegooi word” (Markus 9:42). Dan sê Jesus dat sy volgelinge selfs iets so kosbaar soos ’n hand, ’n voet of ’n oog moet verwyder as dit hulle laat struikel. Dit is



beter om sonder so ’n kosbare liggaamsdeel te wees en in God se Koninkryk in te gaan as om daaraan vas te hou en in Gehenna (die Hinnomvallei) te beland. Hierdie vallei is naby Jerusalem, en vullis is daar verbrand. Die apostels het dit waarskynlik al gesien, en daarom verstaan hulle dat dit permanente vernietiging voorstel.

Jesus gee ook die volgende waarskuwing: “Sorg dat julle nie op een van hierdie kleintjies neersien nie, want ek sê vir julle dat hulle engele in die hemel altyd in die teenwoordigheid van my hemelse Vader is.” Hoe kosbaar is sulke “kleintjies” vir sy Vader? Jesus vertel ’n illustrasie van

'n man wat 100 skape het maar een verloor. Die man los die 99 om na die verlore skaap te gaan soek, en wanneer hy hom vind, is hy blyer oor die een skaap as oor die 99. Jesus voeg by: "Net so wil my Vader wat in die hemel is, nie hê dat selfs een van hierdie kleintjies verlore gaan nie." – Matteus 18:10, 14.

Jesus dink dalk aan sy dissipels wat gestry het oor wie die belangrikste sal wees en sê vir hulle: "Julle moet sout in julle hê en vrede onder mekaar bewaar" (Markus 9:50). Sout maak kos smaakliker. Figuurlike sout maak iemand se woorde makliker om te aanvaar. Dit kan dus help om stryery te voorkom en die vrede te bewaar. – Kolossense 4:6.

Soms sal ernstige kwessies ontstaan, en Jesus sê hoe 'n mens dit moet hanteer. "As jou broer 'n sonde pleeg," sê Jesus, "gaan praat alleen met hom en sê vir hom wat hy verkeerd gedoen het. As hy na jou luister, het jy jou broer gewen." Maar sê nou hy luister nie? "Neem nog een of twee saam met jou," sê Jesus, "sodat elke saak deur twee of drie getuies bevestig kan word." As dit nie die saak oplos nie, moet hulle met "die gemeente" gaan praat, dit wil sê met verantwoordelike ouermanne wat 'n besluit kan neem. En as die sondaar nog steeds nie luister nie? "Laat hom vir jou net soos 'n man van die nasies en soos 'n belastinggaarder wees", mense met wie Jode nie sou assosieer nie. – Matteus 18:15-17.

Gemeentelike opsieners moet bly by wat God



se Woord sê. As hulle vind dat 'n sondaar skuldig is en dissipline nodig het, sal hulle oordeel "reeds in die hemel gebind wees". Maar wanneer hulle iemand onskuldig bevind, sal dit reeds "in die hemel losgemaak wees". Hierdie riglyne sal nuttig wees nadat die Christengemeente gevorm is. Jesus sê die volgende oor sulke ernstige besprekings: "Waar twee of drie in my naam bymeekaarkom, daar sal ek by hulle wees." – Matteus 18:18-20.

-
- ◇ Hoekom moet die man wat demone uitdryf, nie as 'n teenstander beskou word nie?
 - ◇ Hoe ernstig is dit om 'n kleintjie te laat struikel, en hoe illustreer Jesus die belangrikheid van sulke kleintjies?
 - ◇ Watter riglyne gee Jesus oor wat om te doen as 'n broer 'n sonde pleeg?

DIT IS BELANGRIK OM TE VERGEWE

MATTEUS 18:21-35

Petrus het Jesus se raad gehoor oor hoe om 'n probleem tussen broers te hanteer – hulle moet dit tussen mekaar probeer oplos. Maar dit lyk asof Petrus wil weet presies hoeveel keer 'n mens hierdie moeite moet doen.

Petrus vra: “Here, hoeveel keer kan my broer teen my sondig en moet ek hom vergewe? Tot sewe keer?” Party godsdiensteleiers sê dat 'n mens tot drie keer moet vergewe. Daarom voel Petrus dalk dat hy baie vrygewig sal wees as hy 'n broer “tot sewe keer” vergewe. – Matteus 18:21.

Maar om 'n rekord te hou van hoeveel keer iemand teen jou sondig, is nie in ooreenstemming met wat Jesus geleer het nie. Hy help Petrus reg en sê: “Ek sê vir jou: nie tot sewe keer nie, maar tot 77 keer” (Matteus 18:22). Met ander woorde, Petrus mag geen beperking stel op die aantal kere dat hy sy broer vergewe nie.

Jesus vertel dan vir Petrus en die ander 'n illustrasie om verder te beklemtoon dat hulle verplig is om te vergewe. Dit gaan oor 'n slaaf wat nie sy meester se genade navolg nie. Die koning wil hê dat sy slawe moet teruggee wat hulle hom skuld. Die een slaaf, wat 'n reusagtige bedrag van 10 000 talente (60 000 000 denarii) skuld, word na hom toe gebring. Daar is geen manier dat hy hierdie skuld kan terugbetaal nie. Daarom beveel die koning dat die slaaf, sy vrou en sy kinders verkoop moet word en die geld aan hom betaal word. Wanneer die koning dit sê, val die slaaf by sy meester se voete neer en smeek: “Wees geduldig met my, en ek sal alles aan u terugbetaal.” – Matteus 18:26.

Die koning voel jammer vir die slaaf en betoon genade aan hom deur sy groot skuld te kanselleer. Daarna gaan die slaaf en vind hy 'n medeslaaf wat hom 100 denarii skuld. Hy gryp die ander slaaf en begin hom wurg en sê: “Betaal terug





wat jy skuld.” Maar hierdie medeslaaf val neer by die voete van die slaaf aan wie hy geld skuld en smee hom: “Wees geduldig met my, en ek sal jou terugbetaal” (Matteus 18:28, 29). Maar die slaaf wie se skuld die koning vergewe het, volg nie sy meester na nie. Hy laat sy medeslaaf, wat hom baie minder skuld, in die tronk gooi totdat hy sy skuld kan terugbetaal.

Jesus sê dan dat ander slawe wat sien dat hierdie slaaf nie genade betoon het nie, die meester gaan vertel. Die meester word kwaad en laat roep die slaaf en sê: “Goddelose slaaf, ek het al jou skuld afgeskryf toe jy my gesmeek het. Moes jy nie ook genade aan jou medeslaaf betoon het soos ek genade aan jou betoon het nie?” Die koning lewer die slaaf wat nie genade betoon het nie, oor aan die tronkbewoerders totdat hy al sy skuld terugbetaal. Jesus sluit af: “My

hemelse Vader sal julle op dieselfde manier behandel as julle nie elkeen sy broer uit die hart vergewe nie.” – Matteus 18:32-35.

Dit behoort ons baie omtrent vergifnis te leer! God het ons groot skuld afgeskryf deur ons sondes te vergewe. Enige oortreding wat ’n Christenbroer teen ons pleeg, is klein in vergelyking daarmee. En Jehovah vergewe ons nie net een keer nie, maar duisende kere. Kan ons dan nie ons broer ’n aantal kere vergewe nie, selfs al het ons rede om te kla? Soos Jesus in die Bergpredikasie gesê het, sal God “ons ons sondes [vergeve], soos ons ook die mense vergewe het wat teen ons gesondig het”. – Matteus 6:12.



- ◇ Wat laat Petrus ’n vraag vra oor vergifnis, en hoekom dink hy dalk dat dit vrygewig is om iemand sewe keer te vergewe?
- ◇ Hoe verskil die koning se reaksie op sy slaaf se versoek om vergewe te word van die manier waarop hierdie slaaf teenoor sy medeslaaf optree?
- ◇ Watter les moet ons leer uit Jesus se illustrasie?

JESUS ONDERRIG OP PAD NA JERUSALEM

MATTEUS 8:19-22 LUKAS 9:51-62 JOHANNES 7:2-10

Jesus het 'n ruk lank sy bedrywighede hoofsaaklik in Galilea gedoen, waar hy 'n beter reaksie as in Judea gekry het. En toe hy in Jerusalem was en 'n man op die Sabbat genees het, "het die Jode nog harder probeer om hom dood te maak". – Johannes 5:18; 7:1.

Dit is nou die herfs van 32 HJ en die Loofhutfees is om die draai. Hierdie fees word sewe dae lank gevier, en op die agtste dag is daar 'n heilige vergadering. Die fees dui die einde van die landboujaar aan en is 'n tyd van groot blydskap en dankbaarheid.

Jesus se halfbroers – Jakobus, Simon, Josef en Judas – spoor hom aan: "Gaan hiervandaan na Judea toe." Jerusalem is die godsdienstentrum van die land. Gedurende die drie jaarlikse feeste is die stad oorvol. Jesus se broers redeneer: "Niemand doen enigiets in die geheim wanneer hy in die openbaar bekend wil wees nie. As jy hierdie dinge doen, openbaar jou dan aan die wêreld." – Johannes 7:3, 4.

Hierdie vier broers 'beoefen nie geloof in hom' as die Messias nie. Maar hulle wil hê dat dié wat vir die fees bymekaargekom het, sien hoe hy wonderwerke doen. Jesus, wat bewus is van die gevaar, sê vir hulle: "Die wêreld het geen rede om julle te haat nie, maar die wêreld haat my, omdat ek getuig dat die werke van die wêreld goddeloos is. Gaan julle na die fees toe. Ek gaan nog nie na hierdie fees toe nie, want my tyd het nog nie gekom nie." – Johannes 7:5-8.

'n Paar dae nadat Jesus se broers saam met die meeste van die mense vertrek het, gaan Jesus en sy dissipels in die geheim na die fees toe, sonder dat baie mense hulle sien. Hulle vat die korter roete deur Samaria eerder as die een naby die Jordaanrivier, wat deur die meeste mense gebruik word. Jesus en sy dissipels sal akkommodasie nodig hê in Samaria, en daarom stuur



hy boodskappers vooruit om voorbereidings te maak. Die mense in een Samaritaanse dorpie weier om hulle te verwelkom of om gasvryheid aan hulle te betoon omdat Jesus op pad is na Jerusalem vir die Joodse fees. Jakobus en Johannes vra woedend: "Here, wil u hê ons moet sê dat vuur uit die hemel moet kom en hulle vernietig?" (Lukas 9:54). Jesus bestraf hulle omdat hulle selfs so iets sal voorstel, en hulle reis verder.

Terwyl hulle op pad is, sê 'n skrifgeleerde vir Jesus: "Leermeester, ek sal u volg waar u ook al gaan." Jesus sê: "Jakkalse het gate en voëls van die hemel het neste, maar die Seun van die mens het nêrens om sy kop neer te lê nie" (Matteus 8: 19, 20). Hy wys dat die skrifgeleerde moeilike



tye sal deurmaak as hy Jesus se volgeling word. En dit lyk asof die skrifgeleerde te trots is om hierdie soort lewe te aanvaar. Elkeen van ons kan ons dus afvra: ‘Hoe bereid is ek om Jesus te volg?’

Jesus se vir ’n ander man: “Word my volgeling.” Die man antwoord: “Here, laat my toe om eers my pa te gaan begrawe.” Jesus ken die man se omstandighede en sê: “Laat die dooies hulle dooies begrawe, maar gaan jy en maak die Koninkryk van God oral bekend” (Lukas 9:59, 60). Die pa het blykbaar nog nie gesterf nie. As hy gesterf het, sou sy seun waarskynlik nie hier met Jesus praat nie. Die seun is nie bereid om die Koninkryk van God eerste in sy lewe te stel nie.

Wanneer hulle in die pad af stap in die rigting van Jerusalem, sê ’n ander man vir Jesus: “Ek sal u volg, Here, maar laat my eers toe om afskeid te neem van dié in my huis.” Jesus antwoord: “Geen mens wat begin ploeg en na die dinge kyk

wat agter is, is geskik vir die Koninkryk van God nie.” – Lukas 9:61, 62.

Dié wat Jesus se ware dissipels wil wees, moet hulle oë gefokus hou op Koninkryksdiens. As die man wat ploeg, nie voor hom bly kyk nie, sal hy waarskynlik nie reguit slote maak nie. As hy die ploeg neersit om agtertoe te kyk, sal die werk in die landery nie op tyd klaar wees nie. Net so kan iemand wat agtertoe kyk na hierdie ou stelsel van dinge dalk afwyk van die pad wat na die ewige lewe lei.

-
- ◇ Hoe voel Jesus se vier halfbroers oor hom?
 - ◇ Hoekom is Jesus nie welkom in ’n Samaritaanse dorp nie, en wat wil Jakobus en Johannes doen?
 - ◇ Watter drie gesprekke het Jesus op die pad, en wat beklemtoon hy oor diens aan God?







DEEL

4

JESUS SE LATERE BEDIENING IN JUDEA

‘SMEEK DIE MEESTER
VAN DIE OES OM
WERKERS IN SY OES
UIT TE STUUR.’

– LUKAS 10:2

IN JERUSALEM VIR DIE LOOFHUTTEFEES

JOHANNES 7:11-32

Jesus het welbekend geword in die jare sedert hy gedoop is. Duisende Jode het sy wonderwerke gesien, en berigte oor sy werke het regdeur die land versprei. Nou, by die Loofhuttefees in Jerusalem, is baie mense op soek na hom.

Mense het verskillende opinies oor Jesus. “Hy is ’n goeie man,” sê party. Ander sê weer: “Hy is nie. Hy mislei die mense” (Johannes 7:12). Baie mense fluister hierdie dinge onder mekaar gedurende die eerste paar dae van die fees. Maar niemand het die moed om Jesus in die openbaar te verdedig nie, want baie mense is bang oor hoe die Joodse leiers sal reageer.

In die loop van die fees daag Jesus by die tempel op. Baie mense is verbaas oor sy uitsonderlike onderrigvermoë. Hy het nooit die rabbynse skole bygewoon nie, en daarom wonder die Jode: “Hoe is dit dat hierdie man soveel kennis van die Skrif het as hy nie aan die skole gestudeer het nie?” – Johannes 7:15.

“Wat ek leer, is nie myne nie,” verduidelik Jesus, “maar behoort aan hom wat my gestuur het. As iemand ’n begeerte het om Sy wil te doen, sal hy weet of die dinge wat ek aan mense leer, van God af kom en of ek uit my eie praat” (Johannes 7:16, 17). Jesus se onderrigting is in ooreenstemming met God se Wet, en daarom behoort enigiemand duidelik te kan sien dat hy God se heerlijkheid soek, nie sy eie nie.

Dan sê Jesus: “Moses het vir julle die Wet gegee, nie waar nie? Maar nie een van julle gehoorsaam die Wet nie. Hoekom probeer julle my doodmaak?” Party in die skare, wat waarskynlik besoekers van buite die stad is, weet nie dat daar mense is wat Jesus wil doodmaak nie. Dit is vir hulle ondenkbaar dat enigiemand ’n leermeester soos hy sal wil doodmaak. Daarom neem hulle aan dat daar iets fout moet wees met

Jesus omdat hy so iets sê. “Jy het ’n demoon,” sê hulle. “Wie probeer jou doodmaak?” – Johannes 7:19, 20.

Wel, ’n jaar en ’n half tevore wou die Joodse leiers Jesus doodmaak nadat hy ’n man op die Sabbat genees het. Jesus gebruik nou ’n gedagteprikkelende redenasie om te wys hoe onredelik hulle was. Hy herinner hulle daaraan dat ’n babaseuntjie volgens die Wet op die agtste dag besny moet word, selfs al is dit die Sabbat. Dan vra hy: “As ’n man op ’n sabbat besny word so dat die Wet van Moses nie verbreek word nie, is julle dan woedend vir my omdat ek ’n mens op ’n sabbat heeltemal gesond gemaak het? Hou op om te oordeel volgens wat julle sien, maar oordeel met ’n regverdige oordeel.” – Johannes 7: 23, 24.

Inwoners van Jerusalem wat bewus is van die situasie sê: “Is dit nie die man wat hulle [die leiers] probeer doodmaak nie? En tog praat hy in die openbaar, en hulle sê niks vir hom nie. Weet ons leiers nou vir seker dat hy die Christus is?” Hoekom glo die mense dan nie dat Jesus die Christus is nie? “Ons weet dan waar hierdie man vandaan kom. Maar wanneer die Christus kom, sal niemand weet waar hy vandaan kom nie,” sê hulle. – Johannes 7:25-27.

Daar in die tempel antwoord Jesus hulle: “Julle ken my en weet waar ek vandaan kom. Ek het nie uit my eie gekom nie, maar die Een wat my gestuur het, bestaan werklik, en julle ken hom nie. Ek ken hom, want ek is ’n verteenwoordiger wat van hom af kom, en hy het my gestuur” (Johannes 7:28, 29). In reaksie hierop probeer die mense Jesus in die hande kry. Hulle wil hom of in die tronk gooi of hom doodmaak. Maar hulle kry dit nie reg nie, want dit is nog nie tyd vir Jesus om te sterf nie.



Maar baie stel geloof in Jesus, en met goeie rede. Hy het op water geloop, die winde laat bebaar, duisende wonderdadig gevoed met 'n paar brode en visse, siekes genees, kreupeles laat loop, die oë van blindes geopen, melaatses gesond gemaak en selfs dooies opgewek. Ja, hulle het goeie rede om te vra: “Wanneer die Chris-

tus kom, sal hy tog nie meer wonderwerke doen as wat hierdie man gedoen het nie, of hoe?” – Johannes 7:31.

Wanneer die Fariseërs hoor dat die skare hierdie dinge sê, stuur hulle en die hoofpriesters beampies uit om Jesus te arresteer.

-
- ◊ Wat sê die mense oor Jesus wanneer hy by die fees aankom?
 - ◊ Watter redenasie gebruik Jesus om te wys dat hy nie die Wet van God verbreek nie?
 - ◊ Hoekom stel baie geloof in Jesus?

“NOG NOOIT HET ENIGE MENS SO GEPRAAFT NIE”

JOHANNES 7:32-52

Jesus is nog steeds in Jerusalem vir die Loofhuttefees. Hy is bly dat ‘baie van die skare geloof in hom stel’. Maar die godsdiensteilers is nie bly hieroor nie. Hulle stuur beamptes, wat as ’n soort godsdienstopolisie dien, om hom te arresteer (Johannes 7:31, 32). En tog probeer Jesus nie wegkruip nie.

Jesus hou eerder aan om in Jerusalem in die openbaar te onderrig, en hy sê: “Ek sal nog ’n klein rukkie by julle wees voordat ek na die Een toe gaan wat my gestuur het. Julle sal my soek, maar julle sal my nie vind nie, en waar ek is, kan julle nie kom nie” (Johannes 7:33, 34). Die Jode verstaan nie wat hy bedoel nie, en daarom sê hulle onder mekaar: “Waarheen is hierdie man van plan om te gaan, sodat ons hom nie sal vind nie? Hy is tog nie van plan om na die Jode te gaan wat onder die Grieke verstrooi is en om die Grieke te leer nie, of hoe? Wat bedoel hy wanneer hy sê: ‘Julle sal my soek, maar julle sal my nie vind nie, en waar ek is, kan julle nie kom nie?’” (Johannes 7:35, 36). Jesus praat egter van sy dood en opstanding tot lewe in die hemel, en sy vyande kan hom nie daarheen volg nie.

Die sewende dag van die fees breek aan. Tydens die fees het ’n priester elke oggend water wat uit die poel van Siloam geneem is, uitgegooi sodat dit na die voet van die altaar in die tempel gevloei het. Jesus herinner die mense waarskynlik aan hierdie gebruik en roep uit: “As iemand dors is, laat hom na my toe kom en drink. Die Skrifgedeelte sê die volgende oor enigiemand wat geloof in my stel: ‘Uit sy binneste sal strome van lewende water vloei.’” – Johannes 7:37, 38.

Jesus praat van wat sal gebeur wanneer sy dissipels met heilige gees gesalf is en geroep word tot lewe in die hemel. Hierdie salwing sal



gebeur ná Jesus se dood, op die dag van Pinkster die volgende jaar. Op daardie dag sal lewgewende water begin vloei wanneer geesgesalfde dissipels die waarheid met mense deel.

In reaksie op Jesus se lering sê party: “Hy is regtig die Profeet,” wat blykbaar verwys na die voorspelde profeet wat groter is as Moses. Ander sê: “Hy is die Christus.” Maar party sê: “Die Christus kom nie uit Galilea nie, of hoe? Sê die Skrif nie dat die Christus uit die nageslag van Dawid en uit Betlehem, die dorpie waar Dawid was, kom nie?” – Johannes 7:40-42.

Die skare is dus verdeeld. Al wil party hê dat Jesus gearresteer moet word, gebeur dit nie. Wanneer die beamptes sonder Jesus teruggaan na die godsdiensteiers, vra die hoofpriesters en die Fariseërs: “Hoekom het julle hom nie gebring nie?” Die beamptes antwoord: “Nog nooit het enige mens so gepraat nie.” Die godsdiensteiers word kwaad en begin hulle spot en beledig en sê: “Is julle dan nou ook mislei? Nie een van ons leiers of van die Fariseërs het geloof in hom gestel nie. Maar hierdie skare wat die Wet nie ken nie, is vervloekte mense.” – Johannes 7:45-49.

Dan besluit Nikodemus, ’n Fariseër en ’n lid van die Sanhedrin, om Jesus te verdedig. Nikodemus het sowat twee en ’n half jaar gelede in die nag na Jesus toe gegaan en gesê dat hy geloof in hom stel. Nou sê Nikodemus: “Ons Wet oordeel nie ’n mens sonder om eers sy kant van die saak te hoor en vas te stel wat hy doen nie.”

Wat sê hulle om hulleself te verdedig? “Jy is tog nie ook uit Galilea nie? Stel ondersoek in, en dan sal jy sien dat geen profeet uit Galilea sal kom nie.” – Johannes 7:51, 52.

Die Skrif sê nie reguit dat ’n profeet uit Galilea sou kom nie. Tog het God se Woord gewys dat die Christus daarvandaan kom; dit het voorspel dat “’n groot lig” gesien sou word in “Galilea van die nasies” (Jesaja 9:1, 2; Matteus 4:13-17). Wat meer is, Jesus is in Betlehem gebore, soos voorspel, en hy is ’n nakomeling van Dawid. Al is die Fariseërs dalk hiervan bewus, het hulle waarskynlik baie van die verkeerde idees versprei wat mense oor Jesus het.



-
- ◇ Hoe vestig Jesus moontlik die aandag op iets wat elke oggend tydens die fees gebeur?
 - ◇ Hoekom arresteer die beamptes Jesus nie, en hoe reageer die godsdiensteiers?
 - ◇ Wat wys dat die Christus uit Galilea sou kom?

“DIE LIG VAN DIE WÊRELD” – DIE SEUN VAN GOD

JOHANNES 8:12-36

Op die laaste dag van die Loofhuttefees, die sewende dag, is Jesus besig om mense te leer in die deel van die tempel wat die “skatkisgedeelte” genoem word (Johannes 8:20; Lukas 21:1). Dit is blykbaar in die Voorhof van die Vroue, waar mense hulle bydraes kom neersit.

Tydens die fees word hierdie deel van die tempel in die aand verlig. Daar is vier reuselampstaanders, elkeen met vier groot komme vol olie. Die lig van hierdie lampe is helder genoeg om ’n groot deel van die omgewing te verlig. Dit is dalk waaraan Jesus se luisteraars dink wanneer Jesus nou sê: “Ek is die lig van die wêreld. Enigiemand wat my volg, sal nie in die duisternis loop nie, maar sal die lig van die lewe besit.” – Johannes 8:12.

Die Fariseërs bevraagteken Jesus en sê: “Jy getuig oor jouself. Jou getuienis is nie waar nie.” Jesus sê: “Selfs al getuig ek oor myself, is my getuienis waar, omdat ek weet waar ek vandaan kom en waarheen ek gaan. Maar julle weet nie waar ek vandaan kom en waarheen ek gaan nie.” Hy voeg by: “Daar is ook in julle eie Wet geskryf: ‘Die getuienis van twee mense is waar.’ Ek is een wat oor myself getuig, en die Vader wat my gestuur het, getuig oor my.” – Johannes 8:13-18.

Die Fariseërs stem nie saam nie en vra: “Waar is jou Vader?” Jesus antwoord reguit: “Julle ken my nie, en ook nie my Vader nie. As julle my geken het, sou julle my Vader ook geken het” (Johannes 8:19). Al wil die Fariseërs nog steeds hê dat Jesus gearresteer moet word, doen niemand dit nie.

Jesus herhaal iets wat hy reeds gesê het: “Ek gaan weg, en julle sal my soek, en tog sal julle in julle sonde sterf. Waarheen ek gaan, kan julle nie kom nie.” Die Jode, wat Jesus se woorde heeltemal verkeerd verstaan, begin wonder: “Hy sal



homself tog nie doodmaak nie, of hoe? Want hy sê: ‘Waarheen ek gaan, kan julle nie kom nie.’” Hulle verstaan nie wat Jesus bedoel nie, want hulle weet nie waar hy vandaan kom nie. Hy verduidelik: “Julle is van hier onder. Ek is van daar bo. Julle is van hierdie wêreld. Ek is nie van hierdie wêreld nie.” – Johannes 8:21-23.

Jesus praat van sy voemenslike bestaan in die hemel en van die feit dat hy die beloofde Messias, of Christus, is – die een wat hierdie godsdiensteiers behoort te verwag. Nogtans vra hulle sarkasties: “Wie is jy?” – Johannes 8:25.

Omdat Jesus weet dat hulle hom verwerp en teëstaan, sê hy: “Hoekom praat ek nog met julle?” Tog vestig hy die aandag op sy Vader en verduidelik hy hoekom die Jode na die Seun moet luister: “Die Een wat my gestuur het, is betroubaar, en ek maak die dinge wat ek by hom gehoor het, in die wêreld bekend.” – Johannes 8:25, 26.

Anders as die Jode het Jesus vertroue in sy Vader. Hy sê: “Nadat julle die Seun van die mens opgelig het, dan sal julle weet dat dit ek is, en dat ek niks uit my eie doen nie, maar ek sê hierdie dinge net soos die Vader my geleer het. En die Een wat my gestuur het, is met my. Hy het my nie aan myself oorgelaat nie, want ek doen altyd die dinge wat sy hart bly maak.” – Johannes 8:28, 29.

Maar party Jode stel wel geloof in Jesus, en hy sê vir hulle: “As julle aan my woorde getrou bly, is julle werklik my dissipels, en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.” – Johannes 8:31, 32.

Vir sommige klink dit vreemd dat Jesus sê dat ’n mens vrygemaak kan word. Hulle maak beswaar: “Ons is Abraham se nageslag en ons was nog nooit enigiemand se slawe nie. Hoe is dit dat jy sê: ‘Julle sal vry word?’” Die Jode weet dat hulle al deur ander nasies oorheers is, maar hulle weier om slawe genoem te word. Maar Jesus sê dat hulle nog steeds slawe is: “Ek verseker julle: Elkeen wat sondig, is ’n slaaf van die sonde.” – Johannes 8:33, 34.

Omdat die Jode weier om te erken dat hulle slawe van sonde is, is hulle in ’n gevaarlike posisie. “Die slaaf bly nie vir ewig in die huis nie,” verduidelik Jesus. “Die seun bly vir ewig” (Johannes 8:35). ’n Slaaf het geen reg op ’n erfposisie nie, en hy kan enige tyd weggestuur word. Slegs die seun wat in die huisgesin gebore is of wat aangeneem is, bly “vir ewig”, dit wil sê solank as wat hy lewe.

Die waarheid oor die Seun is dus die waarheid wat mense vir ewig vrymaak van sonde wat tot die dood lei. “As die Seun julle dan vrymaak, sal julle werklik vry wees,” sê Jesus. – Johannes 8:36.

-
- ◇ Wat gebeur in die aand tydens die fees, en hoe hou dit verband met wat Jesus die mense leer?
 - ◇ Wat sê Jesus oor waar hy vandaan kom, en wat openbaar dit omtrent sy identiteit?
 - ◇ In watter opsig is die Jode slawe, maar watter waarheid sal hulle vrymaak?

HULLE VADER – ABRAHAM OF DIE DUIWEL?

JOHANNES 8:37-59

Jesus is in Jerusalem vir die Loofhuttefees, en hy leer nog steeds belangrike waarhede aan die mense. Party Jode wat daar is, het so pas vir hom gesê: “Ons is Abraham se nageslag en ons was nog nooit enigiemand se slawe nie.” Jesus antwoord: “Ek weet dat julle Abraham se nageslag is, maar julle probeer my doodmaak omdat julle nie aanvaar wat ek sê nie. Ek praat oor die dinge wat ek gesien het terwyl ek by my Vader was, maar julle doen die dinge wat julle by julle vader gehoor het.” – Johannes 8:33, 37, 38.

Jesus se punt is eenvoudig: Sy Vader is nie hulle vader nie. Die Jode verstaan nie wat Jesus bedoel nie en herhaal hulle bewering: “Ons vader is Abraham” (Johannes 8:39; Jesaja 41:8). Hulle is letterlik sy nakomelinge. Daarom voel hulle dat God se vriend Abraham ook hulle geestelike vader is.

Jesus gee egter ’n skokkende antwoord: “As julle Abraham se kinders was, sou julle die werke doen wat Abraham gedoen het.” Ja, ’n ware seun volg sy pa na. “Maar nou probeer julle my doodmaak,” sê Jesus verder, “’n man wat vir julle die waarheid vertel het wat ek by God gehoor het. Abraham het dit nie gedoen nie.” Dan voeg Jesus by: “Julle doen die werke van julle vader.” – Johannes 8:39-41.

Die Jode verstaan nog steeds nie na wie Jesus verwys nie. Hulle beweer dat hulle wettige kinders is en sê: “Ons is nie uit onsedelikheid gebore nie. Ons het een Vader, God.” Maar is God werklik hulle Vader? “As God julle Vader was,” sê Jesus, “sou julle my liefhê, want ek het van God af gekom, en ek is hier. Ek het nie uit my eie gekom nie, maar Hy het my gestuur.” Jesus vra dan ’n vraag wat hy self beantwoord: “Hoekom verstaan julle nie wat ek sê nie? Omdat julle nie na my woorde kan luister nie.” – Johannes 8:41-43.

Jesus het probeer wys wat die gevolge sal wees vir iemand wat hom verwerp. Maar nou sê hy reguit: “Julle is van julle vader die Duiwel, en julle wil die begeertes van julle vader doen.” Watter soort persoon is hulle vader? Jesus identifiseer hom duidelik: “Hy was ’n moordenaar van die begin af, en hy het nie in die waarheid vasgestaan nie.” Jesus voeg by: “Die een wat aan God behoort, luister na die woorde van God. Daarom luister julle nie, omdat julle nie aan God behoort nie.” – Johannes 8:44, 47.

Dit maak die Jode kwaad, en hulle antwoord: “Is ons nie reg wanneer ons sê dat jy ’n Samaritaan is en ’n demoon het nie?” Hulle beledig Jesus deur hom “’n Samaritaan” te noem. Maar Jesus ignoreer dit en antwoord: “Ek het nie ’n demoon nie, maar ek eer my Vader, en julle beledig my.” Dit is ’n ernstige saak, soos gesien kan word uit Jesus se belofte: “As iemand my woorde gehoorsaam, sal hy die dood nooit sien nie.” Hy bedoel nie dat die apostels en ander wat hom volg, letterlik nooit sal sterf nie. Hulle sal eerder nooit ewige vernietiging, “die tweede dood”, ondergaan, sonder enige hoop op ’n opstanding nie. – Johannes 8:48-51; Openbaring 21:8.

Maar die Jode neem Jesus se woorde letterlik op en sê: “Nou weet ons dat jy ’n demoon het. Abraham het gesterf, en die profete ook, maar jy sê: ‘As iemand my woorde gehoorsaam, sal hy die dood nooit ondervind nie.’ Jy is tog nie groter as ons vader Abraham wat gesterf het nie, of hoe? . . . Wie dink jy is jy?” – Johannes 8:52, 53.

Dit is duidelik dat Jesus die punt maak dat hy die Messias is. Maar eerder as om hulle vraag oor sy identiteit reguit te beantwoord, sê hy: “As ek myself eer, beteken my eer niks nie. Dit is my Vader wat my eer, die een wat julle sê julle God is. Tog het julle hom nie geken nie, maar ek ken



hom. En as ek gesê het dat ek hom nie ken nie, sou ek soos julle wees, 'n leuenaar.” – Johannes 8:54, 55.

Jesus verwys nou weer na die voorbeeld van hulle getroue voorvader: “Abraham, julle vader, het uitgesien na die dag wanneer ek sou kom, en hy het dit gesien en was baie bly.” Ja, Abraham het uitgesien na die koms van die Messias omdat hy God se belofte geglo het. “Jy is nog nie

50 jaar oud nie, en tog het jy Abraham gesien?” vra die Jode in ongeloof. Jesus antwoord: “Ek sê vir julle: Voordat Abraham bestaan het, het ek al bestaan.” Hy praat van sy voemenslike bestaan as 'n magtige gees in die hemel. – Johannes 8: 56-58.

Die Jode is woedend oor Jesus se bewering dat hy voor Abraham gelewe het, en hulle wil hom met klippe doodgooi. Maar Jesus ontsnap.

-
- ◇ Hoe toon Jesus dat sy Vader nie sy vyande se vader is nie?
 - ◇ Hoekom kan die Jode nie daarop aandring dat Abraham hulle vader is nie?
 - ◇ In watter sin sal Jesus se volgelinge “die dood nooit sien nie”?

JESUS GENEES 'N MAN WAT BLIND GEBORE IS

JOHANNES 9:1-18

Jesus is nog steeds in Jerusalem op die Sabbat. Terwyl hy en sy dissipels in die stad loop, sien hulle 'n bedelaar wat blind gebore is. Die dissipels vra Jesus: "Rabbi, hoe is dit dat hierdie man blind gebore is? Wie het gesondig: hy of sy ouers?" – Johannes 9:2.

Die dissipels weet dat die man nie 'n onsigbare siel het wat bestaan het voordat hy gebore is nie, maar hulle wonder dalk of iemand in sy ma se baarmoeder kan sondig. Jesus antwoord: "Nie hierdie man of sy ouers het gesondig nie, maar dit was sodat die werke van God in sy geval bekend gemaak kon word" (Johannes 9:3). Nie hierdie man of sy ouers is dus skuldig aan 'n spesifieke sonde wat veroorsaak het dat hy blind is nie. Dit is eerder as gevolg van Adam se sonde dat alle mense onvolmaak gebore word en soms gebreke het, soos blindheid. Maar die man se blindheid gee Jesus die geleentheid om die werke van God bekend te maak, soos hy by ander geleenthede gedoen het toe hy mense gesond gemaak het.

Jesus beklemtoon dat dit dringend is om hierdie werke te doen. "Terwyl dit dag is, moet ons die werke doen van die Een wat my gestuur het," sê hy. "Die nag kom wanneer geen mens kan werk nie. Solank ek in die wêreld is, is ek die lig van die wêreld" (Johannes 9:4, 5). Ja, Jesus se dood sal hom binnekort in die duisternis van die graf laat beland, waar hy niks kan doen nie. Intussen is hy 'n bron van lig vir die wêreld.

Maar sal Jesus die man genees, en indien wel, hoe? Jesus spoeg op die grond en maak klei met die speeksel. Hy sit van die klei op die blinde man se oë en sê: "Gaan was jou in die bad Siloam" (Johannes 9:7). Die man doen dit. Wanneer hy dit doen, kan hy sien! Dink net hoe bly hy moet wees om vir die eerste keer in sy lewe te kan sien!

Bure en ander wat geweet het dat hy blind is, is verbaas. "Dit is mos die man wat altyd gesit en bedel het, is dit nie?" vra hulle. "Dit is hy," antwoord party. Maar ander kan dit nie glo nie en sê: "Nee, dit lyk maar net soos hy." Die man sê self: "Dit is ek." – Johannes 9:8, 9.

Daarom vra hulle hom: "Hoe is jou oë dan geopen?" Hy antwoord: "Die man met die naam Jesus het klei gemaak en dit aan my oë gesmeer en vir my gesê: 'Gaan na Siloam en was jou.' Ek het gegaan en my gewas en toe kon ek sien." Dan vra hulle: "Waar is hierdie man?" Die bedelaar antwoord: "Ek weet nie." – Johannes 9:10-12.

Die mense neem die man na die Fariseërs, wat ook wil weet hoe hy kan sien. Hy sê vir hulle: "Hy het klei op my oë gesit, en ek het my gewas en nou kan ek sien." Dit sou net natuurlik wees as die Fariseërs bly was dat die bedelaar nou ge-





nees is. In plaas daarvan beskuldig hulle Jesus en beweer: “Hy is nie ’n man wat van God af kom nie, want hy hou nie die Sabbat nie.” Maar ander sê: “Hoe kan ’n mens wat ’n sondaar is, sulke wonderwerke doen?” (Johannes 9:15, 16). Hulle is dus verdeeld.

Omdat hulle verdeeld is en nie saamstem nie, draai hulle na die man wat nou kan sien en vra hulle hom: “Wat het jy oor hom te sê, aangesien

hy jou oë geopen het?” Hy het geen twyfelgedagtes oor Jesus nie en sê: “Hy is ’n profeet.” – Johannes 9:17.

Die Jode weier om dit te glo. Hulle dink dalk dat Jesus en hierdie man saam gekonkel het om die mense om die bos te lei. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat hulle die saak slegs kan oplos deur die bedelaar se ouers te ondervra om uit te vind of hy regtig blind was.

-
- ◇ Wat was die oorsaak van die man se blindheid, en wat was nie die oorsaak nie?
 - ◇ Hoe reageer dié wat die blinde man geken het wanneer hy genees is?
 - ◇ Hoe is die Fariseërs verdeeld omdat die man genees is?

FARISEËRS KONFRONTEER DIE MAN WAT BLIND WAS

JOHANNES 9:19-41

Die Fariseërs kan nie aanvaar dat Jesus die man wat blind gebore is, genees het nie, en daarom roep hulle sy ouers. Die ouers weet dat hulle moontlik “uit die sinagoge geban” kan word (Johannes 9:22). As die gesin nie meer met ander Jode kan assosieer nie, sou dit ernstige sosiale en ekonomiese gevolge hê.

Die Fariseërs vra twee vrae: “Is dit julle seun wat julle sê blind gebore is? Hoe is dit dan dat hy nou kan sien?” Die ouers antwoord: “Ons weet dat dit ons seun is en dat hy blind gebore is. Maar ons weet nie hoe dit is dat hy nou sien nie. En ons weet nie wie sy oë geopen het nie.” Selfs al het hulle seun hulle vertel wat gebeur het, is die ouers versigtig wanneer hulle antwoord en sê hulle: “Vra hom. Hy is volwasse. Hy moet vir homself praat.” – Johannes 9:19-21.

Die Fariseërs laat die man dus terugkom en intimideer hom deur te sê dat hulle bewyse teen Jesus het. “Gee eer aan God,” dring hulle aan. “Ons weet dat hierdie man ’n sondaar is.” Ten spyte van hulle beskuldiging hou die man wat blind was, vol: “Of hy ’n sondaar is, weet ek nie.” Maar hy sê: “Een ding weet ek wel: Ek was blind, maar nou kan ek sien.” – Johannes 9:24, 25.

Die Fariseërs laat die saak nie daar nie en sê verder: “Wat het hy met jou gedoen? Hoe het hy jou oë geopen?” Die man antwoord moedig: “Ek het julle reeds vertel, maar julle het nie geluister nie. Hoekom wil julle dit weer hoor? Julle wil tog nie ook sy dissipels word nie?” Die Fariseërs is woedend en sê: “Jy is ’n dissipel van daardie man, maar ons is dissipels van Moses. Ons weet dat God met Moses gepraat het, maar ons weet nie waar hierdie man vandaan kom nie.” – Johannes 9:26-29.

Met verbasing in sy stem, sê die bedelaar: “Dit is baie vreemd dat julle nie weet waar hy vandaan kom nie, en tog het hy my oë geopen.” Die man

gee dan ’n logiese redenasie oor watter mense God se goedkeuring het en na wie hy luister: “Ons weet dat God nie na sondaars luister nie, maar as iemand godvresend is en sy wil doen, luister hy na hom. Daar is nog nooit gehoor dat enigeen die oë geopen het van iemand wat blind gebore is nie.” Hy kom tot hierdie gevolgtrekking: “As hierdie man nie van God af gekom het nie, sou hy niks kon doen nie.” – Johannes 9:30-33.

Die Fariseërs kan niks teen hierdie man se redenasie sê nie, en daarom begin hulle hom uitskel en sê: “Jy is heeltemal in sonde gebore, en nou wil jy ons kom leer?” Hulle gooi hom uit. – Johannes 9:34.

Wanneer Jesus hoor wat gebeur het, vind hy die man en vra hy: “Stel jy geloof in die Seun van die mens?” Die man wat genees is, antwoord: “Wie is hy, Meneer, sodat ek geloof in hom kan stel?” Jesus laat geen twyfel nie en sê: “Jy het hom gesien, en om die waarheid te sê, dit is hy wat met jou praat.” – Johannes 9:35-37.

Die man antwoord: “Ek stel geloof in hom, Here.” Vol geloof en respek buig die man voor Jesus neer. Dan maak Jesus ’n betekenisvolle stelling: “Vir hierdie oordeel het ek in hierdie wêreld ingekom, sodat dié wat nie sien nie, kan sien, en dié wat sien, blind kan word.” – Johannes 9:38, 39.

Die Fariseërs wat toevallig daar is, weet dat daar niks met hulle oë fout is nie. Maar wat van hulle sogenaamde rol as geestelike leiers? Hulle vra verdedigend: “Ons is tog nie ook blind nie, of hoe?” Jesus sê: “As julle blind was, sou julle geen sonde hê nie. Maar nou sê julle: ‘Ons sien.’ Daarom bly julle skuldig aan julle sonde” (Johannes 9: 40, 41). As hulle nie leermeesters in Israel was nie, sou dit dalk te verstane wees dat hulle Jesus as die Messias verwerp. Maar as gevolg van hulle kennis van die Wet, is die feit dat hulle hom verwerp ’n ernstige sonde.



- ◇ Hoekom is die ouers van die bedelaar wat voorheen blind was, bang wanneer die Fariseërs hulle roep, en hoe antwoord hulle?
- ◇ Watter logiese redenasie maak die Fariseërs woedend?
- ◇ Hoekom het die Fariseërs geen verskoning om Jesus teë te staan nie?

JESUS STUUR 70 DISSIPELS UIT OM TE PREEK

LUKAS 10:1-24

Dit is nou laat in die jaar 32 HJ, omtrent drie jaar nadat Jesus se doop. Hy en sy dissipels was onlangs by die Loofhuttefees in Jerusalem. Hulle is waarskynlik nog daar naby (Lukas 10:38; Johannes 11:1). Om die waarheid te sê, Jesus bring die meeste van die oorblywende ses maande van sy bediening in Judea deur of oorkant die Jordaanrivier in die gebied van Perea. Daar moet ook in hierdie gebiede gepreek word.

Vroeër, ná die Pasga van 30 HJ, het Jesus 'n paar maande lank in Judea gepreek en deur Samaria gereis. Rondom die tyd van die Pasga van 31 HJ het Jode in Jerusalem hom probeer doodmaak. Jesus het die jaar en 'n half daarna hoofsaaklik in die noorde, in Galilea, gepreek. Gedurende daardie tyd het baie mense sy volgelinge geword. In Galilea het Jesus sy apostels opgelei en hulle daarna uitgestuur met die volgende instruksie: "Gaan preek en sê: 'Die Koninkryk van die hemel het naby gekom'" (Matteus 10:5-7). Nou reël hy 'n predikingskampanje in Judea.


Om dié kampanje te begin, kies Jesus 70 dissipels en stuur hy hulle twee-twee uit. Daarom is daar 35 groepe Koninkrykspredikers in die gebied, waar 'die oes groot is, maar die werkers min is' (Lukas 10:2). Hulle moet na plekke gaan waarheen Jesus dalk later ook sal gaan. Die 70 moet die siekes genees en dieselfde boodskap versprei wat Jesus verkondig het.

Hierdie dissipels moenie daarop fokus om in die sinagoge te preek nie. Jesus sê vir hulle om na die mense se huise te gaan. Hy gee die instruksie: "Oral waar julle in 'n huis ingaan, sê eers: 'Mag hierdie huis vrede hê.' En as daar 'n vriend van vrede is, sal julle vrede op hom rus." Wat is hulle boodskap? Jesus sê: "Sê vir hulle: 'Die Koninkryk van God het naby julle gekom.'" – Lukas 10:5-9.

Die instruksies wat Jesus die 70 gee, is soortgelyk aan die instruksies wat hy gegee het toe hy die 12 apostels omtrent 'n jaar vroeër uitgestuur het. Hy waarsku hulle dat nie almal hulle goed sal ontvang nie. Maar hulle pogings sal opregte mense voorberei sodat baie mense gretig sal wees om die Meester te ontmoet en by hom te leer, wanneer Jesus kort daarna opdaag.

Kort daarna kom die 35 pare Koninkrykspredikers terug. Hulle sê vreugdevol vir Jesus: "Here, selfs die demone gehoorsaam ons wanneer ons u naam gebruik." Hierdie goeie verslag maak Jesus ongetwyfeld bly, want hy antwoord: "Ek sien dat Satan reeds soos weerlig uit die hemel geval het. Ek het julle die gesag gegee om slange en skerpioene te vertrap." – Lukas 10:17-19.

Jesus verseker dus sy volgelinge dat hulle in



staat sal wees om skadelike dinge te oorwin, asof hulle simboliese slange en skerpioene vertrap. Wat meer is, hulle kan daarvan seker wees dat Satan in die toekoms uit die hemel sal val. Jesus help ook die 70 om te sien wat op die lange duur werklik belangrik is. Hy sê: “Tog moet julle nie bly wees dat die geeste julle gehoorsaam nie, maar wees bly omdat julle name in die hemel opgeskryf is.” – Lukas 10:20.

Jesus is baie bly en loof sy Vader in die openbaar omdat Hy hierdie nederige knegte op so ’n kragtige manier gebruik. Hy draai na sy dissipels en sê vir hulle: “Gelukkig is die oë wat die dinge sien wat julle sien. Want ek sê vir julle: Baie profete en konings wou graag die dinge sien wat julle sien, maar hulle het dit nie gesien nie, en hulle wou die dinge hoor wat julle hoor, maar hulle het dit nie gehoor nie.” – Lukas 10:23, 24.

-
- ◇ Waar preek Jesus gedurende sy laaste ses maande, en hoekom?
 - ◇ Hoe moes die 70 dissipels mense vind?
 - ◇ Wat is volgens Jesus belangriker as al die dinge wat die 70 uitrig?



'N GOEIE SAMARITAAN

LUKAS 10:25-37

Terwyl Jesus nog naby Jerusalem is, kom verskeie Jode na hom toe. Party wil by hom leer, en ander wil hom toets. Een van hulle, wat die Wet baie goed ken, vra 'n vraag: “Leermeester, wat moet ek doen om die ewige lewe te ontvang?” – Lukas 10:25.

Jesus kom agter dat die man nie net inligting soek nie. Hy wil dalk hê dat Jesus op 'n manier moet antwoord wat die Jode aanstoot sal gee. Jesus besef dat hierdie man reeds sy eie beskouing het. Hy reageer dus wyslik op 'n manier wat daartoe lei dat die man openbaar wat hy dink.

Jesus vra: “Wat staan in die Wet geskryf? Wat het jy daarin gelees?” Hierdie man het God se Wet bestudeer, en daarom baseer hy sy antwoord daarop. Hy haal aan uit Deuteronomium 6:5 en Levitikus 19:18 en sê: “‘Jy moet Jehovah jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand’, en ‘jou naaste soos jouself’” (Lukas 10:26, 27). Is dit die antwoord?

Jesus sê vir die man: “Jy het reg geantwoord. Hou aan om dit te doen, en jy sal die lewe ontvang.” Maar beëindig dit die gesprek? Die man wil nie 'n kort en bondige antwoord hê nie; hy wil “bewys dat hy regverdig is”. Hy wil hê dat Jesus moet bevestig dat sy beskouings en die manier waarop hy ander behandel, reg is. Daarom vra hy: “Wie is my naaste?” (Lukas 10:28, 29). Dit klink dalk na 'n eenvoudige vraag, maar dit het ernstige gevolge. Hoe so?

Die Jode glo dat die woord “naaste” net van toepassing is op dié wat die Joodse tradisies hou, en dit lyk dalk asof Levitikus 19:18 dit ondersteun. Om die waarheid te sê, 'n Jood kan selfs beweer dat “dit teen die wet is” om met 'n nie-Jood te assosieer (Handelinge 10:28). Daarom beskou hierdie man en moontlik party van Jesus se eie dissipels hulleself as regverdig as

hulle mede-Jode goed behandel. Maar hulle behandel dalk 'n nie-Jood onvriendelik; hy is nie werklik 'n “naaste” nie.

Hoe kan Jesus dié beskouing regstel sonder om hierdie man en ander Jode aanstoot te gee? Hy doen dit deur 'n verhaal te vertel: “'n Man het van Jerusalem na Jerigo afgegaan en is deur rovers aangeval, wat hom uitgetrek en geslaan het en hom halfdood agtergelaat het.” Jesus gaan voort: “Toevallig het 'n priester met daardie pad afgegaan, maar toe hy hom sien, het hy aan die oorkant verbygegaan. Toe het daar 'n Leviet verbygekom. Toe hy die man sien, het hy ook aan die oorkant verbygegaan. Maar 'n sekere Samaritaan wat op die pad gereis het, het op hom afgekom, en toe hy hom sien, het hy baie jammer gevoel vir hom.” – Lukas 10:30-33.

Die man vir wie Jesus hierdie verhaal vertel, weet beslis dat baie priesters en Levitiese tempelassistente in Jerigo woon. Wanneer hulle van die tempel af huis toe gaan, moet hulle sowat 23 kilometer reis op 'n gevaarlike roete waar reisigers moontlik beroof kan word. Sê nou 'n priester en 'n Leviet loop 'n Jood raak wat hulp nodig het. Behoort hulle hom nie te help nie? In die verhaal wat Jesus vertel, het hulle dit nie gedoen nie. Die man wat hom gehelp het, was 'n Samaritaan, 'n man uit die volk waarop die Jode neersien. – Johannes 8:48.

Hoe het die Samaritaan die beseerde Jood gehelp? Jesus gaan verder: “Hy het na hom toe gegaan en sy wonde verbind en olie en wyn daarop gegooi. Toe het hy hom opgetel en hom op sy eie dier gesit en hom na 'n herberg geneem en vir hom gesorg. Die volgende dag het hy twee denarii uitgehaal, dit vir die eienaar gegee en gesê: ‘Sorg vir hom, en as jy meer as dit uitgee, sal ek jou terugbetaal wanneer ek terugkom.’” – Lukas 10:34, 35.

Nadat Jesus, die Meesteronderrigter, die verhaal vertel het, vra hy die man hierdie gedagteprikkelende vraag: “Wat dink jy? Wie van hierdie drie het hom die naaste gemaak van die man wat deur die rowers aangeval is?” Miskien voel die man ongemaklik om te sê “die Samaritaan,” en daarom sê hy: “Die een wat goed was vir hom.” Dan maak Jesus die les van sy verhaal heeltemal duidelik en spoor hy hom aan: “Gaan en doen dieselfde.” – Lukas 10:36, 37.

Wat 'n doeltreffende manier van onderrig! As

Jesus eenvoudig vir die man gesê het dat nie-Jode ook sy naaste is, sou die man en die ander Jode wat geluister het, dit aanvaar het? Waarskynlik nie. Maar deur 'n eenvoudige verhaal te vertel en besonderhede te gebruik waarmee sy luisteraars bekend is, word die vraag “Wie is my naaste?” duidelik beantwoord. Die persoon wat *regtig jou naaste* is, is die een wat die soort liefde en goedhartigheid bewys soos ons in die Bybel beveel word.



- ◇ Hoekom vra 'n sekere man Jesus dalk uit oor hoe om die ewige lewe te kry?
- ◇ Wie is volgens die Jode hulle naaste, en hoekom?
- ◇ Hoe wys Jesus wat die regte beskouing is van wie ons naaste is?

LESSE OOR GASVRYHEID EN GEBED

LUKAS 10:38–11:13

Aan die oostelike hang van die Olyfberg, sowat drie kilometer van Jerusalem, lê die dorpie Betanië (Johannes 11:18). Daar gaan Jesus na die huis van twee susters, Marta en Maria. Hulle en hulle broer, Lasarus, is Jesus se vriende, en hulle verwelkom hom met ope arms.

Dit is 'n voorreg om die Messias as 'n besoeker te hê. Marta is gretig om goed na Jesus te kyk, en daarom begin sy 'n groot maaltyd voorberei. Terwyl Marta besig is, sit haar suster, Maria, by Jesus se voete en luister na hom. Ná 'n rukkie sê Marta vir Jesus: "Here, gee u nie om dat my suster my los om alles alleen te doen nie? Sê vir haar om my te kom help." – Lukas 10:40.

Eerder as om Maria te kritiseer, gee Jesus Marta raad omdat sy oorbesorg is oor materiële dinge: "Marta, Marta, jy is angstig en bekommerd oor baie dinge, maar net 'n paar dinge is nodig, of selfs net een. Maria het die goeie deel gekies, en dit sal nie van haar af weggeneem word nie" (Lukas 10:41, 42). Ja, Jesus beklemtoon dat dit nie nodig is om baie tyd te gebruik om baie disse voor te berei nie. 'n Eenvoudige maaltyd is genoeg.

Marta het goeie bedoelings. Sy wil gasvry wees. Maar omdat sy soveel aandag skenk aan die maaltyd, mis sy uit op die kans om waardevolle onderrigting te ontvang van God se eie Seun! Jesus beklemtoon dat Maria 'n wyse besluit gemaak het, een wat blywende voordele vir haar sal hê. En ons kan ook 'n les hieruit leer.

By 'n ander geleentheid leer Jesus sy dissipels nog so 'n belangrike les. 'n Dissipel vra hom: "Here, leer ons hoe om te bid, soos Johannes ook sy dissipels geleer het" (Lukas 11:1). Jesus het dit alreeds 'n jaar en 'n half gelede in sy Bergpredikasie gedoen (Matteus 6:9-13). Maar omdat hierdie dissipel dalk nie daar was

nie, herhaal Jesus die hoofpunte. Dan vertel hy 'n illustrasie om te beklemtoon dat dit belangrik is om in gebed te volhard.

"Sê nou een van julle het 'n vriend en jy gaan middernag na hom toe en sê vir hom: 'Vriend, leen vir my drie brode, want een van my vriende het nou net by my aangekom, en ek het niks om vir hom aan te bied nie.' Maar die man antwoord van binne af: 'Hou op om my te pla. Die deur is al gesluit, en my jong kinders is saam met my in die bed. Ek kan nie opstaan en vir jou iets gee nie.' Ek sê vir julle: Al staan die man nie op om vir jou iets te gee omdat jy sy vriend is nie, sal die man beslis opstaan omdat jy aanhoudend vra, en die man sal vir jou gee wat jy ook al nodig het." – Lukas 11:5-8.

Jesus bedoel nie dat Jehovah onwillig is om te reageer as iemand hulp vra nie. Hy wys eerder dat as 'n onwillige vriend op aanhoudende versoeke sal reageer, ons liefdevolle hemelse Vader beslis op die opregte versoeke van sy getroue knegte sal reageer! Jesus sê verder: "Hou aan vra, en daar sal vir julle gegee word. Hou aan soek, en julle sal vind. Hou aan klop, en daar sal vir julle oopgemaak word. Want elkeen wat vra, ontvang, en elkeen wat soek, vind, en vir elkeen wat klop, sal daar oopgemaak word." – Lukas 11:9, 10.

Jesus beklemtoon dan sy punt deur te vra: "Watter pa onder julle sal, as sy seun 'n vis vra, vir hom 'n slang in plaas van 'n vis gee? Of sal hy vir hom 'n skerpioen gee as hy 'n eier vra? As julle wat goddeloos is, dan weet hoe om goeie dinge vir julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die Vader in die hemel heilige gees gee vir dié wat hom vra!" (Lukas 11:11-13). Hoe gerusstellend is dit tog om te weet dat ons Vader bereid is om na ons te luister en ons te gee wat ons nodig het!



- ◇ Hoe verskil Marta en Maria wanneer dit by hulle prioriteite kom, en watter les kan ons hieruit leer?
- ◇ Hoekom herhaal Jesus sy instruksies oor gebed?
- ◇ Hoe illustreer Jesus dat dit belangrik is om in gebed te volhard?

JESUS WYS WAT DIE BRON VAN GELUK IS

LUKAS 11:14-36

Jesus het so pas sy instruksies oor gebed herhaal, maar dit is nie die enigste onderwerp wat meer as een keer gedurende sy bediening bespreek word nie. Toe hy wonderwerke in Galilea gedoen het, is hy daarvan beskuldig dat hy dit doen deur die krag van die heerser van die demone. Nou word hy weer daarvan beskuldig in Judea.

Wanneer Jesus 'n demoon uit 'n stom man uitdryf, is die skare verbaas. Maar sy teenstanders is nie verbaas nie. Hulle maak weer dieselfde valse beskuldiging: “Hy dryf die demone uit deur Beëlsebub, die heerser van die demone” (Lukas 11:15). Ander wil meer bewyse hê oor Jesus se identiteit, en hulle vra hom vir 'n teken uit die hemel.

Jesus besef dat hulle hom probeer toets, en hy gee hulle dieselfde antwoord as wat hy sy teenstanders in Galilea gegee het. Hy sê dat elke koninkryk wat verdeeld is, verwoes sal word. Hy verduidelik: “As Satan dan ook teen homself draai, hoe sal sy koninkryk bly staan?” Dan sê Jesus reguit vir hulle: “Maar as ek die demone deur God se vinger uitdryf, het die Koninkryk van God julle werklik ingehaal.” – Lukas 11:18-20.


Die feit dat Jesus van “God se vinger” praat, behoort sy luisteraars te herinner aan wat vroeër in Israel se geskiedenis gebeur het. Die mense wat in Farao se hof gesien het hoe Moses 'n wonderwerk doen, het uitgeroep: “Dit is die vinger van God!” Dit was ook “God se vinger” wat die Tien Gebooie op twee kliptablette geskryf het (Eksodus 8:19; 31:18). En nou is dit ook “God se vinger” – sy heilige gees, of werkende krag – wat Jesus in staat stel om demone uit te dryf en siek mense te genees. Die Koninkryk van God het dus beslis hierdie teenstanders ingehaal, want die toekomstige Koning van die Koninkryk, Jesus, doen al hierdie dinge reg daar by hulle.

Jesus se vermoë om demone uit te dryf, bewys dat hy magtiger is as Satan, net soos wanneer 'n sterker man die oorhand kry oor 'n goed gewapende wag by 'n paleis. Jesus herhaal ook sy illustrasie oor 'n onrein gees wat 'n man verlaat. As die man die leemte nie met goeie dinge vul nie, sal daardie gees met sewe ander terugkom, en dan sal die man se uiteinde erger wees as sy begin (Matteus 12:22, 25-29, 43-45). Dit is ook hoe dit met die nasie Israel sal wees.

'n Vrou wat na Jesus luister, roep uit: “Gelukkig is die baarmoeder wat u gedra het en die borste wat u gevoed het!” Joodse vrouens het gehoop om die ma van 'n profeet te wees, veral van die Messias. Hierdie vrou dink dalk dat Maria veral gelukkig kan wees omdat sy die ma van so 'n onderrigter is. Maar Jesus help die vrou reg deur vir haar te sê wat die ware bron van geluk is: “Nee, gelukkig is dié wat die woord van God hoor en dit gehoorsaam!” (Lukas 11:27, 28). Jesus het nooit die indruk geskep dat Maria spesiale eer moet kry nie. Ware geluk gaan dus nie oor familiebande of prestasies nie. Enige man of vrou sal eerder ware geluk vind as hy of sy 'n getroue kneg van God is.

Net soos in Galilea wys Jesus die mense tereg omdat hulle aandring op 'n teken uit die hemel. Hy sê dat geen teken aan hulle gegee sal word nie, “behalwe die teken van Jona”. Jona het as 'n teken gedien omdat hy drie dae in die vis was en omdat hy moedig gepreek het, wat die Nineviete beweeg het om berou te toon. Jesus sê: “Maar kyk! iemand groter as Jona is hier” (Lukas 11:29-32). Jesus is ook groter as Salomo, na wie die koningin van Skeba gegaan het om sy wysheid te hoor.

“Nadat iemand 'n lamp aangesteek het,” voeg Jesus by, “steek hy dit nie weg nie of sit hy dit nie onder 'n emmer nie, maar op die lampstaan-



der” (Lukas 11:33). Dalk bedoel hy die volgende: Om voor hierdie mense te onderrig en wonderwerke te doen, is soos om die lig van ’n lamp weg te steek. Omdat hulle oë nie gefokus is nie, verstaan hulle nie die doel van sy werke nie.

Jesus het kort tevore ’n demoon uitgedryf en ’n stom man weer laat praat. Dit behoort mense

te beweeg om God te verheerlik en om ander te vertel wat Jehovah uitrig. Jesus het dus ’n waarskuwing vir sy teenstanders: “Maak seker dat die lig in jou nie duisternis is nie. As jou hele liggaam dan helder is en geen deel daarvan donker is nie, sal dit so helder wees soos wanneer ’n lamp se strale vir jou lig gee.” – Lukas 11:35, 36.

-
- ◇ Hoe reageer party in Judea wanneer Jesus ’n man genees?
 - ◇ Wat is “God se vinger”, en hoe het God se Koninkryk Jesus se luisteraars ingehaal?
 - ◇ Hoe kan mense ware geluk vind?

JESUS EET SAAM MET 'N FARISEËR

LUKAS 11:37-54

Terwyl Jesus in Judea is, aanvaar hy 'n uitnodiging om by 'n Fariseër te gaan eet. Dit is waarskynlik 'n middagetete en nie 'n aandete nie. (Lukas 11:37, 38; vergelyk Lukas 14:12.) Voordat die Fariseërs eet, volg hulle 'n ritueel om hulle hande tot by die elmboë te was. Maar Jesus doen dit nie (Matteus 15:1, 2). Dit sou nie 'n oortreding van God se Wet wees om dit wel te doen nie, maar dit is nie iets wat deur God vereis word nie.

Die Fariseër is verbaas dat Jesus nie hierdie tradisie volg nie. Jesus kom dit agter en sê: “Ja, julle Fariseërs, julle maak die buitekant van die beker en skottel skoon, maar aan die binnekant is julle vol gierigheid en goddeloosheid. Onredelike mense! Hy wat die buitekant gemaak het, het ook die binnekant gemaak, nie waar nie?” – Lukas 11:39, 40.

Dit gaan nie hier oor skoon hande nie, maar eerder oor godsdiensskynheiligheid. Die Fariseërs en sekere ander mense volg nou wel die ritueel om hulle hande te was, maar hulle reinig nie hulle harte van goddeloosheid nie. Jesus gee hulle dus hierdie raad: “Wanneer julle geskenke aan die armes gee, moet dit van binne af kom, en alles omtrent julle sal skoon wees” (Lukas 11:41). Hierdie raad is so waar! Iemand moet gee uit 'n hart vol liefde en nie omdat hy ander wil beïndruk deur voor te gee dat hy regverdig is nie.

Die probleem is nie dat hierdie mense nie gee nie. Jesus sê: “Julle gee die tiende van die kruisement en van die wynruit en van elke ander soort kruie, maar julle ignoreer die geregtigheid en die liefde vir God! Dit was nodig dat julle hierdie dinge doen, maar sonder om die ander dinge te ignoreer” (Lukas 11:42). God se Wet het vereis dat 'n tiende van 'n oes gegee word (Deuteronomium 14:22). Dit het kruisement en wynruit ingesluit – kruie of plante wat gebruik is om kos te

geur. Die Fariseërs het pligsgetrou 'n tiende van hierdie kruie betaal, maar wat van die belangriker vereistes van die Wet, soos om geregtigheid te beoefen en beskeie voor God te wees? – Miga 6:8.

Jesus sê verder: “Dit sal sleg gaan met julle, Fariseërs, want julle hou daarvan om die voorste sitplekke in die sinagoges te hê en om op die markpleine gegroet te word! Dit sal sleg gaan met julle, want julle is soos daardie grafte wat nie mooi gesien kan word nie en waaroor mense loop sonder om dit te besef!” (Lukas 11:43, 44). Ja, mense loop dalk onwetend oor sulke grafte en word dan seremonieel onrein. Jesus gebruik hierdie feit om te beklemtoon dat die onreinheid van die Fariseërs nie opvallend is nie. – Matteus 23:27.

'n Man wat God se Wet goed ken, kla: “Leermeester, deur hierdie dinge te sê, beledig u ons ook.” Maar sulke mense moet besef dat hulle nie die mense help nie. Jesus sê: “Dit sal ook sleg gaan met julle wat die Wet goed ken, want julle belaa die mense met vragte wat moeilik is om te dra, maar julle raak self nie aan die vragte met een van julle vingers nie! Dit sal sleg gaan met julle, want julle bou die grafte van die profete, maar julle voorvaders het hulle doodgemaak!” – Lukas 11:45-47.

Die vragte waarna Jesus verwys, is die mondelinge tradisies en die Fariseërs se interpretasie van die Wet. Hierdie mans maak die lewe nie makliker vir die mense nie. Hulle dring eerder daarop aan dat die mense sekere dinge moet onderhou, wat swaar laste word. Hulle voorvaders het God se profete doodgemaak, van wie Abel die eerste was. Nou laat hulle dit lyk asof hulle die profete eer deur vir hulle grafte te bou, waardeur hulle die gesindheid en dade van hulle voorvaders navolg. Hulle wil selfs God se belangrikste Profeet doodmaak. Jesus sê dat God hierdie geslag hiervoor

verantwoordelik sal hou. En sowat 38 jaar later het dit wel gebeur, in 70 HJ.

Jesus sê verder: “Dit sal sleg gaan met julle wat die Wet goed ken, want julle het die sleutel van die kennis weggeneem. Julle het self nie ingegaan nie, en julle probeer die mense keer wat wil ingaan!” (Lukas 11:52). Hierdie mans, wat veronderstel is om die betekenis van God se Woord duidelik

te maak, maak dit eerder vir mense moeilik om dit te ken en te verstaan.

Hoe reageer die Fariseërs en skrifgeleerdes? Terwyl Jesus vertrek, begin hulle hom woedend teëstaan en baie vrae vra. Hulle vra nie omdat hulle graag wil leer nie. Hulle wil Jesus eerder kry om iets te sê waarvoor hulle hom kan laat arresteer.



- ◇ Hoekom veroordeel Jesus die Fariseërs en skrifgeleerdes?
- ◇ Watter swaar laste word op die mense gelê?
- ◇ Wat lê voor vir dié wat Jesus teëstaan en hom wil laat doodmaak?

JESUS GEE RAAD OOR RYKDOM

LUKAS 12:1-34

Terwyl Jesus in die Fariseër se huis eet, kom duisende mense buite bymekaar om vir hom te wag. Hy het soortgelyke ondervindinge met die skares in Galilea gehad (Markus 1:33; 2:2; 3:9). Hier in Judea wil baie hom sien en hoor wat hy sê, en hulle gesindheid is baie anders as dié van die Fariseërs by die maaltyd.

Wat Jesus eerste sê, het spesiale betekenis vir sy dissipels: “Pasop vir die suurdeeg van die Fariseërs, wat skynheiligheid is.” Jesus het hierdie waarskuwing al voorheen gegee, maar wat hy by die maaltyd sien, wys hoe dringend hierdie raad is (Lukas 12:1; Markus 8:15). Die Fariseërs probeer dalk om hulle goddeloosheid weg te steek deur voor te gee dat hulle godsdienstig is, maar hulle is ’n gevaar waarteen die mense gewaarsku moet word. Jesus verduidelik: “Daar is niks wat sorgvuldig weggesteek is wat nie geopenbaar sal word nie, en geen geheim wat nie bekend sal word nie.” – Lukas 12:2.

Baie van die mense wat om Jesus bymekaar-kom, is dalk Judeërs wat nie gehoor het hoe hy in Galilea onderrig nie. Hy herhaal dus belangrike gedagtes wat hy vroeër genoem het. Hy spoor al sy luisteraars aan: “Moenie dié vrees wat die liggaam doodmaak en daarna niks meer kan doen nie” (Lukas 12:4). Soos hy voorheen gedoen het, beklemtoon hy dat sy volgelinge moet vertrou dat God vir hulle sal sorg. Hulle moet die rol van die Seun van die mens erken en besef dat God hulle kan help. – Matteus 10:19, 20, 26-33; 12:31, 32.

Dan noem ’n man in die skare iets waaroor hy bekommerd is: “Leermeester, sê vir my broer om die erfenis met my te deel” (Lukas 12:13). Die Wet sê dat die eersgebore seun ’n dubbele erfdel moet ontvang, en daarom behoort dit nie ’n kwessie te wees nie (Deuteronomium 21:17). Dit

lyk egter asof hierdie man meer wil hê as wat hy volgens die Wet moet ontvang. Jesus weier wyslik om kant te kies. “Mens, wie het my as regter aangestel of as die een wat julle erfenis vir julle moet verdeel?” vra hy. – Lukas 12:14.

Jesus gee dan die volgende waarskuwing aan almal: “Pasop en vermy elke vorm van gierigheid, want selfs wanneer iemand ’n oorvloed het, hang sy lewe nie van sy besittings af nie” (Lukas 12:15). Dit maak nie saak hoeveel rykdom ’n mens het nie, hy sal op die een of ander stadium sterf en alles agterlaat, nie waar nie? Jesus beklemtoon hierdie punt met ’n onvergeetlike illustrasie wat ook wys hoe waardevol ’n goeie reputasie by God is:

“Die land van ’n ryk man het ’n goeie opbrengs gelewer. Hy het vir homself begin sê: ‘Wat moet ek doen nou dat ek geen plek het om my oes te versamel nie?’ Toe het hy gesê: ‘Ek weet! Ek sal my voorraads-kure afbreek en groter voorraads-kure bou, en ek sal al my graan en al my goedere daar versamel. Ek sal vir myself sê: ‘Jy het baie goeie dinge weggesit vir die jare wat voorlê. Ontspan, eet, drink, geniet die lewe.’” Maar God het vir hom gesê: ‘Onredelike mens, vanaand sal jy sterf. Wie gaan dan die dinge kry wat jy opgegaar het?’ So gaan dit met die mens wat vir homself skatte opgaar, maar nie ryk is teenoor God nie.” – Lukas 12:16-21.

Jesus se dissipels en ander wat na hom luister, kan in ’n strik trap deur rykdom na te jaag of op te gaar. Of die sorge van die lewe kan hulle aandag aflei van hulle diens aan Jehovah. Jesus herhaal dus die goeie raad wat hy sowat ’n jaar en ’n half gelede in die Bergpredikasie gegee het:

“Hou op om bekommerd te wees oor julle lewens, oor wat julle sal eet, of oor julle liggame, oor wat julle sal aantrek. . . . Dink aan die kraaie:

Hulle saai nie saad nie en hulle oes nie. Hulle het nie 'n skuur of 'n stoorkamer nie, en tog sorg God dat hulle kos het. Is julle nie baie meer werd as voëls nie? . . . Let op hoe die lelies groei: Hulle sloof hulle nie af nie en hulle spin ook nie, maar ek sê vir julle dat nie eers Salomo met al sy prag en rykdom soos een van hulle geklee was nie. . . . Hou dus op om te soek wat julle sal eet en wat julle sal drink, en hou op om angstig en gespanne te wees. . . . Julle Vader weet dat julle hierdie dinge nodig het. Hou eerder aan om sy Koninkryk te soek, en hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.” – Lukas 12:22-31; Matteus 6:25-33.

Wie sal God se Koninkryk soek? Jesus wys dat 'n betreklike klein getal getroue mense, 'n “klein kuddetjie,” dit sal doen. Later sal dit geopenbaar word dat daar slegs 144 000 van hulle sal wees. Wat lê vir hulle voor? Hulle het Jesus se versekering: “Julle Vader het dit goedgevind om die Koninkryk aan julle te gee.” Hulle sal nie daarop fokus om skatte op die aarde bymekaar te maak, wat gesteel kan word nie. Hulle harte sal eerder wees by “'n skat in die hemel wat nooit opraak nie,” waar hulle saam met Christus sal regeer. – Lukas 12:32-34.



- ◇ Hoe reageer Jesus op 'n vraag oor 'n erfdeel?
- ◇ Hoekom moet ons ernstig aandag skenk aan die illustrasie wat Jesus gee?
- ◇ Wat openbaar Jesus omtrent dié wat saam met hom in die Koninkryk sal wees?

BLY GEREED, GETROUE BESTUURDER!

LUKAS 12:35-59

Jesus het verduidelik dat slegs 'n "klein kudde-tjie" 'n plek in die hemelse Koninkryk sal ontvang (Lukas 12:32). Maar hierdie wonderlike beloning is nie iets wat ligtelik opgeneem moet word nie. Om die waarheid te sê, hy beklemtoon hoe belangrik dit sal wees om die regte gesindheid te hê om deel van die Koninkryk te wees.

Jesus spoor dus sy dissipels aan om gereed te bly vir wanneer hy terugkom. Hy sê: "Sorg dat julle aangetrek en gereed is, en laat julle lampe brand, en julle moet soos mense wees wat vir hulle meester wag om van die huweliksfees af terug te kom, sodat hulle dadelik vir hom kan oopmaak wanneer hy kom klop. Gelukkig is daardie slawe wanneer die meester kom en sien dat hulle wakker is!" – Lukas 12:35-37.

Dit is maklik vir die dissipels om te verstaan watter gesindheid Jesus in gedagte het. Die knegte waarvan hy praat, is gereed en wag vir hulle meester om terug te keer. Jesus verduidelik: "Gelukkig is hulle as hy [die meester] in die tweede waak [van omtrent negeuur die aand tot middernag] of selfs in die derde waak [van middernag tot omtrent drieuur die oggend] kom en sien dat hulle gereed is!" – Lukas 12:38.

Dit is veel meer as net 'n aansporing om pligsgetroue huisknegte, of werkers, te wees. Dit kan duidelik gesien word uit die manier waarop Jesus, die Seun van die mens, homself in die illustrasie inbring. Hy sê vir sy dissipels: "Julle moet julle ook gereed hou, want die Seun van die mens kom op 'n uur wat julle nie verwag nie" (Lukas 12:40). Jesus sal dus êrens in die toekoms kom. Hy wil hê dat sy volgelingen – veral lede van die "klein kudde-tjie" – gereed moet wees.

Petrus wil Jesus se illustrasie duidelik verstaan, en daarom vra hy: "Here, vertel u hierdie illustrasie net vir ons of ook vir almal?" Je-

sus vertel nog 'n illustrasie wat verband hou met die eerste een eerder as om Petrus 'n direkte antwoord te gee: "Wie is werklik die getroue bestuurder, die verstandige, wat sy meester oor sy huisknegte sal aanstel om altyd vir hulle hulle deel van die voedsel op die regte tyd te gee? Gelukkig is daardie slaaf as sy meester hom daarmee besig vind wanneer hy kom! Ek vertel julle die waarheid: Sy meester sal hom oor al sy besittings aanstel." – Lukas 12:41-44.

In die vorige illustrasie is dit duidelik dat "die meester" na Jesus, die Seun van die mens, verwys. Dit is dus logies dat "die getroue bestuurder" mense insluit wat deel is van die "klein kudde-tjie" en wat die Koninkryk sal ontvang (Lukas 12:32). Jesus sê hier dat sekere lede van hierdie groep "sy huisknegte . . . hulle deel van die voedsel op die regte tyd [sal] gee". Petrus en die ander dissipels wat deur Jesus geleer en geestelik gevoed word, kan dus aflei dat daar 'n tyd in die toekoms sal wees wanneer die Seun van die mens sal kom. En in daardie tyd sal daar 'n reëling wees om Jesus se volgelingen, die Meester se "huisknegte", geestelik te voed.

Jesus beklemtoon op nog 'n manier hoekom sy dissipels waaksaam moet wees en op hulle gesindheid moet let. Dit is omdat dit vir iemand moontlik is om nie meer om te gee nie en om selfs die punt te bereik waar hy sy medeknegte teëstaan: "Maar as daardie slaaf ooit in sy hart sou sê: 'My meester vat lank om te kom,' en hy die diensknegte en die diensmeisies begin slaan en begin eet en drink en dronk word, sal die meester van daardie slaaf op 'n dag en 'n uur kom wanneer hy hom nie verwag nie, en hy sal hom baie swaar straf en hom 'n plek gee by die mense wat nie getrou was nie." – Lukas 12:45, 46.

Jesus sê dat hy gekom het “om ’n vuur op die aarde te maak”. En hy het dit gedoen deur oor dinge te praat wat hewige besprekings veroorsaak het en verkeerde leringe en tradisies as ’t ware in rook laat opgaan het. Dit veroorsaak verdeeldheid, selfs tussen persone wat normaalweg verenig sou wees – “pa teen seun en seun teen pa, ma teen dogter en dogter teen ma, skoonma teen skoonogter en skoonogter teen skoonma”. – Lukas 12:49, 53.

Hierdie kommentare is veral vir sy dissipels bedoel. Dan praat Jesus met die skare. Die

meeste mense weier hardkoppig om die bewyse te aanvaar dat hy die Messias is, en daarom sê hy vir hulle: “Wanneer julle ’n wolk in die weste sien opkom, sê julle dadelik: ‘Daar kom ’n storm,’ en dan gebeur dit. En wanneer julle sien dat ’n suidewind waai, sê julle: ‘Daar sal ’n hittegolf wees,’ en dan gebeur dit. Skynheiliges, julle kan sien hoe die weer gaan wees deur na die aarde en die lug te kyk, maar hoekom kan julle nie sien wat in hierdie tyd plaasvind nie?” (Lukas 12:54-56). Dit is duidelik dat hulle nie gereed is nie.



- ◇ Wie is “die meester”, en wie is “die getroue bestuurder”?
- ◇ Hoekom kan die dissipels tot die gevolgtrekking kom dat daar in die toekoms ’n getroue bestuurder sal wees, en wat is hierdie bestuurder se rol?
- ◇ Hoekom is Jesus se raad om gereed te bly so belangrik?

HOEKOM VERNIETIGING VOORLÊ

LUKAS 13:1-21

Jesus het mense op verskillende maniere probeer beweeg om aan hulle verhouding met God te dink. Hy het nog so 'n geleentheid gekry ná sy bespreking met mense buite 'n Fariseër se huis.

Party van hulle praat oor 'n tragiese gebeurtenis. Hulle praat van “die Galileërs wat deur [die Romeinse goewerneur Pontius] Pilatus doodgemaak is terwyl hulle offerandes geoffer het” (Lukas 13:1). Wat bedoel hulle?

Hierdie Galileërs is dalk doodgemaak toe duisende Jode betoog het nadat Pilatus geld uit die tempelskatkis gebruik het om 'n akwaduk te bou om Jerusalem van water te voorsien. Pilatus het die geld dalk deur die samewerking van die tempelbestuur verkry. Dié wat van hierdie tragedie praat, voel dalk dat die Galileërs gesterf het omdat hulle iets goddeloos gedoen het. Jesus stem nie saam nie.

Hy vra: “Dink julle dat hierdie Galileërs groter sondaars was as al die ander Galileërs omdat hierdie dinge met hulle gebeur het?” “Nee,” sê hy. Hy gebruik egter die voorval om die Jode te waarsku: “Tensy julle berou het, sal julle almal net so vernietig word” (Lukas 13:2, 3). Jesus verwys dan na 'n ander tragedie wat dalk onlangs gebeur het en wat dalk verband gehou het met die bou van die akwaduk. Hy vra:

“Die 18 wat dood is toe die toring in Siloam op hulle geval het – dink julle dat hulle groter skuld gehad het as al die ander mense wat in Jerusalem woon?” (Lukas 13:4). Die skare voel dalk dat daardie mense gesterf het omdat hulle op die een of ander manier sleg was. Jesus stem weer nie saam nie. Hy weet dat hierdie tragedie heel moontlik die gevolg was van “tyd en onverwagse gebeure” (Prediker 9:11). Die mense kan egter iets leer uit wat gebeur het. “As julle nie berou toon nie, sal julle almal vernietig word, net

soos hulle,” sê Jesus (Lukas 13:5). Maar hoekom beklemtoon hy nou hierdie les?

Dit is omdat Jesus al 'n tyd lank besig is met sy bediening, en hy illustreer die punt só: “'n Man het 'n vyeboom gehad wat in sy wingerd geplant was, en hy het vrugte daaraan kom soek, maar niks gekry nie. Toe het hy vir die wingerdarbeider gesê: ‘Dit is nou al drie jaar dat ek vrugte aan hierdie vyeboom kom soek, maar niks kry nie. Kap dit af! Hoekom moet ek dit in die grond los sonder dat dit vrugte dra?’ Hy het hom geantwoord: ‘Meester, los dit vir nog 'n jaar, totdat ek daarom spit en mis daarom gooi. As dit dan



in die toekoms vrugte dra, is dit goed en wel, maar so nie, kan u dit laat afkap.” – Lukas 13: 6-9.

Jesus probeer al meer as drie jaar lank om die Jode te help om geloof op te bou. Tog het sy werk nie veel opgelewer nie en het redelik min Jode dissipels geword. Nou, in die vierde jaar van sy bediening, span hy hom nog meer in. Dit is asof hy om die Joodse vyeboom spit en mis gooi deur in Judea en Perea te preek en te onderrig. Wat is die gevolg? Slegs 'n klein aantal Jode reageer. As 'n geheel weier die nasie om berou te toon, en nou staan hulle op die punt om vernietig te word.

Die negatiewe gesindheid wat die meerder-



nie” (Lukas 13:14). Die beampte ontken nie dat Jesus die mag het om te genees nie; hy veroordeel eerder die mense wat kom om op die Sabbat genees te word! Jesus gee ’n logiese antwoord: “Skenheiliges, maak elkeen van julle nie op die Sabbat sy bul of sy donkie uit die stal los en lei hom weg om hom iets te gee om te drink nie? Hierdie vrou is ’n dogter van Abraham, en sy was 18 jaar lank deur Satan gevange gehou. Moet sy dan nie op die Sabbatdag van hierdie boeie verlos word nie?” – Lukas 13:15, 16.

Die teenstanders voel beskaamd, maar die skare is bly oor die wonderlike dinge wat hulle Jesus sien doen. Dan herhaal Jesus hier in Judea twee profetiese illustrasies oor die Koninkryk, wat hy vroeër vanuit ’n boot op die See van Galilea vertel het. – Matteus 13:31-33; Lukas 13: 18-21.

heid openbaar, kan kort daarna op ’n Sabbat weer duidelik gesien word. Jesus onderrig in ’n sinagoge. Hy sien ’n vrou wat al 18 jaar lank krom getrek is omdat ’n demoon haar pla. Jesus betoon medelye teenoor haar en sê: “Vrou, jy is van jou swakheid bevry” (Lukas 13:12). Jesus sit sy hande op haar, en onmiddellik kom sy regop en begin sy God loof.

Dit maak die hoofbeampte van die sinagoge kwaad, en hy sê: “Daar is ses dae waarop werk gedoen behoort te word. Kom dan op daardie dae om genees te word, nie op die Sabbatdag



- ◇ Watter twee tragiese gebeurtenisse gebruik Jesus om ’n waarskuwing te gee, en wat is die waarskuwing?
- ◇ Hoe beklemtoon die illustrasie van die onvrugbare vyeboom die situasie van die Joodse nasie?
- ◇ Hoekom is die hoofbeampte van die sinagoge krities, en hoe wys Jesus dat die man skynheilig is?

DIE GOEIE HERDER EN DIE SKAAPKRALE

JOHANNES 10:1-21

Terwyl Jesus mense in Judea leer, praat hy van iets waarmee sy luisteraars goed bekend is – skape en skaapkrale. Maar hy is eintlik besig om ’n illustrasie te vertel. Die Jode onthou waarskynlik Dawid se woorde: “Jehovah is my Herder. Ek sal niks kortkom nie. In groen weivelde laat hy my neerlê” (Psalm 23:1, 2). In ’n ander psalm het Dawid die nasie genooi en gesê: “Laat ons kniel voor Jehovah ons Maker. Want hy is ons God, en ons is die volk van sy weiding” (Psalm 95:6, 7). Ja, die Israeliete onder die Wet word al lank vergelyk met ’n kudde skape.

Hierdie “skape” is in ’n “skaapkraal” in die sin dat hulle onder die Wetsverbond van Moses gebore is. Die Wet het as ’n heining gedien wat hulle beskerm het teen die verderflike gebruike van die volke wat nie onder hierdie reëling is nie. Party Israeliete het egter God se kudde sleg behandel. Jesus sê: “Ek verseker julle: Hy wat nie by die deur van die skaapkraal ingaan nie maar iewers anders opklim, is ’n dief en ’n rower. Maar hy wat by die deur ingaan, is die herder van die skape.” – Johannes 10:1, 2.

Die skare dink dalk aan mense wat beweer het dat hulle die Messias, of Christus, is. Hierdie soort mense is soos diewe en rowers. Die volk moenie sulke bedrieërs volg nie. Hulle moet eerder “die herder van die skape” volg, van wie Jesus sê:

“Die deurwagter maak vir hom oop, en die skape luister na sy stem. Hy roep sy eie skape op hulle name en lei hulle uit. Wanneer hy al sy skape uitgebring het, gaan hy voor hulle uit, en die skape volg hom omdat hulle sy stem ken. Hulle sal glad nie ’n vreemdeling volg nie, maar sal van hom af wegvlug, omdat hulle nie die stem van vreemdelinge ken nie.” – Johannes 10:3-5.

Vroeër het Johannes die Doper, soos ’n deur-

wagter, Jesus geïdentifiseer as die een wat deur daardie simboliese skape onder die Wet gevolg moet word. En party skape, in Galilea en hier in Judea, het Jesus se stem herken. Waarheen sou hy ‘hulle lei’? En wat sou die gevolg wees as hulle hom volg? Party wat hierdie illustrasie hoor, wonder dalk hieroor, want ‘hulle verstaan nie wat hy vir hulle sê nie’. – Johannes 10:6.

Jesus verduidelik: “Ek sê vir julle: Ek is die deur vir die skape. Almal wat in my plek gekom het, is diewe en rowers, maar die skape het nie na hulle geluister nie. Ek is die deur. Wie deur my ingaan, sal gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind.” – Johannes 10:7-9.

Dit is duidelik dat Jesus iets nuuts voorstel. Sy luisteraars weet dat hy nie die deur is wat lei tot die Wetsverbond, wat al eeue lank bestaan nie. Daarom bedoel hy sekerlik dat die skape wat hy ‘uit lei’, ’n ander skaapkraal moet binnegaan. Wat is die gevolg?

Jesus verduidelik sy rol verder en sê: “Ek het gekom sodat hulle lewe kan hê, en dit in oorvloed kan hê. Ek is die goeie herder. Die goeie herder gee sy lewe vir die skape” (Johannes 10:10, 11). Jesus het vroeër sy dissipels vertroos deur te sê: “Moenie bang wees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het dit goedgevind om die Koninkryk aan julle te gee” (Lukas 12:32). Ja, dié wat uit die “klein kuddetjie” bestaan, is persone wat Jesus na ’n nuwe skaapkraal sal lei sodat hulle “lewe kan hê, en dit in oorvloed kan hê”. Wat ’n seën is dit tog om deel van daardie kudde te wees!

Maar Jesus het nog iets om te sê. Hy merk op: “Ek het ander skape, wat nie van hierdie kraal is nie. Ek moet hulle ook inbring, en hulle sal na my stem luister, en hulle sal een kudde onder een herder word” (Johannes 10:16). Hierdie “ander



skape” is nie van hierdie kraal nie. Hulle moet dus van ’n ander kraal wees en nie van die kraal van die “klein kuddetjie,” wat die Koninkryk sal erf nie. Hierdie twee krale het verskillende bestemmings, maar die skape in al twee krale sal voordeel trek uit Jesus se rol. Hy sê: “Daarom het die Vader my lief, omdat ek my lewe gee, sodat ek dit weer kan ontvang.” – Johannes 10:17.

Baie in die skare sê: “Hy het ’n demoon en is mal.” Maar ander luister aandagtig en wil graag die Goeie Herder volg. Hulle sê: “Dit is nie die woorde van ’n man wat ’n demoon het nie. ’n Demon kan tog nie blindes se oë open nie, of hoe?” (Johannes 10:20, 21). Hulle verwys waarskynlik na die feit dat Jesus die man wat blind was, vroeër genees het.

-
- ◇ Wat kon die Jode verstaan toe Jesus oor skape en skaapkrale gepraat het?
 - ◇ Wie sê Jesus is die Goeie Herder, en waarheen sal hy die skape lei?
 - ◇ Na watter twee krale moet die skape wat Jesus volg, gelei word?

EEN MET DIE VADER, MAAR HY IS NIE GOD NIE

JOHANNES 10:22-42

Jesus het Jerusalem toe gekom vir die Toewydingsfees (of, Hanukka). Hierdie fees herdenk die hertoewyding van die tempel. Meer as 'n eeu tevore het die Siriese koning Antiogos IV Epifanes 'n ander altaar bo-op die groot altaar by God se tempel gebou. Later het seuns van 'n Joodse priester Jerusalem weer ingeneem en die tempel weer aan Jehovah toegewy. Sedert daardie tyd, word 'n jaarlikse viering op 25 Kislef gehou, die maand wat ooreenkom met die laaste gedeelte van November en die eerste gedeelte van Desember.

Dit is winter. Jesus loop in die tempel in die Pilaargang van Salomo. Jode omring hom en sê vir hom: “Hoe lank gaan u ons in spanning hou? As u die Christus is, sê dit dan reguit vir ons” (Johannes 10:22-24). Hoe sal Jesus antwoord? Hy sê: “Ek het vir julle gesê, en tog glo julle nie.” Jesus het nie *direk* vir hulle gesê dat hy die Christus is soos hy vir die Samaritaanse vrou by die put gesê het nie (Johannes 4:25, 26). Maar hy het wel sy identiteit geopenbaar deur te sê: “Voordat Abraham bestaan het, het ek al bestaan.” – Johannes 8:58.

Jesus wil hê dat mense self tot die gevolgtrekking moet kom dat hy die Christus is deur sy werke te vergelyk met wat oor die Christus voorspel is. Daarom het hy op ander tye vir sy dissipels gesê om nie vir enigiemand te sê dat hy die Messias is nie. Maar nou sê hy reguit vir hierdie vyandige Jode: “Die werke wat ek in die naam van my Vader doen, getuig oor my. Maar julle glo nie.” – Johannes 10:25, 26.

Hoekom glo hulle nie dat Jesus die Christus is nie? Hy sê: “Julle glo nie, omdat julle nie my skape is nie. My skape luister na my stem, en ek ken hulle, en hulle volg my. Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal beslis nooit vernietig word nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. Wat my Va-

der my gegee het, is groter as alle ander dinge.” Dan vertel Jesus hulle watter hegte verhouding hy en sy Vader het deur te sê: “Ek en die Vader is een” (Johannes 10:26-30). Jesus is hier op die aarde en sy Vader is in die hemel, en daarom kan hy nie bedoel dat hy en sy Vader letterlik een is nie. Hulle het eerder dieselfde voorneme en is verenig.

Jesus se woorde het die Jode so kwaad gemaak dat hulle weer klippe optel om hom dood te maak. Dit maak Jesus nie bang nie. “Ek het julle heelwat goeie werke laat sien wat van die Vader af kom,” sê hy. “Oor watter van daardie werke wil julle my doodgooi?” Hulle antwoord: “Ons wil jou nie doodgooi omdat jy 'n goeie werk gedoen het nie, maar omdat jy laster, want jy maak jouself 'n god” (Johannes 10:31-33). Jesus het nooit beweër dat hy 'n god is nie. Hoekom beskuldig hulle hom dan hiervan?

Wel, Jesus sê dat hy die mag het om dinge te doen wat die Jode dink God alleen kan doen. In verband met die “skape” sê hy byvoorbeeld: “Ek gee hulle die ewige lewe,” iets wat mense nie kan doen nie (Johannes 10:28). Maar die Jode vergeet dat Jesus openlik erken het dat hy gesag van sy Vader af gekry het.

Jesus bewys dat hulle beskuldiging nie waar is nie deur te sê: “Staan daar nie in julle Wet [in Psalm 82:6] geskryf: ‘Ek het gesê: “Julle is gode” nie? . . . As mense teen wie die woord van God gerig is, dan ‘gode’ genoem word, hoe kan julle vir my wat deur die Vader geheilig en in die wêreld ingestuur is, sê dat ek laster omdat ek gesê het: ‘Ek is God se Seun’?” – Johannes 10:34-36.

Ja, die Skrif noem selfs onregverdige mense-regters “gode”. Hoe kan hierdie Jode dan foutvind met Jesus omdat hy sê: “Ek is God se Seun”? Hy sê iets wat hulle behoort te oortuig: “As ek nie die werke van my Vader doen nie, moet my dan nie glo nie. Maar as ek dit wel doen, glo dan die



werke, al glo julle my nie, sodat julle kan leer en kan aanhou glo dat die Vader in eenheid met my is, en ek in eenheid met die Vader.” – Johannes 10: 37, 38.

In reaksie hierop probeer die Jode Jesus vang, maar hy kom weer van hulle af weg. Hy verlaat Jerusalem en steek die Jordaanrivier oor en gaan na die gebied waar Johannes mense byna vier jaar

vroeër begin doop het. Dit is waarskynlik nie ver van die suidelike punt van die See van Galilea nie.

Skares kom na Jesus toe en sê: “Johannes het nou wel nie ’n enkele wonderwerk gedoen nie, maar alles wat Johannes oor hierdie man gesê het, was waar” (Johannes 10:41). Baie Jode stel dus geloof in Jesus.

-
- ◇ Hoekom vestig Jesus die mense se aandag op sy werke?
 - ◇ Hoe is Jesus en sy Vader een?
 - ◇ Hoe gebruik Jesus ’n aanhaling uit Psalm om hom te verdedig teen die beskuldiging dat hy homself ’n god maak of gelyk aan God maak?





DEEL

5

JESUS SE LATERE BEDIENING OOS VAN DIE JORDAANRIVIER

‘BAIE HET GELOOF
IN HOM GESTEL.’

– JOHANNES 10:42

JESUS SE BEDIENING IN PEREA

LUKAS 13:22-14:6

Jesus leer en genees mense in Judea en Jerusalem. Dan steek hy die Jordaanrivier oor om mense van stad tot stad in die gebied van Perea te leer. Maar hy sal binnekort weer terug wees in Jerusalem.

Terwyl Jesus in Perea is, vra 'n man: “Here, is daar min mense wat gered word?” Die man weet waarskynlik van debatte wat die godsdiensteilers oor hierdie onderwerp gehad het. Jesus verskuif die aandag van hoeveel gered sal word na wat gedoen moet word om gered te word. “Span julle kragtig in om deur die nou deur in te gaan,” sê hy. Ja, dit verg moeite; 'n stryd moet gevoer word. Hoe so? Jesus verduidelik: “Baie sal probeer ingaan, maar hulle sal dit nie kan doen nie.” – Lukas 13:23, 24.

Om duidelik te maak hoe belangrik dit is om jou kragtig in te span, sê Jesus: “Wanneer die huiseenaar opstaan en die deur sluit, sal julle buite staan en aan die deur klop en sê: ‘Here, maak vir ons oop.’ . . . Maar hy sal vir julle sê: ‘Ek weet nie waar julle vandaan kom nie. Gaan weg van my af, julle wat onregverdige dinge doen!’” – Lukas 13:25-27.

Dit illustreer die hartseer situasie van iemand wat laat kom – blykbaar op 'n tyd wat hom pas – en sien dat die deur toegesluit is. Hy moes vroeër gekom het, al het dit hom nie gepas nie. Dit is die geval met baie wat by Jesus se leringe kon baat vind toe hy nog by hulle was. Hulle het nie die geleentheid aangegryp om ware aanbidding die belangrikste ding in hulle lewe te maak nie. Die meeste mense na wie Jesus gestuur is, het nie God se voorsiening om gered te word, aanvaar nie. Jesus sê dat hulle sal ‘huil en op hulle tande sal kners’ wanneer hulle buite gegooi word. En tog sal mense “uit die ooste en die weste en die noorde en die suide,” ja, uit alle nasies,

“'n plek by die tafel inneem in die Koninkryk van God.” – Lukas 13:28, 29.

Jesus verduidelik: “Daar is dié wat laaste is [soos nie-Jode en Jode wat onderdruk is] wat eerste sal wees, en daar is dié wat eerste is [godsdiensteilers wat trots daarop is dat hulle nakomelinge van Abraham is] wat laaste sal wees” (Lukas 13:30). Die feit dat hulle “laaste” is, beteken dat sulke ondankbares glad nie in die Koninkryk van God sal wees nie.



Party Fariseërs kom nou na Jesus toe en sê vir hom: “Gaan hier weg, want Herodes [Antipas] wil u doodmaak.” Koning Herodes het dalk self hierdie gerug begin versprei sodat Jesus die gebied sal verlaat. Herodes is dalk bang dat hy weer betrokke sal raak by die dood van 'n profeet, soos by die moord van Johannes die Doper. Maar Jesus sê vir die Fariseërs: “Gaan sê vir daardie jakkals: ‘Kyk! Vandag en môre dryf ek demone uit en

genees ek mense, en op die derde dag sal ek klaar wees” (Lukas 13:31, 32). Deur Herodes ’n jakkals te noem, verwys Jesus moontlik na sy slinksheid. Maar Jesus laat hom nie manipuleer of aanjaag deur Herodes of enigiemand anders nie. Hy gaan die toewysing uitvoer wat sy Vader hom gegee het, en hy gaan dit doen volgens God se tydlyn, nie mense s’n nie.

Jesus gaan voort met sy reis na Jerusalem, “want dit kan nie gebeur dat ’n profeet buite Jerusalem doodgemaak word nie” (Lukas 13:33). Geen Bybelprofesie sê dat die Messias in daardie stad moet doodgaan nie. Hoekom sê Jesus dan dat hy daar doodgemaak sal word? Omdat Jerusalem die hoofstad is, waar die Sanhedrin (die hoogeregshof wat uit 71 lede bestaan) geleë is. En dié wat daarvan beskuldig word dat hulle valse profete is, word daar verhoor. Wat meer is, dit is waar diereofferandes geoffer is. Daarom besef Jesus dat dit onaanvaarbaar sou wees dat hy iewers anders doodgemaak sou word.

“Jerusalem, Jerusalem, wat die profete doodmaak en die mense wat na haar gestuur is, met klippe doodgooi,” sê Jesus baie hartseer, “hoe dikwels wou ek jou kinders bymekaarmaak soos ’n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak! Maar julle wou my nie toelaat nie. Kyk! Julle huis sal verlate word” (Lukas 13:34, 35). Die nasie verwerp die Seun van God en moet die gevolge dra!



Voordat Jesus in Jerusalem aankom, nooi ’n leier van die Fariseërs hom na sy huis toe vir ’n maaltyd op die Sabbat. Daar is ook ’n siek man met watersug (’n opbouing van vog, gewoonlik in die bene en voete). Dié wat genooi is, hou Jesus fyn dop om te sien of hy die man sal genees. Jesus vra die Fariseërs en dié wat die Wet goed ken: “Mag ’n mens iemand op die Sabbat genees of nie?” – Lukas 14:3.

Niemand antwoord nie. Jesus genees die man en vra dan: “Wie van julle sal nie onmiddellik sy seun of bul uit ’n put trek as hy op die Sabbatdag daarin val nie?” (Lukas 14:5). Weer het hulle niks om te sê op sy goeie redenasie nie.

-
- ◇ Wat is volgens Jesus nodig om gered te word, en hoekom is baie uitgesluit?
 - ◇ Wie is dié wat “laaste” is wat “eerste” sal wees, en dié wat “eerste” is wat “laaste” sal wees?
 - ◇ Waaroor is koning Herodes dalk bekommerd?
 - ◇ Hoekom dui Jesus aan dat hy in Jerusalem doodgemaak sal word?

UITNODIGINGS NA 'N MAALTYD – WIE WORD DEUR GOD GENOOI?

LUKAS 14:7-24

Nadat Jesus die siek man met watersug genees het, is hy nog steeds by die huis van die Fariseër. Jesus sien hoe ander gaste die beste sitplekke aan tafel uitkies, en hy gebruik hierdie geleentheid om 'n les oor nederigheid te leer.

“Wanneer iemand jou na 'n huweliksfees nooi,” sê Jesus, “moet jy nie die beste plek inneem nie. Miskien is iemand belangriker as jy ook genooi. Dan sal die persoon wat julle al twee genooi het, vir jou kom sê: ‘Gee jou plek vir hierdie man.’ Dan sal jy skaam kry wanneer jy die verste plek moet inneem.” – Lukas 14:8, 9.

Dan sê Jesus: “Maar wanneer jy genooi word, moet jy die verste plek gaan inneem. Wanneer die man wat jou genooi het, dan kom, sal hy vir jou sê: ‘Vriend, kom neem 'n plek in wat nader is.’ Dan sal jy voor al die ander gaste geëer word.” Dit gaan oor baie meer as om net te wys dat jy goeie maniere het. Jesus verduidelik: “Want elk-een wat homself verhoog, sal verneder word, en elkeen wat nederig is, sal verhoog word” (Lukas 14:10, 11). Ja, hy spoor sy luisteraars aan om nederig te wees.

Dan leer Jesus nog 'n les vir die Fariseër wat hom genooi het – hoe hy 'n maaltyd kan hou wat regtig waarde het in God se oë. “Wanneer jy 'n middagete of 'n aandete hou, moet jy nie jou vriende, jou broers, jou familieleden of jou ryk bure nooi nie. Anders nooi hulle jou dalk weer, en dan word jy daarvoor terugbetaal. Maar wanneer jy 'n feesmaal hou, moet jy die armes, die kreupeles, die verlamdes en die blindes nooi, en jy sal gelukkig wees, want hulle het niks waarmee hulle jou kan terugbetaal nie.” – Lukas 14:12-14.

Dit is natuurlik om vriende, familie en bure na 'n maaltyd te nooi, en Jesus sê nie dat dit verkeerd is nie. Hy beklemtoon eerder dat dit ryk seëninge kan bring as 'n mens 'n maaltyd voor-

sien aan die behoeftiges, soos die armes, die kreupeles of die blindes. Jesus verduidelik aan die gasheer: “Jy sal in die opstanding van die regverdige terugbetaal word.” Een van die ander gaste stem saam en sê: “Gelukkig is die een wat aan tafel gaan in die Koninkryk van God” (Lukas 14:15). Hy besef wat 'n voorreg dit sal wees. Maar nie almal het sulke waardering nie, soos Jesus in die volgende illustrasie wys:

“'n Man het 'n groot aandete gehou, en hy het baie mense genooi. Hy het sy slaaf . . . uitgestuur om vir dié wat genooi is, te sê: ‘Kom, want alles is nou gereed.’ Maar hulle almal het verskonings begin maak. Die eerste een het vir hom gesê: ‘Ek het 'n landery gekoop en moet daarna gaan kyk. Ek sal ongelukkig nie kan kom nie.’ En 'n ander een het gesê: ‘Ek het vyf paar beeste gekoop en moet hulle gaan ondersoek. Ek sal ongelukkig nie kan kom nie.’ Nog 'n ander een het gesê: ‘Ek het onlangs getrou, en daarom kan ek nie kom nie.’” – Lukas 14:16-20.

Dit is flou verskonings! 'n Man ondersoek gewoonlik 'n landery of vee voordat hy dit koop. Daarom is dit nie dringend dat jy ná die tyd daarna gaan kyk nie. Die derde man berei nie voor om te trou nie. Hy is alreeds getroud. Dit moet hom dus nie keer om 'n belangrike uitnodiging te aanvaar nie. Toe die meester hierdie verskonings hoor, word hy kwaad en sê hy vir sy slaaf:

“Gaan gou na die hoofstrate en die gangetjies van die stad, en bring die armes, die kreupeles, die blindes en die verlamdes hier in.” Nadat die slaaf dit gedoen het, is daar nog steeds plek. Dan sê die meester vir die slaaf: “Gaan na die hoofpaaië en die kleiner paadjies en dwing hulle om in te kom, sodat my huis vol kan word. Want ek sê vir julle: Nie een van daardie mense wat genooi is, sal my aandete proe nie.” – Lukas 14:21-24.

Wat Jesus nou net vertel het, illustreer goed hoe Jehovah God Jesus Christus gebruik het om mense te nooi om die Koninkryk van die hemel te ontvang. Die Jode, veral die godsdiensteleiers, was eerste genooi. Die meeste van hulle het regdeur Jesus se bediening sy uitnodiging verwerp. Maar hulle sou nie die enigstes wees wat genooi word nie. Jesus wys duidelik dat daar in die toekoms 'n tweede uitnodiging sou wees aan

die nederige mense van die Joodse nasie en die proseliete. Daarna sou daar 'n derde en laaste uitnodiging wees aan mense wat deur die Jode beskou word as onaanvaarbaar vir God. – Handeling 10:28-48.

Ja, wat Jesus sê, bevestig die woorde van een van die ander gaste, wat gesê het: “Gelukkig is die een wat aan tafel gaan in die Koninkryk van God.”



- ◇ Hoe dra Jesus 'n les oor nederigheid oor?
- ◇ Hoe kan 'n gasheer 'n maaltyd hou wat waarde in God se oë het, en hoekom sal dit hom gelukkig maak?
- ◇ Watter punt maak Jesus in sy illustrasie oor die aandete?

WAT DIT BETEKEN OM 'N DISSIPEL TE WEES

LUKAS 14:25-35

Jesus het waardevolle lesse aan ander geleer terwyl hy 'n maaltyd by die huis van 'n leier van die Fariseërs gehad het. Terwyl Jesus na Jerusalem reis, reis groot skares saam met hom. Hoekom? Stel hulle regtig daarin belang om sy ware volgelingen te word, maak nie saak wat dit van hulle vereis nie?

Terwyl hulle verder reis, sê Jesus vir hulle iets wat party dalk sal skok: “As iemand na my toe kom en nie sy pa en ma en vrou en kinders en broers en susters, ja, en selfs sy eie lewe haat nie, kan hy nie my dissipel wees nie” (Lukas 14:26). Maar wat bedoel hy?

Jesus bedoel nie dat almal wat sy volgelingen word letterlik hulle familieledes moet haat nie. Daar word byvoorbeeld van die Jode se voorouer Jakob gesê dat hy Lea “gehaat” het en Ragel liefgehad het. Dit beteken dat hy minder lief was vir Lea as wat hy vir haar suster Ragel was (Genesis 29:31, voetnoot). Jesus bedoel dus dat sy volgelingen hulle familieledes minder lief moet hê as wat hulle hom liefhet. Hulle moenie soos die man wees in sy illustrasie van die aandete wat nie 'n belangrike uitnodiging aanvaar het omdat hy nou getroud is nie. – Lukas 14:20.

Let op dat Jesus sê dat 'n dissipel “selfs sy eie lewe”, of siel, moet haat. Dit beteken dat 'n ware dissipel liever moet wees vir Jesus as vir sy eie lewe. Hy moet selfs bereid wees om sy lewe te verloor as dit nodig is. Dit is duidelik dat dit 'n ernstige verantwoordelikheid is om 'n dissipel van Christus te wees. Dit moenie ligtelik opgeneem word nie. 'n Persoon moet mooi daarvoor nadink.

Om 'n dissipel te wees kan dalk moeilike tye en vervolging tot gevolg hê, want Jesus sê: “Elkeen wat nie sy folterpaal dra en agter my aan kom nie, kan nie my dissipel wees nie” (Lukas 14:27). Ja, 'n ware dissipel van Jesus moet bereid

wees om, net soos hy, vervolgt te word. Jesus het selfs gesê dat sy vyande hom gaan doodmaak.

Die skare wat saam met Jesus reis, moet dus seker maak wat dit beteken om 'n dissipel van Christus te wees. Jesus beklemtoon dit met 'n illustrasie. “Byvoorbeeld,” sê hy, “wie van julle wat 'n toring wil bou, gaan bereken nie eers die koste om te sien of hy genoeg het om dit te voltooi nie? Anders lê hy miskien die fondament daarvan, maar hy kan dit nie klaarmaak nie” (Lukas



14:28, 29). Voordat die mense wat saam met Jesus na Jerusalem reis, dus dissipels van Jesus word, moet hulle vasbeslote wees om die verantwoordelikheid na te kom. Hy beklemtoon dit weer met 'n ander illustrasie:

“Voordat 'n koning gaan oorlog voer, sal hy tog eers gaan sit en met sy raadgevers bespreek of hy hom met sy 10 000 soldate teen die ander koning kan verdedig, wat hom met 20 000 soldate wil aanval. As hy dit nie kan doen nie, sal hy 'n groep ambassadeurs uitstuur terwyl die

ander een nog ver weg is en sal hy vra om vrede te maak.” Om sy punt te beklemtoon, sê Jesus: “Net so kan julle daarvan seker wees dat niemand my dissipel kan wees as hy nie al sy besittings opgee nie.” – Lukas 14:31-33.

Jesus sê dit natuurlik nie net vir die skare wat saam met hom op die pad is nie. Almal wat van Christus leer, moet bereid wees om te doen wat hy hier sê. Dit beteken dat hulle bereid moet wees om alles wat hulle het, op te offer – hulle besittings, selfs hulle lewe – as hulle sy dissipels wil wees. Dit is iets om oor na te dink en te bid.

Nou noem Jesus iets waarvoor hy gepraat het in sy Bergpredikasie toe hy gesê het dat sy dissipels “die sout van die aarde” is (Matteus 5:13). Letterlike sout is ’n preserveermiddel, en daarom het hy waarskynlik bedoel dat die goeie invloed van sy dissipels mense beskerm teen geestelike en sedelike agteruitgang. Terwyl sy bediening tot ’n einde kom, sê hy: “Sout is beslis goed. Maar as die sout sy krag verloor, hoe sal dit weer sout gemaak word?” (Lukas 14:34). Sy luisteraars weet dat die sout wat destyds beskikbaar was, soms gemeng is met ander stowwe, en dit het die sout onsuiver gemaak en mense kon dit nie gebruik nie.

Jesus wys dus dat selfs dié wat al baie lank sy dissipels is, nie moet toelaat dat hulle begeerte om hom te volg, verswak nie. As dit sou gebeur,



sou hulle nutteloos word, soos sout wat sy krag verloor het. Die wêreld sal hulle dan dalk bespot. Wat meer is, hulle sal God se goedkeuring verloor en selfs oneer op sy naam bring. Jesus beklemtoon hoe belangrik dit is om daardie uiteinde te vermy deur te sê: “Laat die een wat ore het om te luister, luister.” – Lukas 14:35.

-
- ◇ Wat bedoel Jesus wanneer hy sê dat ’n dissipel sy familielede en selfs “sy eie lewe” moet “haat”?
 - ◇ Wat maak Jesus duidelik met sy illustrasies oor die bou van ’n toring en ’n koning met ’n leërmag?
 - ◇ Wat is die punt van Jesus se kommentare oor sout?

VERHEUG OOR DIE SONDAAR WAT BEROU TOON

LUKAS 15:1-10

Op verskillende tye in sy bediening het Jesus beklemtoon hoe belangrik nederigheid is (Lukas 14:8-11). Hy is gretig om mans en vrouens te vind wat God graag nederig wil dien. Tot nou toe is party van hulle dalk bekend as sondaars.

Die Fariseërs en skrifgeleerdes let op dat sulke mense – mense wat volgens hulle onwaardig is – baie van Jesus en sy boodskap hou. Hulle kla: “Hierdie man verwelkom sondaars en eet saam met hulle” (Lukas 15:2). Die Fariseërs en skrifgeleerdes voel asof hulle beter is as die gewone mense en behandel die mense asof hulle vullis onder hulle voete is. Om te wys hoe min hulle van sulke mense dink, gebruik die leier die Hebreeuse uitdrukking *‘am ha-‘a’rets*, “mense van die land [of, aarde]” om na hulle te verwys.

In teenstelling hiermee behandel Jesus almal met waardigheid, goedhartigheid en meegevoel. Baie van die nederiges, insluitende party wat daarvoor bekend is dat hulle ’n sondige lewe lei, is dus gretig om na Jesus te luister. Maar hoe voel Jesus oor en hoe reageer hy op die kritiek wat hy ontvang omdat hy sulke nederiges help?

Die antwoord word duidelik wanneer hy ’n roerende illustrasie vertel wat soortgelyk is aan die een wat hy vroeër in Kapernaum vertel het (Matteus 18:12-14). In die illustrasie lyk dit asof die Fariseërs regverdig is en veilig in God se kudde is. In teenstelling hiermee lyk dit asof die nederiges verdwaald en verlore is. Jesus sê:

“Sê nou iemand onder julle het 100 skape en een van hulle raak verlore. Sal hy nie die 99 in

die wildernis los en die een wat verlore is, gaan soek totdat hy hom vind nie? En wanneer hy hom gevind het, is hy baie bly en tel hy hom op sy skouers. Dan gaan hy huis toe en roep hy sy vriende en sy bure bymekaar en sê hy vir hulle: ‘Wees saam met my bly, want ek het my skaap gevind wat verlore was.’” – Lukas 15:4-6.

Wat is die les? Jesus verduidelik: “Ek sê vir julle: Net so sal daar in die hemel meer vreugde wees oor een sondaar wat berou getoon het as oor 99 regverdiges wat geen berou nodig het nie.” – Lukas 15:7.

Die feit dat Jesus oor berou praat, moet die Fariseërs sekerlik skok. Hulle beskou hulleself as regverdig en voel dat hulle nie berou hoef te toon nie. Toe party van hulle Jesus ’n paar jaar vroeër gekritiseer het omdat hy met belastinggaarders en sondaars geëet het, het hy gesê: “Ek het nie gekom om regverdige mense te roep nie, maar sondaars” (Markus 2:15-17). Die arrogante



Fariseërs weier om te sien dat hulle berou moet toon, en daarom is daar nie vreugde oor hulle in die hemel nie. Dit is presies die teenoorgestelde wanneer sondaars opreg berou toon.

Jesus wil hê dat dit vir almal duidelik moet wees dat dit 'n rede tot groot vreugde in die hemel is wanneer 'n sondaar wat afgedwaal het, weer terugkeer. Daarom vertel hy nog 'n illustrasie: "Sê nou 'n vrou het tien dragmas en sy verloor een van hulle. Sal sy nie 'n lamp aansteek en haar huis uitvee en oral daarna soek totdat sy dit vind nie? En wanneer sy dit gevind het, roep sy haar vriendinne en buurvroue bymekaar en sê sy vir hulle: 'Wees saam met my bly, want ek het die dragma gevind wat ek verloor het.'" – Lukas 15:8, 9.

Die toepassing wat Jesus maak, is soortgelyk aan die een wat hy gemaak het nadat hy die illustrasie van die verlore skaap gegee het. Nou sê hy: "Net so ontstaan daar vreugde onder die engele van God oor een sondaar wat berou toon." – Lukas 15:10.

Dink net, God se engele stel opreg belang in die terugkeer van sondaars wat verlore was! Dit is veral betekenisvol omdat die sondaars wat berou toon en 'n plek in God se hemelse Koninkryk ontvang, 'n hoër posisie sal hê as die engele! (1 Korintiërs 6:2, 3). Tog is die engele nie jaloers nie. Hoe moet ons dan voel as 'n sondaar tot God terugkeer en opregte berou toon?



- ◇ Hoekom assosieer Jesus met mense wat bekend is as sondaars?
- ◇ Hoe beskou die Fariseërs die gewone mense en die feit dat Jesus met hulle assosieer?
- ◇ Watter les leer Jesus ons met twee illustrasies?

DIE VERLORE SEUN KEER TERUG

LUKAS 15:11-32

Jesus het die illustrasie van die verlore skape en die verlore dragma vertel terwyl hy waarskynlik nog in Perea, oos van die Jordaanrivier, was. Ons leer uit albei illustrasies dat ons bly moet wees wanneer 'n sondaar berou toon en na God terugkeer. Die Fariseërs en die skrifgeleerdes het Jesus gekritiseer omdat hy vriendelik is met sulke mense en met hulle assosieer. Maar leer hierdie kritiese mense iets uit Jesus se twee illustrasies? Verstaan hulle hoe ons hemelse Vader voel oor berouvolle sondaars? Nou vertel Jesus 'n treffende illustrasie wat hierdie selfde belangrike les beklemtoon.

Die illustrasie gaan oor 'n pa met twee seuns, en die jongste seun is die hoofkarakter in hierdie illustrasie. Die Fariseërs en die skrifgeleerdes sowel as ander wat na Jesus luister, sal iets kan leer uit wat oor hierdie jongste seun gesê word. Maar wat Jesus sê oor die pa en die oudste seun, is net so belangrik, en ons kan ook baie leer uit hulle gesindhede. Dink dus na oor hierdie drie mans terwyl Jesus die illustrasie vertel:



“'n Man het twee seuns gehad,” begin Jesus. “Die jongste seun het vir sy pa gesê: ‘Pa, gee my die deel van die eiendom wat ek gaan erf.’ Toe het hy sy besittings tussen hulle verdeel” (Lukas 15:11, 12). Let op dat hierdie jongste seun nie sy erfporse vra omdat sy pa gesterf het nie. Die pa lewe nog. Tog wil die seun sy deel *nou* hê sodat hy onafhanklik kan wees en daarmee kan doen wat hy wil. Wat wil hy daarmee doen?

“'n Paar dae later,” verduidelik Jesus, “het die jongste seun al sy besittings bymekaargemaak en na 'n ver land gereis, en daar het hy alles uitgemors deur 'n wilde lewe te lei” (Lukas 15:13). Eerder as om by die huis te bly waar hy veilig is en 'n pa het wat vir sy kinders omgee en vir hulle sorg, gaan die seun na 'n ander land toe. Daar mors hy al sy besittings deur uitspattig te lewe en sy seksuele begeertes te bevredig. Maar dan kom moeilike tye, soos Jesus verder vertel:

“Nadat hy al sy geld uitgegee het, was daar 'n groot hongersnood in daardie hele land, en hy



het begin swaarkry. Hy het selfs vir een van die inwoners van daardie land begin werk, wat hom na sy veld gestuur het om varke op te pas. En hy het gewens dat hy van die peule kon eet wat die varke geëet het, maar niemand het vir hom enigiets gegee nie.” – Lukas 15:14-16.

Volgens God se Wet is varke onrein, maar nou moet hierdie seun as 'n varke-oppasser werk. Omdat hy so uitgehonger is, wil hy selfs kos eet wat gewoonlik bedoel is vir diere, die varke wat hy oppas. In hierdie hopelose situasie kom “hy tot sy sinne”. Wat doen hy? Hy sê vir homself: “Hoeveel van my pa se gehuurde werkers het meer as genoeg brood, terwyl ek hier van die honger doodgaan! Ek sal opstaan en na my pa toe reis en vir hom sê: ‘Pa, ek het teen die hemel en teen Pa gesondig. Ek verdien nie meer om Pa se seun genoem te word nie. Maak my soos een van Pa se gehuurde werkers.’” Toe staan hy op en gaan na sy pa toe. – Lukas 15:17-20.

Hoe sal sy pa reageer? Sal hy kwaad word vir sy seun en hom uitskel en sê hoe dom dit was om die huis in die eerste plek te verlaat? Sal die pa hom koud behandel en hom onwelkom laat voel? Hoe sou jy gereageer het as dit jy was? Sê nou dit was jou seun of dogter?



-
- ◊ Vir wie vertel Jesus hierdie illustrasie, en hoekom?
 - ◊ Wie is die hoofkarakter, en wat gebeur met hom?



DIE VERLORE SEUN WORD GEVIND

Jesus beskryf hoe die pa voel en optree: “Terwyl [die seun] nog ’n hele ent weg was, het sy pa hom gesien en baie jammer vir hom gevoel, en hy het gehardloop en hom omhels en hom gesoen” (Lukas 15:20). Selfs al het die pa gehoor van die seun se wilde lewe, verwelkom hy sy seun terug. Sal die Joodse leiers, wat sê dat hulle Jehovah ken en aanbid, hieruit leer hoe ons hemelse Vader oor sondaars voel wat berou toon? Sal hulle ook beseft dat Jesus dieselfde verwelkomende gesindheid toon?

Die pa kan heel moontlik uit die hartseer uitdrukking op sy seun se gesig sien dat hy berouvol is. Maar die pa se liefdevolle verwelkoming maak dit vir die seun makliker om sy sondes te bely. Jesus sê: “Toe het die seun vir hom gesê: ‘Pa, ek het teen die hemel en teen Pa gesondig. Ek verdien nie meer om Pa se seun genoem te word nie.’” – Lukas 15:21.

Die pa beveel sy slawe: “Maak gou! Bring ’n kleeed, die beste kleeed, en trek dit vir hom aan, en sit ’n ring aan sy hand en sandale aan sy voete. En bring die vetgemaakte kalf, slag dit en laat ons eet en feesvier, want my seun was dood en het weer lewend geword. Hy was verlore en is gevind.” Dan begin hulle ‘vrolik feesvier’. – Lukas 15:22-24.

Intussen is die pa se oudste seun op die landery. Jesus sê: “Toe hy daarvandaan terugkeer en naby die huis kom, het hy gehoor hoe daar musiek gespeel en gedans word. Toe het hy een van die knegte geroep en gevra wat aan die gang is. Die knegt het vir hom gesê: ‘U broer het gekom, en u pa het die vetgemaakte kalf geslag omdat hy hom gesond teruggekry het.’ Maar hy het kwaad geword en geweier om in te gaan. Toe het sy pa uitgekóm en hom begin smeek om in te kom. Hy het sy pa geantwoord: ‘Kyk! Al hierdie jare het ek Pa soos ’n slaaf gedien, en ek was nog nooit ongehoorsaam aan Pa nie, en tog het Pa nog nooit vir my ’n boklam gegee sodat ek saam met my vriende kan feesvier nie. Maar die oom-



blik toe hierdie seun wat Pa se geld saam met prostitute gemors het, hier aankom, het Pa die vetgemaakte kalf vir hom geslag.’” – Lukas 15: 25-30.

Wie was, soos die oudste seun, krities oor Jesus se genade en die aandag wat hy aan die gewone mense en sondaars gegee het? Die skrifgeleerdes en Fariseërs. Jesus het hierdie illustrasie juis vertel omdat hulle hom gekritiseer het nadat hy sondaars verwelkom het. Enigiemand wat natuurlik krities is teenoor God se genade, moet hierdie les ernstig opneem.

Jesus sluit sy illustrasie af met die woorde van die pa aan sy oudste seun: “My seun, jy was nog altyd by my, en alles wat myne is, is joune. Maar ons moes eenvoudig feesvier en bly wees, want

hierdie broer van jou was dood maar het lewend geword, en hy was verlore en is gevind.” – Lukas 15:31, 32.

Jesus sê nie wat die oudste seun op die ou end doen nie. Maar ná Jesus se dood en opstanding het ‘n groot groep priesters gelowig geword’ (Handelinge 6:7). Onder hierdie groep was daar dalk party wat gehoor het hoe Jesus hierdie kragtige illustrasie vertel oor die seun wat verlore was. Ja, dit was selfs vir hulle moontlik om tot hulle sinne te kom, berou te toon en na God terug te keer.

Van daardie dag af kan en moet Jesus se dissipels die belangrike lesse wat hy in hierdie uitstekende illustrasie gegee het, ernstig opneem. Eerstens kan ons leer hoe wys dit is om by God se volk te bly, onder die sorg van ons Vader wat lief is vir ons, in plaas daarvan om agter plesier in “’n ver land” aan te loop.

Dan is daar nog ’n les: As enigeen van ons van God se weg afdwaal, moet ons nederig na ons Vader terugkeer om weer sy goedkeuring te geniet.

En dan is daar nog die verskil tussen die pa se gesindheid en dié van die oudste broer. Die een verwelkom die jonger broer en wil hom graag vergewe, maar die ander een is kwaad, wil hom nie vergewe nie en verwelkom hom nie. Wat is die les? Dit is duidelik dat God se knegt iemand moet vergewe en verwelkom as hy afgedwaal het, maar werklik berou toon en na ‘die huis van die Vader’ terugkeer. Ons moet bly wees dat ons broer wat ‘dood was, lewend geword het’ en dat hy ‘wat verlore was, gevind is’.

-
- ◇ Hoe reageer die pa wanneer sy jongste seun terugkeer?
 - ◇ Hoe wys die pa dat hy net soos Jehovah en Jesus meegevoel het?
 - ◇ In watter opsig is die reaksie van die oudste seun soos die reaksie van die skrifgeleerdes en die Fariseërs?
 - ◇ Watter lesse leer jy uit Jesus se illustrasie?

BEPLAN VOORUIT – GEBRUIK PRAKTIESE WYSHEID

LUKAS 16:1-13

Die illustrasie van die verlore seun, wat Jesus so pas vertel het, moet die belastinggaarders, skrifgeleerdes en Fariseërs wat luister, laat beseef dat God bereid is om sondaars wat berou toon, te vergewe (Lukas 15:1-7, 11). Nou praat Jesus met sy dissipels. Hy gebruik hierdie keer 'n ander illustrasie oor 'n ryk man wat uitvind dat die bestuurder van sy huis nie reg opgetree het nie.



Jesus sê dat die bestuurder daarvan beskuldig word dat hy sy meester se huishouding swak bestuur het. Daarom sê die meester dat die bestuurder nie meer sy huis sal bestuur nie. Die bestuurder wonder: “Wat gaan ek doen? Want my meester gaan my nie meer toelaat om sy huis te bestuur nie. Ek is nie sterk genoeg om te spit nie, en ek is te skaam om te bedel.” Hy wil voorbereid wees op wat kom en sê vir homself: “Ek weet wat ek sal doen sodat mense my in hulle huise sal verwelkom wanneer ek nie meer die bestuurder is nie.” Hy roep onmiddellik dié wat sy meester iets skuld en vra hulle: “Hoeveel skuld jy my meester?” – Lukas 16:3-5.

Die eerste een antwoord: “Honderd maat olyf-olie.” Dit is omtrent 2 200 liter olie. Die persoon het dalk 'n groot olyfboom gehad of handel gedryf met olie. Die bestuurder sê vir hom: “Neem jou skuldbewys terug en gaan sit en skryf gou 50 [1 100 liter].” – Lukas 16:6.

Die bestuurder vra vir 'n ander een: “En jy, hoeveel skuld jy?” Hy antwoord: “Honderd groot maat koring.” Dit is omtrent 22 000 liter. Die bestuurder sê vir hom: “Neem jou skuldbewys terug en skryf 80.” Hy verminder die skuld dus met 20 persent. – Lukas 16:7.

Die bestuurder is nog steeds in beheer van die meesters se finansiële sake, en daarom het hy nog steeds die gesag om sulke skuld te verminder. Deur die skuld te verminder, maak die bestuurder vriende met dié wat dalk vir hom 'n guns sal doen nadat hy sy werk verloor het.

Later vind die meester uit wat gebeur het. Al was die bestuurder “onregverdig” en het hy vir die meester 'n verlies veroorsaak, is die meester beïndruk met hom en prys hy hom omdat hy “met praktiese wysheid opgetree” het. Jesus voeg by: “Die kinders van hierdie wêreld is in 'n praktiese opsig wyser teenoor mekaar as die kinders van die lig.” – Lukas 16:8.

Jesus veroordeel nie die bestuurder se metodes nie, en hy moedig mense ook nie aan om slinks op te tree wanneer hulle besigheid doen nie. Wat is dan sy punt? Hy spoor die dissipels aan: “Maak vir julle vriende deur middel van die rykdom van hierdie onregverdige wêreld, sodat hulle julle in die ewige woonplekke sal ontvang wanneer hierdie rykdom wegval” (Lukas 16:9). Ja, Jesus leer mense hier dat hulle vooruit moet dink en praktiese wysheid moet gebruik. God se knegte, “die kinders van die lig”, moet hulle geld en besittings verstandig gebruik, met die ewige toekoms in gedagte.

Slegs Jehovah God en sy Seun kan iemand ontvang in die hemelse Koninkryk of in die Paradys op aarde onder daardie Koninkryk. Ons moet hard werk om hulle vriende te word deur die materiële rykdom wat ons het, te gebruik om Koninkryksbelange te ondersteun. Ons ewige toekoms sal dus seker wees wanneer goud, silwer en ander materiële rykdom nie meer daar sal wees nie.

Jesus sê verder dat dié wat getrou is in die manier waarop hulle materiële dinge gebruik, ook getrou sal wees wanneer dit kom by belangriker dinge. Jesus sê dus: “As julle dan nie getrou was in verband met die rykdom van hierdie onregverdige wêreld nie, wie sal aan julle toevertrou wat waar is [soos Koninkryksbelange]?” – Lukas 16:11.

Jesus wys vir sy dissipels dat daar baie van hulle verwag sal word as hulle “die ewige woonplekke” wil binnegaan. Iemand kan nie ’n ware kneg van God wees en ook ’n slaaf van onregverdige, materiële rykdom wees nie. Jesus sluit af deur te sê: “Niemand kan ’n slaaf vir twee meesters wees nie, want hy sal die een haat en die ander een liefhê, of hy sal lojaal wees aan die een en die ander een nie kan verdra nie. Julle kan nie slawe van God en van Rykdom wees nie.” – Lukas 16:9, 13.

-
- ◇ Hoe maak die bestuurder in Jesus se illustrasie vriende met dié wat hom later kan help?
 - ◇ Wat is “die rykdom van hierdie onregverdige wêreld,” en hoe kan Christene ‘vriende maak’ deur middel daarvan?
 - ◇ Wie kan ons “in die ewige woonplekke” ontvang as ons getrou is in die manier waarop ons “die rykdom van hierdie onregverdige wêreld” gebruik?
-



'N VERANDERING VIR DIE RYK MAN EN VIR LASARUS

LUKAS 16:14-31

Jesus het sy dissipels goeie raad gegee oor die gebruik van materiële rykdom. Maar sy dissipels was nie die enigstes wat geluister het nie. Fari-seërs was ook daar, en hulle moet ook na Jesus se raad luister. Hoekom? Want hulle is 'lief vir geld'. Wanneer hulle hoor wat Jesus sê, 'begin hulle hom uitlag'. – Lukas 15:2; 16:13, 14.

Maar dit intimideer Jesus nie. Hy sê vir hulle: "Julle gee voor dat julle regverdig is, maar God ken julle harte. Want wat mense as belangrik beskou, is iets walglikes in God se oë." – Lukas 16:15.

Die Fariseërs is lank deur "mense as belangrik beskou," maar nou is dit tyd vir 'n verandering, tyd vir die rolle om omgedraai te word. Dié wat as belangrik beskou word, wat ryk is en politieke en godsdienstige mag het, sal hulle posisie verloor. Die gewone mense wat besef dat hulle God nodig het, sal verhoog word. Jesus maak dit duidelik dat 'n groot verandering plaasvind deur te sê:

"Die Wet en die woorde van die profete is bekend gemaak totdat Johannes op die toneel verskyn het. Van toe af word die Koninkryk van God as goeie nuus bekend gemaak, en alle soorte mense streef daarna om dit te bereik. Ja, dit is makliker vir hemel en aarde om te verdwyn as dat selfs een deeltjie van 'n letter van die Wet nie vervul sal word nie" (Lukas 3:18; 16:16, 17). Hoe wys Jesus se woorde dat 'n verandering plaasvind?

Die Joodse leiers beweer trots dat hulle gehoorsaam is aan die Wet van Moses. Toe Jesus 'n blinde man in Jerusalem genees het, het die Fariseërs trots gesê: "Ons is dissipels van Moses. Ons weet dat God met Moses gepraat het" (Johannes 9:13, 28, 29). Een doel van die Wet wat deur Moses gegee is, was om nederiges na



die Messias te lei, dit wil sê na Jesus. Johannes die Doper het Jesus as die Lam van God geïdentifiseer (Johannes 1:29-34). Nederige Jode, veral onder die armes, het vanaf die begin van Johannes se bediening van "die Koninkryk van God" gehoor. Ja, daar is "goeie nuus" vir almal wat onderdane van God se Koninkryk wil wees en daarby wil baat vind.

Die Wet van Moses het nie onvervuld gebly nie; dit het eerder tot die Messias gelei. En binnekort sal mense nie meer verplig wees om dit te onderhou nie. Die Wet het mense byvoorbeeld toegelaat om te skei as gevolg van verskillende redes, maar Jesus verduidelik nou dat 'enigiemand wat van sy vrou skei en met iemand anders trou, egbreuk pleeg, en enigiemand wat met 'n vrou trou wat van haar man geskei is, egbreuk pleeg' (Lukas 16:18). Wanneer die Fariseërs wat vir alles reëls maak, dit hoor, is hulle woedend!


Jesus vertel nou 'n illustrasie wat beklemtoon

hoe groot die verandering is wat plaasvind. Die verhaal gaan oor twee mans. Daar is 'n drastiese verandering in hulle omstandighede en posisie. Hou in gedagte dat Fariseërs, wat lief is vir geld en deur mense as belangrik beskou word, onder dié is wat na die illustrasie luister.

“Daar was 'n ryk man,” sê Jesus, “wat altyd duur klere gedra het, en hy het van dag tot dag die lewe geniet en in weelde gelewe. Maar 'n bedelaar met die naam Lasarus, wat vol swere was, is altyd by sy poort neergesit en wou graag eet van die dinge wat van die ryk man se tafel afgeval het. Ja, selfs die honde het gekom en sy swere gelek.” – Lukas 16:19-21.

Die Fariseërs is lief vir geld, en daarom is dit duidelik na wie hierdie “ryk man” verwys. Hierdie Joodse godsdiensteikers hou ook daarvan om duur, spoggerige klere aan te trek. En buite die rykdom wat hulle besit, lyk dit asof hulle ryk is in die voorregte wat hulle geniet en die geleenthede wat hulle het. Ja, die man in duur klere beeld hulle bevoorregte posisie uit, en die wit linne wys dat hulle hulleself as regverdig beskou. – Daniël 5:7.

Wat dink hierdie ryk, trotse leiers van die armes, die gewone mense? Hulle sien neer op hulle en beskou hulle as *'am ha-'a'rets*, of mense van die land (aarde), wat nie die Wet ken of verdien



-
- ◇ Hoe verskil die situasie van die Joodse godsdiensteikers en dié van die gewone mense?
 - ◇ Watter verandering vind plaas wanneer Johannes se bediening begin, soos Jesus se woorde wys?
 - ◇ Wie is soos die ryk man in Jesus se illustrasie, en wie is soos Lasarus?

dat dit aan hulle geleer word nie (Johannes 7: 49). Dit weerspieël die situasie van die “bedelaar met die naam Lasarus,” wat graag selfs die stukkies kos “wat van die ryk man se tafel afgeval het”, wou eet. Soos Lasarus, wat vol swere was, word daar neergesien op die gewone mense, asof hulle geestelik siek is.

Hierdie hartseer situasie bestaan al lank, maar Jesus weet dat die tyd gekom het vir ’n groot verandering in die toestand van dié wat soos die ryk man is sowel as dié wat soos Lasarus is.

DIE VERANDERING VIR DIE RYK MAN EN VIR LASARUS

Jesus beskryf die drastiese verandering in omstandighede. “Later,” sê hy, “het die bedelaar gesterf, en die engele het hom weggedra na ’n plek langs Abraham. Die ryk man het ook gesterf en is begrawe. En in die Graf het hy opgekyk terwyl hy in pyn was, en hy het Abraham in die verte gesien en Lasarus, wat langs hom is.” – Lukas 16:22, 23.

Dié wat na Jesus luister, weet dat Abraham al lankal dood en in die Graf is. Die Skrif maak dit duidelik dat niemand in die Graf, of Sjeool, kan praat nie, insluitende Abraham (Prediker 9: 5, 10). Wat dink hierdie godsdiensteleiers bedoel Jesus dan met hierdie illustrasie? Wat probeer

hy dalk sê omtrent die gewone mense, asook omtrent die godsdiensteleiers, wat lief is vir geld?

Jesus het nou net gewys dat daar ’n verandering gaan wees deur te sê dat ‘die Wet en die woorde van die profete bekend gemaak is totdat Johannes op die toneel verskyn het, maar dat die Koninkryk van God van toe af as goeie nuus bekend gemaak word’. So wanneer Johannes en Jesus Christus met hulle predikingswerk begin, verander Lasarus en die ryk man se lewe.



Veral die nederige en arm mense is op geestelike gebied verwaarloos. Maar hulle word gehelp deur die boodskap van die Koninkryk wat eers deur Johannes die Doper en toe deur Jesus verkondig is en hulle reageer daarop. Voorheen moes hulle tevrede wees met die oorblyfsels wat ‘geval het van die geestelike tafel’ van die godsdiensteleiers. Nou word hulle gevoed met noodsaaklike waarhede uit die Skrif, veral die wonderlike dinge wat Jesus verduidelik. Dit is asof hulle uiteindelik die goedkeuring van Jehovah God ervaar.

In teenstelling hiermee weier die ryk, magtige godsdiensteleiers om die Koninkryksboodskap te aanvaar wat Johannes bekend gemaak het en wat Jesus regoor die land verkondig het (Matteus 3:1, 2; 4:17). Om die waarheid te sê, hulle is woedend, of gepynig, deur die boodskap, wat



verwys na 'n naderende oordeel deur God (Matteus 3:7-12). Die godsdiensteleiers, wat lief is vir geld, sal verlig wees as Jesus en sy dissipels ophou om God se boodskap bekend te maak. Hierdie leiers is soos die ryk man in die illustrasie wat sê: "Vader Abraham, betoon genade aan my, en stuur Lasarus om die punt van sy vinger in water te steek en my tong af te koel, want ek is in pyn in hierdie vlammende vuur." – Lukas 16:24.

Maar dit gaan nie gebeur nie. Die meeste van die godsdiensteleiers sal nie verander nie. Hulle het geweier om 'hulle te steur aan die woorde van Moses en die profete', wat hulle moes help om te aanvaar dat Jesus die Messias en Koning is wat deur God gestuur is (Lukas 16:29, 31; Galasiërs 3:24). Hulle is ook nie nederig genoeg om hulle te laat oortuig deur die arm mense wat Jesus aanvaar het en nou God se goedkeuring het nie. Maar Jesus se dissipels kan die waarheid nie afwater om die godsdiensteleiers tevrede te stel of aan hulle verligting te gee nie. In sy illustrasie beeld Jesus dit uit deur die woorde wat "vader Abraham" vir die ryk man sê:

"Kind, onthou dat jy in jou lewe baie goeie dinge geniet het, terwyl Lasarus slegte dinge ontvang het. Nou word hy egter hier vertrou, maar jy is in pyn. En behalwe dit alles is daar 'n groot kloof tussen ons en julle, sodat niemand van hier af na julle toe kan oorgaan nie en ook niemand van daar af na ons toe kan kom nie." – Lukas 16:25, 26.

Dit is reg en gepas dat so 'n drastiese verandering plaasvind! Die rolle word omgeruil van die

trotse godsdiensteleiers en die nederiges wat Jesus se juk aanvaar en uiteindelik geestelik verfris en gevoed word (Matteus 11:28-30). Die verandering sal oor 'n paar maande selfs duideliker wees wanneer die Wetsverbond deur die nuwe verbond vervang word (Jeremia 31:31-33; Kolossense 2:14; Hebreërs 8:7-13). Wanneer God heilige gees tydens Pinkster 33 HJ uitstort, sal dit heeltemal duidelik wees dat dit Jesus se dissipels is wat God se goedkeuring het, nie die Fariëseers en hulle godsdienstbondgenote nie.



-
- ◇ Hoe wys Jesus dat daar 'n verandering in omstandighede sal wees?
 - ◇ Hoe reageer die godsdiensteleiers op die boodskap wat Johannes en Jesus bekend maak, en hoe illustreer Jesus dit?
 - ◇ Wat wil die godsdiensteleiers hê moet gebeur, maar hoekom sal dit nie gebeur nie?
 - ◇ Wanneer sal die kloof tussen die godsdiensteleiers en Jesus se dissipels selfs groter word?

JESUS LEER MENSE IN PEREA OP PAD NA JUDEA

LUKAS 17:1-10 JOHANNES 11:1-16

Jesus was die afgelope tyd in die gebied 'oor-kant die Jordaanrivier' wat Perea genoem word (Johannes 10:40). Hy reis nou suid, in die rigting van Jerusalem.

Jesus is nie alleen nie. Sy dissipels reis saam met hom, sowel as "groot groepe mense", wat belastinggaarders en sondaars insluit (Lukas 14: 25; 15:1). Fariseërs en skrifgeleerdes wat kritiseer wat Jesus sê en doen, is ook daar. Hulle het baie om oor te dink ná Jesus se illustrasies oor die verlore skaap, die verlore seun en die ryk man en Lasarus. – Lukas 15:2; 16:14.

Die kritiek en gespot van Jesus se teenstanders is nog vars in sy geheue wanneer hy met sy dissipels begin praat. Hy noem weer party punte wat hy vroeër aan die mense in Galilea geleer het.

Jesus sê byvoorbeeld: "Dit is onvermydelik dat daar struikelblokke sal kom. Maar dit sal sleg gaan met die een wat dit laat kom! . . . Wees versigtig. As jou broer 'n sonde pleeg, wys hom te-reg, en as hy berou toon, vergewe hom. Selfs as hy sewe keer per dag teen jou sondig en sewe keer na jou toe terugkom en sê: 'Ek het berou,' moet jy hom vergewe" (Lukas 17:1-4). Hierdie laaste kommentaar herinner Petrus dalk aan die tyd toe hy Jesus gevra het of hy tot sewe keer moet vergewe. – Matteus 18:21.

Sal die dissipels kan doen wat Jesus sê? Wanneer hulle vir Jesus sê: "Gee ons meer geloof", verseker hy hulle: "As julle geloof gehad het wat so groot soos 'n mosterdsaadjie is, sou julle vir hierdie moerbeiboom sê: 'Trek jou wortels uit die grond uit en plant jouself in die see!' en die boom sou julle gehoorsaam" (Lukas 17:5, 6). Ja, selfs al het iemand net 'n bietjie geloof, kan hy groot dinge bereik.

Jesus leer sy apostels verder hoe belangrik dit is om 'n nederige beskouing van hulleself te hê

en sê vir hulle: "Sê nou iemand het 'n slaaf wat ploeg of die kudde oppas. Sal hy vir hom sê: 'Kom gou hier en eet iets' wanneer hy van die land af inkom? Nee, hy sal eerder vir hom sê: 'Maak iets vir my gereed vir aandete, en sit 'n voorskoot aan en bedien my totdat ek klaar ge-eet en gedrink het, en daarna kan jy eet en drink.' Hy sal tog nie dankbaar wees teenoor die slaaf omdat hy al sy opdragte uitgevoer het nie, of hoe? Net so moet julle, wanneer julle al julle opdragte uitgevoer het, sê: 'Ons is nikswerd slawe. Wat ons gedoen het, is wat ons behoort te gedoen het.'" – Lukas 17:7-10.

Elke kneg van God moet verstaan hoe belangrik dit is om God se belange eerste te stel. En elkeen moet onthou wat 'n voorreg dit is om God te aanbid as 'n lid van sy huishouding.

'n BoodsAPPER wat deur Maria en Marta gestuur is, kom blykbaar kort hierna daar aan. Hulle is Lasarus se susters, en hulle woon in Beta-nië van Judea. Die boodskapper sê: "Here, kyk! die een vir wie u lief is, is siek." – Johannes 11: 1-3.

Al hoor Jesus dat sy vriend Lasarus baie siek is, word Jesus nie deur hartseer oorweldig nie. Hy sê eerder: "Hierdie siekte is nie bedoel om in die dood te eindig nie, maar is om God te verheerlik, sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word." Hy bly twee dae lank waar hy is en sê dan vir sy dissipels: "Laat ons weer na Judea gaan." Hulle sê: "Rabbi, 'n rukkjie gelede wou die Judeërs u nog met klippe doodgooi, en gaan u nou weer soontoe?" – Johannes 11:4, 7, 8.

Jesus antwoord: "Daar is 12 uur daglig, nie waar nie? As iemand in die daglig loop, struikel hy oor niks nie, omdat hy die lig van hierdie wê-reld sien. Maar as iemand in die nag loop, struikel hy, omdat die lig nie in hom is nie" (Johannes 11:9, 10). Hy bedoel blykbaar dat die tyd wat God

vir Jesus se bediening bepaal het, nog nie verby is nie. Tot dan moet Jesus die kort tydjie wat hy oorhet, ten volle gebruik.

Jesus voeg by: “Lasarus, ons vriend, het gaan slaap, maar ek gaan soontoe om hom wakker te maak.” Die dissipels dink waarskynlik dat Lasarus net rus en dat hy sal herstel, en daarom sê hulle: “Here, as hy slaap, sal hy gesond word.”

Jesus sê reguit vir hulle: “Lasarus het gesterf. . . . Maar laat ons na hom toe gaan.” – Johannes 11:11-15.

Tomas is daarvan bewus dat Jesus dalk in Judea doodgemaak sal word, maar hy wil Jesus ondersteun, en daarom spoor hy sy mede-dissipels aan: “Laat ons ook gaan, sodat ons saam met hom kan sterf.” – Johannes 11:16.



- ◇ Waar het Jesus gepreek?
- ◇ Watter leringe herhaal Jesus, en watter voorbeeld gebruik hy om sy punt oor nederigheid te illustreer?
- ◇ Watter nuus ontvang Jesus, en hoekom sê Tomas dat hulle saam met Jesus moet sterf?

“DIE OPSTANDING EN DIE LEWE”

JOHANNES 11:17-37

Jesus verlaat Perea en kom by Betanië aan, ’n dorp wat omtrent drie kilometer oos van Jerusalem is. Maria en Marta, Lasarus se susters, treur omdat hulle broer onlangs gesterf het. Baie het hulle kom vertroos.

Dan sê iemand vir Marta dat Jesus op pad is, en sy gaan om hom te ontmoet. Marta sê vir Jesus wat sy en haar suster heel moontlik vier dae lank gedink het: “Here, as u hier was, sou my broer nie gesterf het nie.” Maar dit beteken nie



dat sy nie hoop het nie. ‘Ek weet dat God u alles sal gee wat u van God vra,’ sê Marta (Johannes 11:21, 22). Sy voel dat Jesus haar broer dalk nog kan help.

Jesus sê: “Jou broer sal opstaan.” Marta dink dat hy na die toekomstige opstanding op aarde verwys, die hoop wat Abraham en ander gehad het. En haar woorde wys dat sy oortuig is dat dit beslis sal gebeur. Sy sê: “Ek weet dat hy in die opstanding op die laaste dag sal opstaan.” – Johannes 11:23, 24.

Maar kan Jesus in hierdie geval onmiddellike

verligting gee? Hy herinner Marta dat God hom mag oor die dood gegee het, en hy sê: “Wie geloof in my beoefen, sal lewend word, selfs al sterf hy, en elkeen wat lewe en geloof in my beoefen, sal nooit sterf nie.” – Johannes 11:25, 26.

Jesus sê nie dat sy dissipels wat nou lewe, nooit sal sterf nie. Selfs hy moet sterf, soos hy vir sy apostels gesê het (Matteus 16:21; 17:22, 23). Jesus beklemtoon dat dit tot die ewige lewe kan lei as mense geloof in hom stel. Baie sal die ewige lewe deur middel van ’n opstanding ontvang. Maar getroues wat aan die einde van hierdie wêreldstelsel nog lewe, sal nooit hoef te sterf nie. Wat die geval ook al mag wees, almal wat geloof in hom beoefen, kan daarvan seker wees dat hulle nooit permanent dood sal wees nie.

Maar kan Jesus, wat so pas gesê het: “Ek is die opstanding en die lewe”, Lasarus help, wat nou al dae lank dood is? Jesus vra vir Marta: “Glo jy dit?” Sy antwoord: “Ja, Here, ek glo dat u die Christus is, die Seun van God, die een wat in die wêreld sou inkom.” Met die vertroue dat Jesus nog daardie selfde dag iets kan doen, gaan Marta vinnig huis toe en fluister sy vir haar suster: “Die Leermeester is hier en hy roep jou” (Johannes 11:25-28). Dan verlaat Maria die huis en ander volg haar. Hulle dink dat sy na Lasarus se graf gaan.

Maria gaan eerder na Jesus, val by sy voete neer terwyl sy huil en herhaal haar suster se woorde: “Here, as u hier was, sou my broer nie gesterf het nie.” Jesus kreun, word ontsteld en begin huil toe hy Maria en die skares sien huil. Die skares word diep geraak hierdeur. Maar party vra: “Kon hierdie man wat die oë van die blinde man geopen het, nie gekeer het dat hy sterf nie?” – Johannes 11:32, 37.



- ◇ Wat is die situasie wanneer Jesus naby Betanië is?
- ◇ Watter rede het Marta om in 'n opstanding te glo?
- ◇ Hoe wys Jesus dat hy iets kan doen omtrent Lasarus se dood?

LASARUS WORD OPGEWEK

JOHANNES 11:38-54

Nadat Jesus vir Marta en toe vir Maria naby Betanië ontmoet het, gaan hulle na Lasarus se graf. Dit is 'n grot met 'n klip wat die ingang toemaak. "Neem die klip weg," sê Jesus. Marta weet nie wat Jesus van plan is om te doen nie en sê bekommerd: "Here, hy moet nou al ruik, want dit is al vier dae." Maar Jesus sê vir haar: "Het ek nie vir jou gesê dat jy die heerlijkheid van God sal sien as jy glo nie?" – Johannes 11:39, 40.

Die klip word dus weggeneem. Jesus kyk dan op na die hemel en bid: "Vader, ek dank u dat u na my geluister het. Ek het geweet dat u altyd na my luister, maar ek het gepraat weens die skare wat rondom my staan, sodat hulle kan glo dat u my gestuur het." Jesus se openbare gebed wys vir dié wat rondom hom staan, dat hy nou iets deur middel van God se krag gaan doen. Dan roep Jesus met 'n harde stem uit: "Lasarus, kom



uit!” Dan kom Lasarus uit. Sy hande en voete is nog met grafdoeke gebind, en sy gesig is met ’n doek toegedraai. “Maak hom los en laat hom gaan,” sê Jesus. – Johannes 11:41-44.

Baie Jode wat gekom het om Maria en Marta te vertrou, sien hierdie wonderwerk en stel geloof in Jesus. Maar ander gaan vertel vir die Fariseërs wat Jesus gedoen het. Die Fariseërs en die skrifgeleerdes roep die Joodse Hoë Raad, die Sanhedrin, bymekaar. Dit sluit die hoëpriester, Kajafas, in. Party van hulle kla: “Wat moet ons doen, want hierdie man doen baie wonderwerke? As ons hom so laat aangaan, sal hulle almal geloof in hom stel, en die Romeine sal kom en ons plek sowel as ons nasie wegneem” (Johannes 11:47, 48). Al het hierdie mans by ooggetuies gehoor dat Jesus ‘baie wonderwerke doen’, is hulle nie bly oor dit wat God deur middel van hom doen nie. Hulle belangrikste bekommernis is hulle eie posisie en gesag.

Die feit dat Lasarus uit die dood opgewek is, is ’n groot oorwinning oor die Sadduseërs, wat nie in die opstanding glo nie. Kajafas, ’n Sadduseër, sê: “Julle verstaan geheel en al niks nie. Julle het nie daaraan gedink dat dit tot julle voordeel is dat een mens eerder vir die volk sterf as dat die hele nasie vernietig word nie.” – Johannes 11:49, 50; Handeling 5:17; 23:8.

God het Kajafas hierdie woorde laat sê – hy

het dit “nie uit sy eie gesê nie”. God het dit gedoen omdat Kajafas die belangrike posisie as hoëpriester gehad het. Kajafas bedoel dat Jesus doodgemaak moet word om te keer dat hy die gesag en invloed van die Joodse godsdiensteleiers nog verder ondermyn. Maar in werklikheid profeteer Kajafas dat Jesus met sy dood ’n losprys sal voorsien, nie net vir die Jode nie, maar vir al “die kinders van God wat oral versprei is”. – Johannes 11:51, 52.

Kajafas kry dit reg om die Sanhedrin te beïnvloed om planne te maak om Jesus dood te maak. Sal Nikodemus, ’n lid van die Sanhedrin wat vriendelik teenoor Jesus is, Jesus van hierdie planne vertel? Wat ook al die geval is, Jesus verlaat die direkte omgewing van Jerusalem en vermy so dat hy doodgemaak word voor God se vasgestelde tyd.



-
- ◇ Hoe reageer dié wat die opstanding van Lasarus sien?
 - ◇ Wat doen die lede van die Sanhedrin wat wys dat hulle goddeloos is?
 - ◇ Watter profesie laat God Kajafas uitspreek?

TIEN MELAATSES WORD GENEES – EEN WYS DAT HY DANKBAAR IS

LUKAS 17:11-19

Jesus weet dat die Sanhedrin hom wil doodmaak, en daarom vertrek hy na die stad Efraim, 'n ent noordoos van Jerusalem. Hy bly daar met sy dissipels, buite die bereik van sy vyande (Johannes 11:54). Maar die Pasga van 33 HJ kom al hoe nader, en daarom is Jesus weer kort voor lank op pad. Hy reis noordwaarts deur Samaria en op na Galilea. Dit sal die laaste keer wees dat hy hierdie gebied besoek voor sy dood.

Jesus reis van dorp ná dorp. Nie lank nadat hulle die reis begin het nie, ontmoet hy tien mans wat melaats is. In party gevalle kan hierdie siekte die weefsel van sekere liggaamsdele soos die vingers, tone en ore geleidelik laat ontbind (Numeri 12:10-12). God se Wet het vereis dat 'n melaatse moet uitroep: “Onrein, onrein!” Dit het ook vereis dat hy in afsondering moet woon. – Levitikus 13:45, 46.

As gevolg hiervan staan die tien melaatses ver van Jesus af. Maar hulle roep hard uit: “Jesus, Onderrigter, betoon genade aan ons!” Wanneer Jesus die melaatses sien, sê hy vir hulle: “Gaan wys julle vir die priesters” (Lukas 17:13, 14). Deur dit te doen, wys hy dat hy respek vir God se Wet het, wat die priesters die gesag gee om melaatses wat van hulle siekte herstel het, rein te verklaar. Dan kan hulle weer tussen gesonde mense woon. – Levitikus 13:9-17.

Die tien melaatses het vertroue in Jesus se wonderdadige krag. Hulle gaan om die priesters

te sien, selfs nog voordat hulle genees is. Terwyl hulle op pad is, word hulle beloon vir hulle geloof in Jesus. Hulle begin sien en voel dat hulle genees is!

Nege van die melaatses wat genees is, reis verder. Maar een van hulle, 'n Samaritaan, draai egter terug om na Jesus te soek. Hoekom? Die man is baie dankbaar teenoor Jesus vir wat gebeur het. Die man wat melaats was, 'loof God met 'n harde stem', want hy besef dat God eintlik vir sy genesing verantwoordelik is (Lukas 17:15). Wanneer hy Jesus vind, val hy voor hom neer en bedank hy hom.

Jesus sê vir dié rondom hom: “Al tien is genees, nie waar nie? Waar is die ander nege dan? Het niemand anders behalwe hierdie man van 'n ander nasie teruggedraai om God te eer nie?” Dan sê Jesus vir die Samaritaan: “Staan op en gaan. Jou geloof het jou gesond gemaak.” – Lukas 17:17-19.

Deur die tien melaatses te genees, wys Jesus dat hy Jehovah se ondersteuning het. Nou is een van die tien nie net genees deur wat Jesus gedoen het nie, maar hy is moontlik op die pad na die lewe. Ons lewe nie in 'n tyd waarin God Jesus gebruik om sulke genesings te doen nie. Maar deur geloof in Jesus te beoefen, kan ons op die pad na die lewe wees – ewige lewe. Wys ons, soos daardie Samaritaanse man, dat ons dankbaar is?

-
- ◇ Waarheen reis Jesus wanneer hy uitvind dat die Sanhedrin hom wil doodmaak?
 - ◇ Hoekom staan die tien melaatses op 'n afstand, en hoekom sê Jesus vir hulle om na die priesters te gaan?
 - ◇ Watter les kan ons leer uit wat met die Samaritaan gebeur het?



DIE SEUN VAN DIE MENS SAL GEOPENBAAR WORD

LUKAS 17:20-37

Jesus is nog steeds in Samaria of in Galilea. Party Fariseërs vra hom nou oor die koms van die Koninkryk. Hulle verwag dat dit 'n asemrowende gebeurtenis sal wees, maar Jesus sê: “Die Koninkryk van God kom nie op 'n opvallende manier nie. En mense sal ook nie sê: ‘Kyk hier!’ of: ‘Daar!’ nie. Want die Koninkryk van God is by julle.” – Lukas 17:20, 21.

Party mense dink dalk dat Jesus sê dat die Koninkryk in mense se harte regeer. Maar dit kan nie die geval wees nie, want die Koninkryk is nie in die harte van die Fariseërs met wie Jesus nou praat nie. Tog is dit *by hulle*, want Jesus, die een wat as Koning van God se Koninkryk gekies is, is daar by hulle. – Matteus 21:5.

Waarskynlik nadat die Fariseërs weg is, gee Jesus sy dissipels nog besonderhede oor die koms van die Koninkryk. Hy gee eers 'n waarskuwing wat verband hou met sy teenwoordigheid in Koninkryksmag: “Daar kom 'n tyd wanneer julle graag een van die dae van die Seun van die mens sal wil sien, maar julle sal dit nie sien nie” (Lukas 17:22). Jesus dui aan dat die Seun van die mens in die toekoms in die Koninkryk sal regeer. Voordat daardie tyd kom, sal party dissipels dalk in spanning daarna uitsien, maar hulle sal moet bly wag totdat die Seun van die mens kom op die tyd wat God vasgestel het.

Jesus sê verder: “Mense sal vir julle sê: ‘Kyk daar!’ of: ‘Kyk hier!’ Moenie uitgaan of agter hul-

le aanloop nie. Want net soos die weerlig van een deel van die hemel tot in 'n ander deel van die hemel flits, so sal die Seun van die mens in sy dag wees” (Lukas 17:23, 24). Hoe kan Jesus se dissipels sorg dat hulle nie valse messiasse volg nie? Jesus sê dat die koms van die ware Messias sal wees soos 'n weerligstraal wat oor 'n groot gebied gesien kan word. Die bewyse van sy teenwoordigheid in Koninkryksmag sal duidelik gesien kan word deur almal wat aandag skenk.

Dan gebruik Jesus voorbeelde uit die verlede om te wys hoe mense se gesindhede sal wees gedurende daardie toekomstige tyd: “Net soos dit in die dae van Noag was, so sal dit in die dae van die Seun van die mens wees . . . Net soos dit ook in die dae van Lot was: Hulle het geëet, hulle het gedrink, hulle het gekoop, hulle het verkoop, hulle het geplant, hulle het gebou. Maar op die dag toe Lot uit Sodom uitgegaan het, het dit vuur en swael uit die hemel gereën en hulle almal vernietig. Dit sal net so wees op die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word.” – Lukas 17:26-30.

Jesus het nie gesê dat mense in Noag se dag en in Lot se dag vernietig is omdat hulle normale dinge gedoen het soos om te eet, te drink, te koop, te verkoop, te plant en te bou nie. Noag en Lot en hulle gesinne het ook party van hierdie dinge gedoen. Maar die ander mense het dit gedoen sonder om aandag te skenk aan God se wil



en hulle het die tyd geïgnoreer waarin hulle gelewe het. Daarom spoor Jesus sy dissipels aan om aandag te skenk aan God se wil en om dit uit te voer. Op hierdie manier wys hy vir hulle wat hulle moet doen om te bly lewe wanneer God in die toekoms vernietiging bring.

Die dissipels moet dus seker maak dat hulle aandag nie afgelei word deur die dinge van die wêreld rondom hulle nie, “die dinge wat . . . agtergelaat” is. Jesus sê: “Op daardie dag moet die een wat op die dak is maar wie se besittings in die huis is, nie afkom om dit te gaan haal nie, en die een wat buite op die landery is, moet ook nie teruggaan na die dinge wat hy agtergelaat het nie. Dink aan die vrou van Lot” (Lukas 17:31, 32). Sy het ’n soutpilaar geword.

Jesus beskryf verder wat sal gebeur wanneer die Seun van die mens as Koning sal regeer. Hy sê vir sy dissipels: “In daardie nag sal twee mense in een bed wees. Die een sal saamgeneem word, maar die ander een sal agtergelaat word” (Lukas 17:34). Party sal gered word, maar ander sal agtergelaat word en hulle lewe verloor.

Die dissipels vra: “Waar sal dit gebeur, Here?” Jesus antwoord: “Waar die liggaam is, daar sal die arende ook bymekaarkom” (Lukas 17:37). Ja, party sal wees soos arende wat goeie sig het en ver kan sien. Hierdie dissipels sal bymekaarkom by die ware Christus, die Seun van die mens. In daardie toekomstige tyd sal Jesus sy getroue dissipels van lewensreddende waarhede voorsien.

-
- ◇ Hoe is die Koninkryk by die Fariseërs?
 - ◇ Hoe sal Christus se teenwoordigheid soos weerlig wees?
 - ◇ Hoekom moet Jesus se dissipels oplettend wees wanneer die Seun van die mens kom?
-



DIE BELANGRIKHEID VAN GEBED EN NEDERIGHEID

LUKAS 18:1-14

Jesus het voorheen vir sy dissipels 'n illustrasie vertel oor hoe om in gebed te volhard (Lukas 11: 5-13). Hy is nou dalk in Samaria of in Galilea, en nou beklemtoon hy weer hoe belangrik dit is om in gebed te volhard. Hy doen dit deur die volgende illustrasie te vertel:

“In 'n sekere stad was daar 'n regter wat geen vrees vir God en geen respek vir mense gehad het nie. Daar was ook 'n weduwee in daardie stad, en sy het na hom toe bly gaan en gesê: ‘Oordeel reg-



verdig tussen my en die een teen wie ek 'n regsak het.’ Wel, 'n ruk lank wou hy dit nie doen nie, maar agterna het hy vir homself gesê: ‘Al het ek geen vrees vir God en geen respek vir mense nie, sal ek 'n regverdige oordeel uitspreek omdat hierdie weduwee my die hele tyd lastig val. Dan sal sy ophou kom en my nie langer uitput met haar versoek nie.’” – Lukas 18:2-5.

Jesus gee die volgende toepassing: “Hoor wat die regter gesê het, al is hy onregverdig! Sal God dan nie sorg dat dié wat hy uitgekies het en wat dag en nag tot hom uitroep, regverdig behandel word terwyl hy geduldig is met hulle nie?” (Lukas 18:6, 7). Wat sê Jesus dus oor sy Vader?

Jesus bedoel natuurlik nie dat Jehovah God

enigsins soos die onregverdige regter is nie. Jesus gebruik 'n kontras om 'n punt duidelik te maak: As selfs 'n onregverdige menseregter reageer op iemand se aanhoudende versoek, sal God dit ongetwyfeld ook doen. Hy is regverdig en goed en sal sy knegte help as hulle in gebed volhard. Dit is duidelik uit wat Jesus volgende sê: “Ek sê vir julle: [God] sal dadelik sorg dat hulle regverdig behandel word.” – Lukas 18:8.

Die mense met min geld en op wie neergekyk word, word onregverdig behandel, terwyl mense met geld en mag dikwels beter behandel word. Maar dit is nie hoe God mense behandel nie. Wanneer die tyd reg is, sal God in sy regverdigheid seker maak dat die goddeloses gestraf word en dat sy knegte die ewige lewe ontvang.

Wie het geloof soos die weduwee s'n? Hoeveel glo werklik dat God “dadelik [sal] sorg dat hulle regverdig behandel word”? Jesus het nou net geïllustreer hoe belangrik dit is om in gebed te volhard. Dan beklemtoon Jesus die belangrikheid van geloof in die krag van gebed deur te vra: “Sal die Seun van die mens werklik hierdie geloof op die aarde vind wanneer hy kom?” (Lukas 18:8). Dit wys dat daar dalk min mense met sulke geloof sal wees wanneer Christus kom.

Party wat na Jesus luister, voel tevrede met die geloof wat hulle het. Hulle glo dat hulle regverdig is, maar hulle kyk neer op ander. Jesus vertel die volgende illustrasie wat op hulle van toepassing is:

“Twee mans het na die tempel gegaan om te bid. Die een was 'n Fariseër en die ander een 'n belastinggaarder. Die Fariseër het gaan staan en by homself begin bid: ‘O God, ek dank u dat ek nie soos al die ander mense is nie – afpersers, onregverdiges, egbrekers – of selfs soos hierdie belastinggaarder nie. Ek vas twee keer per week en ek gee 'n tiende van alles wat ek verkry.’” – Lukas 18: 10-12.

Die Fariseërs is daarvoor bekend dat hulle in die openbaar spog oor hulle sogenaamde regverdigheid. Hulle doen dit om ander te beïndruk. Die Fariseërs het byvoorbeeld self besluit om op sekere dae te vas. Hulle doen dit gewoonlik op Maandae en Donderdae, wanneer die groot markte besig is en baie hulle sal sien. En hulle betaal getrou 'n tiende van selfs klein plantjies (Lukas 11:42). 'n Paar maande vroeër het hulle gewys hoe min hulle van die gewone mense dink deur te sê: “Maar hierdie skare wat [volgens die Fariseërs] die Wet nie ken nie, is vervloekte mense.” – Johannes 7:49.

Jesus gaan verder met sy illustrasie: “Maar die belastinggaarder, wat op 'n afstand gestaan het,

wou nie eers na die hemel opkyk nie. Hy het op sy bors bly slaan en gesê: ‘O God, ek is 'n sondaar. Betoon genade aan my.’ Ek sê vir julle: Hierdie man het na sy huis gegaan en was regverdiger as daardie Fariseër. Want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, maar elkeen wat nederig is, sal verhoog word.” – Lukas 18:13, 14.

Jesus wys duidelik dat dit belangrik is om nederig te bly. Dit is goeie raad vir sy dissipels, wat in 'n gemeenskap grootgemaak is waarin die Fariseërs, wat in hulle eie oë regverdig is, die belangrikheid van posisie en status beklemtoon. En dit is goeie raad vir al Jesus se volgelinge.



- ◇ Watter punt maak Jesus in sy illustrasie van die onregverdige regter wat geluister het na die weduwee se versoek?
- ◇ Watter soort geloof hoop Jesus om te vind wanneer hy kom?
- ◇ Watter gesindheid wat algemeen onder die Fariseërs is, moet Jesus se volgelinge vermy?

LESSE OOR EGSKEIDING EN LIEFDE VIR KINDERS

MATTEUS 19:1-15 MARKUS 10:1-16 LUKAS 18:15-17

Jesus en sy dissipels verlaat Galilea en steek die Jordaanrivier oor en gaan suidwaarts deur Perea. Toe Jesus voorheen in Perea was, het hy vir die Fariseërs gesê wat God se beskouing van egskedding is (Lukas 16:18). Nou praat hulle weer daarvoor om Jesus te toets.

Moses het geskryf dat 'n man van 'n vrou kon skei as sy iets gedoen het wat "skandelik" is (Deuteronomium 24:1). Mense het verskillende beskouings oor wat geldige redes is vir egskedding. Party glo dat selfs klein kwessies hierby ingesluit is. Daarom vra die Fariseërs: "Mag 'n man sommer om enige rede van sy vrou skei?" – Matteus 19:3.

In plaas daarvan om 'n menslike opinie te gee, verwys Jesus eenvoudig na wat God oorspronklik vir die huwelik in gedagte gehad het. "Het julle nie gelees dat die Een wat mense geskep het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie? Hy het gesê: 'Daarom sal 'n man sy pa en sy ma verlaat en sy vrou aankleef, en die twee sal een vlees wees.' Hulle is dus nie meer twee nie, maar een vlees. Wat God dan onder een juk saamgevoeg het, mag geen mens skei nie" (Matteus 19:4-6). Toe God die huwelik tussen Adam en Eva ingestel het, het hy nie 'n moontlikheid vir egskedding voorsien nie.

Die Fariseërs stem nie saam met Jesus nie en sê: "Hoekom het Moses dan gesê dat 'n skeibrief gegee kan word en dat hy van haar kan skei?" (Matteus 19:7). Jesus sê vir hulle: "Moses het die toegewing gemaak dat julle van julle vrouens kan skei omdat julle harte so ongevoelig is, maar dit was nie van die begin af so nie" (Matteus 19:8). Daardie "begin" was nie in Moses se dag nie; dit was toe God die huwelik in Eden ingestel het.

Dan noem Jesus 'n belangrike waarheid: "Ek sê vir julle dat elkeen wat van sy vrou skei, behalwe op grond van seksuele onsedelikheid [Grieks,

por-nei'a], en met iemand anders trou, egbreuk pleeg" (Matteus 19:9). Seksuele onsedelikheid is dus die enigste skriftuurlike rede vir 'n egskedding.

Wanneer die dissipels dit hoor, sê hulle: "As dít die situasie is met 'n man en sy vrou, is dit beter om nie te trou nie" (Matteus 19:10). Dit is duidelik dat iemand wat daaraan dink om te trou, die huwelik as permanent moet beskou!

Dan sê Jesus iets oor persone wat ongetroud bly. Hy verduidelik dat party as eunugs gebore word en nie in staat is om seksuele omgang te hê nie. Ander word deur mense eunugs gemaak deurdat hulle voortplantingsorgane vermink word. En party onderdruk hulle begeerte om seksuele omgang te hê. Hulle doen dit sodat hulle meer aandag kan skenk aan sake wat met die Koninkryk verband hou. "Laat die een wat [vir die ongetroude lewe] kan plek maak, daarvoor plek maak," spoor Jesus sy luisteraars aan. – Matteus 19:12.

Nou begin mense hulle jong kinders na Jesus toe bring. Maar die dissipels skel die mense uit, waarskynlik omdat hulle nie wil hê dat die mense Jesus moet pla nie. Jesus is baie ontevrede toe hy dit sien en sê: "Laat die jong kinders na my toe kom. Moet hulle nie probeer keer nie, want die Koninkryk van God behoort aan mense wat soos hulle is. Ek verseker julle: Elkeen wat nie die Koninkryk van God soos 'n jong kind ontvang nie, sal glad nie daar ingaan nie." – Markus 10:14, 15; Lukas 18:15.

Wat 'n goeie les! Om God se Koninkryk te ontvang moet ons soos jong kinders nederig wees en gewillig om te leer. Jesus wys nou hoe lief hy vir kinders is deur hulle in sy arms te neem en hulle te seën. En hy het dieselfde soort liefde vir elkeen wat "die Koninkryk van God soos 'n jong kind ontvang". – Lukas 18:17.



- ◇ Hoe gebruik die Fariseërs die onderwerp van egskeiding om Jesus te toets?
- ◇ Wat is volgens Jesus God se beskouing van egskeiding?
- ◇ Hoekom besluit party dissipels dalk om ongetroud te bly?
- ◇ Wat kan ons volgens Jesus by kinders leer?

JESUS ANTWOORD 'N RYK JONG HEERSER

MATTEUS 19:16-30 MARKUS 10:17-31 LUKAS 18:18-30

Jesus reis nog steeds deur Perea op pad na Jerusalem. 'n Ryk jong man hardloop na Jesus toe en val op sy knieë voor hom neer. Die man is “een van die heersers”. Hy dien dalk as 'n hoofbeampte van die sinagoge of as 'n lid van die Sanhedrin. Hy vra: “Goeie Leermeester, wat moet ek doen om die ewige lewe te ontvang?” – Lukas 8:41; 18:18; 24:20.

“Hoekom noem jy my goed?” vra Jesus. “Niemand is goed nie, behalwe een, God.” Die jong man gebruik “goed” as 'n formele aanspreekvorm, soos wat die rabbi's doen. Al is Jesus 'n goeie onderrigter, maak hy dit duidelik aan die man dat God die enigste een is wat “Goed” genoem kan word.

“As jy egter die lewe wil ingaan, moet jy aanhou om die gebooi te gehoorsaam,” sê Jesus. Dan vra die jong man: “Watter gebooi?” Jesus noem vyf van die Tien Gebooi – dié oor moord, egbreuk, diefstal, valse getuienis en respek vir jou ouers. Dan noem hy 'n gebod wat belangriker is: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” – Matteus 19:17-19.

“Ek was gehoorsaam aan al hierdie dinge,” antwoord die man. “Wat moet ek nog doen?” (Matteus 19:20). Hy voel dalk dat hy die een of ander heldedaad moet doen om die ewige lewe te kry. Omdat Jesus kan sien dat hy opreg is, voel hy “liefde vir hom” (Markus 10:21). Maar daar is iets wat die man moet oorkom.

Die man is baie geheg aan sy besittings, en daarom sê Jesus: “Daar is nog een ding wat jy moet doen: Gaan verkoop wat jy het en gee die geld vir die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê. En kom word my volgeling.” Ja, die man kan sy geld gee aan die armes, wat hom nie kan terugbetaal nie, en 'n volgeling van Jesus word. Maar wanneer Jesus sien hoe die man opstaan



en hartseer wegloop, voel hy waarskynlik jammer vir hom. Die man is so geheg aan sy rykdom, aan sy “baie besittings”, dat hy nie kan sien wat werklik waardevol is nie (Markus 10:21, 22). Jesus sê: “Hoe moeilik sal dit tog vir mense met geld wees om in die Koninkryk van God in te gaan!” – Lukas 18:24.

Die dissipels is verbaas deur hierdie woorde en deur wat Jesus volgende sê: “Om die waarheid te sê, dit is makliker vir ’n kameel om deur die oog van ’n naald te gaan as vir ’n ryk man om in die Koninkryk van God in te gaan.” Dit laat die dissipels vra: “Wie kan dan gered word?” Hulle wil weet of dit dan te moeilik is vir mense om gered te word. Jesus kyk reguit na hulle en sê: “Die dinge wat onmoontlik is vir mense, is moontlik vir God.” – Lukas 18:25-27.

Petrus noem dat hulle ’n ander keuse as die ryk man gemaak het en sê: “Ons het alles agtergelaat en u gevolg. Wat sal daar dan vir ons wees?” Jesus sê dan wat die gevolg van hulle goeie keuse sal wees: “In die herskepping, wanneer die Seun van die mens op sy glorieryke troon gaan sit, sal julle wat my gevolg het, op 12 trone sit en die 12 stamme van Israel oordeel.” – Matteus 19:27, 28.

Dit is duidelik dat Jesus praat van ’n tyd in die toekoms wanneer alles op die aarde nuut gemaak sal word en toestande sal wees soos dit in die tuin van Eden was. Petrus en die ander dissipels sal beloon word – hulle sal saam met Je-

sus oor die aardse Paradys regeer, ’n beloning wat enige opoffering werd is!

Maar hulle sal nie net in die toekoms beloon word nie. Sy dissipels word selfs nou beloon. Jesus sê: “Ek verseker julle dat elkeen wat huis of vrou of broers of ouers of kinders ter wille van die Koninkryk van God verlaat het, in hierdie tyd baie keer soveel sal kry, en in die wêreld wat kom, die ewige lewe.” – Lukas 18:29, 30.

Ja, waar sy dissipels ook al gaan, hulle kan ’n unieke band hê met hulle mede-aanbidders wat hefter en kosbaarder is as die band wat hulle met hulle natuurlike familieledede het. Dit lyk ongelukkig of die ryk jong heerser nie hierdie seëning of die beloning van lewe in God se Koninkryk gaan ontvang nie.

Jesus voeg by: “Maar baie wat eerste is, sal laaste wees, en baie wat laaste is, sal eerste wees” (Matteus 19:30). Wat bedoel hy?

Die ryk jong heerser is onder dié wat “eerste is,” die Joodse leiers. Omdat hy God se gebooië gehoorsaam, het hy baie potensiaal en word daar dalk baie van hom verwag. Maar rykdom en besittings is vir hom belangriker as enigiets anders in die lewe. In teenstelling hiermee sien die gewone mense van die land die waarheid en die weg na die lewe in Jesus se leringe. Tot nou toe was hulle “laaste”, maar hulle sal “eerste” word. Hulle kan daarna uitsien om saam met Jesus in die hemel op trone te sit en om oor die Paradysaarde te regeer.

-
- ◇ Watter soort man kom na Jesus toe?
 - ◇ Hoekom wil Jesus nie “goed” genoem word nie?
 - ◇ Watter belonings belowe Jesus sy volgelinge?
 - ◇ Hoe word die “eerste” “laaste” en die “laaste” “eerste”?

DIE ILLUSTRASIE VAN DIE WERKERS IN DIE WINGERD

MATTEUS 20:1-16

Jesus het nou net vir sy luisteraars in Perea gesê: “Baie wat eerste is, sal laaste wees, en baie wat laaste is, sal eerste wees” (Matteus 19:30). Hy beklemtoon hierdie stelling met ’n illustrasie oor werkers in ’n wingerd:

“Die Koninkryk van die hemel is soos die meester van ’n huis wat vroeg in die oggend uitgegaan het om werkers vir sy wingerd te huur. Nadat hy met die werkers ooreengekom het om hulle ’n denarius per dag te betaal, het hy hulle in sy wingerd uitgestuur. Hy het weer omtrent die derde uur uitgegaan en ander op die markplein sien staan wat werkloos is. Hy het vir hulle gesê: ‘Gaan ook in die wingerd in, en ek sal julle betaal wat redelik is.’ Toe het hulle gegaan. Hy het omtrent die sesde uur en die negende uur weer uitgegaan en dieselfde gedoen. Laastens het hy omtrent die 11de uur uitgegaan en ander gesien wat daar rondstaan, en hy het vir hulle gevra: ‘Hoe kom staan julle al die hele dag hier sonder werk?’ Hulle het hom geantwoord: ‘Omdat niemand ons gehuur het nie.’ Hy het vir hulle gesê: ‘Gaan ook in die wingerd in.’” – Matteus 20:1-7.

Jesus se luisteraars dink waarskynlik aan Jehovah God wanneer hy “die Koninkryk van die hemel” en “die meester van ’n huis” noem. Die Skrif beeld Jehovah uit as die eienaar van ’n wingerd; die wingerd het die nasie Israel voorgestel (Psalm 80:8, 9; Jesaja 5:3, 4). Dié onder die Wetsverbond word vergelyk met werkers in die wingerd. Maar Jesus praat nie van die verlede nie. Hy beskryf ’n situasie in sy tyd.

Die godsdiensteiers, soos die Fariseërs wat hom ’n rukkie terug oor die onderwerp van egskending probeer toets het, is kamstig heelyd besig in God se diens. Hulle is soos voltydse werkers wat ’n volle dag se loon verwag, ’n denarius.

Die priesters en ander in hierdie groep beskou die gewone Jode as mense wat God nie in volle

mate dien nie, as deelydse werkers in God se wingerd. In Jesus se illustrasie is hulle die mans wat “omtrent die derde uur” (9:00 vm) begin werk, of later in die werksdag – op die sesde, negende en laastens die elfde uur (5:00 nm).

Die mans en vrouens wat Jesus volg, word beskou as “vervloekte mense” (Johannes 7:49). Vir die grootste deel van hulle lewens was hulle vissermanne of het hulle ander werk gedoen. Maar in die herfs van 29 HJ het “die meester van die wingerd” Jesus gestuur om hierdie nederige mense te nooi om vir God te werk as Christus se dissipels. Hulle is “die laastes” van wie Jesus praat, die werkers van die 11de uur.

Jesus eindig sy illustrasie deur te beskryf wat aan die einde van die werksdag gebeur: “Toe dit aand word, het die meester van die wingerd vir die man wat oor die werkers toesig gehou het, gesê: ‘Roep die werkers en betaal hulle. Begin by die laastes en eindig by die eerstes.’ Toe die manne kom wat van die 11de uur af gewerk het, het hulle elkeen ’n denarius gekry. Toe die eerstes kom, het hulle dus aangeneem dat hulle meer sou kry, maar hulle het ook ’n denarius as betaling gekry. Nadat hulle betaal is, het hulle teen die meester van die huis begin kla en gesê: ‘Hierdie laaste manne het net een uur gewerk, en tog het u hulle net soveel betaal as vir ons, wat die hele dag hard gewerk het in die warm son!’ Maar hy het vir een van hulle gesê: ‘Vriend, ek behandel jou nie onregverdig nie. Het ek nie met jou ooreengekom dat ek jou ’n denarius sou betaal nie? Neem wat joune is en gaan. Ek wil vir hierdie laaste een dieselfde gee as vir jou. Het ek nie die reg om met my eie goed te doen wat ek wil nie? Of is jy jaloers omdat ek goed vir hulle was?’ So sal die laastes eerste wees, en die eerstes, laaste.” – Matteus 20:8-16.

Die dissipels wonder dalk wat die laaste deel



van Jesus se illustrasie beteken. Hoe sal die Joodse godsdiensteilers, wat dink dat hulle “eerste” is, “laaste” wees? En hoe sal Jesus se dissipels “eerste” wees?

Jesus se dissipels, wat deur die Fariseërs en ander as “laaste” beskou word, sal “eerste” wees en hulle volle loon ontvang. Met Jesus se dood sal aardse Jerusalem verwerp word, en dan sal God ’n nuwe nasie kies, “die Israel van God” (Galasiërs 6:16; Matteus 23:38). Johannes die Doper

het na hierdie persone verwys toe hy gepraat het van ’n toekomstige doop met heilige gees. Dié wat “laaste” is, sal die eerstes wees wat daardie doop ontvang en die voorreg kry om getuies van Jesus te wees “tot in die mees afgeleë deel van die aarde” (Handelinge 1:5, 8; Matteus 3:11). Indien die dissipels besef hoe drasties hierdie verandering is waarvan Jesus praat, besef hulle dalk ook dat hulle die woede van die godsdiensteilers, wat “laaste” sal wees, sal moet verduur.

-
- ◇ Hoekom is dit logies dat Jehovah “die meester van die wingerd” is, en wie is die “werkers”?
 - ◇ Na watter drastiese verandering verwys Jesus met hierdie illustrasie?
 - ◇ Wanneer sal hierdie verandering duidelik word?

DIE APOSTELS WIL NOG STEEDS 'N BELANGRIKE POSISIE HÊ

MATTEUS 20:17-28 MARKUS 10:32-45 LUKAS 18:31-34

Terwyl Jesus en sy dissipels verder suidwaarts reis na Jerusalem, steek hulle die Jordaanrivier naby Jerigo oor en verlaat hulle Perea. Ander mense reis saam met hulle na die Pasga van 33 HJ.

Jesus loop voor sy dissipels uit om betyds in die stad te wees vir die Pasga. Maar die dissipels is bang. Vroeër, toe Lasarus gesterf het en Jesus op pad was om van Perea na Judea te gaan, het Tomas vir die ander gesê: “Laat ons ook gaan, sodat ons saam met hom kan sterf” (Johannes 11:16, 47-53). Omdat dit gevaarlik is om na Jerusalem te gaan, kan 'n mens verstaan hoekom die dissipels bang is.

Om die apostels voor te berei op wat voorlê, neem Jesus hulle eenkant en sê: “Ons is op pad na Jerusalem, en die Seun van die mens sal aan die hoofpriesters en die skrifgeleerdes oorgelewer word. Hulle sal hom tot die dood veroordeel en hom aan mense van die nasies oorlewer om bespot en met 'n gésel geslaan en aan 'n paal gehang te word, en op die derde dag sal hy opgewek word.” – Matteus 20:18, 19.

Dit is die derde keer dat Jesus sy dissipels vertel van sy dood en opstanding (Matteus 16:21; 17:22, 23). Maar hierdie keer sê hy vir hulle dat hy aan 'n paal gehang gaan word. Hulle luister na hom, maar hulle verstaan nie wat hy bedoel nie. Dalk verwag hulle dat die koninkryk van Israel op die aarde herstel gaan word omdat hulle eer en 'n hoë posisie in 'n aardse koninkryk saam met Christus wil geniet.

Die ma van die apostels Jakobus en Johannes, wat blykbaar Salome is, reis ook saam. Jesus het hierdie twee apostels 'n naam gegee wat “seuns van die donder” beteken, ongetwyfeld as gevolg van hulle vurige geaardheid (Markus 3:17; Lukas 9:54). Hierdie twee wou al lank 'n belangrike



posisie in Christus se Koninkryk hê. Hulle ma is bewus hiervan. Nou gaan sy namens hulle na Jesus, buig voor hom neer en vra hom 'n guns. Jesus vra haar: “Wat wil jy hê?” Sy sê: “Sê dat hierdie twee seuns van my in u Koninkryk mag sit, een aan u regterhand en een aan u linkerhand.” – Matteus 20:20, 21.

Die versoek kom eintlik van Jakobus en Johannes. Jesus het so pas vir hulle vertel van die skaamte en vernedering wat hy sal ondervind, en nou sê hy vir hulle: “Julle weet nie waarvoor julle vra nie. Kan julle die beker drink wat ek binnekort gaan drink?” Hulle antwoord hom: “Ons kan” (Matteus 20:22). Blykbaar besef hulle nog steeds nie wat dit vir hulle beteken nie.

Nogtans sê Jesus vir hulle: “Julle sal beslis my beker drink, maar om aan my regterhand en aan my linkerhand te sit, is nie myne om te gee nie, maar dit behoort aan dié vir wie my Vader dit voorberei het.” – Matteus 20:23.

Toe die ander tien apostels hoor wat Jakobus en Johannes vra, is hulle baie ontsteld. Kan dit wees dat Jakobus en Johannes die vorige keer baie te sê gehad het toe die apostels gestry het oor wie die grootste onder hulle is? (Lukas 9:46-48). Wat ook al die geval is, hierdie situasie wys

dat die Twaalf nog nie Jesus se raad toegepas het dat 'n persoon homself as 'n mindere moet gedra nie. Hulle wil nog steeds 'n belangrike posisie hê.

Hierdie situasie veroorsaak probleme onder die apostels, en Jesus besluit om iets daaromtrent te doen. Hy roep die Twaalf bymekaar en gee hulle liefdevol raad deur te sê: “Julle weet dat dié wat as heersers van die nasies beskou word, oor die mense baas speel en dat hulle leiers hulle oorheers. Dit moenie so onder julle wees nie. As iemand onder julle groot wil wees, moet hy julle dienaar wees, en as iemand onder julle die eerste wil wees, moet hy almal se slaaf wees.” – Markus 10:42-44.

Jesus noem die voorbeeld wat hulle moet navolg – sy voorbeeld. Hy verduidelik: “Die Seun van die mens [het] gekom, nie om gedien te word nie, maar om te dien en om sy lewe te gee as 'n losprys in ruil vir baie” (Matteus 20:28). Jesus is al omtrent drie jaar lank besig om ander te dien. En hy sal selfs so ver gaan dat hy vir die mensdom sal sterf! Net soos die Christus, moet die dissipels 'n begeerte hê om ander te dien eerder as om gedien te word, om 'n mindere te wees eerder as om 'n belangrike posisie te hê.

-
- ◇ Wat doen Jesus om sy dissipels voor te berei op wat voorlê?
 - ◇ Wat vra twee apostels Jesus, en hoe voel die ander apostels daarvoor?
 - ◇ Wat doen Jesus toe hy sien dat die apostels nog steeds 'n belangrike posisie wil hê?

JESUS GENEES BLINDE MANS EN HELP SAGGEUS

MATTEUS 20:29-34 MARKUS 10:46-52 LUKAS 18:35-19:10

Jesus en dié wat saam met hom reis, kom by Jerigo aan, wat omtrent 'n dag se reis vanaf Jerusalem is. Jerigo bestaan eintlik uit twee stede. Die ouer stad is omtrent 1,6 kilometer van die nuwer Romeinse stad. Terwyl Jesus en die skare uit een van hierdie stede na die ander een loop, hoor twee blinde bedelaars die geraas van die skare. Een van die bedelaars se naam is Bartimeus.

Wanneer Bartimeus en die ander bedelaar Jesus hoor verbyloop, begin hulle uitroep: “Here, betoon genade aan ons, Seun van Dawid!” (Matteus 20:30). Party in die skare word kwaad en sê vir hulle om stil te bly, maar hulle roep net harder. Jesus hoor die lawaai en staan stil. Hy vra die mense by hom om die persone te gaan haal wat uitroep. Hulle gaan na die bedelaars en sê vir een van hulle: “Wees bly! Staan op. Hy roep jou” (Markus 10:49). Die blinde man is so opge-

wonde dat hy sy bo-kleed uittrek, opspring en na Jesus toe gaan.

“Wat wil julle hê moet ek vir julle doen?” vra Jesus. Albei blinde mans smeek Jesus: “Here, laat ons asseblief sien” (Matteus 20:32, 33). Omdat Jesus vir hulle jammer voel, raak hy aan hulle oë en sê hy vir een van hulle: “Gaan. Jou geloof het jou gesond gemaak” (Markus 10:52). Die twee blinde bedelaars kan weer sien en sonder twyfel begin hulle al twee God loof. Wanneer die mense sien wat gebeur, begin hulle God ook loof. Die twee mans wat blind was, begin Jesus volg.

Daar is groot skares om Jesus terwyl hy deur Jerigo loop. Almal wil die persoon sien wat die blinde mans genees het. Die mense druk van alle kante af teen Jesus, en party kan hom nie eens sien nie. Een van hulle is Saggeus. Hy is hoof van die belastinggaarders in en rondom Jerigo. Omdat hy kort is, kan hy nie sien wat aan die gang is nie. Daarom hardloop Saggeus vooruit en klim hy in 'n vyeboom langs die pad waar Jesus loop. Van hier af kan Saggeus alles sien. Wanneer Jesus nader kom en Saggeus in die boom sien, sê hy: “Saggeus, maak gou en klim af, want ek moet vandag in jou huis bly” (Lukas 19:5). Saggeus klim vinnig af en jaag huis toe om sy belangrike kuiergas te verwelkom.

Wanneer die mense sien wat gebeur, begin hulle kla. Hulle voel dat dit nie reg is dat Jesus die kuiergas is van 'n man wat hulle as 'n sondaar beskou nie. Saggeus het ryk geword deur mense af te pers terwyl hy belasting ingevorder het.

Wanneer Jesus in Saggeus se huis ingaan, kla die mense: “Hy is 'n gas in die huis van 'n man wat 'n sondaar is.” Maar Jesus sien dat Saggeus iemand is wat berou kan toon. En hy stel Jesus nie teleur nie. Saggeus staan op en sê vir hom:



“Kyk! Die helfte van my besittings, Here, gee ek vir die armes, en ek sal die mense wat ek afgepers het, vier keer terugbetaal.” – Lukas 19:7, 8.

Wat ’n wonderlike manier is dit tog vir Saggeus om te wys dat hy opreg berouvol is! Hy kan heel moontlik sy rekords gebruik om te bereken hoeveel geld hy van verskillende Jode ontvang het en hy belowe om hulle vier keer soveel terug te betaal. Dit is selfs meer as wat God se Wet vereis (Eksodus 22:1; Levitikus 6:2-5). Wat meer is, Saggeus belowe om die helfte van sy besittings aan die armes te gee.

Jesus is bly omdat Saggeus bewys dat hy opreg berouvol is en sê vir hom: “Vandag het daar redding na hierdie huis gekom, omdat jy ook ’n seun van Abraham is. Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was.” – Lukas 19:9, 10.

Kort tevore het Jesus gefokus op die situasie van dié wat “verlore” is toe hy sy illustrasie oor die verlore seun vertel het (Lukas 15:11-24). Nou het hy ’n werklike voorbeeld gegee van iemand wat so goed as verlore was, maar wat nou gevind is. Die godsdiensteiers en hulle volgelinge kla dalk oor Jesus en kritiseer hom omdat hy aandag skenk aan mense soos Saggeus. Maar Jesus hou aan om na hierdie verlore seuns van Abraham te soek en om hulle te help.

-
- ◊ Waar ontmoet Jesus blykbaar twee blinde bedelaars, en wat doen hy vir hulle?
 - ◊ Wie is Saggeus, en hoe wys hy dat hy berouvol is?
 - ◊ Wat kan ons leer uit die manier waarop Jesus Saggeus behandel het?
-



SY ILLUSTRASIE VAN TIEN MINAS

LUKAS 19:11-28

Al is Jesus op pad na Jerusalem, is hy dalk nog steeds by Saggeus se huis saam met sy dissipels. Hulle glo dat “die Koninkryk van God” binnekort opgerig gaan word met Jesus as Koning (Lukas 19:11). Maar hulle verstaan hierdie saak nie heeltemal reg nie, net soos hulle nie verstaan dat Jesus moet sterf nie. Hy vertel hulle dus ’n illustrasie wat hulle help om te sien dat die Koninkryk eers ver in die toekoms opgerig sal word.

Hy sê: “’n Sekere man uit ’n koninklike gesin het na ’n ver land gereis om koning te word, en daarna sou hy terugkeer” (Lukas 19:12). So ’n reis sou lank neem. Dit is duidelik dat Jesus die man is wat “uit ’n koninklike gesin” kom en wat reis na ’n “ver land”, na die hemel, waar sy Vader hom koninklike mag sal gee.

Voordat die man wat “uit ’n koninklike gesin” kom, vertrek, roep hy tien slawe en gee hy aan elk een ’n silwer mina en sê hy vir hulle: “Dryf handel hiermee totdat ek kom” (Lukas 19:13). ’n Mina is baie waardevol. Dit is min of meer gelyk aan die loon wat ’n werker in drie maande verdien.

Die dissipels besef dalk dat hulle soos die tien slawe in die illustrasie is, want Jesus het hulle reeds met oeswerkers vergelyk (Matteus 9:35-38). Hy het hulle natuurlik nie gevra om letterlike graan te oes nie. Die oes bestaan eerder uit ander dissipels wat in God se Koninkryk sal regeer. Die dissipels moet alles in hulle vermoë doen om meer erfgename van die Koninkryk in te samel.

Wat anders maak Jesus in sy illustrasie bekend? Hy sê: “Inwoners het [die man uit ’n koninklike gesin] gehaat en ’n groep ambassadeurs agter hom aan gestuur om te sê: ‘Ons wil nie hê dat hierdie man koning oor ons moet word nie’” (Lukas 19:14). Die dissipels weet dat die Jode Jesus nie aanvaar nie – party wil hom selfs doodmaak. Die meeste Jode wys hoe hulle oor Jesus voel deur sy dissipels te vervolg nadat Jesus gesterf

en teruggekeer het hemel toe. Hierdie vervolgers maak dit duidelik dat hulle nie Jesus as Koning wil hê nie. – Johannes 19:15, 16; Handeling 4:13-18; 5:40.

En wat doen die tien slawe? Hoe gebruik hulle hulle minas totdat die man wat “uit ’n koninklike gesin” kom, ‘koning word’ en terugkeer? Jesus vertel: “Toe hy uiteindelik terugkom nadat hy koning geword het, het hy die slawe vir wie hy die geld gegee het, geroep om uit te vind hoeveel hulle gemaak het deur met sy geld handel te dryf. Die eerste een het vorentoe gekom en gesê: ‘Heer, met u een mina het ek nog tien minas gekry.’ Hy het vir hom gesê: ‘Mooi so, goeie slaaf! Omdat jy in ’n baie klein saak getrou was, sal jy beheer hê oor tien stede.’ En die tweede een het gekom en gesê: ‘Heer, met u een mina het ek nog vyf minas gekry.’ Hy het ook vir hierdie een gesê: ‘En jy sal beheer hê oor vyf stede.’” – Lukas 19:15-19.

As die dissipels begryp dat hulle soos die slawe is wat hulle tyd, energie en besittings gebruik om meer dissipels te maak, kan hulle daarvan seker wees dat Jesus trots op hulle sal wees. En hulle kan die vertrouwe hê dat hy hulle vir hulle harde werk sal beloon. Natuurlik het nie al Jesus se dissipels dieselfde omstandighede, geleenthede of vermoëns nie. Maar Jesus, die een wat ‘koning word,’ sal hulle lojale pogings om dissipels te maak waardeer en hulle daarvoor seën. – Matteus 28:19, 20.

Maar let op die teenstelling wat Jesus maak wanneer hy sy illustrasie afsluit: “Maar ’n ander [slaaf] het gekom en gesê: ‘Heer, hier is u mina, wat ek in ’n doek weggesteek het. U sien, ek was bang vir u, want u is ’n streng man. U neem wat u nie gedeponeer het nie en oes wat u nie gesaai het nie.’ Hy het vir hom gesê: ‘Uit jou eie mond oordeel ek jou, jou goddelose slaaf. Jy het mos geweet dat ek ’n streng man is wat neem wat ek



nie gedeponeer het nie en oes wat ek nie gesaai het nie. Hoekom het jy dan nie my geld in 'n bank gesit nie? Dan sou ek dit met rente teruggekry het toe ek gekom het.' Toe het hy vir die mense wat daar gestaan het, gesê: 'Vat die mina by hom en gee dit vir die een wat die tien minas het.'" – Lukas 19:20-24.

Omdat die slaaf nie gewerk het om die rykdom van sy heer se koninkryk te vermeerder nie, verloor die slaaf die geld wat hy gekry het. Die apostels weet dat Jesus in die Koninkryk van God sal regeer. En as gevolg van wat Jesus oor hierdie

slaaf sê, lei hulle waarskynlik af dat hulle nie 'n plek in daardie Koninkryk sal kry as hulle nie ywerig is nie.

Jesus se woorde moet die lojale dissipels motiveer om meer te doen. Hy sluit af met die volgende woorde: "Ek sê vir julle: As iemand het, sal meer aan hom gegee word, maar as iemand nie het nie, sal selfs wat hy het, van hom af wegge neem word." Hy sê verder dat sy vyande, wat nie wil hê dat hy "koning oor hulle moet word nie," te reggestel sal word. Dan reis Jesus verder na Jerusalem. – Lukas 19:26-28.

-
- ◇ Hoekom vertel Jesus die illustrasie oor die minas?
 - ◇ Wie is die "man uit 'n koninklike gesin", en wat is die land waarheen hy gaan?
 - ◇ Wie is die slawe, en wie is die inwoners wat die man uit 'n koninklike gesin, haat?
 - ◇ Wat is die verskil tussen die slawe wat beloon word en die slaaf wie se mina van hom af wegge neem word?





DEEL

6

JESUS SE FINALE BEDIENING

“JOU KONING KOM
NA JOU TOE.”

– MATTEUS 21:5

'N ETE BY SIMON SE HUIS IN BETANIË

MATTEUS 26:6-13 MARKUS 14:3-9 JOHANNES 11:55-12:11

Jesus vertrek uit Jerigo en gaan na Betanië. Hierdie reis sluit 'n klim van sowat 20 kilometer oor moeilike terrein in. Jerigo is omtrent 250 meter *onder* seevlak, en Betanië is omtrent 610 meter *bo* seevlak. Lasarus en sy twee susters woon in die klein dorpie Betanië, wat omtrent drie kilometer van Jerusalem en teen die oostelike hang van die Olyfberg is.

Baie Jode is reeds in Jerusalem vir die Pasga. Hulle het vroeg gekom “om hulle seremonieel te reinig” ingeval hulle aan 'n dooie liggaam geraak het of iets anders gedoen het wat hulle onrein maak (Johannes 11:55; Numeri 9:6-10). Party van dié wat vroeg kom, kom by die tempel bymekaar. Hulle wonder of Jesus na die Pasga sal kom. – Johannes 11:56.

Daar is groot onenigheid oor Jesus. Party godsdiensteikers wil hom gevange neem en hom laat doodmaak. Hulle het selfs die bevel gegee dat enigiemand wat weet waar Jesus is, dit aan hulle moet rapporteer “sodat hulle hom gevange kan neem” (Johannes 11:57). Hierdie leiers het alreeds probeer om Jesus dood te maak nadat hy Lasarus opgewek het (Johannes 11:49-53). Dit is dus verstaanbaar dat party dalk twyfel of Jesus in die openbaar sal verskyn.

Jesus kom op die Vrydag in Betanië aan, “ses dae voor die Pasga” (Johannes 12:1). 'n Nuwe dag (Sabbat, 8 Nisan) begin met sonder. Hy het dus sy reis voor die Sabbat voltooi. Hy kon nie op die Sabbat – van sonder Vrydag tot sonder Saterdag – vanuit Jerigo vertrek het nie, want reise op die Sabbat word deur die Joodse wet verbied. Jesus gaan waarskynlik na Lasarus se huis, soos hy al voorheen gedoen het.

Simon, wat ook in Betanië woon, nooi Jesus en sy metgeselle, insluitende Lasarus, om die Saterdagmiddag by hom te kom eet. Simon word “die



melaatse” genoem, miskien omdat hy voorheen 'n melaatse was wat deur Jesus genees is. Soos gewoonlik werk Marta hard om die gaste te bedien. Maria skenk veral aandag aan Jesus, hierdie keer op 'n manier wat 'n probleem veroorsaak.

Maria maak 'n albasterfles oop, wat omtrent “'n pond lekkerruik-olie . . . , egte nardus” bevat (Johannes 12:3). Hierdie olie is baie duur; die waarde daarvan (300 denarii) is gelyk aan omtrent 'n jaar se loon! Maria gooi die olie op Jesus se kop en voete en droog sy voete met haar hare af. Die huis word gevul met die lekker reuk van die olie.

Die dissipels is kwaad en vra: “Hoekom is hierdie olie gemors?” (Markus 14:4). Judas Iskariot vra: “Hoekom is hierdie olie nie vir 300 denarii verkoop en die geld vir die armes gegee nie?” (Johannes 12:5). Judas is nie regtig bekommerd



oor die armes nie. Hy steel al 'n tyd lank uit die geldkissie wat hy vir die dissipels hou.

Jesus verdedig Maria deur te sê: “Hoekom maak julle dit so moeilik vir die vrou? Sy het iets goeds vir my gedoen. Want julle het altyd die armes by julle, maar julle sal my nie altyd hê nie. Toe sy hierdie olie op my liggaam uitgegooi het, het sy dit gedoen om my vir my begrafnis voor te berei. Ek verseker julle: Oral waar hierdie goeie nuus in die wêreld verkondig word, sal wat hierdie vrou gedoen het, ook vertel word, en sy sal hiervoor onthou word.” – Matteus 26:10-13.

Jesus is nou al meer as 'n dag lank in Betanië, en die nuus dat hy daar is, het versprei. Baie Jode kom na Simon se huis, nie net om Jesus te sien nie, maar ook om Lasarus te sien, “wat [Jesus] uit die dood opgewek het” (Johannes 12:9). Die hoofpriesters beraam nou planne om Jesus sowel as Lasarus dood te maak. Hierdie godsdiensteleiers glo dat baie mense geloof in Jesus stel as gevolg van die feit dat Lasarus weer lewe. Hoe goddeloos is hierdie godsdiensteleiers tog!

-
- ◇ Wat bespreek die Jode by die tempel?
 - ◇ Hoekom het Jesus die Vrydag in Betanië aangekom en nie die Saterdag nie?
 - ◇ Wat doen Maria wat 'n probleem veroorsaak, en hoe verdedig Jesus haar?
 - ◇ Wat wys hoe goddeloos die hoofpriesters is?

DIE KONING KOM IN JERUSALEM AAN OP 'N JONG DONKIE

MATTEUS 21:1-11, 14-17 MARKUS 11:1-11 LUKAS 19:29-44 JOHANNES 12:12-19

Die volgende dag, Sondag 9 Nisan, verlaat Jesus en sy dissipels Betanië en gaan hulle na Jerusalem. Toe hulle in Betfage op die Olyfberg aankom, sê Jesus vir twee van sy dissipels:

“Gaan in die dorpie in wat julle voor julle sien, en julle sal dadelik ’n donkie vind wat vasgemaak is, en ’n jong donkie by haar. Maak hulle los en bring hulle na my toe. As iemand vir julle iets vra, moet julle sê: ‘Die Here het hulle nodig.’ Dan sal hy hulle onmiddellik stuur.” – Matteus 21:2, 3.

Die dissipels besef nie dat Jesus se instruksies te doen het met die vervulling van ’n Bybelprofesie nie. Maar later besef hulle dat dit verband hou met die vervulling van Sagaria se profesie. Hy het voorspel dat God se beloofde Koning nederig in Jerusalem “op ’n donkie, op die vul van ’n donkie” sou aankom. – Sagaria 9:9.

Toe die dissipels in Betfage aankom en die jong donkie en sy ma neem, vra die mense wat daar naby staan: “Hoekom maak julle die donkie los?” (Markus 11:5). Maar wanneer hulle hoor dat die diere vir die Here is, laat hulle toe dat die dissipels die diere na Jesus neem. Die dissipels sit hulle bo-klere op albei donkies, maar Jesus klim op die jong donkie.

Die skare word al hoe groter terwyl Jesus na Jerusalem ry. Baie sprei hulle bo-klere op die pad uit, terwyl ander takke van die bome of takke “in die veld” afkap. Hulle roep uit: “Red hom, asseblief! Geseënd is die een wat in Jehovah se naam kom! Geseënd is die komende Koninkryk van ons vader Dawid!” (Markus 11:8-10). Die Fariseërs in die skare is kwaad oor hierdie woorde. Hulle sê vir Jesus: “Leermeester, praat met u dissipels.” Jesus antwoord hulle: “Ek sê vir julle: As hulle stilbly, sal die klippe uitroep.” – Lukas 19:39, 40.

Wanneer Jesus Jerusalem sien, begin hy huil en sê hy: “As jy, ja jy, op hierdie dag die dinge onderskei het wat met vrede te doen het – maar nou kan jy nie hierdie dinge sien nie.” Jerusalem sal die prys betaal omdat hulle opsetlik ongehoorsaam is. Jesus voorspel: “Jou vyande [sal] ’n versterkte muur met skerp pale rondom jou . . . bou en jou . . . omsingel en jou van alle kante . . . beleër. Hulle sal jou en jou kinders in jou teen die grond verpletter, en hulle sal nie ’n klip op ’n klip in jou los nie” (Lukas 19:42-44). Net soos Jesus voorspel, word Jerusalem in die jaar 70 HJ vernietig.

Wanneer Jesus in Jerusalem aankom, is “die hele stad in rep en roer” en vra die mense: “Wie is dit?” En die skare bly sê: “Dit is die profeet Jesus, van Nasaret in Galilea!” (Matteus 21:10, 11). Dié in die skare wat gesien het hoe Jesus Lasarus opwek, vertel ander van daardie wonderwerk. Die Fariseërs kla dat hulle absoluut niks bereik nie. Hulle sê vir mekaar: “Die hele wêreld het agter hom aan geloop.” – Johannes 12:18, 19.

Jesus gaan na die tempel om te onderrig, soos hy gewoonlik doen wanneer hy Jerusalem besoek. Daar genees hy die blindes en die kreupeles. Die hoofpriesters en die skrifgeleerdes word kwaad wanneer hulle sien wat hy doen en hoor hoe die seuns in die tempel uitroep: “Red asseblief die Seun van Dawid!” Die godsdiensteleiers vra Jesus: “Hoor jy wat hulle sê?” Hy antwoord hulle: “Het julle nooit gelees nie: ‘U laat u loof deur die mond van kinders en kleuters?’” – Matteus 21:15, 16.

Jesus kyk rond na die dinge in die tempel. Dit is nou laat, en daarom vertrek hy saam met sy apostels. Voordat 10 Nisan begin, reis hy terug na Betanië. Hy bly die Sondagaand daar.



- ◇ Wanneer en hoe kom Jesus in Jerusalem aan as Koning?
- ◇ Hoe voel Jesus wanneer hy Jerusalem sien, en wat voorspel hy?
- ◇ Wat gebeur wanneer Jesus na die tempel toe gaan?

DIE TEMPEL WORD WEER GEREINIG

MATTEUS 21:12, 13, 18, 19 MARKUS 11:12-18 LUKAS 19:45-48 JOHANNES 12:20-27

Nadat Jesus en sy dissipels Jerigo verlaat het, het hulle drie nagte in Betanië deurgebring. Dit is nou vroeg Maandagoggend 10 Nisan, en hulle is op pad na Jerusalem. Jesus is honger. Hy sien 'n vyeboom en loop dus daarheen om te sien of daar vye aan die boom is.

Dit is nou einde Maart, en die seisoen vir vye is eers in Junie. Maar die boom het alreeds blare, want dit het vroeg begin uitspruit. Daarom dink Jesus dat daar dalk vroeë vye aan die boom sal wees. Maar daar is geen vye nie. Die blare het dit laat lyk of die boom vye dra. Jesus sê dus: "Laat niemand ooit weer vrugte van jou eet nie" (Markus 11:14). Onmiddellik begin die boom verdor. Die dissipels sal eers die volgende oggend uitvind wat hulle hieruit kan leer.

Kort voor lank kom Jesus en sy dissipels in Jerusalem aan. Hy gaan na die tempel, wat hy die vorige middag aandagtig bekyk het. Maar vandag kyk hy nie net rond nie; hy doen weer wat hy drie jaar gelede by die Pasga van 30 HJ gedoen het (Johannes 2:14-16). Hierdie keer jaag Jesus almal uit "wat in die tempel koop en verkoop". En hy gooi ook "die tafels van die geldwisselaars en die stoele van die duiweverkopers" om (Markus 11:15). Hy laat nie eers toe dat iemand wat iets na 'n ander deel van die stad wil vat, 'n kortpad deur die tempelvoorhof neem nie.

Hoekom neem Jesus drastiese stappe teen dié wat geld wissel en diere in die tempel verkoop? Hy sê: "Staan daar nie geskryf: 'My huis sal 'n huis van gebed vir al die nasies genoem word' nie? Maar julle het dit 'n skuilplek vir rowers gemaak" (Markus 11:17). Die rede waarom hy hierdie manne rowers noem, is omdat hulle belaglike pryse vra vir die diere wat mense vir offerandes nodig het. Volgens Jesus is dit afpersing, of diefstal.

Die hoofpriesters, skrifgeleerdes en die leiers van die volk hoor natuurlik wat Jesus gedoen

het, en hulle soek weer na 'n manier om Jesus te laat doodmaak. Hulle het egter 'n probleem. Hulle weet nie hoe om van Jesus ontslae te raak nie, want die mense loop agter hom aan om na hom te luister.

Dit is nie net natuurlike Jode wat vir die Pasga gekom het nie, maar ook proseliete, wat hulle tot die Joodse godsdiens bekeer het. Onder hulle is daar Grieke wat gekom het om by die fees te aanbid. Hulle nader Filippus, miskien omdat hy 'n Griekse naam het, en vra of hulle met Jesus kan praat. Filippus is dalk onseker of dit gepas is dat hulle Jesus ontmoet, en daarom vertel hy Andreas daarvan. Die twee neem die saak na Jesus, wat blykbaar nog by die tempel is.

Jesus weet dat hy oor 'n paar dae doodgemaak gaan word, en daarom is dit nie nou die tyd om mense se nuuskierigheid te bevredig of gewildheid na te streef nie. Hy antwoord die twee apostels deur middel van 'n illustrasie en sê: "Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word. Ek sê vir julle: As 'n koringkorrel nie op die grond val en sterf nie, sal dit net een korrel bly, maar as dit wel sterf, sal dit baie vrug dra." – Johannes 12:23, 24.

Dit lyk dalk of een koringkorrel min waarde het. Maar as dit in die grond gesit word en as 'n saad "sterf", kan dit ontkiem en later 'n vrugbare stingel word wat baie graankorrels voortbring. Net so is Jesus een volmaakte man. Maar deur tot die dood aan God getrou te bly, sal hy ewige lewe aan baie gee wat 'n soortgelyke selfopofferende gees het. Daarom sê Jesus: "Enigiemand wat lief is vir sy lewe, vernietig dit, maar enigiemand wat sy lewe in hierdie wêreld haat, sal dit vir die ewige lewe veilig bewaar." – Johannes 12:25.

Jesus dink nie net aan homself nie, want hy sê: "As iemand my wil dien, moet hy my volg, en



waar ek is, daar sal my dienaar ook wees. As iemand my wil dien, sal die Vader hom eer” (Johannes 12:26). Wat ’n beloning is dit tog! Dié wat deur die Vader geëer word, sal saam met Christus in die Koninkryk regeer.

Jesus dink aan die verskriklike lyding en pynlike dood wat vir hom voorlê en sê: “Nou is ek

diep ontsteld, en wat moet ek sê? Vader, red my uit hierdie uur.” Maar Jesus wil dit nie vermy om God se wil te doen nie. Hy sê verder: “Tog het ek juis vir hierdie uur gekom” (Johannes 12:27). Jesus ondersteun al God se voornemens, insluitende sy eie offerdood.

-
- ◇ Hoekom verwag Jesus om vye te vind, al is dit nog nie die seisoen daarvoor nie?
 - ◇ Hoekom is dit gepas dat Jesus die mense wat goed in die tempel verkoop, “rowers” noem?
 - ◇ Hoe kan Jesus met ’n koringkorrel vergelyk word, en hoe voel hy oor die lyding en dood wat vir hom voorlê?

DIE JODE HOOR GOD SE STEM – SAL HULLE WYS DAT HULLE GELOOF HET?

JOHANNES 12:28-50

By die tempel, op Maandag 10 Nisan, praat Jesus oor sy dood wat al hoe nader kom. Omdat Jesus bekommerd is oor watter uitwerking sy dood op God se reputasie sal hê, sê hy: “Vader, verheerlik u naam.” ’n Magtige stem kom uit die hemel en sê: “Ek het dit verheerlik en sal dit weer verheerlik.” – Johannes 12:27, 28.

Die mense daar naby is verward. Party dink dat hulle donderweer gehoor het. Ander sê: “’n Engel het met hom gepraat” (Johannes 12:29). Maar dit is Jehovah se stem wat hulle gehoor het! En dit is nie die eerste keer dat mense God se stem hoor vanaf die begin van Jesus se aardse bediening nie.

Toe Jesus drie en ’n half jaar vroeër gedoop is, het Johannes die Doper gehoor hoe God van Jesus sê: “Dit is my geliefde Seun, wat ek goedgekeur het.” Later, ná die Pasga van 32 HJ, het Jakobus, Johannes en Petrus gesien hoe Jesus se voorkoms verander. Daardie drie manne het God hoor sê: “Dit is my Seun, die geliefde, wat ek goedgekeur het. Luister na hom” (Matteus 3:17; 17:5). Maar nou, die derde keer, kan ’n groot groep mense Jehovah se stem hoor!

Jesus sê: “Hierdie stem het nie ter wille van my gepraat nie, maar ter wille van julle” (Johannes 12:30). Dit bewys dat hy werklik God se Seun is, die beloofde Messias.

Jesus se getrouheid wys hoe mense moet lewe en dit bevestig ook dat Satan die Duiwel, die heerser van die wêreld, verdien om vernietig te word. Jesus sê: “Nou vind daar ’n oordeel van hierdie wêreld plaas. Nou sal die heerser van hierdie wêreld uitgedryf word.” Dan sê hy: “Tog sal ek, as ek van die aarde af opgelig word, alle soorte mense na my toe trek” (Johannes 12:31, 32). Dit wys dat mense baat sal vind by Jesus se dood. Hy sal mense na hom toe trek en dit vir hulle moontlik maak om vir ewig te lewe.

Nadat Jesus gesê het dat hy “opgelig” gaan word, sê die skare: “Ons het uit die Wet gehoor dat die Christus vir ewig bly. Hoe kan u sê dat die Seun van die mens van die aarde af opgelig moet word? Wie is hierdie Seun van die mens?” (Johannes 12:34). Ten spyte van al die bewyse, insluitende die feit dat hulle God se eie stem gehoor het, aanvaar die meeste van hulle nie Jesus as die ware Seun van die mens nie, die beloofde Messias.

Jesus praat van homself as “die lig”, soos hy voorheen gedoen het (Johannes 8:12; 9:5). Hy sê vir die skare: “Die lig sal nog ’n klein rukkie onder julle wees. Loop terwyl julle nog die lig het, sodat duisternis julle nie oorweldig nie. . . . Terwyl julle die lig het, moet julle geloof in die lig beoefen, sodat julle kinders van die lig kan word” (Johannes 12:35, 36). Dan gaan Jesus daar weg, want 10 Nisan is nie die dag waarop hy moet sterf nie. Hy sal op die Pasga op 14 Nisan “opgelig”, of aan ’n paal gehang, word. – Galasiërs 3:13.

As ons terugkyk op Jesus se bediening, is dit duidelik dat profesieë besig was om vervul te word toe die Jode nie geloof in hom gestel het nie. Jesaja het voorspel dat die oë van mense verblind en hulle harte ongevoelig sou word sodat hulle nie sou terugdraai en genees word nie (Jesaja 6:10; Johannes 12:40). Ja, die meeste Jode is hardkoppig en verwerp die bewyse dat Jesus hulle beloofde Verlosser is, die weg na die lewe.

Nikodemus, Josef van Arimatea en baie ander leiërs het “geloof in [Jesus] gestel”. Maar sal hulle wys dat hulle geloof het? Of sal hulle dit wegsteek omdat hulle bang is dat hulle uit die sinagoge verban sal word of omdat hulle lief is om ‘deur mense geëer te word’? – Johannes 12:42, 43.

Jesus verduidelik self wat dit beteken om geloof in hom te hê: “Enigiemand wat geloof in my stel, stel nie net geloof in my nie, maar ook in hom wat my gestuur het, en enigiemand wat my sien, sien ook die Een wat my gestuur het.” Die waarhede wat God Jesus beveel het om aan ander te leer en wat Jesus nog steeds verkondig, is so belangrik dat hy kan sê: “Enigiemand wat my verwerp en nie my woorde aanvaar nie, het iemand wat hom sal oordeel. Die woorde wat ek

gesê het, sal hom op die laaste dag oordeel.” – Johannes 12:44, 45, 48.

Dan sluit Jesus af deur te sê: “Ek het nie uit my eie gepraat nie, maar die Vader wat my gestuur het, het vir my ’n opdrag gegee oor wat om te sê en wat om te verkondig. En ek weet dat sy opdrag die ewige lewe beteken” (Johannes 12: 49, 50). Jesus weet dat hy binnekort sy eie bloed sal uitstort as ’n offerande vir mense wat geloof in hom beoefen. – Romeine 5:8, 9.



- ◇ By watter drie geleenthede tydens Jesus se aardse bediening is God se stem uit die hemel gehoor?
- ◇ Watter heersers stel geloof in Jesus, maar hoekom steek hulle dit dalk weg?
- ◇ Hoekom sal mense “op die laaste dag” geoordeel word?

JESUS GEBRUIK 'N VYEBOOM OM 'N LES OOR GELOOF TE LEER

MATTEUS 21:19-27 MARKUS 11:19-33 LUKAS 20:1-8

Jesus verlaat Jerusalem op Maandagmiddag en keer terug na Betanië, wat aan die oostelike hang van die Olyfberg lê. Hy slaap waarskynlik die aand oor by sy vriende Lasarus, Maria en Marta.

Dit is nou die oggend van 11 Nisan. Jesus en sy dissipels is weer op pad na Jerusalem, waar hy vir die laaste keer by die tempel sal wees. En dit is die laaste dag van sy openbare bediening voordat hy die Pasga vier, die Herdenking van sy dood instel en dan verhoor en tereggestel sal word.

Op pad van Betanië na Jerusalem, sien Petrus die boom wat Jesus die vorige oggend vervloek het. “Rabbi, kyk!” roep hy uit, “die vyeboom wat u vervloek het, het uitgedroog.” – Markus 11:21.

Maar hoekom het Jesus die boom laat uitdroog? Hy noem die rede deur te sê: “Ek verseker julle: As julle geloof het en nie twyfel nie, sal julle nie net doen wat ek aan die vyeboom gedoen het nie, maar selfs as julle vir hierdie berg sê: ‘Lig jouself op en gooi jouself in die see,’ sal dit gebeur. En alles wat julle in gebed met geloof vra, sal julle ontvang” (Matteus 21:21, 22). Hy herhaal dus die punt wat hy vroeër genoem het oor die feit dat geloof 'n berg kan beweeg. – Matteus 17:20.

Jesus gebruik die boom wat hy laat uitdroog het, om hulle te leer hoe belangrik dit is om geloof in God te hê. Hy sê: “Glo dat julle alles waarvoor julle bid en vra, reeds ontvang het, en julle sal dit hê” (Markus 11:24). Dit is 'n belangrike les vir al Jesus se volgelinge! Maar dit is veral belangrik vir sy apostels omdat hulle binnekort moeilike toetse sal deurmaak. Die uitgedroogde vyeboom beeld egter nog iets af wat verband hou met geloof.

Net soos hierdie vyeboom, het die nasie Israel 'n bedrieglike voorkoms. Die mense van hierdie nasie is in 'n verbondsverhouding met God, en dit lyk dalk of hulle sy Wet gehoorsaam. Maar die nasie het as 'n geheel gewys dat hulle nie geloof het nie en nie goeie vrugte voortbring nie. Hulle verwerp selfs God se eie Seun! Deur die onvrugbare vyeboom te laat uitdroog, wys Jesus wat die uiteinde sal wees vir hierdie ongelowige nasie wat nie vrug dra nie.

Kort daarna kom Jesus en sy dissipels in Jerusalem aan. Soos gewoonlik gaan Jesus na die tempel en begin hy onderrig. Die hoofpriesters en ouermanne van die volk, wat nog waarskynlik onthou wat Jesus die vorige dag met die geldwisselaars gedoen het, daag hom uit: “Met watter gesag doen jy hierdie dinge? Of wie het jou hierdie gesag gegee om hierdie dinge te doen?” – Markus 11:28.

Jesus sê: “Ek sal julle een vraag vra. Antwoord my eers, en dan sal ek vir julle sê met watter gesag ek hierdie dinge doen. Het Johannes se gesag om te doop uit die hemel of van mense gekom? Antwoord my.” Nou is dit sy teenstanders wat uitgedaag word. Die priesters en ouermanne redeneer met mekaar oor wat om te sê: “As ons sê: ‘Uit die hemel,’ sal hy vra: ‘Hoekom het julle hom dan nie geglo nie?’ Maar as ons sê: ‘Van mense,’ wat sal dan gebeur?” Hulle redeneer op hierdie manier omdat hulle bang is vir die skare, “want die mense het almal geglo dat Johannes werklik 'n profeet was”. – Markus 11:29-32.

Jesus se teenstanders kan nie aan 'n goeie antwoord dink nie, en daarom sê hulle: “Ons weet nie.” Jesus sê vir hulle: “Dan sê ek ook nie vir julle met watter gesag ek hierdie dinge doen nie.” – Markus 11:33.



- ◇ Hoekom is 11 Nisan 'n belangrike dag?
- ◇ Watter lesse leer Jesus aan ander oor die vyeboom wat hy laat uitdroog het?
- ◇ Hoe verwar Jesus dié wat sy gesag uitdaag?

TWEE ILLUSTRASIES OOR WINGERDE

MATTEUS 21:28-46 MARKUS 12:1-12 LUKAS 20:9-19

By die tempel het die hoofpriesters en die ouermanne van die volk Jesus so pas uitgedaag en gevra deur wie se gesag hy dinge doen. Jesus se antwoord het hulle verwar, en hulle het nie geweet wat om te sê nie. Dan vertel hy 'n illustrasie wat wys watter soort mense hulle werklik is.

Jesus vertel: “'n Man het twee kinders gehad. Hy het na die eerste kind toe gegaan en gesê: ‘Kind, gaan werk vandag in die wingerd.’ Die kind het geantwoord: ‘Ek sal nie,’ maar agterna het hy spyt gevoel en gegaan. Hy het na die tweede kind toe gegaan en dieselfde gesê. Die kind het geantwoord: ‘Ek sal, Pa,’ maar hy het nie gegaan nie. Wie van die twee het die wil van sy pa gedoen?” (Matteus 21:28-31). Die antwoord is duidelik – die eerste seun is die een wat op die ou end sy pa se wil gedoen het.

Daarom sê Jesus vir sy teenstanders: “Ek verseker julle: Die belastinggaarders en die prostitute sal voor julle in die Koninkryk van God ingaan.” Die belastinggaarders en die prostitute wou God aan die begin nie dien nie. Maar later het hulle, soos die eerste seun, berou getoon en nou dien hulle God. Die godsdiensteleiers is egter soos die tweede seun. Hulle sê dat hulle God dien, maar hulle dien hom nie werklik nie. Jesus sê verder: “Want Johannes [die Doper] het gekom en vir julle die weg van regverdigheid geleer, maar julle het hom nie geglo nie. Die belastinggaarders en die prostitute het hom egter geglo, en selfs toe julle dit gesien het, het julle nie agterna spyt gevoel en hom geglo nie.” – Matteus 21:31, 32.

Jesus vertel nog 'n illustrasie. Hierdie keer wys Jesus dat die godsdiensteleiers nie net nagelaat het om God te dien nie; hulle is eintlik goddeloos. “'n Man het 'n wingerd geplant,” vertel Jesus, “en 'n heining daarom gesit en 'n wynpers uitgekap en 'n toring opgerig. Toe het hy dit aan landbouers verhuur en na die buiteland gereis. Op die

regte tyd het hy 'n slaaf na die landbouers toe gestuur om van die druiwe van die wingerd by hulle te gaan haal. Maar hulle het hom gevat, hom geslaan en hom met leë hande weggestuur. Toe het hy 'n ander slaaf na hulle toe gestuur, en hulle het hom oor die kop geslaan en hom verneder. Hy het nog een gestuur, en hulle het hom doodgemaak. Hy het ook baie ander gestuur, en hulle het party geslaan en party doodgemaak.” – Markus 12:1-5.

Sal dié wat na Jesus luister, die illustrasie verstaan? Wel, hulle onthou dalk Jesaja se woorde: “Die wingerd van Jehovah van die leërmagte is die huis van Israel. Die manne van Juda is die wingerd waarvoor hy lief was. Hy het bly hoop op geregtigheid, maar daar was net ongeregtigheid” (Jesaja 5:7). Jesus se illustrasie is soortgelyk aan Jesaja s'n. Die landeienaar is Jehovah, en die wingerd is die nasie Israel wat omhein is en beskerm word deur God se Wet. Jehovah het profete gestuur om sy volk te onderrig en te help om goeie vrugte voort te bring.

Maar “die landbouers” het die “slawe” wat na hulle toe gestuur is, sleg behandel en doodgemaak. Jesus verduidelik: “Hy [die eienaar van die wingerd] het nog net een oorgehad om te stuur, sy geliefde seun. Hy het hom laaste na hulle toe gestuur en gesê: ‘Hulle sal my seun respekteer.’ Maar daardie landbouers het vir mekaar gesê: ‘Dit is die erfgenaam. Kom ons maak hom dood, en die erfenis sal ons s'n wees.’ Toe het hulle hom gevat en hom doodgemaak.” – Markus 12:6-8.

Nou vra Jesus: “Wat sal die eienaar van die wingerd doen?” (Markus 12:9). Die godsdiensteleiers antwoord: “Omdat hulle sleg is, sal hy 'n verskriklike vernietiging oor hulle bring en die wingerd aan ander landbouers verhuur, wat hom in die oestyd sy deel sal gee.” – Matteus 21:41.



Met hierdie woorde spreek hulle onwetend oordeel oor hulleself uit, want hulle is deel van “die landbouers” van Jehovah se “wingerd”, die nasie Israel. Die vrug wat Jehovah met reg van sulke landbouers verwag, sluit geloof in sy Seun, die Messias, in. Jesus kyk reguit na die godsdiensteleiers en sê: “Het julle nog nooit die volgende gedeelte in die Skrif gelees nie? ‘Die steen wat die bouers verwerp het, het die belangrikste hoeksteen geword. Dit het van Jehovah af gekom, en dit is wonderlik in ons oë’” (Markus 12:10, 11). Dan

sê Jesus reguit: “Die Koninkryk van God sal van julle weggeneem word en aan ’n nasie gegee word wat die regte vrugte voortbring.” – Matteus 21:43.

Die skrifgeleerdes en hoofpriesters besef dat Jesus “hulle in gedagte gehad het toe hy hierdie illustrasie vertel het” (Lukas 20:19). Nou wil hulle hom, die wettige “erfgenaar”, meer as ooit tevore doodmaak. Maar hulle is bang vir die skare, wat Jesus as ’n profeet beskou, en daarom probeer hulle nie om Jesus op daardie oomblik dood te maak nie.

-
- ◇ Wie word deur die twee seuns in Jesus se illustrasie voorgestel?
 - ◇ Wie word in die tweede illustrasie deur die “landeienaar”, “die wingerd”, “die landbouers”, die “slawe” en “die erfgenaar” voorgestel?
 - ◇ Wat hou die toekoms vir “die landbouers” in?

'N KONING ROEP DIÉ WAT NA 'N HUWELIKSFEES GENOOI IS

MATTEUS 22:1-14

Terwyl Jesus se bediening tot 'n einde kom, hou hy aan om illustrasies te gebruik om te wys dat die skrifgeleerdes en hoofpriesters leuenars is. Daarom wil hulle hom doodmaak (Lukas 20:19). Maar Jesus is nie klaar met hulle nie. Hy vertel nog 'n illustrasie:

“Die Koninkryk van die hemel kan vergelyk word met 'n koning wat 'n huweliksfees vir sy seun voorberei het. Hy het sy slawe gestuur om die mense te roep wat na die huweliksfees genooi is, maar hulle wou nie kom nie” (Matteus 22:2, 3). Jesus begin sy illustrasie deur “die Koninkryk van die hemel” te noem. So dit maak sin dat die “koning” Jehovah God moet wees. Wat van die koning se seun en dié wat na die huweliksfees genooi is? Weer eens is dit nie moeilik om te identifiseer dat die koning se seun, Jehovah se Seun is nie, die een wat besig is om die illustrasie te vertel. Dit is ook nie moeilik om te verstaan dat dié wat genooi is, saam met die Seun in die Koninkryk van die hemel gaan wees nie.

Wie word eerste genooi? Wel, vir wie het Jesus

en die apostels van die Koninkryk vertel? Vir die Jode (Matteus 10:6, 7; 15:24). Hierdie nasie het die Wetsverbond in 1513 VJH aanvaar, en daarom is hulle die eerstes om deel te wees van “'n koninkryk van priesters” (Eksodus 19:5-8). Maar wanneer sal hulle eintlik na “die huweliksfees” geroep word? Hierdie uitnodiging is in 29 HJ uitgestuur toe Jesus oor die Koninkryk van die hemel begin preek het.

En hoe het die meeste van die Israeliete op die uitnodiging gereageer? Soos Jesus gesê het, “hulle wou nie kom nie”. Die meeste van die goddiensleiers en die mense het hom nie as die Messias en as God se aangestelde Koning aanvaar nie.

Maar Jesus wys dat die Jode nog 'n kans sou kry: “[Die koning] het weer slawe gestuur en gesê: ‘Sê vir die mense wat genooi is: “Ek het 'n maaltyd voorberei, my bulle en vetgemaakte diere is geslag en alles is gereed. Kom na die huweliksfees.”’ Maar hulle het hulle nie daaraan gesteur nie en het weggegaan, die een na sy landery en die ander na sy besigheid. Die res van die men-



se wat genooi is, het sy slawe gegryp, hulle mishandel en hulle doodgemaak” (Matteus 22:4-6). Dit stem ooreen met wat sou gebeur nadat die Christengemeente gestig is. Op daardie stadium het die Jode nog die geleentheid gehad om in die Koninkryk te wees, maar die meeste het nie die uitnodiging aanvaar nie, hulle het selfs ‘die koning se slawe’ mishandel. – Handeling 4:13-18; 7:54, 58.

Wat sou dit vir die nasie beteken? Jesus vertel: “Die koning het woedend geword en sy leërmag gestuur en daardie moordenaars doodgemaak en hulle stad afgebrand” (Matteus 22:7). Dit het in 70 HJ met die Jode gebeur toe die Romeine “hulle stad”, Jerusalem, vernietig het.

Betekenen die feit dat hulle nie die koning se uitnodiging aanvaar het nie dat niemand anders genooi sou word nie? Nie volgens Jesus se illustrasie nie. Hy sê verder: “Toe het [die koning] vir sy slawe gesê: ‘Die huweliksfees is gereed, maar die mense wat genooi is, was nie waardig om uitgenooi te word nie. Gaan dan na die paaie wat uit

die stad lei, en nooi enigeen wat julle vind na die huweliksfees.’ Die slawe het dus na die paaie uitgegaan en almal bymekaargemaak wat hulle gevind het, goeie sowel as slegte mense. Toe het die vertrek vir die huwelikeremonie vol geword van die gaste wat vir die maaltyd genooi is.” – Matteus 22:8-10.

Dit stem ooreen met wat later sal gebeur wanneer die apostel Petrus begin om heidene te help – dié wat nie as Jode gebore of bekeer is nie – om ware Christene te word. In 36 HJ het die Romeinse leëroffisier Kornelius en sy familie God se gees ontvang, en hulle kon dus deel wees van die Koninkryk van die hemel, wat Jesus genoem het. – Handeling 10:1, 34-48.

Jesus wys dat “die koning” nie almal sal aanvaar wat na die fees kom nie. Hy sê: “Toe die koning inkom om na die gaste te kom kyk, het hy ’n man gesien wat nie gepaste klere vir die huweliksfees aangehad het nie. En hy het vir hom gesê: ‘Vriend, hoe het jy hier ingekom sonder om gepaste klere vir die huweliksfees aan te hê?’ Die man kon hom nie antwoord nie. Toe het die koning vir sy knegte gesê: ‘Bind sy hande en voete vas en gooi hom in die duisternis daar buite. Daar sal hy huil en op sy tande kners.’ Want baie is genooi, maar min is uitgekies.” – Matteus 22:11-14.

Die godsdiensteleiers wat na Jesus luister, verstaan dalk nie die betekenis van wat hy sê nie. Nogtans hou hulle nie van wat hy sê nie en wil nou meer as ooit tevore ontslae raak van die een wat hulle so in die verleentheid stel.

-
- ◇ In Jesus se illustrasie, wie is “die koning”, wie is “sy seun” en wie is dié wat eerste na die huweliksfees genooi word?
 - ◇ Wanneer word die Jode genooi, en wie word daarna genooi?
 - ◇ Wat wys die feit dat baie genooi word maar min gekies is?



JESUS LAAT NIE TOE DAT HULLE HOM VASVRA NIE

MATTEUS 22:15-40 MARKUS 12:13-34 LUKAS 20:20-40

Jesus se vyande, die godsdiensteleiers, is ontsteld. Hy het so pas illustrasies vertel wat wys hoe goddeloos hulle is. Die Fariseërs dink nou aan maniere hoe hulle hom kan vasvra. Hulle probeer iets vind waarvan hulle hom kan beskuldig sodat hulle hom aan die Romeinse goewerneur kan oorgee. En hulle betaal party van hulle dissipels om hom vas te vra. – Lukas 6:7.

Hulle sê: “Leermeester, ons weet dat die dinge wat u sê en aan ander leer, reg is en dat u nie partydig is nie, maar dat u die waarheid oor God se weg leer. Is dit reg vir ons om belasting aan die keiser te betaal of nie?” (Lukas 20:21, 22). Jesus word nie om die bos gelei deur hulle mooi woorde nie, want hy sien regdeur hulle

skynheiligheid en slinkse planne. As hy sê: ‘Nee, dit is nie reg om hierdie belasting te betaal nie’, kan hulle hom beskuldig van sedisie teen Rome. Maar as hy sê: ‘Ja, betaal hierdie belasting’, kan die mense, wat dit moeilik vind om onderdanig aan die Romeinse regering te wees, hom verkeerd verstaan en teen hom draai. So hoe antwoord hy hulle?

Jesus sê toe vir hulle: “Hoekom toets julle my, skynheiliges? Wys my die muntstuk waarmee julle belasting betaal.” Hulle het vir hom ‘n denarius gebring. Hy het vir hulle gevra: “Wie se beeld en titel is hierop?” Hulle het gesê: “Die keiser s’n.” Toe het hy vir hulle gesê: “Betaal dan aan die keiser terug wat aan die keiser behoort, maar



aan God wat aan God behoort.” – Matteus 22: 18-21.

Jesus se wyse antwoord het die mans verbaas. Omdat hulle nie geweet het wat om te sê nie, het hulle van hom af weggehoop. Maar die dag is nog nie verby nie, en hulle soek nog na maniere om hom vas te vra. Nadat die Fariseërs dit nie reggekry het om Jesus vas te vra nie, kom ’n ander godsdienstgroep na Jesus toe.

Sadduseërs, wat sê dat daar nie ’n opstanding is nie, vra Jesus ’n vraag oor die opstanding en die swaershuwelik. Hulle vra: “Leermeester, Moses het gesê: ‘As ’n man sterf sonder dat hy kinders het, moet die man se broer met sy vrou trou en kinders gee vir sy broer wat gesterf het.’ Daar was sewe broers by ons. Die eerste broer het getrou en gesterf, en omdat hy nie kinders gehad het nie, het hy sy vrou vir sy broer agtergelaat. Dieselfde het met die tweede en die derde broer gebeur, en uiteindelik met al sewe broers. Laastens het die vrou gesterf. Wie van die sewe broers se vrou sal sy in die opstanding wees? Want hulle almal was met haar getroud.” – Matteus 22:24-28.

Jesus verwys na die geskrifte van Moses, wat die Sadduseërs aanvaar, en sê: “Julle misgis julle, want julle ken nie die Skrif nie en ook nie die krag van God nie. Want wanneer hulle uit die dood opstaan, trou mans nie en word vrouens ook nie in die huwelik gegee nie, maar hulle is soos engele in die hemel. Het julle nie in die boek van Moses gelees wat God vir hom by die doringbos gesê het nie? God het van die opstanding gepraat toe hy gesê het: ‘Ek is die God

van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob.’ Hy is nie ’n God van die dooies nie, maar van die lewendes” (Markus 12:24-27; Eksodus 3:1-6). Die skares is verstom oor sy antwoord.

Jesus se antwoord het die Fariseërs en die Sadduseërs stilgemaak, so nou kom hulle almal saam na hom toe om hom verder te toets. Een skrifgeleerde vra: “Leermeester, wat is die grootste gebod in die Wet?” – Matteus 22:36.

Jesus antwoord: “Die eerste gebod is: ‘Hoor, o Israel, Jehovah ons God is een Jehovah, en jy moet Jehovah jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag.’ Die tweede gebod is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’ Daar is geen ander gebod wat belangriker is as hierdie twee nie.” – Markus 12:29-31.

Wanneer die skrifgeleerde Jesus se antwoord hoor, sê hy: “Leermeester, wat u gesê het, is goed en is waar: ‘Hy is Een, en daar is geen ander God nie,’ en om hom lief te hê met jou hele hart en met jou hele verstand en met al jou krag en om jou naaste lief te hê soos jouself, is baie meer werd as al die heelbrandoffers en offerandes.” Wanneer Jesus hoor hoe goed die skrifgeleerde antwoord, sê hy: “Jy is nie ver van die Koninkryk van God af nie.” – Markus 12:32-34.

Jesus onderrig nou al drie dae lank in die tempel (9, 10 en 11 Nisan). Party mense, soos hierdie skrifgeleerde, het dit geniet om na Jesus te luister, maar nie die godsdienstleiers nie, wat nou nie meer “die moed [het] om hom nog iets te vra nie”.

-
- ◇ Hoe probeer die Fariseërs Jesus vasvra, en wat gebeur?
 - ◇ Wat doen Jesus wanneer die Sadduseërs hom probeer vasvra?
 - ◇ Wat sê Jesus is baie belangrik wanneer hy ’n skrifgeleerde se vraag beantwoord?

JESUS VEROOORDEEL SY GODSDIENSTEENSTANDERS

MATTEUS 22:41-23:24 MARKUS 12:35-40 LUKAS 20:41-47

Godsdiensteenstanders kon dit nie regkry om te keer dat mense in Jesus glo of om hom vas te vra sodat hulle hom aan die Romeine kon oorgee nie (Lukas 20:20). Nou, terwyl Jesus op 11 Nisan nog steeds by die tempel is, draai hy die rolle om en maak hy bekend wie hy eintlik is. Hy begin deur hulle te vra: “Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is hy?” (Matteus 22:42). Dit is algemeen bekend dat die Christus, of Messias, ’n nakomeling van Dawid sal wees. Dit is die antwoord wat hulle gee. – Matteus 9:27; 12:23; Johannes 7:42.

Jesus vra: “Hoekom noem Dawid hom dan deur inspirasie Here wanneer hy sê: ‘Jehovah het vir my Here gesê: “Sit aan my regterhand totdat ek jou vyande onder jou voete plaas”?’ As Dawid hom dan Here noem, hoe is hy sy seun?” – Matteus 22:43-45.

Die Fariseërs bly stil, want hulle hoop dat ’n menslike nakomeling van Dawid hulle sal bevry van Romeinse oorheersing. Jesus gebruik Dawid se woorde in Psalm 110:1, 2 om dit duidelik te maak dat die Messias meer as ’n menslike heerser sal wees. Hy is Dawid se Here en nadat hy aan God se regterhand gaan sit, sal hy regeer. Jesus se antwoord veroorsaak dat hulle stilbly.

Die dissipels en baie ander het na hierdie gesprek geluister. Jesus waarsku hulle nou oor die skrifgeleerdes en die Fariseërs. Hierdie manne “het op die stoel van Moses gaan sit” om God se Wet aan ander te leer. Jesus sê vir sy luisteraars: “Julle moet . . . alles doen en gehoorsaam wat hulle vir julle sê, maar julle moenie soos hulle optree nie, want hulle praat, maar hulle doen nie wat hulle sê nie.” – Matteus 23:2, 3.

Dan gee Jesus voorbeelde van hulle skynheiligheid en sê: “Hulle maak die geskrifedosisies breër wat hulle as beskermmiddel dra.” Party Jode het hierdie klein dosisies wat gedeeltes uit

die Wet bevat, op hulle voorkoppe of op hulle arm gedra. Die Fariseërs maak hulle s’n groter om die indruk te gee dat hulle ywerig is vir die Wet. Hulle maak ook “die fraiings van hulle klere langer”. Die Israëliete is veronderstel om fraiings aan hulle klere te maak, maar die Fariseërs maak seker dat hulle fraiings langer is (Numeri 15:38-40). Hulle doen al hierdie dinge “om deur mense gesien te word”. – Matteus 23:5.

Selfs Jesus se dissipels kan beïnvloed word deur hierdie begeerte om deur mense gesien te word, so hy gee hulle raad en sê: “Julle moet julle nie Rabbi laat noem nie, want een is julle Leermeester, en julle almal is broers. En moet niemand op aarde julle vader noem nie, want julle het net een Vader, die Een in die hemel. Moet julle ook nie leiers laat noem nie, want julle het net een Leier, die Christus.” Watter beskouing moet die dissipels dan van hulleself hê en hoe moet hulle optree? Jesus sê vir hulle: “Maar die grootste onder julle moet julle dienaar wees. Elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en elkeen wat nederig is, sal verhoog word.” – Matteus 23:8-12.

Volgende veroordeel Jesus die skynheilige skrifgeleerdes en Fariseërs deur te sê: “Dit sal sleg gaan met julle, julle skynheilige skrifgeleerdes en Fariseërs! Want julle sluit die Koninkryk van die hemel vir mense. Julle gaan self nie in nie, en julle laat die mense wat wil ingaan, ook nie toe om in te gaan nie.” – Matteus 23:13.

Jesus veroordeel die Fariseërs omdat hulle geen respek het vir wat Jehovah as belangrik beskou nie, soos gesien kan word in die reëls wat hulle self opmaak. Byvoorbeeld, hulle sê: “As iemand by die tempel sweer, is dit niks, maar as iemand by die goud van die tempel sweer, is hy onder verpligting.” Hulle wys dus dat hulle sedelik blind is deurdat hulle meer klem lê op



die goud van die tempel as op die geestelike waarde van Jehovah se plek van aanbidding. En hulle het “die belangriker sake van die Wet geïgnoreer, naamlik geregtigheid, genade en getrouheid”. – Matteus 23:16, 23; Lukas 11:42.

Jesus noem die Fariseërs “blinde gidse”. Dan sê hy vir hulle: “Julle sif die muggie uit maar jul-

le sluk die kameel in!” (Matteus 23:24). Hulle sif ’n muggie uit hulle wyn omdat hierdie insek seremonieel onrein is. Maar die manier waarop hulle die belangriker sake van die Wet ignoreer, is soos om ’n kameel in te sluk, ’n dier wat ook seremonieel onrein is, net baie groter. – Levitikus 11:4, 21-24.

-
- ◇ Hoekom bly die Fariseërs stil wanneer Jesus hulle vrae vra oor Dawid se woorde in Psalm 110?
 - ◇ Hoekom maak die Fariseërs hulle geskrippedosies groter en die fraiings aan hulle klere langer?
 - ◇ Watter raad gee Jesus aan sy dissipels?

JESUS SE LAASTE DAG BY DIE TEMPEL

MATTEUS 23:25–24:2 MARKUS 12:41–13:2 LUKAS 21:1–6

Gedurende Jesus se laaste dag by die tempel hou hy aan om die skrifgeleerdes en die Fariseërs te veroordeel en sê hy reguit dat hulle skynheilig is. Hy gebruik die volgende illustrasie en sê: “Julle maak die buitekant van die beker en die skottel skoon, maar aan die binnekant is dit vol gierigheid en selfsug. Blinde Fariseër, maak eers die binnekant van die beker en die skottel skoon, sodat die buitekant ook skoon kan word” (Matteus 23:25, 26). Terwyl die Fariseërs streng is wanneer dit kom by seremoniële reinheid en uiterlike voorkoms, skeep hulle die innerlike persoon af en maak hulle nie hulle figuurlike hart skoon nie.

Hulle skynheiligheid kan ook gesien word in die feit dat hulle gewillig is om grafte vir die profete te bou en te versier. Maar dit is net soos Jesus sê, hulle is “kinders . . . van dié wat die profete vermoor het” (Matteus 23:31). Hulle het dit bewys deur Jesus te probeer doodmaak. – Johannes 5:18; 7:1, 25.

Dan wys Jesus wat met hierdie godsdiensteleiers gaan gebeur as hulle nie berou toon nie: “Julle spul giftige slange, hoe sal julle die oordeel van Gehenna vryspring?” (Matteus 23:33). Gehenna beteken “Hinnom-vallei”. Hierdie vallei word gebruik om vullis te verbrand, en dit skilder ’n prentjie van die permanente vernietiging wat op die goddelose skrifgeleerdes en Fariseërs wag.

Jesus se dissipels sal hom as “profete en wyse manne en openbare onderrigters” verteenwoordig. Hoe sal hulle behandel word? Jesus praat met die godsdiensteleiers en sê: “Julle sal party van [my dissipels] doodmaak en aan pale hang, en julle sal party van hulle in julle sinagoges met gésels slaan en van stad tot stad vervolg. Daarom sal al die regverdige bloed wat op die aarde uitgestort is, oor julle kom, van die bloed van die

regverdige Abel af tot die bloed van Sagaria . . . wat julle . . . vermoor het.” Hy waarsku hulle: “Ek verseker julle: Al hierdie dinge sal oor hierdie geslag kom” (Matteus 23:34–36). Dit is wat in 70 HJ gebeur wanneer die Romeinse leërmag Jerusalem vernietig en duisende Jode doodmaak.

Wanneer Jesus aan hierdie verskriklike situasie dink, word hy baie hartseer. Hy sê: “Jerusalem, Jerusalem, wat die profete doodmaak en die mense wat na haar gestuur is, met klippe doodgooi – hoe dikwels wou ek jou kinders bymekaarmaak soos ’n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak! Maar julle wou my nie toelaat nie. Kyk! Julle huis sal verlate word” (Matteus 23:37, 38). Dié wat hierdie woorde hoor, wonder dalk watter “huis” hy van praat. Praat hy dalk van die pragtige tempel wat in Jerusalem is, wat blykbaar deur God beskerm word?

Dan sê Jesus verder: “Ek sê vir julle: Julle sal my van nou af glad nie sien nie totdat julle sê: ‘Geseënd is die een wat in Jehovah se naam kom!’” (Matteus 23:39). Hy haal die profetiese woorde in Psalm 118:26 aan: “Geseënd is die een wat in die naam van Jehovah kom. Ons seën julle uit die huis van Jehovah.” Dit is duidelik dat niemand in God se naam na hierdie letterlike tempel sal gaan nadat dit vernietig is nie.

Jesus gaan nou na ’n gedeelte in die tempel waar daar skatkiste is wat soos trompette lyk. Mense kan geld ingooi by die smal opening aan die bokant. Jesus sien hoe verskillende Jode geld ingooi, die rykes gooi “baie muntstukke” as geskenke in. Dan sien Jesus hoe ’n arm weduwee “twee muntstukkies van baie min waarde” ingooi (Markus 12:41, 42). Jesus weet hoe gelukkig God met haar geskenk is.

Jesus roep sy dissipels en sê: “Ek verseker julle dat hierdie arm weduwee meer ingegooi het as al die ander mense wat geld in die skatkiste

gegooi het.” Hoe is dit moontlik? Hy verduidelik: “Hulle almal het uit hulle oorfloed ingegooi, maar al is sy baie arm, het sy alles ingegooi wat sy gehad het, alles waarvan sy moes lewe” (Markus 12:43, 44). Haar denke en daede verskil heeltemal van die godsdiensteleiers!

Later in die dag, 11 Nisan, verlaat Jesus die tempel vir die laaste keer. Een van sy dissipels sê: “Leermeester, kyk na hierdie pragtige klippe en geboue!” (Markus 13:1). Party van die klippe van die tempelmure is baie groot en dit skep die

indruk dat die tempel sterk is en vir altyd sal staan. Daarom klink dit vreemd wanneer Jesus sê: “Sien jy hierdie groot geboue? Hier sal beslis nie ’n klip op ’n klip gelos word wat nie afgebreek sal word nie.” – Markus 13:2.

Nadat hy hierdie dinge gesê het, gaan Jesus en sy apostels oor die Kidron-vallei en gaan hulle na ’n plekkie op die Olyfberg. Op ’n stadium is hy saam met vier van die apostels – Petrus, Andreas, Jakobus en Johannes. Van hier kan hulle die pragtige tempel sien.



- ◇ Wat doen Jesus gedurende sy laaste dag by die tempel?
- ◇ Wat sê Jesus gaan met die tempel gebeur?
- ◇ Hoekom sê Jesus dat die weduwee meer geld as die rykes gegee het?

DIE APOSTELS VRA VIR 'N TEKEN

MATTEUS 24:3-51 MARKUS 13:3-37 LUKAS 21:7-38



Dit is Dinsdagmiddag, en 11 Nisan is besig om tot 'n einde te kom. Jesus se besige tyd op aarde kom ook tot 'n einde. Deur die dag het hy mense by die tempel geleer, en saans het hy buite die stad geslaap. Daar was baie belangstelling onder die mense wat “vroeg in die oggend na hom toe gekom [het] om in die tempel na hom te luister” (Lukas 21:37, 38). Dit is nou verby, en Jesus sit op die Olyfberg met vier apostels – Petrus, Andreas, Jakobus en Johannes.

Hierdie vier het alleen na hom te gekom. Hulle is bekommerd oor die tempel, want Jesus het nou net gesê dat nie 'n klip op 'n klip gelos sal word wat nie afgebreek sal word nie. Maar dit is nie al waaroor hulle wonder nie. Jesus het vroeër vir hulle gesê: “Julle moet julle . . . gereed hou, want die Seun van die mens kom op 'n uur wat julle nie verwag nie” (Lukas 12:40). Hy het ook gepraat van “die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word” (Lukas 17:30). Het hierdie dinge enigiets te doen met wat hy oor die tempel gesê het? Die apostels is baie nuuskierig. Hulle sê: “Sê vir ons: Wanneer sal hierdie dinge gebeur, en wat sal die teken wees van u teenwoordigheid en dat die einde van die wêreldstelsel naby is?” – Matteus 24:3.

Hulle dink dalk aan die vernietiging van die tempel, die gebou wat hulle kan sien van waar hulle sit. Hulle vra ook oor die teenwoordigheid van die Seun van die mens. Hulle dink dalk terug aan 'n illustrasie wat Jesus gegee het oor 'n “man uit 'n koninklike gesin” wat 'na 'n ver land gereis het om koning te word, en daarna terug-

gekeer het’ (Lukas 19:11, 12). En laastens wonder hulle wat “die einde van die wêreldstelsel” sal insluit.

In Jesus se verduideliking gee hy 'n teken wat wys wanneer die Joodse stelsel, insluitende die tempel, tot 'n einde sal kom. Maar dit is nie al nie. Hierdie teken sal Christene in die toekoms help om te weet wanneer hulle gedurende sy “teenwoordigheid” lewe en naby aan die einde van die wêreldstelsel is.

Terwyl die jare verbygaan, sien Jesus se apostels hoe sy profesieë vervul word. Ja, baie dinge wat hy voorspel het, begin in hulle leeftyd gebeur. Daarom is waaksame Christene wat 37 jaar later in 70 HJ lewe, voorbereid en gereed vir die vernietiging van die Joodse stelsel en sy tempel. Maar nie alles wat Jesus voorspel, gebeur in die tyd voor en gedurende 70 HJ nie. So wat sal die teken wees dat hy as Koning regeer? Jesus gee vir sy apostels die antwoord.

Jesus voorspel dat daar “oorloë en berigte van oorloë” sal wees en dat “nasie . . . teen nasie [sal] opstaan en koninkryk teen koninkryk” (Matteus 24:6, 7). Hy sê ook dat daar “groot aardbewings [sal] wees, en voedseltekorte en vreeslike siektes op die een plek ná die ander” (Lukas 21:11). Hy waarsku ook sy dissipels: “Mense [sal] teen julle optree en julle vervolg” (Lukas 21:12). Valse profete sal verskyn en baie mislei. Daar sal al hoe meer wetteloosheid wees, en die liefde van die meeste mense sal afkoel. En dan sê hy dat die “goeie nuus van die Koninkryk . . . oor die hele bewoonde aarde verkondig [sal] word as 'n

-
- ◇ Hoekom vra die apostels wat in die toekoms sal gebeur, maar wat anders het hulle in gedagte?
 - ◇ Wanneer begin Jesus se profesieë vervul word, en hoe word dit vervul?
 - ◇ Wat is party van die dinge wat 'n teken van Christus se teenwoordigheid sal wees?

getuienis vir al die nasies, en dan sal die einde kom". – Matteus 24:14.

Jesus se profesieë word in 'n sekere opsig vervul voor en gedurende Jerusalem se vernietiging deur die Romeine. Maar het Jesus dalk van 'n groter vervulling gepraat wat later sal plaasvind? Sien jy vandag bewyse van die groter vervulling van Jesus se belangrike profesieë?

Een ding wat Jesus insluit in die teken van sy teenwoordigheid, is die verskyning van die "walglike ding wat verwoesting veroorsaak" (Matteus 24:15). In 66 HJ verskyn hierdie walglike ding in die vorm van die Romeinse "leërmagte", met hulle baniere, of spesiale vlae, wat hulle as heilig beskou. Die Romeine omsingel Jerusalem en ondergrawe party van sy mure (Lukas 21:20). So "die walglike ding" staan op 'n plek waar dit nie moet staan nie, in 'n plek wat die Jode as "’n heilige plek" beskou.

Jesus sê verder: "Daar [sal] groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie plaasgevind het nie, en ook nie weer sal plaasvind nie." In 70 HJ vernietig die Romeine Jerusalem. Daardie vernietiging van die Jode se 'heilige stad', insluitende sy tempel, was werklik 'n groot verdrukking met duisende wat doodgemaak is (Matteus 4:5; 24:21). Dit is baie groter as enige vernietiging wat die stad en die Jode al ooit ervaar het, en dit bring 'n einde aan die stelsel van aanbidding wat die Jode eeue lank gevolg het. So enige groter vervulling van Jesus se profetiese woorde wat later sou kom, moet sekerlik erger wees.

VERTROUE GEDURENDE DIE TYD VAN DIE EINDE

Jesus se bespreking met sy apostels oor die teken van sy teenwoordigheid as Koning en van die einde van die wêreldstelsel, is lank nie verby nie. Jesus waarsku hulle nou om nie "valse Christusse en valse profete" te volg nie. Hy sê dat hierdie mense "selfs dié wat uitgekies is, [sal] probeer mislei" (Matteus 24:24). Maar dié wat

uitgekies is, sal nie mislei word nie. Valse Christusse kan gesien word. Maar Jesus se teenwoordigheid sal nie gesien kan word nie.

Jesus verwys na 'n groter verdrukking wat aan die einde van hierdie wêreldstelsel sal begin en sê: "Die son [sal] donker word, en die maan sal nie sy lig gee nie, en die sterre sal uit die hemel val, en die kragte van die hemel sal geskud word" (Matteus 24:29). Die apostels wat hierdie dinge hoor weet nie presies wat sal gebeur nie, maar dit sal beslis verskriklik wees.

Hoe sal hierdie verskriklike gebeure die mensdom affekteer? Jesus sê: "Mense sal flou word van vrees en spanning as gevolg van die dinge wat oor die bewoonde aarde kom, want die kragte van die hemel sal geskud word" (Lukas 21:26). Jesus beskryf beslis die donkerste tyd in die mensegeskiedenis.

Jesus moedig sy apostels aan deur dit duidelik vir hulle te maak dat nie almal hartseer sal wees wanneer "die Seun van die mens met krag en groot heerlijkheid" kom nie (Matteus 24:30). Hy het alreeds gewys dat God sal ingryp "weens dié wat uitgekies is" (Matteus 24:22). So hoe moet sulke getroue dissipels reageer op die verskriklike dinge wat Jesus sê sal gebeur? Jesus moedig sy volgelinge aan: "Wanneer hierdie dinge begin gebeur, staan dan regop en lig julle koppe op, want julle verlossing kom nader." – Lukas 21:28.

Maar hoe sal Jesus se dissipels wat gedurende hierdie voorspelde tyd lewe, weet hoe na hulle aan die tyd van die einde is? Jesus gee 'n illustrasie oor 'n vyeboom: "Sodra sy jong takkies uitloop en die boom blare kry, weet julle dat die somer naby is. Net so moet julle, wanneer julle al hierdie dinge sien, ook weet dat hy naby is, voor die deur. Ek verseker julle: Hierdie geslag sal beslis nie tot 'n einde kom voordat al hierdie dinge gebeur nie." – Matteus 24:32-34.

So wanneer sy dissipels die verskillende aspekte van die teken sien vervul word, moet hulle besef dat die einde naby is. Jesus waarsku die

dissipels wat gedurende hierdie belangrike tyd sal lewe en sê:

“Niemand weet wanneer daardie dag en uur sal kom nie, nie die engele van die hemel nie en ook nie die Seun nie, maar net die Vader. Net soos die dae van Noag was, so sal die teenwoordigheid van die Seun van die mens wees. Want in die dae voor die Vloed het mense geëet en gedrink, en mans het getrou en vrouens is in die huwelik gegee, tot die dag dat Noag in die ark ingegaan het. Hulle het geen aandag geskenk totdat die Vloed gekom het en hulle almal weggespoel het nie. Die teenwoordigheid van die Seun van die mens sal net so wees” (Matteus 24:36-39). Jesus herinner dié wat na hom luister aan die historiese Vloed van Noag se dag wat ’n wêreldwye impak gehad het.

Die apostels wat op die Olyfberg na Jesus luister, sien ongetwyfeld hoe belangrik dit is om wakker te bly. Jesus sê: “Maar pasop dat julle harte nooit oorweldig word deur te veel te eet en te veel te drink en deur die bekommernisse van die lewe nie. Anders sal hierdie dag skielik, in ’n oomblik, oor julle kom soos ’n strik. Want dit sal oor almal kom wat op die hele aarde woon. Bly dus wakker en doen altyd smeekgebede sodat julle veilig kan kom deur hierdie dinge wat gaan gebeur en voor die Seun van die mens sal kan staan.” – Lukas 21:34-36.

Jesus wys weer eens dat wat hy voorspel, ’n groter vervulling het. Hy voorspel nie gebeure wat oor ’n paar jaar sal gebeur en net die stad Jerusalem of die Joodse nasie sal affekteer nie.

Nee, hy wys dat hierdie gebeure “oor almal kom wat op die hele aarde woon”.

Hy sê dat sy dissipels wakker, waaksaam en gereed moet wees. Jesus wys hoe belangrik hierdie waarskuwing is deur nog ’n illustrasie te vertel: “Maar een ding moet julle weet: As die huiseienaar geweet het hoe laat in die nag die dief kom, sou hy wakker gebly het en nie toegelaat het dat daar by sy huis ingebreek word nie. Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom op ’n uur wanneer julle dit nie verwag nie.” – Matteus 24:43, 44.

Jesus gee sy dissipels rede om uit te sien na die tyd van die einde. Hy verseker hulle dat daar ’n “slaaf” sal wees wat wakker en bedrywig sal wees wanneer sy profesieë vervul word. Jesus beskryf ’n situasie wat sy apostels onmiddellik verstaan: “Wie is werklik die getroue en verstandige slaaf wat deur sy meester oor sy huisknegte aangestel is om hulle hulle voedsel op die regte tyd te gee? Gelukkig is daardie slaaf as sy meester hom daarmee besig vind wanneer hy kom! Ek verseker julle: Sy meester sal hom oor al sy besittings aanstel.” Maar as die “slaaf” ’n slegte houding ontwikkel en ander slegte behandel, sal sy meester “hom baie swaar straf”. – Matteus 24:45-51; vergelyk Lukas 12:45, 46.

Maar Jesus sê nie dat ’n groep van sy volgelinge ’n slegte houding sal ontwikkel nie. Wat is dan die les wat Jesus wil hê sy dissipels moet verstaan? Hy wil hê dat hulle wakker en bedrywig moet bly soos hy dit in nog ’n illustrasie duidelik maak.

-
- ◇ Hoe verskyn ’n “walglike ding”, en wat gebeur daarna?
 - ◇ Hoe sal mense reageer wanneer hulle die vervulling van Jesus se profesieë sien?
 - ◇ Watter illustrasie gee Jesus om sy dissipels te help sien wanneer die einde naby is?
 - ◇ Wat wys dat die vervulling van Jesus se profesieë wêreldwyd sal gebeur?
 - ◇ Watter waarskuwing gee Jesus vir sy dissipels wat na aan die einde van die wêreldstelsel lewe?

'N LES OOR WAAKSAAMHEID – DIE MAAGDE

MATTEUS 25:1-13

Jesus het sy apostels se vrae beantwoord oor die teken van sy teenwoordigheid en die einde van die wêreldstelsel. Met dit in gedagte gee hy hulle nou wyse raad deur middel van nog 'n illustrasie. Die vervulling daarvan sal gesien word deur dié wat gedurende sy teenwoordigheid lewe.

Hy begin die illustrasie deur te sê: “Die Koninkryk van die hemel [kan] vergelyk word met tien maagde wat hulle lampe gevat het en uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet. Vyf van hulle was onverstandig, en vyf was verstandig.” – Matteus 25:1, 2.

Jesus bedoel nie dat die helfte van sy dissipels wat die Koninkryk van die hemel erf, onver-

standig is en die ander helfte verstandig is nie. Hy bedoel eerder dat wanneer dit by die Koninkryk kom, het elkeen van sy dissipels die vermoë om te kies om waaksaam te wees of om afgelei te word. Maar Jesus twyfel glad nie dat elkeen van sy knegte getrou kan bly en sy Vader se seëninge kan ontvang nie.

In die illustrasie gaan al tien maagde uit om die bruidegom te verwelkom en om die troue by te woon. Wanneer hy daar aankom, sal die maagde hulle lampe gebruik om lig op die pad te skyn en hom vereer terwyl hy sy bruid na die huis neem wat vir haar voorberei is. Maar wat gebeur toe?

Jesus verduidelik: “Die onverstandige maagde het hulle lampe gevat, maar hulle het geen olie



saamgevat nie, terwyl die verstandige maagde elkeen 'n fles olie saam met hulle lampe gevat het. Die bruidegom het lank gevat om te kom, en hulle almal het vaak geword en aan die slaap geraak” (Matteus 25:3-5). Die bruidegom kom nie so gou as wat hulle gedink het nie. Dit lyk asof dit baie langer neem, en daarom raak die maagde aan die slaap. Die apostels dink dalk terug aan wat Jesus gesê het oor 'n man uit 'n koninklike gesin wat weggaan en “uiteindelik terugkom nadat hy koning geword het”. – Lukas 19:11-15.

In die illustrasie oor die tien maagde verduidelik Jesus wat gebeur wanneer die bruidegom uiteindelik daar aankom: “In die middel van die nag het iemand uitgeroep: ‘Hier is die bruidegom! Gaan uit om hom te ontmoet!’” (Matteus 25:6). Is die maagde gereed en wakker?

Jesus sê verder: “Toe het al die maagde opgestaan en hulle lampe reggekry. Die onverstandige maagde het vir die verstandiges gesê: ‘Gee vir ons van julle olie, want ons lampe is besig om dood te gaan.’ Die verstandiges het geantwoord: ‘Miskien is daar nie genoeg vir ons en vir julle nie. Gaan liever na die mense wat olie verkoop en koop julle eie olie.’” – Matteus 25:7-9.

So die vyf onverstandige maagde is nie wakker en gereed vir wanneer die bruidegom daar aankom nie. Hulle het nie genoeg olie vir hulle lampe nie en moet êrens olie kry. Jesus sê: “Terwyl hulle olie gaan koop het, het die bruidegom

gekom. Die maagde wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die huweliksfees, en die deur is gesluit. Ná die tyd het die res van die maagde ook gekom en gesê: ‘Meneer, Meneer, maak vir ons oop!’ Hy het geantwoord: ‘Ek vertel julle die waarheid: Ek ken julle nie’” (Matteus 25:10-12). Wat 'n hartseer uiteinde omdat hulle nie gereed was en wakker gebly het nie!

Die apostels kan sien dat Jesus die bruidegom in die illustrasie is. Hy het homself vroeër met 'n bruidegom vergelyk (Lukas 5:34, 35). En die wyse maagde? Wanneer Jesus van die “klein kuddetjie” praat wat die Koninkryk gaan ontvang, gebruik hy die woorde: “Sorg dat julle aangekrek en gereed is, en laat julle lampe brand” (Lukas 12:32, 35). So in hierdie illustrasie oor die tien maagde kan die apostels sien dat Jesus na hulle en ander verwys wat deel is van die klein kuddetjie. Watter boodskap wil Jesus oordra met hierdie illustrasie?

Jesus maak dit vir ons duidelik. Hy sluit sy illustrasie af deur te sê: “Hou dus aan waak, want julle weet nie wanneer daardie dag en uur sal kom nie.” – Matteus 25:13.

Dit is duidelik dat Jesus sy getroue volgelinge waarsku dat hulle moet ‘aanhou waak’. Hy sal kom, en hulle moet gereed en wakker wees – net soos die vyf verstandige maagde – sodat hulle nie van hulle kosbare hoop vergeet en hulle beloning verloor nie.

-
- ◇ Hoe verskil die vyf verstandige maagde van die vyf onverstandige maagde?
 - ◇ Na wie verwys die bruidegom, en na wie verwys die maagde?
 - ◇ Watter boodskap dra Jesus oor met die illustrasie oor die tien maagde?

'N LES OOR YWER – DIE TALENTE

MATTEUS 25:14-30

Terwyl Jesus en sy vier apostels nog op die Olyfberg is, vertel hy hulle nog 'n illustrasie. 'n Paar dae vroeër, terwyl hy in Jerigo was, het hy die illustrasie van die minas vertel om te wys dat die Koninkryk nog ver in die toekoms is. Die illustrasie wat hy nou vertel, is soortgelyk aan daardie een. Dit is deel van sy antwoord op die vraag oor sy teenwoordigheid en die einde van die wêreldstelsel. Die illustrasie beklemtoon dat sy dissipels ywerig besig moet wees met dit wat hy aan hulle gee om te doen.

Jesus begin: “Dit is net soos 'n man wat op die punt gestaan het om na die buiteland te reis en wat sy slawe laat roep het en vir hulle gesê het om na sy besittings om te sien” (Matteus 25:14). Aangesien Jesus homself alreeds vergelyk het met 'n man wat gereis het “om koning te word,” kan die apostels duidelik sien dat Jesus die “man” is waarvan hy nou praat. – Lukas 19:12.

Voordat die man in die illustrasie ver reis, gee hy aan sy slawe waardevolle besittings. Gedurende die drie en 'n half jaar van Jesus se bediening het hy daarop gefokus om oor die goeie nuus van God se Koninkryk te preek, en hy het sy dissipels geleer om hierdie werk te doen. Nou gaan hy weg met die vertroue dat hulle sal aanhou met die werk wat hy hulle opgelei het om te doen. – Matteus 10:7; Lukas 10:1, 8, 9; vergelyk Johannes 4:38; 14:12.

Hoe verdeel die man in die illustrasie sy besittings? Jesus vertel: “Hy het vir een slaaf vyf talente gegee, vir 'n ander slaaf twee en vir nog 'n ander slaaf een, vir elkeen volgens sy eie vermoë, en hy het na die buiteland gegaan” (Matteus 25:15). Wat sal hierdie slawe doen met wat aan hulle gegee is? Sal hulle dit gebruik om hulle meester se belange te bevorder? Jesus sê vir die apostels:

“Onmiddellik het die een wat die vyf talente ontvang het, weggegaan en daarmee handel gedryf en nog vyf bygekry. Net so het die een wat die twee ontvang het, nog twee bygekry. Maar die een wat net een ontvang het, het weggegaan en 'n gat in die grond gegrawe en sy meester se geld daarin weggesteek” (Matteus 25:16-18). Wat sal gebeur wanneer die meester terugkom?

Jesus sê verder: “Ná 'n lang tyd het die meester van daardie slawe gekom en vir hulle gevra wat hulle met sy besittings gedoen het” (Matteus 25:19). Die eerste twee het alles gedoen wat hulle kon, “elkeen volgens sy eie vermoë”. Hierdie twee slawe was ywerig, hardwerkend en het goed gewerk met wat aan hulle gegee is. Die een wat vyf talente gekry het, het dit verdubbel en die een wat twee talente gekry het, het dit ook verdubbel. (In daardie tyd moes 'n persoon omtrent 20 jaar lank werk om 'n bedrag te verdien



wat gelyk is aan een talent.) Die meester prys al twee op dieselfde manier: “Mooi so, goeie en getroue slaaf! Jy was getrou oor ’n paar dinge. Ek sal jou oor baie dinge aanstel. Wees bly saam met jou meester.” – Matteus 25:21.

Maar dit is anders met die slaaf wat net een talent gekry het. Hy sê: “Meester, ek het geweet dat u ’n man is wat baie vereis, wat oes waar u nie gesaai het nie en bymekaarmaak waarvoor u nie gewerk het nie. Toe het ek bang geword en u talent in die grond gaan wegsteek. Hier is die talent wat aan u behoort” (Matteus 25:24, 25). Hy het nie eers die geld in die bank gesit sodat hy rente kon kry en wins vir sy meester kon maak nie. Hy het eintlik teen sy meester se belange gewerk.

Daarom noem die meester hom ’n “goddelose en lui slaaf”. Wat hy gehad het, is van hom af weggeneem en aan die slaaf gegee wat bereid is om hard te werk. Toe sê die meester: “As iemand het, sal meer aan hom gegee word, en hy sal ’n oorvloed hê. Maar as iemand nie het nie, sal selfs wat hy het, van hom af weggeneem word.” – Matteus 25:26, 29.

Jesus se dissipels het baie om oor te dink, selfs wanneer dit by hierdie illustrasie kom. Hulle kan sien dat dit wat Jesus aan hulle gegee het – die kosbare voorreg om dissipels te maak – baie waardevol is. En hy verwag dat hulle hierdie werk ywerig sal doen. Hy verwag nie dat hulle al-



mal ewe veel in die predikingswerk moet doen nie. Soos ons in die illustrasie gesien het, moet elkeen doen wat hy kan, “volgens sy eie vermoë”. Maar dit beteken nie dat Jesus gelukkig sal wees as iemand “lui” is en nie sy bes doen om die Meester se besittings te vermeerder nie.

Maar hoe bly moet die apostels tog wees met hierdie versekering: “As iemand het, sal meer aan hom gegee word”!

-
- ◇ Wie is die meester in die illustrasie oor die talente, en wie is die slawe?
 - ◇ Watter lesse leer Jesus sy dissipels?

CHRISTUS AS KONING OORDEEL DIE SKAPE EN DIE BOKKE

MATTEUS 25:31-46

Op die Olyfberg het Jesus so pas die illustrasies van die tien maagde en die talente vertel. Hoe sluit Jesus sy antwoord af op die vraag wat die apostels hom gevra het oor die teken van sy teenwoordigheid en die einde van die wêreldstelsel? Hy doen dit deur 'n laaste illustrasie te vertel, een oor skape en bokke.

Jesus begin deur die agtergrond te skets. Hy sê vir hulle: “Wanneer die Seun van die mens in sy heerlijkheid kom, en al die engele saam met hom, sal hy op sy glorieryke troon gaan sit” (Matteus 25:31). Jesus maak dit duidelik dat hy die hoofrol in hierdie illustrasie speel. Hy het homself dikwels “die Seun van die mens” genoem. – Matteus 8:20; 9:6; 20:18, 28.

Wanneer sal die dinge gebeur wat Jesus in sy illustrasie noem? Dit sal gebeur wanneer Jesus “in sy heerlijkheid kom” met die engele en “op sy glorieryke troon gaan sit”. Hy het alreeds gesê dat “die Seun van die mens met groot krag en heerlijkheid in die wolke . . . kom”, saam met sy engele. Wanneer sal dit gebeur? “Onmiddellik ná die verdrukking” (Matteus 24:29-31; Markus 13:26, 27; Lukas 21:27). So hierdie dinge sal in die toekoms gebeur, wanneer Jesus in sy heerlijkheid kom. Wat sal hy dan doen?

Jesus verduidelik: “Wanneer die Seun van die mens . . . kom, [sal] al die nasies . . . voor hom versamel word, en hy sal die mense van mekaar skei, net soos 'n herder die skape van die bokke skei. En hy sal die skape aan sy regterhand sit, maar die bokke aan sy linkerhand.” – Matteus 25:31-33.

Wat sal met die skape gebeur? Jesus sê: “Dan sal die Koning vir dié aan sy regterhand sê: ‘Kom, julle wat deur my Vader geseë is, erf die Koninkryk wat van die begin van die mensdom af vir julle voorberei is’” (Matteus 25:34). Hoekom ontvang die skape die Koning se goedkeuring?



Die Koning verduidelik: “Ek het honger geword, en julle het vir my iets gegee om te eet. Ek het dors geword, en julle het vir my iets gegee om te drink. Ek was ’n vreemdeling, en julle het my gasvry ontvang. Ek was kaal, en julle het vir my klere gegee. Ek het siek geword, en julle het my versorg. Ek was in die tronk, en julle het my kom besoek.” Wanneer hierdie skape, “die regverdiges”, vra hoe hulle hierdie goeie dinge gedoen het, antwoord hy: “Alles wat julle vir een van die minste van my broers gedoen het, het julle ook vir my gedoen” (Matteus 25:35, 36, 40, 46). Hulle het nie hierdie goeie dinge in die hemel gedoen nie, want niemand daar is siek en honger nie. Dit moes dinge gewees het wat hulle vir Christus se broers op die aarde gedoen het.

Wat sal met die bokke gebeur? Jesus sê: “Dan sal [die Koning] vir dié aan sy linkerhand sê: ‘Gaan weg van my af, julle wat vervloek is, in die ewige vuur in wat vir die Duiwel en sy engele voorberei is. Want ek het honger geword, maar julle het vir my niks gegee om te eet nie, en ek het dors geword, maar julle het vir my niks gegee om te drink nie. Ek was ’n vreemdeling, maar julle het my nie gasvry ontvang nie. Ek was kaal, maar julle het nie vir my klere gegee nie. Ek was siek en in die tronk, maar julle het my nie versorg nie’” (Matteus 25:41-43). Die bokke verdien hierdie oordeel omdat hulle nie Christus se broers op die aarde goed behandel het soos hulle moes nie.



Die apostels besef dat om as ’n skaap of ’n bok geoordeel te word, ’n mens se lewe vir ewig sal verander. Jesus sê vir hulle: “Dan sal [die Koning sê]: ‘Ek verseker julle: Alles wat julle nie vir een van die minste van my broers gedoen het nie, het julle ook nie vir my gedoen nie.’ Hulle sal vir ewig afgesny word, maar die regverdiges sal die ewige lewe ontvang.” – Matteus 25: 45, 46.

Jesus se antwoord op die apostels se vraag gee sy volgelinge baie om oor te dink. Dit help hulle om hulle gesindhede en daede te ondersoek.

-
- ◇ Wie is “die Koning” in Jesus se illustrasie van die skape en die bokke, en wanneer sal die dinge in sy illustrasie gebeur?
 - ◇ Hoekom verdien die skape Jesus se goedkeuring?
 - ◇ Hoekom sal party mense as bokke geoordeel word, en wat lê vir die skape en die bokke voor?

JESUS SE LAASTE PASGA KOM NADER

MATTEUS 26:1-5, 14-19 MARKUS 14:1, 2, 10-16 LUKAS 22:1-13

Jesus het nou net klaargemaak om die vier apostels op die Olyfberg te leer. Hy het hulle vraag beantwoord oor sy toekomstige teenwoordigheid en die einde van die wêreldstelsel.

Dinsdag 11 Nisan was 'n baie besige dag! Dit is dalk terwyl hulle vir die aand teruggaan Betanië toe wanneer Jesus vir sy apostels sê: “Julle weet dat die Pasga oor twee dae plaasvind, en die Seun van die mens gaan oorgelewer word om aan 'n paal gehang te word.” – Matteus 26:2.

Die volgende dag, Woensdag, spandeer Jesus blykbaar 'n rustige dag saam met sy apostels. Dinsdag het hy die godsdiensteleiers in die openbaar bestraf en vir almal gewys wie hulle regtig is. Hulle wil hom doodmaak. Daarom gaan hy nie op 12 Nisan uit in die openbaar nie. Hy wil nie hê dat enigiets moet keer dat hy ná sonder die

volgende aand, die begin van 14 Nisan, die Pasga saam met sy apostels vier nie.

Maar die hoofpriesters en die ouermanne van die volk is glad nie rustig voor die Pasga nie. Hulle kom bymekaar in die binnehof van die hoëpriester, Kajafas. Hoekom? Hulle is kwaad omdat Jesus gewys het wie hulle regtig is. Nou dink hulle aan 'n plan “om Jesus op 'n slinkse manier gevange te neem en dood te maak”. Hoe en wanneer sal hulle dit doen? Hulle sê: “Nie by die fees nie, sodat die volk nie miskien in opstand kom nie” (Matteus 26:4, 5). Hulle is bang omdat baie mense van Jesus hou.

Intussen is daar iemand wat die godsdiensteleiers kom besoek. Hulle is verbaas om te sien dat dit een van Jesus se eie apostels is, Judas Iskariot. Satan het die idee in sy hart geplant om sy Meester te verrai! Judas vra hulle: “Wat sal



julle vir my gee om hom aan julle te verrai?” (Matteus 26:15). Hulle is baie bly hieroor en besluit “om vir hom silwergeld te gee” (Lukas 22:5). Hoeveel? Hulle stem in om vir hom 30 silwerstukke te gee. Dit is interessant dat 30 sikkels die prys van ’n slaaf is (Eksodus 21:32). So wys die godsdiensteleiers dat hulle baie min van Jesus dink, dat hy min waarde het. Judas begin nou om “na ’n goeie geleentheid [te] soek om Jesus aan hulle te verrai sonder dat daar ’n skare by is”. – Lukas 22:6.

Sodra die son sak, sal 13 Nisan begin, en dit is die sesde en laaste aand wat Jesus in Betanië spandeer. Die volgende dag moet alles vir die Pasga klaar voorberei word. Hulle moet ’n lam kry sodat dit geslag en heel gebrui kan word nadat 14 Nisan begin het. Waar sal hulle dit eet en wie sal dit voorberei? Jesus het nog nie vir hulle gesê nie. Daarom kan Judas nie hierdie inligting vir die hoofpriesters gee nie.

Donderdag, waarskynlik vroeg die middag, stuur Jesus vir Petrus en Johannes na Jerusalem. Hy sê vir hulle: “Gaan maak die Pasga vir ons gereed sodat ons dit kan eet.” Dan vra hulle hom: “Waar wil u hê moet ons dit gereedmaak?” Jesus verduidelik: “Wanneer julle in die stad ingaan, sal ’n man wat ’n waterkruik dra, julle ontmoet. Volg hom tot in die huis waar hy ingaan. En sê vir die eienaar van die huis: ‘Die Leermeester vra: “Waar is die gastevertrek waar ek die Pasga saam met my dissipels kan eet?”’ En



daardie man sal vir julle ’n groot bo-kamer wys wat ingerig is. Maak dit daar gereed.” – Lukas 22:8-12.

Die eienaar van die huis is sekerlik ’n dissipel van Jesus. Hy verwag dalk dat Jesus sal vra om sy huis vir hierdie geleentheid te gebruik. Wanneer die twee apostels in Jerusalem aankom, gebeur alles net soos Jesus gesê het. So hulle maak seker dat die lam reg is en dat alles gereed is sodat 13 persone – Jesus en sy 12 apostels – die Pasgamaaltyd kan geniet.

-
- ◇ Wat doen Jesus blykbaar op Woensdag 12 Nisan, en hoekom?
 - ◇ Hoekom kom die godsdiensteleiers bymekaar, en hoekom gaan Judas na hulle toe?
 - ◇ Wie stuur Jesus Donderdag na Jerusalem toe, en wat moet hulle doen?

'N LES IN NEDERIGHEID BY DIE LAASTE PASGA


MATTEUS 26:20 MARKUS 14:17 LUKAS 22:14-18 JOHANNES 13:1-17

Petrus en Johannes is alreeds in Jerusalem om vir die Pasga voor te berei, soos Jesus vir hulle gesê het om te doen. Later is Jesus en die tien ander apostels ook op pad daarheen. Dit is laat middag en die son is besig om op die westelike horison te sak terwyl Jesus en sy dissipels by die Olyfberg afkom. Dit is die laaste keer dat Jesus van hier af sien hoe die sonlig op die stad Jerusalem skyn tot nadat hy opgewek is.

Kort voor lank kom Jesus en sy dissipels by die stad aan. Hulle is op pad na die huis waar hulle die Pasgamaaltyd gaan geniet. Hulle gaan op met die trappe na die groot bo-kamer. Daar sien hulle dat alles gereed is vir hulle ete. Jesus het uitgesien na hierdie geleentheid, want hy sê: “Ek wou baie graag hierdie Pasga saam met julle eet voordat ek ly.” – Lukas 22:15.

Baie jare vroeër het die gebruik ontstaan om 'n paar bekers wyn tydens die Pasgamaaltyd om te stuur. Nou, nadat een van die apostels vir Jesus 'n beker gegee het, bid hy en dan sê hy: “Neem dit en gee dit vir mekaar aan, want ek sê vir julle: Van nou af sal ek nie weer wyn drink totdat die Koninkryk van God kom nie” (Lukas 22:17, 18). Dit behoort nou vir hulle duidelik te wees dat hy binnekort gaan sterf.

Die een of ander tyd gedurende die Pasgamaaltyd gebeur daar iets onverwags. Jesus staan op, sit sy bo-klere eenkant en tel 'n handdoek op. Dan gooi hy water in 'n kom wat daar naby is. Gewoonlik sal die gasheer seker maak dat sy gaste se voete gewas word, dalk deur 'n kneg (Lukas 7:44). Maar by hierdie geleentheid is daar nie 'n gasheer nie, en daarom was Jesus hulle voete. Enigeen van die apostels kon gebruik gemaak het van die geleentheid om dit te doen, maar nie een van hulle doen dit nie. Is dit omdat hulle nog steeds stry oor wie van hulle die belangrikste is? Wat ook al die geval is, hulle is skaam omdat Jesus hulle voete was.



Wanneer Jesus by Petrus kom, sê Petrus: “Ek sal beslis nooit toelaat dat u my voete was nie.” Jesus antwoord hom: “Tensy ek jou was, kan jy nie ontvang wat ek gaan ontvang nie.” Onmiddellik sê Petrus: “Here, moenie net my voete was nie, maar was ook my hande en my kop.” Hy is sekerlik baie verbaas oor wat Jesus volgende sê: “Enigiemand wat gebad het, hoef niks meer as sy voete te laat was nie, want hy is heeltemal skoon. En julle is skoon, maar nie julle almal nie.” – Johannes 13: 8-10.

Jesus was die voete van al die apostels, insluitende Judas Iskariot. Nadat Jesus sy bo-klere



aangetrek het, gaan hy weer aan tafel en vra hy: “Verstaan julle wat ek vir julle gedoen het? Julle noem my ‘Leermeester’ en ‘Here’, en julle is reg, want dit is wat ek is. As ek, die Here en Leermeester, julle voete gewas het, dan behoort julle ook mekaar se voete te was. Want ek het vir julle die voorbeeld gestel sodat julle ook moet doen wat ek vir julle gedoen het. Ek verseker julle: ’n Slaaf is nie groter as sy meester nie, en iemand wat gestuur is, is ook nie groter as die een wat hom gestuur het nie. Noudat julle hierdie dinge weet, sal julle gelukkig wees as julle dit doen.” – Johannes 13:12-17.

Wat ’n pragtige les in nederigheid! Jesus se volgelinge moenie dink dat hulle belangriker as ander is en dat ander hulle moet dien nie. Hulle moet eerder Jesus se voorbeeld volg, nie deur ander se voete te was nie, maar deur bereid te wees om ander nederig en sonder partydigheid te dien.

- ◇ Wat sê Jesus vir sy apostels gedurende die Pasgamaaltyd wat wys dat hy binnekort gaan sterf?
- ◇ Hoekom is dit ongewoon dat Jesus die apostels se voete was?
- ◇ Watter les leer Jesus sy apostels deur die nederige werk te doen om hulle voete te was?

DIE HERE SE AANDMAAL

MATTEUS 26:21-29 MARKUS 14:18-25 LUKAS 22:19-23 JOHANNES 13:18-30

Vroeër die aand het Jesus sy apostels 'n les in nederigheid geleer deur hulle voete te was. Nou, blykbaar ná die Pasgamaaltyd, haal hy Dawid se profetiese woorde aan: “Die man wat in vrede met my gelewe het, die een wat ek vertrou het, wat my brood geëet het, het sy hakskeen teen my opgelig.” Dan verduidelik hy: “Een van julle sal my verrai.” – Psalm 41:9; Johannes 13:18, 21.

Die apostels kyk na mekaar, en elkeen vra vir Jesus: “Here, dit is tog seker nie ek nie?” Selfs Judas Iskariot doen dit. Petrus sê vir Johannes, wat langs Jesus by die tafel is, om uit te vind wie dit is. En daarom beweeg Johannes nader aan Jesus en vra hy: “Here, wie is dit?” – Matteus 26:22; Johannes 13:25.

Jesus antwoord: “Dit is die een vir wie ek die stukkie brood sal gee wat ek in die bak steek.” Jesus steek 'n stukkie brood in 'n bak op die tafel,

gee dit vir Judas en sê: “Dit is waar dat die Seun van die mens weggaan, net soos daar oor hom geskryf is, maar dit sal sleg gaan met die man deur wie die Seun van die mens verrai word! Dit sou vir daardie man beter gewees het as hy nooit gebore was nie” (Johannes 13:26; Matteus 26:24). Dan gaan Satan in Judas in. Hierdie man, wat alreeds korrup is, gee hom nou oor aan die Duiwel om sy wil te doen en word dus “die seun van die vernietiging”. – Johannes 6:64, 70; 12:4; 17:12.

Jesus sê vir Judas: “Wat jy doen, doen dit nog gouer.” Die ander apostels dink dat Jesus vir Judas, wat die geldkissie hou, sê “om te koop wat hulle vir die fees nodig het of om iets vir die armes te gee” (Johannes 13:27-30). Maar Judas gaan om Jesus te verrai.

Op hierdie selfde aand as die Pasgamaaltyd, begin Jesus 'n nuwe herdenking. Hy neem 'n



brood, doen 'n dankgebed, breek die brood en gee dit vir sy apostels om te eet. Hy sê: “Dit beteken my liggaam, wat vir julle gegee sal word. Hou aan om dit te doen as 'n herinnering aan my” (Lukas 22:19). Die stukkies brood word omgestuur en die apostels eet daarvan.

Nou neem Jesus 'n beker wyn, doen 'n dankgebed en gee dit vir sy apostels om van te drink. Elkeen drink van die beker, en Jesus sê: “Hierdie beker beteken die nuwe verbond wat bevestig word deur my bloed, wat vir julle uitgestort sal word.” – Lukas 22:20.

Op hierdie manier reël Jesus dat sy dood elke

jaar op 14 Nisan deur sy volgelinge herdenk word. Dit sal mense herinner aan wat Jesus en sy Vader gedoen het om mense wat geloof het, van sonde en die dood te red. Hierdie viering het 'n groter betekenis as die Pasga van die Jode, want dit herinner mense aan Jesus se dood wat ware bevryding sal gee vir mense wat geloof beoefen.

Jesus sê dat sy bloed “uitgestort sal word sodat baie mense se sondes vergewe kan word”. Sy getroue apostels en ander soos hulle is deel van die baie mense wat vergewe sal word. Dit is hulle wat saam met hom in die Koninkryk van sy Vader sal wees. – Matteus 26:28, 29.

-
- ◊ Watter Bybelprofesie haal Jesus aan oor 'n vriend, en hoe pas hy dit toe?
 - ◊ Wat sê Jesus vir Judas om te doen, maar hoe verstaan die ander apostels sy woorde?
 - ◊ Watter nuwe herdenking begin Jesus, en wat is die doel daarvan?



'N STRYERY OOR WIE DIE GROOTSTE IS

MATTEUS 26:31-35 MARKUS 14:27-31 LUKAS 22:24-38 JOHANNES 13:31-38

Gedurende Jesus se laaste aand saam met sy apostels het hy vir hulle 'n belangrike les in nederigheid geleer deur hulle voete te was. Hoekom het hy dit gedoen? Omdat hy 'n swakheid in hulle gesien het. Hulle is aan God toegewy, maar hulle wil nog steeds weet wie van hulle die belangrikste is (Markus 9:33, 34; 10:35-37). Hierdie swakheid steek weer vanaand sy kop uit.

Die apostels 'begin erg onder mekaar stry oor wie van hulle die grootste is' (Lukas 22:24). Dit moet Jesus baie hartseer maak om te sien hoe hulle weer onder mekaar stry! Wat doen hy?

In plaas daarvan om die apostels te skel oor hulle gesindheid en gedrag, redeneer Jesus geduldig met hulle: "Die konings van die nasies speel oor hulle baas, en dié wat gesag oor hulle het, ontvang spesiale titels daarvoor. Maar julle moenie so wees nie. . . . Want watter een is groter: die een wat eet of die een wat bedien?" Dan herinner Jesus hulle aan die voorbeeld wat hy die hele tyd vir hulle gestel het deur te sê: "Maar onder julle is ek soos die een wat bedien." – Lukas 22:25-27.

Alhoewel die apostels onvolmaak is, het hulle deur baie moeilike tye by Jesus gebly. En daarom sê hy: "Ek maak 'n verbond met julle, net soos my Vader 'n verbond met my gemaak het, vir 'n koninkryk" (Lukas 22:29). Hierdie manne is Jesus se lojale volgelinge. Hy verseker hulle deur middel van 'n verbond tussen hom en hulle dat hulle in die Koninkryk sal wees en saam met hom sal regeer.

Alhoewel die apostels hierdie wonderlike hoop het, is hulle nog steeds menslik en onvolmaak. Jesus sê vir hulle: "Satan dring daarop aan om julle almal soos koring te sif" (Lukas 22:31). Hy waarsku ook: "Vanaand sal julle almal struikel as gevolg van my, want daar is geskryf: 'Ek sal die

herder slaan, en die skape van die kudde sal verstrooi word.'" – Matteus 26:31; Sagaria 13:7.

Petrus sê vol selfvertroue: "Al struikel al die ander as gevolg van u, sal ek nooit struikel nie!" (Matteus 26:33). Jesus sê vir Petrus dat voordat 'n haan twee keer daardie aand kraai, Petrus sal sê dat hy hom nie ken nie. Maar Jesus sê ook: "Ek het 'n smeekgebed vir jou gedoen dat jou geloof nie sal verswak nie, en nadat jy teruggekeer het, moet jy jou broers versterk" (Lukas 22:32). Maar Petrus verseker Jesus: "Selfs al moet ek saam met u sterf, sal ek nooit sê dat ek u nie ken nie" (Matteus 26:35). Die ander apostels sê dieselfde ding.

Jesus sê vir sy apostels: "Ek is nog 'n rukkie by julle. Julle sal my soek, maar wat ek vir die Jode gesê het, sê ek nou ook vir julle: 'Waarheen ek gaan, kan julle nie gaan nie.'" Dan sê hy verder: "Ek gee julle 'n nuwe gebod: Julle moet mekaar liefhê. Net soos ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. So sal almal weet dat julle my dissipels is – as julle liefde vir mekaar het." – Johannes 13:33-35.

Nadat Petrus gehoor het dat Jesus nog net 'n rukkie by hulle gaan wees, vra hy: "Here, waarheen gaan u?" Jesus antwoord: "Waarheen ek gaan, kan jy my nie nou volg nie, maar jy sal later volg." Petrus verstaan nie en sê: "Here, hoekom kan ek u nie nou volg nie? Ek sal my lewe vir u gee." – Johannes 13:36, 37.

Nou praat Jesus van die tyd toe hy die apostels uitgestuur het om in Galilea te gaan preek sonder 'n geldsak of 'n voedselsak (Matteus 10: 5, 9, 10). Hy vra: "Het julle enigiets kortgekom?" Hulle antwoord: "Nee!" Maar wat moet hulle doen in die dae wat nog kom? Jesus sê vir hulle: "Maar as iemand nou 'n geldsak het, moet hy dit saamvat, en ook 'n voedselsak, en as iemand nie



'n swaard het nie, moet hy sy bo-kleed verkoop en een koop. Want ek sê vir julle dat die dinge wat geskryf is, in my vervul moet word, naamlik: 'Hy is onder wetteloses getel.' Want hierdie woorde wat oor my geskryf is, word nou vervul." – Lukas 22:35-37.

Jesus praat van die tyd wanneer hy aan 'n paal gehang sal word saam met goddeloses, of

wetteloses. Daarna sal sy volgeling erg vervolg word. Hulle voel dat hulle reg is daarvoor en sê: "Here, kyk, hier is twee swaarde." Hy sê vir hulle: "Dit is genoeg" (Lukas 22:38). Die feit dat hulle twee swaarde by hulle het, sal binnekort vir Jesus die geleentheid gee om hulle nog 'n belangrike les te leer.

-
- ◇ Hoekom stry die apostels, en hoe hanteer Jesus die situasie?
 - ◇ Wat is die doel van die verbond wat Jesus met sy getroue dissipels maak?
 - ◇ Hoe reageer Jesus op wat Petrus vol selfvertroue sê?

JESUS – DIE WEG, DIE WAARHEID, DIE LEWE

JOHANNES 14:1-31

Jesus en sy apostels is ná die gedenkmaal nog steeds in die bo-kamer. Hy moedig hulle aan: “Moenie dat julle harte ontsteld word nie. Beoefen geloof in God, en beoefen ook geloof in my.” – Johannes 13:36; 14:1.

Jesus gee die getroue apostels rede om nie bekommerd te wees oor die feit dat hy weggaan nie: “In die huis van my Vader is daar baie wonings. . . . As ek vir julle ’n plek gaan voorberei, sal ek weer kom en julle saam met my neem, sodat julle ook kan wees waar ek is.” Maar die apostels besef nie dat hy eintlik van die hemel praat nie. Tomas vra: “Here, ons weet nie waarheen u gaan nie. Hoe kan ons die weg ken?” – Johannes 14:2-5.

Jesus antwoord: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe.” ’n Persoon kan net in die hemelse huis van Jesus se Vader ingaan as hy Jesus se leringe aanvaar en sy lewenswyse navolg. Jesus sê: “Niemand kom na die Vader behalwe deur my nie.” – Johannes 14:6.

Filippus, wat mooi luister, vra: “Here, wys vir ons die Vader, en dit sal vir ons genoeg wees.” Dit lyk of Filippus God in die een of ander visioen wil sien, net soos die visioene wat Moses, Elia en Jesaja gesien het. Maar die apostels het iets beters as sulke visioene. Jesus beklemtoon dit deur te sê: “Ek is nou al so lank by julle, Filippus. Hoe is dit dat jy my nog nie leer ken het nie? Enigiemand wat my gesien het, het ook die Vader gesien.” Jesus volg sy Vader se persoonlikheid volmaak na. So om saam met Jesus te lewe en hom te sien, is soos om die Vader te sien. Die Vader is natuurlik groter as die Seun, want Jesus sê: “Die dinge wat ek vir julle sê, sê ek nie uit my eie nie” (Johannes 14:8-10). Die apostels kan sien dat Jesus al die eer aan sy Vader gee vir die dinge wat hy ander leer.

Jesus se apostels het gesien hoe hy wonderlike werke doen en het gehoor hoe hy die goeie nuus oor die koninkryk van God verkondig. Nou



sê hy vir hulle: “Enigiemand wat geloof in my beoefen, sal ook self die werke doen wat ek doen, en hy sal nog groter werke doen” (Johannes 14:12). Jesus sê nie dat hulle groter wonderwerke as hy sal doen nie. Hulle sal wel hulle bediening oor 'n langer tydperk uitvoer, 'n groter gebied dek en baie meer mense bereik.

Wanneer Jesus weggaan, sal hy hulle nie heeltemal verlaat nie, want hy belowe: “As julle enigiets in my naam vra, sal ek dit doen.” Verder sê hy: “En ek sal die Vader vra, en hy sal julle 'n ander helper gee om vir ewig by julle te wees. Dit is die gees van die waarheid” (Johannes 14:14, 16, 17). Jesus verseker hulle dat hulle die heilige gees sal ontvang, die ander helper. Dit gebeur op Pinksterdag.

Jesus sê: “Oor 'n rukkie sal die wêreld my nie meer sien nie, maar julle sal my sien, omdat ek lewe en julle sal lewe” (Johannes 14:19). Jesus sal nie net ná sy opstanding in liggaamlike vorm aan hulle verskyn nie, maar later sal hy hulle opwek om saam met hom in die hemel te wees.

Jesus vertel hulle nou 'n eenvoudige waarheid: “Enigiemand wat my gebooie aanvaar en dit gehoorsaam, is lief vir my. En my Vader sal lief wees vir enigiemand wat lief is vir my, en ek sal lief wees vir daardie persoon en my duidelik aan hom openbaar.” Die apostel Judas, wat ook Taddeus genoem word, vra: “Here, hoekom wil u uself duidelik aan ons openbaar en nie aan die wêreld nie?” Jesus antwoord: “As iemand my

liefhet, sal hy my woord gehoorsaam, en my Vader sal lief wees vir hom . . . Enigiemand wat nie lief is vir my nie, gehoorsaam nie my woorde nie” (Johannes 14:21-24). Anders as sy volgelinge sien die wêreld nie vir Jesus as die weg, die waarheid en die lewe nie.

Jesus het sy dissipels baie dinge geleer. Maar hoe sal hulle dit alles onthou nadat hy hulle verlaat het? Jesus verduidelik aan hulle: “Die helper, die heilige gees, wat die Vader in my naam sal stuur, sal julle alles leer en julle aan alles herinner wat ek julle vertel het.” Hierdie versekering vertroos hulle, want die apostels het gesien hoe kragtig die heilige gees is. Dan sê Jesus: “Terwyl ek nog by julle is, sal ek aanhou om julle die vrede te gee wat julle nou geniet. . . . Moenie dat julle harte bekommerd of bang word nie” (Johannes 14:26, 27). Die dissipels het dus geen rede om bekommerd te wees nie. Hulle sal riglyne en beskerming van Jesus se Vader kry.

Bewyse van God se beskerming sal binnekort gesien word. Jesus sê: “Die heerser van die wêreld kom, en hy het geen mag oor my nie” (Johannes 14:30). Die Duiwel het dit reggekry om Judas te beïnvloed. Maar Jesus het geen swakhede wat Satan kan gebruik om hom teen God te draai nie. En die Duiwel sal nie kan keer dat Jesus opgewek word nie. Hoekom nie? Jesus sê: “Ek [doen] alles wat die Vader my beveel het om te doen.” Hy is seker dat sy Vader hom sal opwek. – Johannes 14:31.

-
- ◇ Waarheen gaan Jesus, en watter versekering gee hy vir Tomas oor die weg daarheen?
 - ◇ Wat vra Filippus blykbaar vir Jesus?
 - ◇ Hoe sal Jesus se volgelinge groter werke as hy doen?
 - ◇ Hoekom is dit gerusstellend dat die Vader groter as Jesus is?

DISSIPELS MOET VRUGTE DRA EN JESUS SE VRIENDE WEES

JOHANNES 15:1-27

Jesus het sy getroue apostels aangemoedig deur uit die hart met hulle te praat. Dit is laat, miskien ná middernag. Nou vertel Jesus vir hulle 'n illustrasie wat hulle verder aanmoedig:

Hy begin deur te sê: “Ek is die ware wingerdstok, en my Vader is die landbouer” (Johannes 15:1). Sy illustrasie klink soos iets wat honderde jare gelede oor die nasie Israel gesê is. Hulle was Jehovah se wingerdstok genoem (Jeremia 2:21; Hosea 10:1, 2). Maar Jehovah gaan daardie nasie verwerp (Matteus 23:37, 38). So Jesus praat nou oor iets nuuts. Hy het die wingerdstok geword toe sy Vader hom in 29 HJ gesalf het. Maar Jesus wys dat die wingerdstok nie net na hom verwys nie. Hy sê:

“[My Vader] neem elke takkie in my weg wat nie vrugte dra nie, en hy maak elke takkie skoon wat wel vrugte dra, sodat dit nog meer vrugte kan dra. . . . 'n Takkie kan nie vanself vrugte dra as dit nie in die wingerdstok bly nie, en net so kan julle ook nie vrugte dra as julle nie in eenheid met my bly nie. Ek is die wingerdstok, en julle is die takkies.” – Johannes 15:2-5.

Jesus het sy getroue dissipels belowe dat hy 'n helper sou stuur, die heilige gees, nadat hy weggaan. Een-en-vyftig dae later, wanneer die apostels en ander hierdie gees ontvang, word hulle takkies van die wingerdstok. En al die “tak-kies” sal in eenheid met Jesus moet bly. Hoekom?

Hy verduidelik: “As iemand in eenheid met my bly en ek in eenheid met hom, sal hy baie vrugte dra, want sonder my kan julle niks doen nie.” Hierdie “tak-kies” – Jesus se getroue volgelingen – sal baie vrugte dra deur sy eienskappe na te volg, ywerig met ander oor God se Koninkryk te praat en meer dissipels te maak. Wat as iemand nie in eenheid met Jesus bly nie en nie vrug-

te dra nie? Jesus verduidelik: “As iemand nie in eenheid met my bly nie, sal hy soos 'n takkie wees wat uitgegooi en uitgedroog is.” Maar dan sê Jesus: “As julle in eenheid met my bly en my woorde in julle bly, kan julle vra wat julle ook al wil, en dit sal aan julle gegee word.” – Johannes 15:5-7.

Nou praat Jesus weer oor iets wat hy alreeds twee keer genoem het – om sy gebooi te gehoorsaam (Johannes 14:15, 21). Hy beskryf 'n belangrike manier hoe sy dissipels kan wys dat hulle dit doen: “As julle my gebooi gehoorsaam, sal julle in my liefde bly, net soos ek die Vader se gebooi gehoorsaam het en in sy liefde bly.” Maar ons moet meer doen as om net Jehovah God en sy Seun lief te hê. Jesus sê: “Dit is my gebod: Julle moet mekaar liefhê net soos ek julle liefgehad het. Niemand het groter liefde as iemand wat sy lewe vir sy vriende gee nie. Julle is my vriende as julle doen wat ek julle beveel.” – Johannes 15:10-14.

Oor 'n paar uur sal Jesus sy liefde bewys deur sy lewe te gee vir almal wat geloof in hom het. Sy voorbeeld moet sy volgelingen beweeg om dieselfde selfopofferende liefde vir mekaar te hê. Hierdie liefde sal wys dat hulle Jesus se volgelingen is, soos hy vroeër gesê het: “So sal almal weet dat julle my dissipels is – as julle liefde vir mekaar het.” – Johannes 13:35.

Die feit dat Jesus sy apostels “vriende” noem, moet vir hulle belangrik wees. Hy verduidelik hoekom hulle sy vriende is: “Ek noem julle vriende, want ek het julle alles vertel wat ek by my Vader gehoor het.” Wat 'n kosbare verhouding om te hê – om goeie vriende met Jesus te wees en om te weet wat die Vader vir hom gesê het! Maar om Jesus se vriende te wees, moet hulle “[aanhou] om vrugte te dra”. As hulle dit doen, sê Je-


sus: “Wat julle die Vader ook al in my naam vra, [sal] hy vir julle . . . gee.” – Johannes 15:15, 16.

Die liefde wat hierdie “takkies”, sy dissipels, vir mekaar het, sal hulle help om deur die moeilike tye te kom wat voorlê. Hy waarsku hulle dat die wêreld hulle sal haat, maar hy vertrou hulle met die volgende woorde: “As die wêreld julle haat, weet julle dat dit my gehaat het voordat dit julle gehaat het. As julle deel van die wêreld was, sou die wêreld lief wees vir wat syne is. Omdat julle egter geen deel van die wêreld is nie, . . . haat die wêreld julle.” – Johannes 15:18, 19.

Jesus verduidelik verder hoekom die wêreld hulle sal haat deur te sê: “Hulle sal al hierdie dinge aan julle doen as gevolg van my naam, omdat hulle die Een wat my gestuur het, nie ken nie.” Jesus sê dat sy wonderwerke eintlik dié wat hom haat, veroordeel: “Ek het werke onder hulle gedoen wat niemand anders gedoen het nie. As ek dit nie gedoen het nie, sou hulle geen sonde gehad het nie, maar nou het hulle my sowel as my Vader gesien en gehaat.” Hulle haat vervul eintlik Bybelprofesieë. – Johannes 15:21, 24, 25; Psalm 35:19; 69:4.

Jesus belowe weer om die helper, die heilige gees, te stuur. Daardie sterk krag is beskikbaar vir al sy volgelinge en kan hulle help om vrugte te dra, met ander woorde om van Jesus te “getuig”. – Johannes 15:27.

-
- ♦ Wie is die landbouer, wie is die wingerdstok en wie is die takkies in Jesus se illustrasies?
 - ♦ Watter vrugte verwag God moet die takkies dra?
 - ♦ Hoe kan Jesus se dissipels sy vriende wees, en wat sal hulle help om die wêreld se haat te hanteer?
-



“MOENIE BANG WEES NIE! EK HET DIE WÊRELD OORWIN”

JOHANNES 16:1-33

Jesus en die apostels is gereed om uit die bo-kamer te gaan waar hulle die Pasgamaaltyd gehou het. Nadat Jesus hulle ’n hele paar waarskuwings gegee het, sê hy verder: “Ek het hierdie dinge vir julle gesê sodat julle nie sal struikel nie.” Wat kon hulle laat struikel? Hy sê vir hulle: “Die mense sal julle uit die sinagoge ban. Om die waarheid te sê, die uur kom wanneer elkeen wat julle doodmaak, sal dink dat hy ’n heilige diens aan God verrig.” – Johannes 16:1, 2.

Hierdie nuus maak die apostels dalk bang. Al het Jesus vroeër gesê dat die wêreld hulle sou haat, het hy nie direk vir hulle gesê dat hulle doodgemaak sou word nie. Hoekom nie? Hy sê: “Ek het hierdie dinge nie van die begin af vir julle gesê nie, omdat ek by julle was” (Johannes 16:4). Nou waarsku hy hulle voordat hy weggaan. Dit sal hulle dalk help om nie later te struikel nie.

Jesus sê verder: “Ek [gaan] na die Een toe wat my gestuur het, maar nie een van julle vra my: ‘Waarheen gaan u?’ nie.” Vroeër daardie aand het hulle hom gevra waarheen hy gaan (Johannes 13:36; 14:5; 16:5). Maar nou, omdat hulle geskok is oor wat Jesus vir hulle gesê het, kan hulle aan niks anders dink as hulle eie vervolging nie. Daarom vra hulle hom nie verder uit oor die heerlikheid wat hy gaan kry of wat dit vir ware aanbidders sou beteken nie. Jesus kan sien hoe hulle voel en sê: “Omdat ek egter hierdie dinge vir julle gesê het, het julle baie hartseer geword.” – Johannes 16:6.

Dan verduidelik Jesus: “Dit is vir julle eie beswil dat ek weggaan. Want as ek nie weggaan nie, sal die helper nie na julle toe kom nie, maar as ek gaan, sal ek hom na julle toe stuur” (Johannes 16:7). Jesus se dissipels kan net die heilige gees ontvang as hy sterf en hemel toe gaan. Hy kan die heilige gees as ’n helper aan sy volginge stuur, waar hulle ook al op die aarde is.

Die heilige gees “sal . . . vir die wêreld oortuigende bewyse gee in verband met sonde, regverdigheid en oordeel” (Johannes 16:8). Ja, die heilige gees sal wys dat die wêreld nie geloof in God se Seun het nie. Wanneer Jesus hemel toe gaan, sal dit bewys dat hy regverdig is en dat Satan, “die heerser van hierdie wêreld”, dit verdien om geoordeel te word. – Johannes 16:11.

Jesus sê verder: “Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle kan dit nie nou dra nie.” Wanneer hy die heilige gees uitstort, sal dit hulle help om “die hele waarheid” te verstaan, en hulle sal volgens hierdie waarheid kan lewe. – Johannes 16:12, 13.

Die apostels verstaan nie wat Jesus volgende sê nie: “Oor ’n klein rukkie sal julle my nie meer sien nie, en oor ’n klein rukkie sal julle my weer sien.” Hulle vra mekaar wat hy bedoel. Jesus besef dat hulle hom hieroor wil uitvra, en daarom verduidelik hy: “Ek verseker julle: Julle sal huil en treur, maar die wêreld sal bly wees. Julle sal hartseer wees, maar julle hartseer sal in vreugde verander word” (Johannes 16:16, 20). Wanneer Jesus die volgende middag doodgemaak word, is die godsdiensteikers bly, maar die dissipels is hartseer. Dan verander hulle hartseer in vreugde wanneer Jesus opgewek word! En wanneer hy God se heilige gees op hulle uitstort, het hulle nog ’n rede om vreugdevol te wees.

Jesus vergelyk die apostels se situasie met die situasie van ’n vrou wat geboortepyn het en sê: “Wanneer ’n vrou geboorte gee, ervaar sy pyn omdat haar uur gekom het, maar wanneer sy aan die kind geboorte gegee het, onthou sy nie meer die pyn nie, omdat sy bly is dat ’n mens in die wêreld gebore is.” Jesus moedig sy apostels aan deur te sê: “Nou is julle ook hartseer, maar ek sal julle weer sien en julle harte sal bly wees, en nie



mand sal julle vreugde wegneem nie.” – Johannes 16:21, 22.

Tot nou toe het die apostels nog nooit iets in Jesus se naam gevra nie. Nou sê hy: “In daardie dag sal julle die Vader in my naam vra.” Hoekom moet hulle in Jesus se naam vra? Beteken dit dat die Vader hulle nie wil antwoord nie? Nee, want Jesus sê: “Die Vader self is lief vir julle, omdat julle my liefgehad het . . . as God se verteenwoordiger.” – Johannes 16:26, 27.

Jesus se woorde het die apostels dalk so aangemoedig, dat hulle sê: “Hierdeur glo ons dat u van God af gekom het.” Hierdie oortuiging sal binnekort getoets word. Om die waarheid te sê,

Jesus beskryf wat vir hulle voorlê: “Kyk! Die uur kom – eintlik het dit alreeds gekom – wanneer julle verstrooi sal word en elkeen na sy eie huis sal gaan en my alleen sal laat.” Maar hy verseker hulle: “Ek het hierdie dinge vir julle gesê sodat julle deur middel van my vrede kan hê. In die wêreld sal julle moeilike tye deurmaak, maar moenie bang wees nie! Ek het die wêreld oorwin” (Johannes 16:30-33). Nee, Jesus sal hulle nie heeltmaal verlaat nie. Hy is seker dat hulle, net soos hy, die wêreld kan oorwin deur God se wil getrou te doen, al probeer Satan en sy wêreld om hulle teen Jehovah te draai.

-
- ◇ Watter waarskuwing maak Jesus se apostels bang?
 - ◇ Hoekom vra die apostels Jesus nie enige verdere vrae nie?
 - ◇ Watter voorbeeld gebruik Jesus om te wys hoe die apostels se hartseer in vreugde sal verander?

JESUS SE LAASTE GEBED IN DIE BO-KAMER

JOHANNES 17:1-26

Jesus is baie lief vir sy apostels, en daarom berei hy hulle voor vir die tyd wanneer hy weggaan. Hy kyk nou op na die hemel en praat met sy Vader in gebed: “Verheerlik u seun, sodat u seun u kan verheerlik. U het hom gesag oor alle mense gegee, sodat hy ewige lewe kan gee aan almal wat u aan hom gegee het.” – Johannes 17:1, 2.

Dit is duidelik dat Jesus erken dat niks belangriker is as om God te verheerlik nie. Maar hy noem ook iets wonderliks waarna die mensdom kan uitsien – die ewige lewe! Omdat Jesus “gesag oor alle mense gegee” is, kan hy die mensdom ewige lewe gee. Maar nie almal sal dit ontvang nie. Hoekom nie? Omdat Jesus net die ewige lewe sal gee aan dié wat doen wat Jesus volgende sê: “Om die ewige lewe te ontvang, moet hulle u leer ken, die enigste ware God, en ook die een wat u gestuur het, Jesus Christus.” – Johannes 17:3.

’n Persoon moet die Vader en die Seun goed leer ken en ’n goeie verhouding met hulle hê. Hy moet oor dinge voel, soos hulle daarvoor voel. Hy moet ook probeer om hulle wonderlike eienskappe na te volg wanneer hy met ander te doen het. En hy moet beseft dat om God te verheerlik belangriker is as om ewige lewe te ontvang. Nou praat Jesus weer oor hierdie onderwerp:

“Ek het u op die aarde verheerlik, omdat ek die werk voltooi het wat u my gegee het om te doen. En nou, Vader, verheerlik my met die eer wat ek by u gehad het voordat die wêreld daar was” (Johannes 17:4, 5). Ja, Jesus vra om weer die heerlikheid te hê wat hy voorheen in die hemel gehad het deur middel van ’n opstanding.

Maar Jesus het nie vergeet wat hy in die bediening gedoen het nie. Hy bid: “Ek het u naam bekend gemaak aan die mense wat u aan my uit die wêreld gegee het. Hulle het aan u behoort, en

u het hulle aan my gegee, en hulle het u woord gehoorsaam” (Johannes 17:6). Jesus het nie net God se naam, Jehovah, in sy bediening bekend gemaak nie. Hy het sy apostels gehelp om te leer wat die naam verteenwoordig – God se eienskappe en die manier waarop hy mense behandel.

Die apostels het Jehovah, die rol van sy Seun en die dinge wat Jesus ander geleer het, leer ken. Jesus sê nederig: “Ek het die woorde wat u aan my gegee het, aan hulle gegee. Hulle het dit aanvaar en weet nou beslis dat ek as u verteenwoordiger gekom het, en hulle het geglo dat u my gestuur het.” – Johannes 17:8.

Dan wys Jesus dat daar ’n verskil is tussen sy volgelingen en die mensdom oor die algemeen: “Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir dié wat u aan my gegee het, omdat hulle aan u behoort . . . Heilige Vader, waak oor hulle ter wille van u naam, die naam wat u my gegee het, sodat hulle een kan wees net soos ons een is. . . . Ek het hulle beskerm, en nie een van hulle is vernietig nie, behalwe die seun van die vernietiging,” dit is Judas Iskariot, wat vir Jesus gaan verraai. – Johannes 17:9-12.

Jesus bid verder: “Die wêreld het hulle gehaat . . . Ek vra nie dat u hulle uit die wêreld neem nie, maar dat u hulle teen die Duiwel beskerm. Hulle is geen deel van die wêreld nie, net soos ek geen deel van die wêreld is nie” (Johannes 17:14-16). Die apostels en ander dissipels is in die wêreld, die mensdom waarvoor Satan heers, maar hulle moet wegbly van die wêreld en sy slegtheid. Hoe?

Hulle moet heilig wees, met ander woorde hulle moet God alleenlik dien, deur die waarhede in die Hebreeuse Geskrifte en die waarhede wat Jesus hulle geleer het, toe te pas. Jesus

bid: “Maak hulle heilig deur middel van die waarheid. U woord is die waarheid” (Johannes 17:17). Later sal van die apostels geïnspireerde boeke skryf wat ook deel van “die waarheid” sal wees wat ’n persoon kan help om heilig te wees.

Maar later sal daar ook ander wees wat “die waarheid” sal aanvaar. Daarom bid hy “nie net vir hulle [dié wat daar is] nie, maar ook vir dié wat deur hulle woorde geloof in [hom] stel”. Wat vra Jesus nou vir God? “Vader, op hierdie manier kan hulle almal een wees en in eenheid met ons wees, net soos u in eenheid met my is en ek in eenheid met u” (Johannes 17:20, 21). Jesus en sy Vader is nie letterlik een persoon nie. Hulle is een omdat hulle oor alles saamstem. Jesus bid dat sy volgelinge ook hierdie selfde eenheid kan geniet.

Nie lank terug nie het Jesus vir Petrus en die ander gesê dat hy gaan om vir hulle ’n plek voor te berei, met ander woorde ’n plek in die hemel (Johannes 14:2, 3). Jesus praat nou weer hieroor in gebed: “Vader, ek wil hê dat dié wat u aan my gegee het, saam met my moet wees, sodat hulle die heerlijkheid kan sien wat u my gegee het, want u het my voor die begin van die mensdom liefgehad” (Johannes 17:24). Hiermee bevestig hy dat voordat Adam en Eva kinders gehad het, het God sy eniggebore Seun liefgehad, wat Jesus Christus geword het.

Jesus sluit sy gebed af deur weer sy Vader se naam en God se liefde vir die apostels en vir ander wat nog “die waarheid” sal aanvaar, te beklemtoon. Hy sê: “Ek het u naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak, sodat die liefde waarmee u my liefgehad het, in hulle kan wees en ek in eenheid met hulle.” – Johannes 17:26.



- ◇ Wat beteken dit om God en sy Seun te leer ken?
- ◇ Hoe het Jesus God se naam bekend gemaak?
- ◇ Hoe is God, sy Seun en alle ware aanbidters een?

JESUS BID TERWYL HY VERSKRILIK HARTSEER IS

MATTEUS 26:30, 36-46 MARKUS 14:26, 32-42 LUKAS 22:39-46 JOHANNES 18:1

Nadat Jesus en sy getroue apostels klaar gebid het en 'lofliedere gesing het, gaan hulle na die Olyfberg' (Markus 14:26). Hulle gaan ooswaarts na 'n tuin wat Getsemane genoem word, 'n plek waar Jesus gewoonlik gaan.

Wanneer hulle by hierdie pragtige plek tussen die olyfbome aankom, sê Jesus vir agt van sy apostels om agter te bly. Dalk is hulle naby die ingang van die tuin, want Jesus sê vir hulle: "Sit hier terwyl ek daar gaan bid." Jesus vat drie van sy apostels saam – Petrus, Jakobus en Johannes – en gaan verder in die tuin. Hy word baie angstig en sê vir hulle: "Ek is verskriklik hartseer, ja, tot die dood toe. Bly hier en bly wakker saam met my." – Matteus 26:36-38.

Jesus gaan 'n entjie weg van hulle en 'val neer op die grond en begin bid'. Waaroor bid hy tot God op hierdie intense oomblik? Hy bid: "Vader, alles is vir u moontlik. Neem hierdie beker van my af weg. Maar nie wat ek wil nie, maar wat u wil" (Markus 14:35, 36). Wat bedoel hy? Wil hy nie meer die een wees wat die losprys betaal nie? Glad nie!

Jesus het uit die hemel gesien hoe ander wreed deur die Romeine doodgemaak is. So hy het glad nie uitgesien om op so 'n wrede manier doodgemaak te word nie. Maar nog belangriker, Jesus is angstig omdat hy dink dat sy dood as 'n slegte misdadiger dalk oneer op sy Vader se naam sal bring. Oor 'n paar uur gaan hy aan 'n paal gehang word asof hy 'n godslasteraar is.

Nadat Jesus lank gebid het, gaan hy terug na die drie apostels en sien hy dat hulle slaap. Hy sê vir Petrus: "Kon julle nie eers een uur saam met my wakker bly nie? Hou aan waak en bid aanhoudend, sodat julle nie in versoeking kom nie." Jesus besef dat die apostels ook onder stres is en dat dit al laat is. Hy sê verder: "Die gees is na-

tuurlik gretig, maar die vlees is swak." – Matteus 26:40, 41.

Dan gaan Jesus vir 'n tweede keer weg en vra dat God "hierdie beker" van hom moet wegvat. Wanneer hy teruggaan na die drie apostels sien hy dat hulle weer slaap terwyl hulle eintlik moes bid dat hulle nie in versoeking kom nie. Wanneer Jesus met hulle praat, 'weet hulle nie wat om vir hom te sê nie' (Markus 14:40). Jesus gaan vir 'n derde keer weg en gaan op sy knieë om te bid.

Jesus is baie bekommerd oor die oneer wat sy dood as 'n misdadiger op sy Vader se naam sal bring. Maar Jehovah hoor sy Seun se gebed, en op die een of ander stadium stuur God 'n engel om hom te versterk. Maar Jesus hou nie op om sy Vader te smek nie en hy 'hou aan om nog ernstiger te bid'. Die emosionele stres is oorweldigend. Hy het 'n baie groot verantwoordelikheid wat op sy skouers rus! Sy eie ewige lewe en die ewige lewe van mense wat geloof in God stel, is op die spel. Om die waarheid te sê, 'sy sweet

SY SWEET WORD SOOS BLOEDDRUPPELS

Die dokter Lukas verduidelik nie hoe Jesus se sweet "soos bloeddruppels geword" het nie (Lukas 22:44). Lukas het dalk 'n vergelyking gemaak dat die sweet soos bloed is wat uit 'n seerplek kom. Dr. William D. Edwards van *The Journal of the American Medical Association* (JAMA) het 'n ander moontlikheid genoem: "Hoewel dit 'n baie seldsame verskynsel is, kom bloedsweet (hematidrose . . .) wel soms onder hoogs emosionele toestande voor . . . As gevolg van bloeding in die sweetkliere word die vel teer en swak."



word soos bloeddruppels wat op die grond val'.
– Lukas 22:44.

Wanneer Jesus vir die derde keer na sy apostels teruggaan, sien hy dat hulle weer slaap. Hy sê: “Op ’n tyd soos hierdie slaap julle en rus jul-

le! Die tyd het gekom vir die Seun van die mens om verraai te word en aan sondaars oorgelewer te word. Staan op, laat ons gaan. Kyk! My verraaiër is naby.” – Matteus 26:45, 46.

-
- ◇ Waarheen vat Jesus die apostels nadat hulle uit die bo-kamer uitgaan?
 - ◇ Wat doen drie apostels terwyl Jesus bid?
 - ◇ Jesus se sweet het soos bloeddruppels geword. Wat leer dit ons oor sy gevoelens?

CHRISTUS WORD VERRAAI EN IN HEGTENIS GENEEM

MATTEUS 26:47-56 MARKUS 14:43-52 LUKAS 22:47-53 JOHANNES 18:2-12

Dit is ná middernag. Die priesters het ingestem om Judas 30 silwerstukke te betaal om Jesus te verrai. En daarom volg 'n groot groep hoofpriesters en Fariseërs Judas opsoek na Jesus. 'n Groep Romeinse soldate met 'n militêre bevelvoerder is saam met hulle.

Toe Jesus Judas gevra het om die Pasgamaaltyd te verlaat, het Judas direk na die hoofpriesters gegaan (Johannes 13:27). Hulle het hulle eie beamptes bymekaargemaak sowel as 'n groep soldate. Judas het hulle dalk eers na die kamer toe gevat waar Jesus en sy apostels die Pasgagewier het. Maar nou het die skare oor die Kidron-vallei geloop en is hulle op pad na die tuin. Hulle het nie net wapens by hulle nie, maar ook lampe en fakkels en is vasbeslote om Jesus te vind.

Terwyl Judas saam met hulle by die Olyfberg opgaan, is hy seker dat hy weet waar om Jesus te kry. Gedurende die laaste week, terwyl Jesus en die apostels heen en weer tussen Betanië en Jerusalem gereis het, het hulle gereeld in die tuin van Getsemane gestop. Maar nou is dit aand, en Jesus is dalk in die skaduwee van die olyfbome in die tuin. So hoe sal die soldate, wat dalk nog nie vir Jesus gesien het nie, weet dat dit hy is? Om hulle te help, sal Judas vir hulle 'n teken gee. Hy sê: “Die een wat ek soen, dit is hy. Neem hom in hegtenis en lei hom weg en maak seker dat hy nie wegkom nie.” – Markus 14:44.

Terwyl Judas en die skare in die tuin instap, sien hy vir Jesus saam met sy apostels en loop hy reguit na hom toe. “Goeiedag, Rabbi!” sê Judas en soen vir Jesus. “Vriend, hoekom is jy hier?” vra Jesus (Matteus 26:49, 50). Jesus beantwoord sy eie vraag en sê: “Judas, verrai jy die Seun van die mens met 'n soen?” (Lukas 22:48). Maar dit is nou genoeg van Judas!

Jesus stap nou vorentoe en staan in die lig van die fakkels en lampe en vra: “Na wie soek julle?” Die skare antwoord hom: “Jesus die Nasarener.” Jesus sê dapper: “Dit is ek” (Johannes 18:4, 5). Hulle weet nie wat om te verwag nie en val op die grond neer.

Jesus gebruik nie hierdie geleentheid om te vlug nie, maar vra eerder weer na wie hulle soek. Wanneer hulle weer sê: “Jesus die Nasarener”, sê hy kalm vir hulle: “Ek het vir julle gesê dat dit ek is. As julle dan na my soek, laat hierdie manne gaan.” Selfs in hierdie oomblik onthou Jesus wat hy vroeër gesê het, dat hy nie een van hulle sal verloor nie (Johannes 6:39; 17:12). Jesus het sy getroue apostels beskerm en hy het nie een van hulle verloor nie, “behalwe die seun van die vernietiging” – Judas (Johannes 18:7-9). En daarom vra hy dat hulle sy getroue volgelinge laat gaan.

Terwyl die soldate nader na Jesus toe kom, besef die apostels wat besig is om te gebeur. “Here, moet ons hulle met die swaard aanval?” vra hulle (Lukas 22:49). Voordat Jesus hulle kan antwoord, swaai Petrus een van die swaarde wat die apostels by hulle het en kap Malgus, 'n slaaf van die hoëpriester, se oor af.

Jesus raak aan Malgus se oor en maak hom gesond. Dan leer hy hulle 'n belangrike les deur vir Petrus te sê: “Sit jou swaard terug in sy plek, want almal wat die swaard gebruik, sal met die swaard doodgemaak word.” Jesus is bereid om in hegtenis geneem te word, want hy verduidelik: “Hoe sal die Skrif wat sê dat dit so moet gebeur, dan vervul word?” (Matteus 26:52, 54). Hy sê verder: “Moet ek nie die beker drink wat die Vader aan my gegee het nie?” (Johannes 18:11). Jesus stem saam met God se wil vir hom, al beteken dit dat hy moet sterf.

Jesus vra die skare: “Het julle met swaarde en knuppels gekom om my in hegtenis te neem asof ek ’n rower is? Dag ná dag het ek in die tempel gesit en die mense geleer, en tog het julle my nie in hegtenis geneem nie. Maar al hierdie dinge het gebeur sodat wat die profete geskryf het, vervul sou word.” – Matteus 26:55, 56.

Die soldate, die militêre bevelvoerder en die

beamptes van die Jode arresteer Jesus en boei hom. Toe die apostels dit sien, hardloop hulle weg. Maar “’n sekere jong man” – dalk die dissipel Markus – bly tussen die mense sodat hy Jesus kan volg (Markus 14:51). Die skare erken die jong man en probeer hom vang, en daarom los hy sy linnekleed agter terwyl hy probeer weghardloop.



- ◇ Hoekom soek Judas vir Jesus in die tuin van Getsemane?
- ◇ Wat doen Petrus om Jesus te help, maar wat sê Jesus hieroor?
- ◇ Hoe wys Jesus dat hy saamstem met God se wil vir hom?
- ◇ Wanneer die apostels weghardloop, wie bly agter, en wat gebeur dan?

JESUS WORD NA ANNAS EN DAN NA KAJAFAS GENEEM

MATTEUS 26:57-68 MARKUS 14:53-65 LUKAS 22:54, 63-65 JOHANNES 18:13, 14, 19-24

Noudat Jesus soos 'n gewone misdadiger geboei is, neem hulle hom na Annas, wat die hoëpriester was toe jong Jesus die onderrigters by die tempel verbaas het (Lukas 2:42, 47). Party van Annas se seuns het later as hoëpriesters gedien, en nou is sy skoonseun Kajafas die hoëpriester.

Terwyl Jesus by Annas se huis is, het Kajafas tyd om die Sanhedrin bymekaar te maak. Die hof bestaan uit 71 lede wat die hoëpriester en ander wat voorheen daardie posisie gehad het, insluit.

Annas vra Jesus uit oor “sy dissipels en oor wat hy die mense geleer het”. Jesus sê eenvoudig: “Ek het in die openbaar met die wêreld gepraat. Ek het mense altyd in 'n sinagoge en in die

tempel geleer, waar al die Jode bymekaarkom, en ek het niks in die geheim gesê nie. Hoekom ondervra u my? Ondervra die mense wat gehoor het wat ek gesê het.” – Johannes 18:19-21.

'n Beampte wat daar staan klap Jesus in die gesig en sê: “Is dit hoe jy die hoofpriester antwoord?” Maar Jesus, wat weet dat hy niks verkeers gedoen het nie, sê: “As ek iets verkeers gesê het, sê dan wat ek gesê het. Maar as wat ek gesê het, reg is, hoekom slaan jy my?” (Johannes 18:22, 23). Dan stuur Annas Jesus na sy skoonseun Kajafas.

Teen hierdie tyd is die hele Sanhedrin al bymekaar – die hoëpriester, die ouermanne van die



mense en die skrifgeleerdes. Hulle kom by Kajafas se huis bymekaar. Dit is onwettig om so 'n verhoor op die aand van die Pasga te hou, maar dit keer hulle nie, hulle hou aan met hulle slegte plan.

Hierdie groep het al klaar besluit wat hulle met Jesus wil doen. Nadat Jesus Lasarus opgewek het, het die Sanhedrin besluit dat Jesus doodgemaak moet word (Johannes 11:47-53). En net 'n paar dae gelede het die godsdiensteleiers planne gemaak om Jesus te vang en dood te maak (Matteus 26:3, 4). Ja, selfs voordat Jesus se verhoor begin, is hy so goed as dood veroordeel!

Behalwe die feit dat hulle onwettig bymekaar kom, probeer die hoofpriesters en ander van die Sanhedrin om getuies te kry wat valse getuienis sal lewer sodat hulle 'n saak teen Jesus kan maak. Hulle kry baie mense, maar wat hierdie mense sê, stem nie ooreen nie. Uiteindelik is daar twee getuies wat sê: "Ons het hom hoor sê: 'Ek sal hierdie tempel wat met hande gemaak is, afbreek en in drie dae 'n ander een bou wat nie met hande gemaak is nie'" (Markus 14:58). Maar selfs hulle stem nie heeltemal met mekaar saam nie.

Kajafas vra toe vir Jesus: "Het jy niks om te sê nie? Hoor jy nie waarvan hierdie mans jou beskuldig nie?" (Markus 14:60). Jesus sê niks oor hierdie valse aanklag wat deur getuies gemaak is wat se stories nie eers ooreenstem nie. So nou probeer die hoëpriester Kajafas 'n ander taktiek.

Kajafas weet dat die Jode sensitief is oor enigiemand wat sê dat hy die Seun van God is. Vroeër, toe Jesus gesê het dat God sy Vader is, wou die Jode hom doodmaak omdat hulle gesê het dat hy 'hom aan God gelykmaak' (Johannes 5:17, 18; 10:31-39). Kajafas is bewus hiervan daarom sê hy: "Ek beveel jou om voor die lewende God te sweer dat jy die waarheid sal praat en vir ons sal sê of jy die Christus, die Seun van God, is!" (Matteus 26:63). Jesus het natuurlik al erken dat hy die Seun van God is (Johannes 3:18; 5:25; 11:4). As hy dit nie nou erken nie, is dit asof hy sê dat hy nie God se Seun en die Christus is nie. Daarom sê Jesus: "Ek is, en julle sal die Seun van die mens aan die regterhand van die Magtige sien sit en met die wolke van die hemel sien kom." – Markus 14:62.

Toe Kajafas dit hoor, skeur hy sy bo-klere en sê: "Hy het gelaster! Waarvoor het ons nog getuies nodig? Nou het julle self gehoor hoe hy laster. Wat dink julle?" Die Sanhedrin gee toe die onregverdige oordeel: "Hy verdien om te sterf." – Matteus 26:65, 66.

Toe begin hulle Jesus spot en met hulle vuiste slaan. Ander klap hom en spoeg in sy gesig. Nadat hulle sy gesig bedek, slaan hulle hom en sê hulle sarkasties: "Profeteer! Wie is dit wat jou geslaan het?" (Lukas 22:64). Hier word die Seun van God mishandel gedurende 'n onwettig verhoor in die nag!

-
- ◇ Waarheen word Jesus eers geneem, en wat gebeur daar met hom?
 - ◇ Waarheen word Jesus volgende geneem, en wat doen Kajafas om die Sanhedrin te kry om te sê dat Jesus verdien om doodgemaak te word?
 - ◇ Hoe word Jesus gedurende die verhoor mishandel?

PETRUS SÊ DAT HY JESUS NIE KEN NIE

MATTEUS 26:69-75 MARKUS 14:66-72 LUKAS 22:54-62 JOHANNES 18:15-18, 25-27

Toe Jesus in die tuin van Getsemane in hegtenis geneem is, het die apostels weggehardloop omdat hulle bang was. Maar twee van hulle het ophou hardloop. Dit is Petrus “sowel as ’n ander dissipel”, blykbaar die apostel Johannes (Johannes 18:15; 19:35; 21:24). Hulle kry dalk vir Jesus by Annas se huis. Wanneer Annas Jesus na die hoëpriester Kajafas stuur, volg Petrus en Johannes op ’n afstand. Hulle is moontlik in twee geskeur omdat hulle vrees vir hulle eie lewe, maar hulle is ook bekommerd oor wat met hulle Meester gaan gebeur.

Die hoëpriester ken vir Johannes, en daarom word hy toegelaat om in die binnehof van Kajafas se huis in te gaan. Petrus bly buite by die deur totdat Johannes terugkom en met die diensmeisie praat wat die deurwagter is. Dan word Petrus toegelaat om in te gaan.

Dit is koud, en daarom het die mense in die binnehof ’n vuur gemaak. Petrus sit by hulle om warm te bly terwyl hy wag om te sien wat met Jesus se verhoor gaan gebeur (Matteus 26:58). Noudat daar lig is as gevolg van die vuur, kan die deurwagter wat Petrus ingelaat het, hom beter sien. Sy vra: “Is jy nie ook een van hierdie man se dissipels nie?” (Johannes 18:17). En sy is nie die enigste een wat Petrus herken en sê dat hy saam met Jesus was nie. – Matteus 26:69, 71-73; Markus 14:70.

Petrus skrik en word bang. Hy probeer om nie aandag te trek nie en loop selfs weg en gaan staan by die ingang. So Petrus ontken dat hy saam met Jesus was en sê: “Ek ken hom nie en ek weet ook nie waarvan jy praat nie” (Markus 14:67, 68). Hy begin ook “sweer dat hy die waarheid praat,” wat beteken dat hy bereid is om deur God gestraf te word as hy nie die waarheid praat nie. – Matteus 26:74.

Intussen is Jesus se verhoor aan die gang, blykbaar in ’n gedeelte van Kajafas se huis wat bokant die binnehof is. Petrus en die ander wat aan die onderkant wag, sien dalk hoe verskillende mense kom en gaan wat gevra is om teen Jesus te getuig.

Hulle kan aan Petrus se aksent hoor dat hy van Galilea is, en dit is ’n bewys dat hy nie die waarheid praat nie. En iemand in die groep is ’n familielid van Malgus, wie se oor Petrus afgekap het. So hy sê ook vir Petrus: “Het ek jou nie in die tuin saam met hom gesien nie”? Wanneer Petrus dit vir ’n derde keer ontken, kraai ’n haan soos voorspel is. – Johannes 13:38; 18:26, 27.

Op daardie stadium staan Jesus blykbaar op ’n balkon wat oor die binnehof uitkyk. Die Here draai om en kyk reguit na Petrus. Dit moet Petrus sekerlik verskriklik seermaak. Hy dink aan wat Jesus net ’n paar uur vroeër in die bo-kamer gesê het. Dink net hoe Petrus voel terwyl hy besef wat hy gedoen het! Petrus gaan buitentoe en huil bitterlik. – Lukas 22:61, 62.

Hoe kon dit gebeur? Hoe kon Petrus – wat so seker was dat hy geestelik sterk is en getrou sal bly – sê dat hy sy Meester nie ken nie? Die waarheid word verdraai, en Jesus word as ’n slegte misdadiger uitgemaak. Toe Petrus ’n onskuldige man kon verdedig, het hy sy rug gedraai op die Een wat “woorde van die ewige lewe” het. – Johannes 6:68.

Petrus se hartseer ondervinding wys dat selfs ’n persoon wat sterk geloof het en toegewy is aan God, sy balans kan verloor as hy nie voorbereid is vir beproewinge of versoekings wat hy nie verwag het nie. Laat Petrus se ondervinding vir al God se knegte ’n waarskuwing wees!



- ◇ Hoe kry Petrus en Johannes toestemming om in die binnehof van Kajafas se huis in te gaan?
- ◇ Wat is besig om in Kajafas se huis te gebeur terwyl Petrus en Johannes in die binnehof is?
- ◇ Wat het Petrus volgens Matteus 26:74 gedoen, en wat beteken dit?
- ◇ Watter ernstige les leer ons uit Petrus se ondervinding?

HULLE NEEM JESUS NA PILATUS

MATTEUS 27:1-11 MARKUS 15:1 LUKAS 22:66-23:3 JOHANNES 18:28-35

Die nag is amper verby wanneer Petrus Jesus vir die derde keer ontken. Die lede van die Sanhedrin is nou klaar met hulle onwettige verhoor en gaan van mekaar af weg. Vrydagoggend kom hulle weer bymekaar, waarskynlik om die onwettige verhoor wat hulle in die nag gehou het, wetlig te laat lyk. Jesus word voor hulle gebring.

Die hof sê weer: “As jy die Christus is, sê vir ons.” Jesus antwoord: “Al sê ek dit vir julle, sal julle dit glad nie glo nie. En al sou ek julle ’n vraag vra, sal julle nie antwoord nie.” Maar Jesus wys dapper vir hulle dat hy die een is wat in Daniël 7:13 voorspel is. Hy sê: “Van nou af sal die Seun van die mens aan die magtige regterhand van God sit.” – Lukas 22:67-69; Matteus 26:63.

Hulle hou aan vra: “Is jy dan die Seun van God?” Jesus antwoord: “Julle sê self dat ek is.” Dit lyk of hierdie antwoord die Jode se besluit regverdig om Jesus op grond van godslastering dood te maak. “Hoekom het ons nog getuienis nodig?” vra hulle (Lukas 22:70, 71;

Markus 14:64). Hulle boei Jesus en neem hom na die Romeinse goewerneur Pontius Pilatus.

Judas Iskariot sien dalk hoe hulle Jesus na Pilatus toe neem. Wanneer Judas besef dat Jesus veroordeel is, voel hy spyt. Maar in plaas daarvan om vir God te wys dat hy regtig jammer is, gaan gee hy die 30 silwerstukke terug. Judas sê vir die hoofpriesters: “Ek het gesondig toe ek onskuldige bloed verraai het.” Maar hulle antwoord wys dat hulle nie omgee nie: “Wat het dit met ons te doen? Dit is jou probleem!” – Matteus 27:4.

Judas gooi die 30 silwerstukke in die tempel en maak dinge nog erger deur te probeer om homself dood te maak. Terwyl Judas probeer om homself te hang, breek die tak blykbaar waaraan hy die tou vasmaak. Sy liggaam val op die rotse en bars oop. – Handeling 1:17, 18.

Dit is nog vroeg in die oggend wanneer Jesus na Pontius Pilatus se paleis geneem word. Die Jode wat hom daarnatoe neem, weier om in te



gaan. Hulle dink dat dit hulle onrein sal maak as hulle in kontak kom met nie-Jode. Dit sal beteken dat hulle nie die maaltyd op 15 Nisan mag eet nie, die eerste dag van die Fees van die Ongeguurde Brode, wat as deel van die Pasga-tydperk beskou word.

Pilatus kom uit en vra hulle: “Waarvan beskuldig julle hierdie man?” Hulle antwoord: “As hierdie man nie ’n misdadiger was nie, sou ons hom nie aan u oorgelewer het nie.” Pilatus voel dalk onder druk, en daarom sê hy: “Vat hom dan en oordeel hom volgens julle wet.” Die Jode wys dat dit hulle plan is om Jesus dood te maak, hulle sê: “Ons het nie die reg om enigiemand dood te maak nie.” – Johannes 18:29-31.

As hulle Jesus gedurende die Pasgafees doodmaak, sal dit die mense sekerlik baie kwaad maak en sal hulle dalk in opstand kom. Maar as hulle die Romeine kan kry om Jesus dood te maak op grond van ’n aanklag teen die Romeinse regering, wat die Romeine die reg het om te doen, sal hierdie Jode nie voor die mense verantwoordelik gehou word nie.

Die godsdiensteleiers sê nie vir Pilatus dat hulle Jesus vir godslastering veroordeel het nie. Nou beskuldig hulle hom van ’n klomp ander dinge wat nie waar is nie: “Ons het vasgestel dat hierdie man [1] ons nasie opstandig maak. [2] Hy verbied mense om belasting aan die keiser te betaal en [3] sê dat hy Christus, ’n koning, is.” – Lukas 23:2.

As ’n verteenwoordiger van Rome, het Pilatus rede om bekommerd te wees oor die aanklag dat

Jesus sê dat hy ’n koning is. So Pilatus gaan weer by die paleis in, roep Jesus na hom toe en vra: “Is jy die Koning van die Jode?” Met ander woorde: ‘Het jy die wet van die regering verbreek deur te sê dat jy ’n koning is in opstand teen die keiser?’ Dalk om uit te vind wat Pilatus alreeds van hom gehoor het, sê Jesus: “Sê u dit uit uself, of het ander u van my vertel?” – Johannes 18:33, 34.

Pilatus beweer dat hy niks van Jesus weet nie, maar dat hy graag meer wil weet. Hy sê: “Ek is mos nie ’n Jood nie.” Hy sê verder: “Jou eie nasie en die hoofpriesters het jou aan my oorgelewer. Wat het jy gedoen?” – Johannes 18:35.

Jesus probeer nie om die vraag of hy ’n koning is te vermy nie. Hy antwoord op ’n manier wat goewerneur Pilatus sekerlik verbaas.

DIE BLOEDGROND Die hoofpriesters is nie seker oor wat om met die silwerstukke te doen wat Judas in die tempel gooi nie. Hulle sê: “Dit mag nie in die heilige skatkamer gesit word nie, want dit is bloedgeld.” So hulle gebruik die geld om die pottebakker se grond te koop om vreemdelinge daar te begrawe. Daarom word dit “Bloedgrond” genoem.

– Matteus 27:6-8.



- ◇ Hoekom kom die Sanhedrin weer in die oggend bymekaar?
- ◇ Hoe gaan Judas dood, en wat gebeur met die 30 silwerstukke?
- ◇ Op watter aanklagte wil die Jode hê moet Pilatus Jesus laat doodmaak?

ONSKULDIG BEVIND DEUR PILATUS EN HERODES

MATTEUS 27:12-14, 18, 19 MARKUS 15:2-5 LUKAS 23:4-16 JOHANNES 18:36-38

Jesus probeer dit nie vir Pilatus wegsteek dat hy 'n koning is nie. Maar Rome hoef nie bekommerd te wees oor sy Koninkryk nie. Jesus sê: “My Koninkryk is geen deel van hierdie wêreld nie. As my Koninkryk deel van hierdie wêreld was, sou my volgelingen geveg het sodat ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar my Koninkryk is nie van hier nie” (Johannes 18:36). Ja, Jesus het 'n Koninkryk, maar dit is nie van hierdie wêreld nie.

Maar Pilatus laat die saak nie daar nie. Hy vra: “Wel, is jy 'n koning?” Jesus se antwoord wys vir Pilatus dat hy reg is oor die feit dat hy 'n koning is. Hy sê: “U sê self dat ek 'n koning is. Hiervoor is ek gebore en hiervoor het ek in die wêreld ingekom, om van die waarheid te getuig. Elkeen wat aan die kant van die waarheid is, luister na my stem.” – Johannes 18:37.

Jesus het vroeër vir Tomas gesê: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe.” Nou hoor Pilatus ook dat die rede hoekom Jesus aarde toe gestuur is, is om van “die waarheid” te getuig, die waarheid oor sy Koninkryk. Jesus is vasbeslote om getrou te bly aan hierdie waarheid selfs al moet hy sy lewe verloor. Pilatus vra: “Wat is waarheid?”, maar hy wag nie vir 'n antwoord nie. Hy voel dat hy genoeg gehoor het om te besluit wat met hierdie man moet gebeur. – Johannes 14:6; 18:38.

Pilatus gaan nou terug na die skare wat buite die paleis wag. Jesus staan blykbaar langs hom wanneer hy vir die hoofpriesters en dié wat saam met hulle is, sê: “Ek vind nie bewyse dat hierdie man enige misdaad gepleeg het nie.” Die skare is kwaad oor hierdie besluit en sê: “Hy steek die volk op deur die mense in die hele Judea te leer, van Galilea af en selfs tot hier.” – Lukas 23:4, 5.

Pilatus is sekerlik verbaas oor hoe onredelik die Jode is. Terwyl die hoofpriesters en ou-

ermanne aanhou skree, vra Pilatus vir Jesus: “Hoor jy nie al die dinge waarvan hulle jou beskuldig nie?” (Matteus 27:13). Jesus antwoord hom nie. Dit verbaas Pilatus om te sien hoe kalm Jesus bly, al sê hulle al hierdie dinge wat nie waar is nie.

Die Jode het gesê dat Jesus “van Galilea af” begin het. Pilatus besef dat Jesus eintlik 'n Galileër is. Dit gee Pilatus 'n idee oor hoe hy dalk weg kan kom van die verantwoordelikheid om Jesus te oordeel. Herodes Antipas (die seun van Herodes die Grote) is die heerser van Galilea, en hy is in Jerusalem vir die Pasgeseisoen. So Pilatus stuur Jesus na Herodes. Dit is Herodes Antipas wat Johannes die Doper se kop laat afkap het. Later, toe Herodes hoor dat Jesus wonderwerke doen, was hy bekommerd dat Jesus dalk Johannes is wat uit die dood opgewek is. – Lukas 9:7-9.

Herodes is nou baie bly dat hy Jesus gaan sien. Dit is nie omdat hy Jesus wil help of wil uitvind of die beskuldigings teen hom waar is nie. Herodes is maar net nuuskierig en hy ‘hoop dat Jesus die een of ander teken sal doen’ (Lukas 23:8). Maar Jesus gee hom nie wat hy wil hê nie. Om die waarheid te sê, terwyl Herodes hom vra, sê Jesus nie 'n woord nie. Herodes is teleurgesteld en hy en sy soldate “verneder” Jesus (Lukas 23:11). Hulle trek vir hom 'n mooi kleed aan en spot hom. Dan stuur Herodes Jesus terug na Pilatus. Herodes en Pilatus was vyande, maar nou word hulle goeie vriende.

Wanneer Jesus teruggaan na Pilatus, roep hy die hoofpriesters, die Joodse leiers en die mense en sê: “Ek het hom voor julle verhoor, maar ek kon geen bewyse vind van die aanklagte wat julle teen hierdie man inbring nie. Herodes kon ook nie enige bewyse vind nie, want hy het hom na ons toe teruggestuur, en hy het niks gedoen wat



die dood verdien nie. Ek sal hom dus straf en vrylaat.” – Lukas 23:14-16.

Pilatus wil Jesus baie graag vrylaat, want hy beseft dat die priesters Jesus net oorhandig het omdat hulle jaloers is. Terwyl Pilatus probeer om Jesus vry te laat, kry hy nog ’n rede om dit te doen. Terwyl hy op sy regterstoel sit, stuur sy

vrou vir hom die volgende boodskap: “Jy moet niks met daardie regverdige man te doen hê nie, want ek het vandag in ’n droom [blykbaar ’n droom van God af] baie gelyk as gevolg van hom.” – Matteus 27:19.

Hoe kan Pilatus hierdie onskuldige man vrylaat soos hy behoort te doen?

-
- ◇ Hoe vertel Jesus “die waarheid” oor die feit dat hy ’n koning is?
 - ◇ Wat beseft Pilatus omtrent Jesus, hoe reageer die mense, en wat doen Pilatus?
 - ◇ Hoekom is Herodes Antipas bly om Jesus te sien, en wat doen hy met hom?
 - ◇ Hoekom wil Pilatus Jesus vrylaat?

PILATUS ROEP UIT: “KYK! HIER IS DIE MAN!”

MATTEUS 27:15-17, 20-30 MARKUS 15:6-19 LUKAS 23:18-25 JOHANNES 18:39-19:5

Pilatus sê vir die mense wat Jesus dood wil hê: “Ek kon geen bewyse vind van die aanklagte wat julle teen hierdie man inbring nie. Herodes kon ook nie enige bewyse vind nie” (Lukas 23:14, 15). Nou probeer Pilatus ’n ander manier kry om Jesus vry te laat. Hy sê vir die mense: “Julle het . . . ’n gewoonte dat ek op die Pasga vir julle ’n man moet vrylaat. Wil julle dan hê dat ek die Koning van die Jode vir julle moet vrylaat?” – Johannes 18:39.

Pilatus weet van ’n man wat in die tronk is met die naam Barabbas, wat bekend is as ’n dief, ’n opstoker en ’n moordenaar. En daarom vra Pilatus: “Watter een wil julle hê moet ek vir julle vrylaat: Barabbas of Jesus die sogenaamde Christus?” Omdat die mense deur die hoofpriesters beïnvloed is, vra hulle dat Barabbas vrygelaat moet word en nie Jesus nie. Pilatus vra weer: “Wie van die twee wil julle hê moet ek vir julle vrylaat?” Hulle skree: “Barabbas”! – Matteus 27:17, 21.

Ontsteld vra Pilatus: “Wat moet ek dan met Jesus die sogenaamde Christus doen?” Die mense skree: “Hang hom aan die paal!” (Matteus 27:22). Hulle wil hê dat ’n onskuldige man doodgemaak moet word. Pilatus smeeke hulle: “Hoekom? Wat

het hierdie man gedoen wat sleg is? Ek het niks in hom gevind wat die dood verdien nie. Ek sal hom dus straf en vrylaat.” – Lukas 23:22.

Al het Pilatus oor en oor probeer om Jesus vry te laat, skree die skare almal saam: “Hang hom aan die paal!” (Matteus 27:23). Die godsdiensteleiers het die skare so opgewerk dat hulle nou bloed soek! En dit is nie die bloed van ’n misdadiger, ’n moordenaar nie. Dit is die bloed van ’n onskuldige man wat vyf dae gelede in Jerusalem as Koning verwelkom is. As Jesus se dissipels daar is, bly hulle stil en probeer hulle nie aandag trek nie.

Pilatus sien dat hy niks bereik nie. Die mense gaan te kere, so hy vat ’n bietjie water en was sy hande voor die skare. Hy sê vir hulle: “Ek is nie verantwoordelik vir hierdie man se bloed nie. Dit is julle saak.” Maar selfs dit keer hulle nie. Hulle sê eerder: “Ons en ons kinders sal verantwoordelikheid neem vir sy bloed.” – Matteus 27:24, 25.

Al weet die goewerneur wat die regte ding is om te doen, wil hy die skare eerder tevrede stel. So Pilatus doen wat hulle wil hê deur Barabbas vry te laat. Hy het Jesus se klere laat uittrek en hom met ’n gésel laat slaan.

MET ’N GÉSEL GESLAAN Dr. William D. Edwards in *The Journal of the American Medical Association* beskryf die Romeinse gebruik om ander met ’n gésel te slaan:

“Die instrument was gewoonlik ’n kort sweep (gésel) met ’n hele paar enkel of gevlegte leerriempies van verskillende lengtes, waaraan klein ysterballetjies of skaapbene op ’n paar plekke vasgeknoop is. . . . Wanneer die Romeinse soldate met al hulle krag herhaaldelik op die slagoffer se rug geslaan het, het die ysterballetjies diep kneusplekke veroorsaak, en die leerriempies en skaapbene het in die vel en die weefsel onder die vel ingesny. Dan, hoe langer hulle gegésel is, het die skeurwonde tot in die onderliggende skeletspiere ingeskeur en bewende flenters bloeiende vleis veroorsaak.”



Ná hierdie wrede mishandeling, neem die soldate Jesus na die goewerneur se paleis. Die hele afdeling kom bymekaar en mishandel hom verder. Hulle vleg 'n kroon wat van dorings gemaak is en sit dit op sy kop. Die soldate sit ook 'n riet in Jesus se regterhand en hang 'n helderrooi mantel om hom soos wat deur koninklikes gedra word. Hulle spot hom en sê: "Goeiedag, Koning van die Jode!" (Matteus 27:28, 29). Hulle hou ook aan om hom te slaan en in sy gesig te spoeg. Dan vat hulle die stewige riet wat in sy hand is en begin hom op sy kop daarmee slaan, dit veroorsaak dat die dorings van sy vernederende "kroon" al hoe dieper in sy kopvel gaan.

Pilatus is so beïndruk met hoe sterk Jesus bly en die feit dat hy sy waardigheid behou deur alles wat hy deurmaak, dat hy weer probeer om die verantwoordelikheid van Jesus se dood van hom af te kry deur te sê: "Kyk! Ek bring hom buitentoe vir julle sodat julle kan weet dat ek niks vind waaraan hy skuldig is nie." Dink Pilatus dalk dat die skare vir Jesus jammer sal voel as hulle sien hoe Jesus nou lyk nadat hy mishandel is? Terwyl Jesus voor die gevoellose skare staan, roep Pilatus uit: "Kyk! Hier is die man!" – Johannes 19: 4, 5.

Al is Jesus erg geslaan en gewond, behou hy sy selfrespek en bly hy kalm. Pilatus moes dit ook raakgesien het, want aan sy woorde kan 'n mens hoor dat hy nie net jammer vir Jesus voel nie, maar hom ook respekteer.

-
- ◇ Hoe probeer Pilatus Jesus vrylaat sodat hy nie verantwoordelik gehou kan word vir sy dood nie?
 - ◇ Wat gebeur as iemand gegêsel word?
 - ◇ Hoe word Jesus verder mishandel nadat hy gegêsel is?
-



JESUS WORD OORGELEWER EN WEGGELEI OM DOODGEMAAK TE WORD

MATTEUS 27:31, 32 MARKUS 15:20, 21 LUKAS 23:24-31 JOHANNES 19:6-17

Al is Jesus gespot en wreed mishandel en al probeer Pilatus om hom vry te laat, weier die hoofpriesters en dié wat saam met hulle is om dit te doen. Hulle wil Jesus dood hê en niks sal in hulle pad staan nie. Hulle hou aan skree: “Hang hom aan die paal! Hang hom aan die paal!” Pilatus sê: “Vat julle hom en hang hom aan die paal, want ek vind niks waaraan hy skuldig is nie.” – Johannes 19:6.

Die Jode kon nie vir Pilatus oortuig dat Jesus vir ’n politieke rede doodgemaak moet word nie, maar wat van ’n godsdienstige rede? Hulle beskuldig Jesus weer van godslastering, dieselfde beskuldiging wat hulle by sy verhoor voor die Sanhedrin gemaak het. Hulle sê: “Ons het ’n wet, en volgens hierdie wet moet hy sterf omdat hy homself God se seun gemaak het” (Johannes 19:7). Pilatus het nog nie hierdie beskuldiging gehoor nie.

Pilatus gaan terug in sy paleis en probeer om hierdie man vry te laat wat wreed mishandel is en oor wie sy eie vrou ’n droom gehad het (Matteus 27:19). Maar wat van hierdie nuwe beskuldiging wat die Jode maak – dat die gevangene “God se seun” is? Pilatus weet dat Jesus van Galilea is (Lukas 23:5-7). Maar hy vra Jesus nog steeds: “Waar kom jy vandaan?” (Johannes 19:9). Wonder Pilatus dalk of Jesus voorheen in die hemel gewoon het en of hy ’n god was?

Pilatus het by Jesus self gehoor dat hy ’n koning is, maar dat sy Koninkryk geen deel van hierdie wêreld is nie. Jesus hoef niks verder hieroor te sê nie, en daarom bly hy stil. Pilatus word kwaad omdat Jesus hom nie antwoord nie en sê vir hom: “Weier jy om met my te praat? Weet jy nie dat ek die gesag het om jou vry te laat en die gesag het om jou te laat doodmaak nie?” – Johannes 19:10.

Jesus sê eenvoudig: “U sou hoegenaamd geen gesag oor my hê as dit nie van bo aan u gegee was nie. Daarom het die man wat my aan u oor-gelewer het, groter sonde” (Johannes 19:11). Jesus het waarskynlik nie net een persoon in gedagte nie. Hy bedoel eerder dat Kajafas en dié wat saam met hom is en Judas Iskariot groter skuld as Pilatus het.

Pilatus is beïndruk met Jesus se woorde en dat hy so kalm is, en hy is ook bang dat Jesus dalk ’n god is, en daarom probeer hy weer om hom vry te laat. Maar die Jode noem iets anders wat Pilatus bang maak. Hulle dreig hom: “As u hierdie man vrylaat, is u nie ’n vriend van die keiser nie. Elkeen wat homself ’n koning maak, praat teen die keiser.” – Johannes 19:12.

Die goewerneur bring Jesus nog een keer uit en terwyl hy op die regterstoel sit, sê hy vir die mense: “Kyk! Julle koning!” Maar die Jode het geen genade nie. Hulle skree: “Vat hom weg! Vat hom weg! Hang hom aan die paal!” Pilatus probeer Jesus verdedig en sê: “Moet ek julle koning laat doodmaak?” Die Jode ly al lank onder die Romeinse regering, maar die hoofpriesters sê nog steeds: “Ons het geen ander koning as die keiser nie.” – Johannes 19:14, 15.

Pilatus is bang vir die Jode, en daarom gee hy op en gee hy Jesus oor om doodgemaak te word. Die soldate haal die helderrooi mantel van Jesus af en trek sy bo-klere aan. Terwyl Jesus weggelei word, moet hy sy eie folterpaal dra.

Dit is nou Vrydag 14 Nisan en dit is al amper middag. Jesus is al van vroeg Donderdagoggend wakker en het die een pynlike ondervinding ná die ander gehad. Teen hierdie tyd is Jesus baie swak en hy dra die paal totdat hy nie meer kan nie. So die soldate dwing iemand wat verbyloop, Simon van Sirene in Afrika, om die paal na die plek te dra waar Jesus gehang gaan word. ’n



Groot groep mense volg hom. Party slaan hulleself en huil omdat hulle baie hartseer is oor wat gebeur.

Jesus sê vir die vrouens wat huil: “Dogters van Jerusalem, hou op om oor my te huil. Huil eerder oor julleself en oor julle kinders, want daar kom dae wanneer mense sal sê: ‘Gelukkig is die onvrugbare vrouens en die moederskote wat nie geboorte gegee het nie en die borste wat nie gevoed het nie!’ Dan sal hulle vir die berge begin sê: ‘Val op ons!’ en vir die heuwels: ‘Bedek ons!’ As hulle hierdie dinge doen wanneer die boom groen

is, wat sal gebeur wanneer dit uitgedroog is?” – Lukas 23:28-31.

Jesus praat van die Joodse nasie. Dit is soos ’n boom wat besig is om dood te gaan, maar wat nog ’n bietjie lewe in hom het, want Jesus is nog saam met hulle asook ’n hele paar Jode wat geloof in hom het. Wanneer Jesus sterf en sy dissipels nie meer deel is van die Joodse godsdienste, sal die nasie Israel soos ’n uitgedroogde boom word. Hulle sal baie huil wanneer God die Romeinse leërmagte gebruik om die nasie te vernietig!

-
- ◇ Waarvan beskuldig die godsdiensteleiers Jesus?
 - ◇ Hoekom word Pilatus bang?
 - ◇ Hoe oortuig die hoofpriesters Pilatus om Jesus te laat doodmaak?
 - ◇ Wat bedoel Jesus wanneer hy sê dat die boom “groen” is en dan “uitgedroog” is?

'N ONSKULDIGE KONING WORD AAN DIE PAAL GEHANG

MATTEUS 27:33-44 MARKUS 15:22-32 LUKAS 23:32-43 JOHANNES 19:17-24

Jesus word na 'n plek gelei wat nie ver van die stad af is nie, waar hy en twee misdadigers doodgemaak gaan word. Die plek word Golgota, of Skedelplek, genoem en dit kan van " 'n afstand af" gesien word. – Markus 15:40.

Die drie manne wat veroordeel is, se kleure word uitgetrek. Dan word wyn wat met bedwelmende mirre en bitter gal gemeng is, vir hulle gegee. Blykbaar het vroue van Jerusalem hierdie mengsel voorberei, en die Romeine keer nie dat hierdie mengsel wat pyn verlig, gegee word aan dié wat doodgemaak gaan word nie. Maar wanneer Jesus dit proe, weier hy om dit te drink. Hoekom? Omdat hy gedurende hierdie groot toets helder wil dink; hy wil weet wat rondom hom aangaan en getrou bly tot die dood toe.

Jesus word op die paal uitgestrek (Markus 15:25). Die soldate slaan spykers in sy hande en voete. Die spykers gaan deur sy vlees en ligamente en veroorsaak verskriklike pyn. Terwyl die paal opgelig word, word die pyn al hoe erger, want die gewig van Jesus se liggaam skeur sy wonde. Tog skel Jesus nie die soldate uit nie. Hy bid: "Vader, vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie." – Lukas 23:34.

Die Romeine sit gewoonlik 'n bord op die paal wat sê waarvoor die misdadiger doodgemaak word. Hierdie keer het Pilatus op die bord laat skryf: "Jesus die Nasarener, die Koning van die Jode." Dit is in Hebreeus, Latyns en Grieks geskryf sodat die meeste mense dit kan lees. Dit wys hoe ongelukkig Pilatus met die Jode is wat aangedring het dat Jesus doodgemaak word. Die hoofpriesters is baie ontevrede hieroor en sê: "Moenie 'Die Koning van die Jode' skryf nie. Skryf eerder wat hy gesê het: 'Ek is Koning van die Jode.'" Maar omdat Pilatus nie weer deur hulle gebruik wil word nie, sê hy: "Wat ek geskryf het, het ek geskryf." – Johannes 19:19-22.

Die woedende priesters herhaal die valse getuienis wat hulle vroeër in die verhoor by die Sanhedrin gegee het. Dit is nie verbasend dat dié wat verbyloop hom lelik spot en sê: "Ha! Jy wat die tempel sou afbreek en dit in drie dae sou opbou, red jousef deur van die folterpaal af te kom." Die hoofpriesters en die skrifgeleerdes spot hom ook en sê vir mekaar: "Laat die Christus, die Koning van Israel, nou van die folterpaal afkom, sodat ons kan sien en glo" (Markus 15:29-32). Selfs die misdadigers wat aan sy linkerkant en regterkant hang, beledig hom, alhoewel hy die enigste een is wat regtig onskuldig is.



Die vier Romeinse soldate spot ook vir Jesus. Hulle het dalk suur wyn gedrink en nou spot hulle hom deur van die wyn voor Jesus te hou, wat natuurlik nie sy hand kan uitsteek om dit te vat nie. Die Romeine tart hom uit deur na die bord bokant sy kop te wys en te sê: "As jy die Koning van die Jode is, red jousef" (Lukas 23:36, 37). Dink net daaraan! Die man wat bewys het dat hy die weg, die waarheid en die lewe is, is nou die

een wat mishandel en gespot word, alhoewel hy dit nie verdien nie. Tog verduur hy dit alles, sonder om die Jode wat kyk, die Romeinse soldate wat hom spot of die twee misdadigers wat langs hom aan die paal hang, uit te skel.

Die vier soldate het Jesus se bo-klere gevat en dit in vier dele verdeel. Hulle werp die lot om te kyk wie watter dele kry. Maar Jesus se onderkleed is van baie goeie kwaliteit, “dit het nie ’n naat . . . nie, omdat dit van bo tot onder aaneengewee” is. Die soldate sê: “Moet dit nie skeur nie. Kom ons werp die lot om te besluit wie dit sal kry.” So vervul hulle die Skrifgedeelte wat sê: “Hulle het my klere onder mekaar verdeel, en hulle het die lot gewerp oor my klere.” – Johannes 19:23, 24; Psalm 22:18.

Later beseef een van die misdadigers dat Jesus regtig ’n koning is. Hy praat streng met die ander misdadiger en sê: “Het jy geen vrees vir God nie? Jy het dan nou dieselfde oordeel ontvang! Dit is reg dat ons gestraf word, want ons kry ons verdiende loon, maar hierdie man het niks slegs gedoen nie.” Dan smeek hy Jesus: “Dink aan my wanneer u in u Koninkryk kom.” – Lukas 23:40-42.

Jesus sê: “Ek verseker jou vandag: Jy sal saam met my in die Paradys wees” (Lukas 23:43). Hierdie belofte is anders as die een wat Jesus aan sy apostels gemaak het; hy het vir hulle gesê dat hulle saam met hom op trone in die Koninkryk sal sit (Matteus 19:28; Lukas 22:29, 30). Maar



hierdie Joodse misdadiger het dalk van ’n aardse paradys gehoor wat Jehovah oorspronklik vir Adam en Eva en hulle nageslag as ’n woonplek gegee het. Nou kan hierdie misdadiger met hierdie hoop doodgaan.

-
- ◇ Hoekom weier Jesus om die wyn te drink wat hulle hom aanbied?
 - ◇ Watter bord is bokant Jesus se kop, en hoe reageer die Jode wanneer hulle dit sien?
 - ◇ Hoe word ’n profesie vervul in wat met Jesus se klere gedoen word?
 - ◇ Watter hoop gee Jesus vir een van die misdadigers?

“HIERDIE MAN WAS BESLIS GOD SE SEUN”

MATTEUS 27:45-56 MARKUS 15:33-41 LUKAS 23:44-49 JOHANNES 19:25-30

Dit is nou “die sesde uur”, of middag. Ewe skielik word “die hele land donker . . . , tot die negende uur”, drie uur die middag (Markus 15:33). Hierdie duisternis is nie deur ’n sonsverduistering veroorsaak nie. ’n Sonsverduistering gebeur gewoonlik wanneer dit nuwe maan is, maar dit is nou die Pasgaseisoen, wanneer dit volmaan is. En ’n sonsverduistering hou net vir ’n paar minute aan, maar hierdie duisternis hou baie langer aan. So God het hierdie duisternis veroorsaak!

Dink net aan watter uitwerking dit moet hê op die persone wat Jesus spot. Gedurende hierdie duisternis gaan vier vrouens na die folterpaal. Dit is Jesus se ma, Salome, Maria Magdalena en Maria die ma van Jakobus die Mindere.

Die apostel Johannes is saam met Jesus se ma “by sy folterpaal”. Maria is baie hartseer omdat sy sien dat die seun aan wie sy geboorte gegee het en grootgemaak het, in verskriklike pyn is terwyl hy aan die paal hang. Dit voel asof “’n lang swaard deur [haar] gesteeek” word (Johannes 19:25; Lukas 2:35). Alhoewel Jesus in baie pyn is, dink hy aan sy ma. Al is dit vir hom baie moeilik, draai hy sy kop na Johannes se kant en sê hy vir sy ma: “Kyk, u seun!” Dan draai hy sy

kop na Maria se kant en sê hy vir Johannes: “Kyk, jou ma!” – Johannes 19:26, 27.

Jesus gee vir die apostel vir wie hy baie lief is, die verantwoordelikheid om na sy ma te kyk, wat nou blykbaar ’n weduwee is. Jesus weet dat sy halfbroers, Maria se ander seuns, nog nie geloof in hom het nie. So hy maak seker dat daar na sy ma se fisiese en geestelike behoeftes gekyk sal word. Wat ’n uitstekende voorbeeld!

Teen die einde van die duisternis, sê Jesus: “Ek is dors.” So laat hy dit wat in die Skrif staan, waar word (Johannes 19:28; Psalm 22:15). Jesus voel dat sy Vader hom nie meer beskerm nie sodat sy Seun se integriteit tot die uiterste getoets kan word. Christus roep uit: “*Eli, Eli, lama sabag-tani?*”, moontlik Aramees in ’n Galilese dialek. Dit beteken: “My God, my God, waarom het u my verlaat?” Party wat naby staan, verstaan hom verkeerd en sê: “Kyk! Hy roep Elia.” Een van hulle hardloop en vat ’n spons vol suur wyn en sit dit aan die punt van ’n riet en gee dit vir Jesus om te drink. Maar ander sê: “Wag! Kom ons kyk of Elia hom kom afhaal.” – Markus 15:34-36.

Jesus roep uit: “Dit is afgehandel!” (Johannes 19:30). Ja, hy het alles gedoen waarvoor sy Vader hom aarde toe gestuur het om te doen. Uiteindelik sê Jesus: “Vader, in u hande gee ek my gees oor” (Lukas 23:46). Jesus gee sy lewenskrag aan Jehovah met die vertroue dat hy hom weer sal opwek. Met volle vertroue in God, buig Christus sy kop en sterf.

Toe is daar ’n verskriklike aardbewing en die rotse skeur. Dit is so kragtig dat grafte buite Jerusalem oopskeur en lyke daaruit kom. Mensse wat verbyloop en die dooie liggame sien, gaan “in die heilige stad in” en vertel vir ander wat hulle gesien het. – Matteus 12:11; 27:51-53.


“HANG HOM AAN DIE PAAL” Jesus se vyande roep uit: “Hang hom aan die paal!” (Johannes 19:15). Die Griekse woord vir “paal” wat in die Evangelieverslae gebruik word, is *stau-ros*. Die boek *History of the Cross* sê: “*Stauros* beteken ‘’n regop paal,’ ’n sterk paal, soos wat boere in die grond inslaan om hulle heinings te maak – niks meer nie, niks minder nie.”

Wanneer Jesus sterf, skeur die lang, swaar gordyn wat die Heilige van die Allerheiligste skei, van bo tot onder in twee. Die buitengewone gebeurtenis wys dat God baie kwaad is vir die mense wat sy Seun doodgemaak het. En dit wys dat dit nou moontlik is om in die Allerheiligste, die hemel self, in te gaan. – Hebreërs 9: 2, 3; 10:19, 20.

Die mense word baie bang. Die militêre of-fisier wat in beheer is van die teregstelling, sê: “Hierdie man was beslis God se Seun” (Markus 15:39). Hy was dalk daar by Jesus se verhoor voor Pilatus toe die saak bespreek was of hy God se seun is. Nou is hy oortuig dat Jesus regverdig is en dat hy die Seun van God is.

Ander, oorweldig deur hierdie buitengewone gebeure, gaan na hulle huise en slaan “op hulle bors” omdat hulle baie hartseer is en skaam voel oor wat hulle gedoen het (Lukas 23:48). Onder dié wat van ver af kyk, is baie vrouens wat dissipels van Jesus is en wat soms saam met hom gereis het. Hulle is ook diep geraak deur hierdie belangrike gebeure.

-
- ♦ Hoekom kan ’n sonsverduistering nie die oorsaak wees van die drie uur lange duisternis nie?
 - ♦ Watter goeie voorbeeld het Jesus gestel wanneer dit kom by die versorging van bejaarde ouers?
 - ♦ Wat word deur die aardbewing veroorsaak, en wat beteken die feit dat die tempelgordyn in twee geskeur is?
 - ♦ Watter uitwerking het Jesus se dood en die buitengewone gebeure op die mense wat daar is?
-



JESUS WORD BEGRAWE

MATTEUS 27:57-28:2 MARKUS 15:42-16:4 LUKAS 23:50-24:3 JOHANNES 19:31-20:1

Dit is nou al laat middag op Vrydag 14 Nisan. Teen sononder sal die Sabbat van 15 Nisan begin. Jesus is alreeds dood, maar die twee misdadigers langs hom lewe nog. Volgens die Wet mag 'n dooie liggaam “nie die hele nag aan die paal bly hang nie”, maar dit moet “daardie selfde dag” begrawe word. – Deuteronomium 21: 22, 23.

Vrydag word ook die Voorbereidingsdag genoem omdat mense kos voorberei en enige werk klaarmaak wat nie tot ná die Sabbat kan wag nie. Teen sononder sal 'n dubbele, of “'n groot”, Sabbat begin (Johannes 19:31). Die rede hiervoor is omdat 15 Nisan die eerste dag is van die sewe

dae lange Fees van die Ongesuurde Brode, en die eerste dag is altyd 'n Sabbat (Levitikus 23: 5, 6). Hierdie keer val die eerste dag op die weeklikse Sabbat, die sewende dag, en daarom is dit 'n dubbele Sabbat.

Die Jode wil hê dat Jesus en die twee misdadigers langs hom vinniger dood moet gaan, en daarom vra hulle Pilatus om Jesus en die twee misdadigers se bene te laat breek. Hulle sal dan nie hulle bene kan gebruik om hulleself op te lig om asem te kan haal nie. Die soldate kom en breek die bene van die twee misdadigers. Maar dit lyk asof Jesus alreeds dood is, en daarom breek hulle nie sy bene nie. Dit vervul



Psalm 34:20: “Hy bewaar al sy bene, en nie een van hulle is gebreek nie.”

Om seker te maak dat Jesus regtig dood is, steek 'n soldaat 'n spies in sy sy. Die spies deurboor die gedeelte waar sy hart is, en 'onmiddellik kom bloed en water uit' (Johannes 19:34). Dit vervul nog 'n teks: “Hulle sal kyk na die een wat hulle met 'n spies deurboor het.” – Sagaria 12:10.

Josef van die stad van Arimatea, “'n ryk man” en 'n gerespekteerde lid van die Sanhedrin, is ook by die teregstelling (Matteus 27:57). Hy word beskryf as “'n goeie en regverdige man”, wat “vir die Koninkryk van God [wag]”. Om die waarheid te sê, as “'n dissipel van Jesus, maar net in die geheim, want hy was bang vir die Jode”, het hy nie saamgestem met die hof se besluit om Jesus dood te maak nie (Lukas 23:50; Markus 15:43; Johannes 19:38). Josef skraap sy moed bymekaar en vra Pilatus vir Jesus se liggaam. Pilatus laat roep die militêre offisier wat in beheer is, wat bevestig dat Jesus dood is. Daarna sê Pilatus dat Josef Jesus se liggaam kan vat.

Josef koop skoon, fyn linne en haal Jesus se liggaam van die paal af. Hy berei die liggaam voor om begrawe te word deur dit in die linne toe te draai. Nikodemus, “wat die eerste keer in die nag na [Jesus] toe gekom het,” help met die voorbereiding (Johannes 19:39). Hy bring 'n mengsel van duur mirre en aalwyn saam, wat omtrent 'n honderd Romeinse pond (33 kilo-

gram) weeg. Jesus se liggaam word in linnedoeke saam met hierdie speserye toegedraai, volgens die begrafnisgebruike van die Jode.

Josef het 'n graf wat uit rots uitgekap is, en hy lê Jesus se liggaam daar neer. Dan word 'n groot klip voor die ingang van die graf gerol. Dit word vinnig gedoen voordat die Sabbat begin. Maria Magdalena en Maria die ma van Jakobus die Mindere het dalk gehelp met die voorbereiding van Jesus se liggaam. Hulle gaan nou vinnig huis toe “om speserye en lekkerruik-olies voor te berei” om Jesus se liggaam ná die Sabbat verder te behandel. – Lukas 23:56.

Die volgende dag, die Sabbat, gaan die hoofpriesters en Fariseërs na Pilatus en sê: “Ons onthou wat daardie bedrieër gesê het toe hy nog gelewe het: ‘Ná drie dae sal ek opgewek word.’ Beveel dan dat die graf tot die derde dag toe bewaak moet word, sodat sy dissipels nie dalk kom en hom steel en vir die volk sê: ‘Hy is uit die dood opgewek!’ nie. Anders sal hierdie laaste bedrog erger wees as die eerste.” Pilatus sê vir hulle: “Julle kan 'n wag kry. Pas dit so goed op as wat julle kan.” – Matteus 27:63-65.

Vroeg die Sondagoggend bring Maria Magdalena, Maria die ma van Jakobus en ander vroue speserye na die graf om Jesus se liggaam te behandel. Hulle vra vir mekaar: “Wie sal vir ons die klip voor die ingang van die graf wegrol?” (Markus 16:3). Maar daar was 'n aardbewing. En God se engele het die klip weggerol, die wagte is weg en dit lyk asof die graf leeg is!

-
- ◇ Hoekom word Vrydag die Voorbereidingsdag genoem, en hoekom is dit “'n groot” Sabbat?
 - ◇ Wat het Josef en Nikodemus te doen met Jesus se begrafnis, en hoe ken hulle hom?
 - ◇ Wat wil die priesters hê moet gedoen word, maar wat gebeur vroeg Sondagoggend?

'N LEË GRAF – JESUS LEWE!

MATTEUS 28:3-15 MARKUS 16:5-8 LUKAS 24:4-12 JOHANNES 20:2-18

Die vrouens is geskok omdat dit lyk asof die graf leeg is! Maria Magdalena hardloop na “Simon Petrus en die ander dissipel, vir wie Jesus lief was” – die apostel Johannes (Johannes 20:2). Maar die ander vrouens by die graf sien ’n engel. En binne die graf is daar nog ’n engel “in ’n lang wit kleeed”. – Markus 16:5.

Een van die engele sê vir hulle: “Moenie bang wees nie, want ek weet dat julle na Jesus soek, wat aan ’n paal gehang is. Hy is nie hier nie, want hy is opgewek, soos hy gesê het. Kom kyk na die plek waar hy gelê het. Gaan gou en sê vir sy dissipels dat hy uit die dood opgewek is, want hy gaan voor julle uit na Galilea” (Matteus 28:5-7). Die vrouens bewe “van skrik en verbasing” en hardloop om vir die dissipels te gaan vertel. – Markus 16:8.

Teen hierdie tyd het Maria vir Petrus en Johannes gevind. Uitasem sê sy vir hulle: “Hulle het

die Here uit die graf weggeneem, en ons weet nie waar hulle hom neergelê het nie” (Johannes 20:2). Petrus en Johannes hardloop na die graf toe. Johannes is vinniger en kom eerste by die graf aan. Hy loer by die graf in en sien die verbande, maar hy gaan nie in nie.

Wanneer Petrus daar aankom, gaan hy onmiddellik in. Hy sien die linnedoeke en die doek wat gebruik was om Jesus se kop toe te draai. Nou gaan Johannes in en hy glo wat Maria vir hulle vertel het. Maar ten spyte van wat Jesus vroeër gesê het, verstaan nie een van hulle dat hy opgewek is nie (Matteus 16:21). Hulle wonder wat gebeur het en gaan huis toe. Maar Maria, wat na die graf toe teruggekom het, bly daar.

Intussen is die ander vrouens op pad om vir die dissipels te sê dat Jesus opgewek is. Terwyl hulle hardloop om dit te doen, kry Jesus vir hulle langs die pad en sê hy: “Goeiedag!” Hulle val



by sy voete neer en 'bewys eer aan hom'. Dan sê Jesus: "Moenie bang wees nie! Gaan vertel my broers, sodat hulle na Galilea kan gaan, en daar sal hulle my sien." – Matteus 28:9, 10.

Vroeër, toe daar 'n aardbewing was en die engele verskyn het, het die soldate by die graf "gebewe . . . en soos dooie mans geword". Nadat hulle van die skok herstel het, het hulle by die stad ingegaan en "vir die hoofpriesters alles vertel wat gebeur het". Toe het die priesters met ouermanne van die Jode gaan praat. Hulle het besluit om die soldate om te koop om nie te sê wat by die graf gebeur het nie, maar om eerder te sê: "Sy dissipels het in die nag gekom en hom gesteel terwyl ons geslaap het." – Matteus 28:4, 11, 13.

Romeinse soldate kan doodgemaak word as hulle op hulle pos aan die slaap raak, en daarom belowe die priesters: "As die goewerneur daarvan hoor [hulle leuen dat hulle aan die slaap geraak het], sal ons die saak aan hom verduidelik, en julle sal nie bekommerd hoef te wees nie" (Matteus 28:14). Die soldate vat die geld en doen wat die priesters sê. So word die storie dat Jesus se liggaam gesteel is, onder die Jode versprei.

Maria Magdalena huil nog steeds by die graf. Sy buk vorentoe om by die graf in te kyk en sien twee engele in wit! Een sit by die kop waar Je-

sus se liggaam gelê het en die ander by die voete. Hulle vra: "Vrou, hoekom huil jy?" Maria antwoord hulle: "Hulle het my Here weggeneem, en ek weet nie waar hulle hom neergelê het nie." Toe Maria omdraai, sien sy iemand anders. Hy vra dieselfde vraag wat die engele gevra het en hy vra ook: "Na wie soek jy?" Sy dink dat hy die tuinier is, en daarom sê sy: "Meneer, as u hom weggedra het, sê vir my waar u hom neergelê het, en ek sal hom wegneem." – Johannes 20:13-15.

Maria praat eintlik met Jesus, wat opgewek is, maar op hierdie oomblik herken sy hom nie. Maar wanneer hy sê: "Maria!" weet sy dat dit Jesus is, want sy herken die manier hoe hy met haar praat. Maria skree vol vreugde: "*Rabboeni!*" (wat "leermeester" beteken). Maar omdat sy bang is dat hy op daardie oomblik na die hemel gaan opvaar, gryp sy hom en hou sy hom vas. Daarom sê Jesus vir haar: "Hou op om aan my vas te klou, want ek het nog nie na die Vader opgevaar nie. Maar gaan na my broers toe en sê vir hulle: 'Ek vaar op na my Vader en julle Vader en na my God en julle God.'" – Johannes 20:16, 17.

Maria hardloop na die plek waar die apostels en ander dissipels bymekaargekom het. Sy sê vir hulle: "Ek het die Here gesien!" Dit bevestig wat die ander vrouens vir hulle gesê het (Johannes 20:18). Maar hulle dink dat die vrouens "hierdie dinge opmaak". – Lukas 24:11.

-
- ◇ Watter dinge gebeur met Maria Magdalena en die ander vrouens nadat Maria gesien het dat die graf leeg is?
 - ◇ Hoe reageer Petrus en Johannes wanneer hulle sien dat die graf leeg is?
 - ◇ Vir wie ontmoet die ander vrouens wanneer hulle op pad is na die dissipels, en wat gebeur wanneer Maria Magdalena weer by die graf is?
 - ◇ Hoe reageer die dissipels op wat die vrouens vir hulle sê?

JESUS VERSKYN AAN BAIE MENSE NÁ SY OPSTANDING

LUKAS 24:13-49 JOHANNES 20:19-29

Op Sondag 16 Nisan is die dissipels moedeloos. Hulle verstaan nie hoekom die graf leeg is nie (Matteus 28:9, 10; Lukas 24:11). Later in die dag verlaat Kleopas en 'n ander dissipel Jerusalem om na Emmaus te gaan, wat omtrent 11 kilometer weg is.

Terwyl hulle loop, praat hulle oor wat gebeur het. Dan begin 'n vreemdeling saam met hulle loop. Hy vra: “Waaroor loop julle so en praat?” Kleopas antwoord: “Is u 'n vreemdeling wat alleen in Jerusalem woon, en weet u nie van die dinge wat in hierdie dae daar gebeur het nie?” Die vreemdeling vra: “Watter dinge?” – Lukas 24:17-19.

“Die dinge oor Jesus die Nasarener,” sê hulle. “Ons het gehoop dat hierdie man die een was wat Israel sou verlos.” – Lukas 24:19-21.

Kleopas en sy vriend vertel dan wat daardie selfde dag gebeur het. Hulle sê dat party vrouens wat na die graf gegaan het waar Jesus begrawe was, dit leeg gevind het en dat hierdie vrouens ooggetuies van 'n bonatuurlike gebeurtenis was – die verskyning van engele wat gesê het dat Jesus lewe. Hulle sê dat ander ook na die graf gegaan het en “dit gevind [het] net soos die vrouens gesê het”. – Lukas 24:24.

Die twee dissipels het geen idee wat hierdie dinge beteken nie. Die vreemdeling antwoord met gesag om hulle denke, wat veroorsaak dat hulle nie glo dat Jesus opgewek is nie, reg te stel: “O onverstandiges, wat stadig is om alles te glo wat die profete gesê het! Moes die Christus nie hierdie dinge deurmaak om verheerlik te word nie?” (Lukas 24:25, 26). Dan begin hy om baie gedeeltes uit die Skrif aan hulle te verduidelik wat oor die Christus praat.

Uiteindelik kom die drie naby Emmaus aan. Die twee dissipels wil meer hoor, en daarom dring hulle aan: “Bly by ons, want dit is amper aand en

die dag is amper verby.” Hy besluit om te bly en om saam met hulle te eet. Terwyl die vreemdeling bid, die brood breek en dit vir hulle gee, herken hulle hom, maar dan verdwyn hy (Lukas 24:29-31). Nou weet hulle beslis dat Jesus lewe!

Die twee dissipels is opgewonde en praat oor wat met hulle gebeur het: “Het ons harte nie in ons gebrand toe hy op die pad met ons gepraat het, toe hy die Skrif ten volle aan ons verduidelik het nie?” (Lukas 24:32). Hulle gaan haastig terug na Jerusalem toe, waar hulle die apostels en dié wat saam met hulle is, kry. Voordat Kleopas en sy vriend kan vertel wat met hulle gebeur het, hoor hulle hoe ander sê: “Die Here is werklik opgewek en het aan Simon verskyn!” (Lukas 24:34). Dan vertel die twee hoe Jesus aan hulle verskyn het. Ja, hulle is ook ooggetuies.

Ewe skielik verskyn Jesus in die kamer – almal is geskok! Hulle verstaan nie hoe dit moontlik is nie, want hulle het die deure gesluit omdat hulle bang is vir die Jode. Maar hier staan Jesus saam met hulle in die kamer. Hy sê op 'n kalm manier: “Mag julle vrede hê.” Maar hulle is bang. Net soos een keer in die verlede, dink “hulle . . . dat hulle 'n gees sien”. – Lukas 24:36, 37; Matteus 14:25-27.

Om te bewys dat hy nie 'n gees of iets in hulle verbeelding is nie, maar dat hy 'n vleeslike liggaam het, wys Jesus vir hulle sy hande en voete en sê: “Hoekom is julle ontsteld, en hoekom twyfel julle in julle harte? Kyk na my hande en my voete. Dit is regtig ek. Raak aan my en kyk, want 'n gees het nie vlees en bene soos julle sien dat ek het nie” (Lukas 24:36-39). Hulle is baie bly en verbaas, maar hulle sukkel nog om te glo.

Hy probeer nog iets om hulle te help sien dat hy fisies daar is. Hy vra: “Het julle iets daar om te eet?” Hy aanvaar 'n stuk geroosterde vis en eet dit. Dan sê hy: “Toe ek nog by julle was [voor

my dood], het ek vir julle gesê dat alles wat in die Wet van Moses en in die boeke van die profete en die Psalms oor my geskryf is, vervul moet word.” – Lukas 24:41-44.

Jesus het vir Kleopas en sy vriend gehelp om die Skrif te verstaan, en nou doen hy dieselfde vir almal wat daar is: “Daar is geskryf dat die Christus sou ly en op die derde dag uit die dood sou opstaan. En op grond van sy naam sal daar verkondig word dat mense berou moet toon sodat hulle sondes vergewe kan word. Dit sal in Jerusalem begin en aan al die nasies verkondig word. Julle moet getuies van hierdie dinge wees.” – Lukas 24:46-48.

Vir die een of ander rede is die apostel Tomas nie daar nie. In die dae daarna sê ander vol vreugde vir hom: “Ons het die Here gesien!” Tomas antwoord: “Tensy ek die merk van die spykers in sy hande sien en my vinger in die merk van die spykers steek en my hand in sy sy steek, sal ek dit nooit glo nie.” – Johannes 20:25.

Agt dae later kom die dissipels weer bymekaar en die deure is weer gesluit, maar hierdie keer is Tomas saam met hulle. Jesus verskyn weer tussen hulle in ’n menslike liggaam en groet hulle: “Mag julle vrede hê.” Jesus draai na Tomas en sê: “Sit jou vinger hier, en kyk na my hande, en neem jou hand en steek dit in my sy, en hou op twyfel, maar glo.” Tomas roep uit:



“My Here en my God!” (Johannes 20:26-28). So Tomas twyfel nie meer dat Jesus lewe nie. Deur “my God” te sê, bedoel hy dat Jesus “’n god” is, wat die enigste ware God, Jehovah, verteenwoordig.

Jesus sê: “Glo jy omdat jy my gesien het? Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo.” – Johannes 20:29.

-
- ◇ Wat vra ’n vreemdeling vir twee dissipels wat op pad is na Emmaus toe?
 - ◇ Hoekom brand die harte van die dissipels in hulle?
 - ◇ Watter opwindende nuus hoor Kleopas en sy vriend wanneer hulle na Jerusalem toe teruggaan, en wat gebeur dan?
 - ◇ Hoe word Tomas oortuig dat Jesus lewe?
-

BY DIE SEE VAN GALILEA

JOHANNES 21:1-25

Op Jesus se laaste aand saam met die apostels, het hy vir hulle gesê: “Nadat ek opgewek is, sal ek voor julle uit gaan na Galilea” (Matteus 26:32; 28:7, 10). Nou gaan baie van sy volgelinge na Galilea toe, maar wat moet hulle daar doen?

Op een of ander stadium sê Petrus vir ses van die apostels: “Ek gaan visvang.” Al ses van hulle sê: “Ons kom saam met jou” (Johannes 21:3). Die hele nag vang hulle niks nie. Terwyl die son opkom, verskyn Jesus op die strand, maar hulle besef nie wie dit is nie. Jesus roep uit: “Vriende, het julle nie iets om te eet nie?” Hulle antwoord: “Nee!” Jesus sê vir hulle: “Gooi die net aan die regterkant van die boot uit, en julle sal iets vind” (Johannes 21:5, 6). Hulle vang so baie visse dat hulle nie eers die net in die boot kan intrek nie.

“Dit is die Here!” sê Johannes vir Petrus (Johannes 21:7). Petrus trek vinnig sy bo-kleed aan, wat hy nie gedra het toe hy visgevang het nie. Hy spring in die see en swem omtrent 90 meter na die strand toe. Die ander in die boot kom stadig agterna terwyl hulle die net vol vis trek.

Toe hulle by die strand aankom, sien hulle “’n vuur . . . met vis en brood wat daarop lê”. Jesus sê: “Bring van die vis wat julle nou net gevang het.” Petrus trek die net na die land toe, en daar is 153 groot visse daarin! “Kom, eet julle ontbyt,” sê Jesus. Nie een van hulle het die moed om te vra: “Wie is u?” nie omdat hulle besef dat dit Jesus is (Johannes 21:9-12). Dit is die derde keer dat Jesus aan sy dissipels as ’n groep verskyn.

Jesus gee vir elkeen van hulle brood en vis om te eet. Dan, terwyl hy blykbaar na die visse kyk wat hulle gevang het, vra hy: “Simon, seun van Johannes, is jy liever vir my as vir hulle?” Is Petrus meer geheg aan sy werk as ’n visserman as aan die werk wat Jesus vir hom gegee het om te doen? Petrus antwoord: “Ja, Here,

u weet dat ek lief is vir u.” Jesus sê vir hom: “Voed my lammers.” – Johannes 21:15.

Jesus vra weer: “Simon, seun van Johannes, het jy my lief?” Petrus verstaan dalk nie hoekom Jesus dit vra nie, en daarom antwoord hy ernstig: “Ja, Here, u weet dat ek lief is vir u.” Jesus gee hom ’n soortgelyke antwoord: “Hou as herder toesig oor my skapies.” – Johannes 21:16.

Jesus vra ’n derde keer: “Simon, seun van Johannes, is jy lief vir my?” Nou wonder Petrus dalk of Jesus twyfel of hy lojaal is. Petrus sê ferm: “Here, u weet alles. U weet dat ek lief is vir u.” Weer eens sê Jesus wat Petrus moet doen: “Voed my skapies” (Johannes 21:17). Ja, dié wat die leiding neem, moet vir dié sorg wat in God se skaapkraal inkom.

Jesus was gebind en doodgemaak omdat hy die werk gedoen het wat God hom gegee het om te doen. Nou sê hy dat iets soortgelyks met Petrus sal gebeur. Jesus sê: “Toe jy jonger was, het jy jouself aangetrek en rondgeloop waar jy ook al wou. Maar wanneer jy oud word, sal jy jou hande uitsteek, en iemand anders sal jou aantrek en jou dra waarheen jy nie wil gaan nie.” Maar Jesus moedig hom aan: “Hou aan om my te volg.” – Johannes 21:18, 19.

Petrus sien die apostel Johannes en vra: “Here, wat van hierdie man?” Ja, wat hou die toekoms in vir die apostel vir wie Jesus veral lief is? Jesus antwoord: “As dit my wil vir hom is om te bly totdat ek kom, hoekom bekommer jy jou daarvoor?” (Johannes 21:21-23). Petrus moet Jesus volg sonder om bekommerd te wees oor wat ander doen. Maar tog wys Jesus se woorde dat Johannes langer as die ander apostels sal lewe en ’n visioen sal kry van Jesus se koms as Koning.

Daar is natuurlik ander dinge wat Jesus gedoen het, meer as wat baie boekrolle kan bevat.



- ◇ Wat wys dat die apostels nie weet wat om in Galilea te doen nie?
- ◇ Hoe herken die apostels Jesus by die See van Galilea?
- ◇ Wat sê Jesus moet dié doen wat die leiding neem?
- ◇ Wat sê Jesus oor die manier waarop Petrus sal sterf?

HONDERDE SIEN HOM VOOR PINKSTER

MATTEUS 28:16-20 LUKAS 24:50-52 HANDELINGE 1:1-12; 2:1-4

Ná Jesus se opstanding reël hy dat sy 11 apostels hom by 'n berg in Galilea kry. Daar is ook omtrent 500 ander dissipels by die berg, en party van hulle twyfel nog (Matteus 28:17; 1 Korintiërs 15:6). Maar wat Jesus nou sê, oortuig elkeen van hulle dat hy werklik lewe.

Jesus verduidelik dat God hom alle gesag in die hemel en op die aarde gegee het. Jesus sê vir hulle: “Gaan dus en maak dissipels van mense van al die nasies, en doop hulle in die naam van die Vader en van die Seun en van die heilige gees, en leer hulle om alles te gehoorsaam wat ek julle beveel het” (Matteus 28:18-20). Ja, dit is duidelik dat Jesus nie net lewe nie, maar dat dit nog steeds vir hom belangrik is dat die goeie nuus verkondig moet word.

Al Jesus se volgeling – mans, vrouens en kinders – ontvang dieselfde opdrag om dissipels te maak. Teenstanders probeer hulle dalk keer om te preek en te onderrig, maar Jesus verseker hulle: “Alle gesag in die hemel en op die aarde is aan my gegee.” Wat beteken dit vir sy volgeling? Hy sê vir hulle: “Wees verseker: Ek is met julle al die dae tot aan die einde van die wêreldstelsel.” Jesus sê nie dat almal wat die goeie nuus verkondig, wonderwerke sal doen nie. Maar hulle sal nog steeds die ondersteuning van die heilige gees hê.

Nadat Jesus opgewek is, verskyn hy aan sy dissipels “oor 'n tydperk van 40 dae”. Hy neem verskillende menslike liggame aan en verskyn “baie kere aan hulle . . . op maniere wat bewys . . . dat hy regtig lewe” en leer hulle “oor die Koninkryk van God”. – Handeling 1:3; 1 Korintiërs 15:7.

Terwyl die apostels blykbaar nog in Galilea is, sê Jesus vir hulle dat hulle na Jerusalem moet teruggaan. Wanneer hy hulle in die stad ontmoet, sê hy: “Moenie Jerusalem verlaat nie, maar hou aan om te wag vir die dinge wat die Vader belo-

we het, waarvan julle by my gehoor het, want Johannes het met water gedoop, maar oor net 'n paar dae sal julle met heilige gees gedoop word.” – Handeling 1:4, 5.

Later is Jesus weer saam met sy apostels. Hy lei hulle “uit die stad [uit] tot by Betanië,” wat aan die oostekant van die Olyfberg is (Lukas 24:50). Ten spyte van alles wat Jesus gesê het oor die feit dat hy weggaan, glo hulle nog steeds dat sy Koninkryk op die een of ander manier op die aarde sal wees. – Lukas 22:16, 18, 30; Johannes 14:2, 3.

Die apostels vra vir Jesus: “Here, herstel u in hierdie tyd die koninkryk vir Israel?” Hy antwoord eenvoudig: “Die Vader het tye en tydperke volgens sy wil vasgestel, en dit is nie vir julle om daarvan te weet nie.” Dan beklemtoon hy weer die werk wat hulle moet doen deur te sê: “Julle sal krag ontvang wanneer die heilige gees op julle kom, en julle sal getuies van my wees in Jerusalem, in die hele Judea en Samaria en tot in die mees afgeleë deel van die aarde.” – Handeling 1:6-8.

Terwyl die apostels saam met Jesus op die Olyfberg is, begin hy in die lug opvaar. Ná 'n rukkie verdwyn hy agter 'n wolk. Ná Jesus se opstanding, het hy vleeslike liggame aangeneem. Maar nou verander Jesus sy liggaam, en hy vaar as 'n geespersoon op hemel toe (1 Korintiërs 15:44, 50; 1 Petrus 3:18). Terwyl die getroue apostels in die lug opkyk, verskyn “twee mans in wit klere” langs hulle. Dit is engele met vleeslike liggame. Hulle vra: “Manne van Galilea, hoekom staan en kyk julle in die lug in? Hierdie Jesus wat van julle af in die lug opgeneem is, sal op dieselfde manier kom as wat julle hom na die hemel sien gaan het.” – Handeling 1:10, 11.

Jesus het die aarde verlaat sonder om aandag te trek. Net Jesus se getroue volgeling het

gesien hoe hy hemel toe opvaar. Hy sal op “die selfde manier” terugkom, wat beteken dat net sy getroue volgelinge sal weet dat hy as Koning van God se Koninkryk regeer.

Die apostels gaan terug na Jerusalem toe. Gedurende die dae daarna kom hulle saam met ander dissipels bymekaar, insluitende “Jesus se ma, Maria, en sy broers” (Handelinge 1:14). Hierdie groep hou aan bid. Een ding waaroor hulle bid, is om ’n dissipel te kies om Judas Iskariot te vervang sodat daar weer 12 apostels kan wees (Matteus 19:28). Hulle soek ’n dissipel wat gesien het wat Jesus gedoen het en wat ’n getuie van sy opstanding was. Vir die laaste keer word daar in die Bybel genoem dat die lot gewerp word om uit te vind wat God se wil is (Psalm 109:8; Spreuke 16:33). Mattias, wat dalk een van die 70 was wat Jesus uitgestuur het, word gekies en “is by die 11 apostels gevoeg”. – Handelinge 1:26.

Tien dae nadat Jesus hemel toe gegaan het, is dit die Joodse Pinksterfees van 33 HJ. Omtrent 120 van die dissipels is saam in ’n bo-kamer in Jerusalem. Skielik is daar ’n geluid wat soos ’n sterk wind klink en wat in die hele huis gehoor kan word. Dan sien hulle iets wat soos klein vuurvlamme lyk, een bo elkeen se kop. Die dissipels begin elkeen in ’n ander taal praat. Dit is die uitstorting van die heilige gees wat Jesus belowe het! – Johannes 14:26.

-
- ◊ Wie is daar wanneer Jesus instruksies op ’n berg in Galilea gee, en wat sê hy?
 - ◊ Vir hoe lank ná Jesus se opstanding, verskyn hy nog aan sy dissipels, en wat doen hy?
 - ◊ Hoe kom Jesus terug op dieselfde manier as wat hy weggegaan het?
 - ◊ Wat gebeur op Pinkster 33 HJ?
-



CHRISTUS AAN GOD SE REGTERHAND

HANDELINGE 7:56

Tien dae nadat Jesus hemel toe gegaan het, het die uitstorting van die heilige gees op Pinksterdag bewys dat hy werklik in die hemel is. En daar sou later nog bewyse hiervan wees. Net voordat die dissipel Stefanus gestenig is vir sy getroue getuieniswerk, het hy uitgeroep: “Kyk! Ek sien dat die hemel oop is en dat die Seun van die mens aan God se regterhand staan.” – Handeling 7:56.

Terwyl Jesus saam met sy Vader in die hemel is, sou hy wag vir ’n spesifieke opdrag wat in God se Woord voorspel is. Dawid is geïnspireer om te skryf: “Jehovah het vir my Here [Jesus] gesê: ‘Sit aan my regterhand *totdat* ek jou vyande ’n voetbank vir jou voete maak.’” Nadat hy klaar gewag het, sou hy ‘tussen sy vyande ingaan en hulle onderwerp’ (Psalm 110:1, 2). Maar wat sou Jesus in die hemel doen terwyl hy wag om teen sy vyande te veg?

Op Pinkster 33 HJ is die Christengemeente gevorm. Jesus het vanuit die hemel oor sy geesgesalfde dissipels begin regeer (Kolossense 1:13). Hy het hulle in hulle predikingswerk gelei en hulle voorberei vir hulle toekomstige rol. Watter rol? Dié wat getrou bly tot die dood toe, sou uiteindelik opgewek word en saam met Jesus as konings in die Koninkryk regeer.

’n Uitstekende voorbeeld van iemand wat een van hierdie konings sou wees, was Saulus, wat meer bekend is onder sy Romeinse naam, Paulus. Hy was ’n Jood wat vir ’n lang tyd ywerig was vir God se Wet, maar hy was so mislei deur die Joodse godsdiensteleiers dat hy die moord van Stefanus goedgekeur het. Toe, terwyl hy “die dissipels van die Here gedreig het en hulle wou vermoor,” het hy na Damaskus gegaan. Hy het toestemming by die hoëpriester Kajafas gekry om Jesus se dissipels te arresteer en hulle na Je-

rusalem terug te bring (Handeling 7:58; 9:1). Maar terwyl Saulus op pad was, het ’n helder lig op hom geskyn en het hy op die grond neergeval.

“Saul, Saul, hoekom vervolg jy my?” het ’n stem uit die hemel vir hom gevra. “Wie is u, Here?” het Saulus gevra. “Ek is Jesus, die een wat jy vervolg”, het die stem gesê. – Handeling 9:4, 5.



Jesus het vir Saulus gesê om na Damaskus te gaan en te wag vir verdere instruksies, maar hy moes na die stad gelei word omdat die helder lig hom blind gemaak het. In 'n ander visioen het Jesus aan Ananias, een van sy dissipels wat in Damaskus bly, verskyn. Jesus het vir Ananias gesê om na 'n sekere adres te gaan om Saulus te vind. Ananias was eers bang om te gaan, maar Jesus het hom verseker: “Ek het hierdie man gekies om die nasies sowel as konings en die Israëliete van my naam te vertel.” Saulus kon weer sien, en daar in Damaskus het hy “begin preek oor Jesus, dat hy die Seun van God is”. – Handeling 9:15, 20.

Met Jesus se ondersteuning het Paulus en ander evangeliedienaars aangehou met die predikingswerk wat Jesus begin het. God het hulle met wonderlike resultate geseën. Omtrent 25 jaar nadat Jesus op die pad na Damaskus aan hom verskyn het, het Paulus geskryf dat die goeie nuus “verkondig is in die hele skepping wat onder die hemel is”. – Kolossense 1:23.

Jare later het Jesus vir die apostel Johannes, vir wie hy baie lief is, 'n reeks visioene gegee, wat in die Bybelboek Openbaring gevind word. Deur hierdie visioene het Johannes gesien hoe Jesus terugkeer om as Koning te regeer (Johannes 21:22). “Deur middel van die heilige gees het [Johannes hom] bevind in die dag van die Here” (Openbaring 1:10). Wanneer sou dit wees?

'n Deeglike studie van Bybelprofesieë wys dat “die dag van die Here” in 1914 begin het. In daardie jaar het die Eerste Wêreldoorlog uitgebreek. En in die jare daarna was daar baie meer oorloë, vreeslike siektes, hongersnood, aardbewings en ander bewyse wat wys dat “die teken” wat Jesus aan sy apostels gegee het oor sy “teenwoordigheid” en “die einde” op groot skaal vervul word (Matteus 24:3, 7, 8, 14). Die goeie nuus van die Koninkryk word nou regoor die wêreld verkondig, nie net in die gebied van die ou Romeinse Ryk nie.

Johannes is geïnspireer om te beskryf wat dit beteken: “Nou het die redding en die krag en die Koninkryk van ons God en die gesag van sy Christus gekom” (Openbaring 12:10). Ja, die Koninkryk van God in die hemel, wat Jesus oral verkondig het, is 'n werklikheid!

Dit is wonderlike nuus vir al Jesus se getroue dissipels. Johannes het gesê: “Daarom, wees bly, o hemele en julle wat daarin woon! Dit sal sleg gaan met die aarde en die see, want die Duiwel het na julle toe neergedaal en is woedend omdat hy weet dat hy min tyd het.” – Openbaring 12:12.

So Jesus sit nie meer aan sy Vader se regterhand en wag nie. Hy regeer as Koning en sal binnekort al sy vyande vernietig (Hebreërs 10:12, 13). Watter opwindende dinge kan ons na uit sien?

-
- ◇ Wat het Jesus gedoen nadat hy hemel toe gegaan het?
 - ◇ Wanneer het “die dag van die Here” begin, en wat het daarna gebeur?
 - ◇ Hoekom het ons goeie rede om bly te wees?

JESUS MAAK DIE AARDE 'N PARADYS EN VOLTOOI SY TOEWYSING


1 KORINTIËRS 15:24-28

Kort ná Jesus se doop, het hy 'n vyand gehad wat vasbeslote was om te keer dat hy suksesvol is, selfs voordat hy met sy bediening begin het. Ja, die Duiwel het aanhou probeer om Jesus te versoek. Jesus het later die volgende oor hom gesê: “Die heerser van die wêreld kom, en hy het geen mag oor my nie.” – Johannes 14:30.

Die apostel Johannes het in 'n visioen gesien wat met “die groot draak . . . , die oorspronklike slang, die een wat Duiwel en Satan genoem word,” sou gebeur. Hierdie wrede vyand van die mens sou uit die hemel gegooi word en “woedend [wees] omdat hy weet dat hy min tyd het” (Openbaring 12:9, 12). Christene het goeie rede om te glo dat hulle gedurende hierdie tyd lewe en dat “die draak . . . , die oorspronklike slang,” binnekort in die afgrond gegooi sal word en 1 000 jaar lank niks sal kan doen nie terwyl Jesus in God se Koninkryk regeer. – Openbaring 20:1, 2.

Wat sal gedurende hierdie tydperk op die aarde gebeur? Wie sal hier bly, en in watter toestand? Jesus self het die antwoord gegee. In sy illustrasie oor die skape en die bokke het hy gewys wat die toekoms inhou vir regverdige mense wat soos skape is, wat met Jesus se broers saamwerk en goeie dinge vir hulle doen. Hy het ook gewys wat met dié sou gebeur wat die teenoorgestelde doen, dié wat soos bokke is. Jesus het gesê: “Hulle [die bokke] sal vir ewig afgesny word, maar die regverdiges [die skape] sal die ewige lewe ontvang.” – Matteus 25:46.

Dit help ons om Jesus se woorde aan die misdadiger wat aan die paal langs hom gehang het, te verstaan. Jesus het nie vir daardie man gesê dat hy saam met hom in die Koninkryk van die hemel sou regeer, die belofte wat hy aan sy apostels gemaak het nie. Jesus het eerder vir die berouvolle misdadiger belowe: “Ek verseker



- DIE TOEKOMS VAN DIE SKAPE EN DIE BOKKE
- BAIE SAL DIE PARADYS OP AARDE GENIET
- JESUS IS DIE WEG, DIE WAARHEID, DIE LEWE



jou vandag: Jy sal saam met my in die Paradys wees” (Lukas 23:43). Jesus het daardie man die hoop gegee om in die Paradys – ’n pragtige park of tuin – te lewe. Dit maak sin dat dié wat soos skape is en wat “die ewige lewe ontvang”, ook in daardie Paradys sal wees.

Dit stem ooreen met die apostel Johannes se beskrywing van die toestand op die aarde gedurende daardie tyd. Hy het gesê: “Die tent van God is by die mensdom, en hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees. En God self sal by hulle wees. En God sal elke traan van hulle oë afvee, en die dood sal nie meer daar wees nie. Daar sal geen getreur, geen gehuil en geen pyn meer wees nie. Die vorige dinge is verby.” – Openbaring 21:3, 4.

Vir daardie misdadiger om lewe in die Paradys te geniet, moet hy uit die dood opgewek word. En hy sal nie die enigste een wees wat opgewek sal word nie. Jesus het dit duidelik gemaak toe hy gesê het: “Die uur kom waarin almal wat in die gedenkgrafe is, sy stem sal hoor en sal uitkom, dié wat goeie dinge gedoen het, tot ’n opstanding van die lewe, en dié wat walglike dinge gedoen het, tot ’n opstanding van oordeel.” – Johannes 5:28, 29.

Maar wat van die getroue apostels en die beperkte aantal ander wat saam met Jesus in die hemel sal wees? Die Bybel sê: “Hulle sal priesters van God en van die Christus wees en sal die 1 000 jaar lank saam met hom as konings re-

geer” (Openbaring 20:6). Hierdie persone wat saam met Christus sal regeer, sal manne en vroue wees wat op die aarde gelewe het. So hulle sal beslis dié wat op die aarde is, verstaan en meegevoel met hulle hê wanneer hulle uit die hemel regeer. – Openbaring 5:10.

Jesus sal sy losprys gebruik om mense op die aarde te bevry van die vloek van oorgeërfde sonde. Hy en dié wat saam met hom regeer, sal mense help om weer volmaak te word. Ja, mense sal dan die lewe geniet wat God oorspronklik vir hulle wou hê toe hy vir Adam en Eva gesê het om vrugbaar te wees en die aarde te vul. Selfs die dood wat deur Adam se sonde veroorsaak is, sal nie meer daar wees nie!

Op hierdie manier sal Jesus alles gedoen het wat Jehovah hom gevra het om te doen. Nadat Jesus ’n duisend jaar lank regeer het, sal hy die Koninkryk en die volmaakte mensegesin aan sy Vader oorgee. Die apostel Paulus het die volgende geskryf oor hierdie groot nederige daad van Jesus: “Wanneer alles aan hom onderwerp is, sal die Seun hom ook onderwerp aan die Een wat alles aan hom onderwerp het, sodat God alles vir elkeen kan wees.” – 1 Korintiërs 15:28.

Dit is duidelik dat Jesus ’n baie belangrike rol speel in die vervulling van God se wonderlike voornemens. En terwyl daardie voornemens tot in alle ewigheid aanhou waar word, sal dit duidelik wees dat Jesus altyd “die weg en die waarheid en die lewe” is. – Johannes 14:6.

-
- ◇ Wat sal in die toekoms met die mens se grootste vyand, die Duiwel, gebeur?
 - ◇ Wie sal die Paradys op aarde geniet, en in watter toestand sal hulle lewe?
 - ◇ Wat sal Jesus aan die einde van die duisend jaar bereik het, en wat sal hy daarna doen?

OM JESUS NA TE VOLG, MOET JY...

MEEGEVOEL HÊ

Jesus was 'n volmaakte man, en daarom het hy nie baie van die probleme en bekommernisse gehad wat ander mense gehad het nie. Maar hy het baie vir mense omgee. Hy was bereid om uit sy pad uit vir mense te gaan, om baie meer te doen as wat nodig was. Ja, meegevoel het hom gemotiveer om ander te help. Kyk na voorbeelde hiervan in hoofstuk 32, 37, 57, 99.

MAKLIK WEES OM MEE TE PRAAT

Mense van alle ouderdomme – jonk en oud – het gevoel dat hulle na Jesus toe kon gaan omdat hy nie die indruk gegee het dat hy te besig of te belangrik is nie. Hulle kon sien dat Jesus persoonlik in hulle belangstel, en daarom het hulle gemaklik om hom gevoel. Om voorbeelde hiervan te sien, lees hoofstuk 25, 27, 95.

GEREELD BID

Jesus het gereeld uit die hart met sy Vader in gebed gepraat, wanneer hy alleen en saam met ware aanbidders was. Jesus het by baie geleenthede gebid, nie net wanneer hy geëet het nie. Hy het gebid om vir sy Vader dankie te sê, hom te loof en sy hulp te vra voordat hy belangrike besluite moes maak. Kyk na voorbeelde hiervan in hoofstuk 24, 34, 91, 122, 123.

ONSELFSUGTIG WEES

Soms wanneer Jesus rus nodig gehad het, het hy nie aan homself gedink nie, maar eerder gefokus op wat ander nodig het. Hy het nie 'n “ek eerste”-gesindheid gehad nie. Hy het ook hierin 'n goeie voorbeeld gestel wat ons kan navolg. Kyk mooi na die voorbeeld wat hy gestel het in hoofstuk 19, 41, 52.

ANDER VERGEWE

Jesus het nie net vir ander geleer om te vergewe nie, hy het ook die voorbeeld gestel in die manier waarop hy sy dissipels en ander behandel het. Dink na oor voorbeelde hiervan in hoofstuk 26, 40, 64, 85, 131.

YWERIG WEES

Daar was voorspel dat die meeste Jode sou weier om die Messias te aanvaar en dat sy vyande hom sou doodmaak. So Jesus kon so min as moontlik vir mense gedoen het. Maar hy het eerder ware aanbidding ywerig bevorder. Sy volgelinge kan sy voorbeeld van ywer navolg wanneer hulle te doen het met mense wat nie na hulle wil luister nie of selfs wanneer hulle teëgestaan word. Sien hoofstuk 16, 72, 103.

NEDERIG WEES

Jesus was op baie maniere beter as onvolmaakte mense, soos in kennis en wysheid. Omdat hy volmaak was, was sy fisiese en verstandelike vermoëns ongetwyfeld baie beter as enigiemand anders s'n. Maar hy het nog steeds ander nederig gedien. Jy sal lesse hieroor kry in hoofstuk 10, 62, 66, 94, 116.

GEDULDIG WEES

Jesus was geduldig met sy apostels en ander wanneer hulle nie sy voorbeeld nagevolg het of gedoen het wat hy gesê het nie. Hy het geduldig lesse herhaal wat hulle nodig gehad het om nader aan Jehovah te kom. Dink na oor voorbeelde van Jesus se geduld in hoofstuk 74, 98, 118, 135.



INDEKS VAN TEKSTE Nommers ná die teksverwysings verwys na hoofstukke.

MATTEUS	18:21-35	64	1:14, 15	20	13:3-37	111	7:11-17	37	
1:18-25	4	19:1-15	95	1:16-20	22	14:1, 2	115	7:18-30	38
2:1-12	7	19:16-30	96	1:21-34	23	14:3-9	101	7:31-35	39
2:13-23	8	20:1-16	97	1:35-39	24	14:10-16	115	7:36-50	40
3:1-12	11	20:17-28	98	1:40-45	25	14:17	116	8:1-3	41
3:13-17	12	20:29-34	99	2:1-12	26	14:18-25	117	8:4-18	43
4:1-11	13	21:1-11	102	2:13-17	27	14:26	123	8:19-21	42
4:12	18	21:12, 13	103	2:18-22	28	14:27-31	118	8:22-25	44
4:13-22	22	21:14-17	102	2:23-28	31	14:32-42	123	8:26-39	45
4:23-25	24	21:18, 19	103	3:1-6	32	14:43-52	124	8:40-48	46
5:1-7:29	35	21:19-27	105	3:7-12	33	14:53-65	125	8:40-42	47
8:1-4	25	21:28-46	106	3:13-19	34	14:66-72	126	8:49-56	47
8:5-13	36	22:1-14	107	3:19-30	41	15:1	127	9:1-5	49
8:14-17	23	22:15-40	108	3:31-35	42	15:2-5	128	9:6	50
8:18	44	22:41-23:24	109	4:1-34	43	15:6-19	129	9:7-9	51
8:19-22	65	23:25-24:2	110	4:35-41	44	15:20, 21	130	9:10-17	52
8:23-27	44	24:3-51	111	5:1-20	45	15:22-32	131	9:18-26	59
8:28-34	45	25:1-13	112	5:21-34	46	15:33-41	132	9:27-36	60
9:1-8	26	25:14-30	113	5:22-24	47	15:42-16:4	133	9:37-43	61
9:9-13	27	25:31-46	114	5:35-43	47	16:5-8	134	9:43-48	62
9:14-17	28	26:1-5	115	6:1-6	48			9:49, 50	63
9:18-22	46	26:6-13	101	6:3	9	LUKAS		9:51-62	65
9:18, 23-26	47	26:14-19	115	6:6-11	49	1:5-33	1	10:1-24	72
9:27-34	48	26:20	116	6:12, 13	50	1:34-56	2	10:25-37	73
9:35-10:15	49	26:21-29	117	6:14-29	51	1:56	4	10:38-11:13	74
10:16-11:1	50	26:30	123	6:17-20	18	1:57-79	3	11:14-36	75
11:2-15	38	26:31-35	118	6:30-44	52	2:1-20	5	11:37-54	76
11:16-30	39	26:36-46	123	6:45-56	53	2:21-39	6	12:1-34	77
12:1-8	31	26:47-56	124	7:1-23	56	2:40-52	10	12:35-59	78
12:9-14	32	26:57-68	125	7:24-37	57	3:1-18	11	13:1-21	79
12:15-21	33	26:69-75	126	8:1-21	58	3:19, 20	18	13:22-14:6	82
12:22-32	41	27:1-11	127	8:22-38	59	3:21, 22	12	14:7-24	83
12:33-50	42	27:12-14	128	9:1-13	60	4:1-13	13	14:25-35	84
13:1-53	43	27:15-17	129	9:14-29	61	4:14, 15	20	15:1-10	85
13:54-58	48	27:18, 19	128	9:30-37	62	4:16-31	21	15:11-32	86
13:55, 56	9	27:20-30	129	9:38-50	63	4:31-41	23	16:1-13	87
14:1-12	51	27:31, 32	130	10:1-16	95	4:42, 43	24	16:14-31	88
14:13-21	52	27:33-44	131	10:17-31	96	5:1-11	22	17:1-10	89
14:22-36	53	27:45-56	132	10:32-45	98	5:12-16	25	17:11-19	92
15:1-20	56	27:57-28:2	133	10:46-52	99	5:17-26	26	17:20-37	93
15:21-31	57	28:3-15	134	11:1-11	102	5:27-32	27	18:1-14	94
15:32-16:12	58	28:16-20	137	11:12-18	103	5:33-39	28	18:15-17	95
16:13-27	59			11:19-33	105	6:1-5	31	18:18-30	96
16:28-17:13	60	MARKUS		12:1-12	106	6:6-11	32	18:31-34	98
17:14-20	61	1:1-8	11	12:13-34	108	6:12-16	34	18:35-19:10	99
17:22-18:5	62	1:9-11	12	12:35-40	109	6:17-49	35	19:11-28	100
18:6-20	63	1:12, 13	13	12:41-13:2	110	7:1-10	36	19:29-44	102

19:45-48	103	23:4-16	128	3:22-4:3	18	10:1-21	80	18:2-12	124
20:1-8	105	23:18-25	129	4:3-43	19	10:22-42	81	18:13, 14	125
20:9-19	106	23:24-31	130	4:43-54	20	11:1-16	89	18:15-18	126
20:20-40	108	23:32-43	131	5:1-16	29	11:17-37	90	18:19-24	125
20:41-47	109	23:44-49	132	5:17-47	30	11:38-54	91	18:25-27	126
21:1-6	110	23:50-24:3	133	6:1-13	52	11:55-12:11	101	18:28-35	127
21:7-38	111	24:4-12	134	6:14-25	53	12:12-19	102	18:36-38	128
22:1-13	115	24:13-49	135	6:25-48	54	12:20-27	103	18:39-19:5	129
22:14-18	116	24:50-52	137	6:48-71	55	12:28-50	104	19:6-17	130
22:19-23	117			7:1	56	13:1-17	116	19:17-24	131
22:24-38	118	JOHANNES		7:2-10	65	13:18-30	117	19:25-30	132
22:39-46	123	1:6-8, 15-28	11	7:11-32	66	13:31-38	118	19:31-20:1	133
22:47-53	124	1:29-51	14	7:32-52	67	14:1-31	119	20:2-18	134
22:54	125	1:32-34	12	8:12-36	68	15:1-27	120	20:19-29	135
22:54-62	126	2:1-12	15	8:37-59	69	16:1-33	121	21:1-25	136
22:63-65	125	2:12-22	16	9:1-18	70	17:1-26	122		
22:66-23:3	127	2:23-3:21	17	9:19-41	71	18:1	123		

INDEKS VAN ILLUSTRASIES (GELYKENISSE) Nommers verwys na hoofstukke in hierdie boek.

aanvaar nie uitnodigings na maaltyd	83	nooi die armes na 'n feesmaal	83	tien maagde	112
begin ploeg	65	nou poort	35	twee kinders word na wingerd gestuur	106
belastinggaarder en Fariseër	94	nuwe materiaal op ou kledingstuk vaswerk	28	twee mans wat in die skuld was	40
bou van 'n toring	84	nuwe wyn, ou wynsakke	28	verlore dragma	85
denarius betaal aan werkers	97	onregverdige bestuurder	87	verlore seun	86
dragma word gevind	85	onrein gees kom terug	42	verlore skaap	63
getroue bestuurder	78	naald se oog	96	vissers van mense	22
getroue en verstandige slaaf	111	pa is bereid om te gee	35	voëls en lilies	35
Goeie Herder	80	pêrel van groot waarde	43	vriend wat aanhou vra	74
goeie Samaritaan	73	pêrels voor die varke	35	vyboom	79
hen maak haar kuikens bymekaar	110	ryk man en Lasarus	88	ware wingerdstok	120
huis op rots gebou	35	ryk man wat voorraadskeure bou	77	weduwee en regter	94
huis se fondament	35	saad op verskillende grond	43	werkers in die wingerd	97
kameel deur 'n naald se oog	96	saaier	43		
kies die beste plek	83	saaier wat slaap	43		
kinders op die markplein	39	seun wat verlore was	86		
koning dink daaraan om oorlog te voer	84	sif muggie uit, sluk kameel in	109		
koning kanselleer groot skuld	64	skape en bokke	114		
koning se huweliksfees	107	skat in veld weggesteek	43		
koring en onkruid	43	slaaf wat nie vergewe	64		
koringkorrel sterf, dan dra dit vrug	103	slaaf wat van die land af inkom	89		
landbouers maak die eienaar se seun dood	106	slawe wag vir meester om terug te kom	78		
minas	100	sleepnet	43		
moorddadige landbouers	106	sout van die aarde	35		
mosterdsaadjie, geloof	89	splinter in broer se oë	35		
mosterdsaadjie, Koninkryk	43	suurdeeg gemeng met meel	43		
		suurdeeg van die Fariseërs	58		
		talente	113		

INDEKS VAN VENSTERS

'Die tyd het gekom vir hulle om gereinig te word'	6
Gelukkige tye	10
Wie was die Samaritane?	19
Demonbesetenheid	23
Illustrasies oor die gebruik om te vas	28
Die krag van herhaling	35
Sy sweet is soos bloeddruppels	123
Die bloedgrond	127
Gésel	129
"Hang hom aan die paal"	132

'N PAAR PROFESIEË OOR DIE MESSIAS

GEBEURTENIS	PROFESIE	VERVULLING	HOOFSTUK
Gebore in Betlehem	Miga 5:2	Lukas 2:1-6	5, 7, 67
Vlug na en terugkeer uit Egipte	Hosea 11:1	Matteus 2:13-15, 19, 20	8
Ma's huil nadat hulle seuns doodgemaak is in 'n poging om die jong Jesus dood te maak	Jeremia 31:15	Matteus 2:17, 18	8
Maak aan gevangenes bekend dat hulle vrygelaat sal word	Jesaja 61:1, 2	Lukas 4:17-21	21
Bly in Kapernaum in Galilea	Jesaja 9:1, 2	Matteus 4:13-17	22, 67
Maak baie wat siek is, gesond	Jesaja 53:4	Matteus 8:16, 17	23
Stry nie met mense op die strate nie	Jesaja 42:1-4	Matteus 12:16-21	33
Leer ander deur middel van illustrasies	Psalm 78:2; Jesaja 6:9, 10	Matteus 13:13-15, 34, 35	43
Kom in Jerusalem aan op 'n jong donkie	Sagaria 9:9	Matteus 21:1-9	102
Baie glo nie in hom nie	Jesaja 6:10; 53:1	Johannes 12:37, 38	104
Verraai deur iemand wat hy vertrou	Psalm 41:9	Johannes 13:18, 21	117
Dissipels word verstrooi en verlaat hom	Sagaria 13:7	Matteus 26:31, 54-56	118, 124
Sonder rede gehaat	Psalm 35:19; 69:4	Johannes 15:24, 25	120
Soldate verdeel sy klere	Psalm 22:18	Johannes 19:23, 24	131
Dors terwyl hy aan die paal hang	Psalm 22:15	Johannes 19:28	132
Sy liggaam word deurboor ná sy dood	Sagaria 12:10	Johannes 19:34, 37	133
Bene is nie gebreek nie	Psalm 34:20	Johannes 19:36	133

Besoek www.jw.org vir meer inligting of kontak Jehovah se Getuies.